# Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa- Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948

**A la Grange**

orcid.org/0000-0001-9294-1243

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Artium in Geskiedenis* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Mnr C Blignaut

Gradeplegtigheid: Julie 2020

Studentenommer: 24310638

**Titel:**

Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948

**Opsomming:**

Die politiek rondom die Tweede Wêreldoorlog het groot verdeeldheid binne Suid-Afrikaanse Afrikanerkringe veroorsaak. Van alle stemme wat teen die oorlogspoging opgegaan het, was dié van die Ossewa-Brandwag (OB) die hardste. Die OB staan bekend as ŉ dualistiese beweging wat aan die een kant as kultuurorganisasie funksioneer het, maar met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ook die karakter van ŉ politieke versetbeweging aangeneem het. As versetbeweging is twee vorme van verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging ingespan: lydelike verset en aktiewe verset. Hierdie grootskaalse verset teen oorlogsdeelname het die Smuts-regering aangemoedig om verskeie noodregulasies in te span teen lede van die OB, en die OB se ondergrondse Stormjaer-beweging. In die lig hiervan is daar interneringskampe gevestig vir diegene wat as ŉ bedreiging vir die staat beskou is. Die interneringskampe en noodregulasies het die lewens van honderde lede van die OB geraak en het ŉ invloed uitgeoefen op elke vorm van die OB se verset en latere bestaansreg. Watter impak die noodregulasies en interneringsbeleid op die OB se lede, bedrywighede en karakter gehad het, is die leemte wat hierdie verhandeling vul.

Die noodregulasies en veral die interneringsbeleid het die OB as organisasie ten nouste geraak, en dit is ook een van die historiese verskynsels waarteen die OB ten sterkste gereageer het. Die oorlogsomstandighede se impak op die oortuigings van Suid-Afrikaanse individue, sowel as die wyse waarop tydgenote steeds binne hierdie omstandighede in lyn met daardie oortuigings opgetree het, word in hierdie studie bestudeer. Wat die impak was, hoe lede daarop gereageer het en steeds hulle oortuigings gehandhaaf het, is dus belangrike aspekte vir die evaluering van die gevolge van die oorlogsomstandighede op die Suid-Afrikaanse samelewing.

**Sleutelterme:**

Noodregulasies, Ossewa-Brandwag, Tweede Wêreldoorlog, Internering, Smuts-regering, Afrikanernasionalisme, Interneringsbeleid, Verset, Stormjaers, Interneringskampe, Noodhulpfonds, Bond van Oud-Geïnterneerdes (BOPG).

**Title:**

The impact of the Union of South Africa's emergency regulations on the Ossewa-Brandwag against the background of South Africa's participation in World War II, 1939-1948

**Summary:**

The politics of the Second World War caused great division within South Africa's Afrikaner circles. Of all the voices raised against the war effort, those of the Ossewa-Brandwag (OB) were the loudest. The OB is known as a dualistic movement that, on the one hand, functioned as a cultural organization, but with the outbreak of World War II also took on the character of a political resistance movement. As a resistance movement, two forms of resistance to the Smuts government's war effort were utilized: passive resistance and active resistance. This large-scale resistance to war participation encouraged the Smuts government to implement various emergency regulations against members of the OB, and the OB's underground *Stormjaer* movement. As part of the emergency regulations various internment camps were set up for those who were considered a threat to the internal security of the Union. The internment camps and emergency regulations affected the lives of hundreds of OB members and have influenced every form of the OB's resistance and later existence. What impact the emergency regulations and internment policy had on the OB's members, operations and character is the gap in historiography that this dissertation fills.

The emergency regulations, and in particular the internment policy, affected the OB as an organization, and it is also one of the historical phenomena to which the OB strongly reacted. The impact of war conditions on the beliefs of South African individuals, as well as the way contemporaries still acted in line with those beliefs, is studied in this study. Thus, what the impact of the emergency regulations was, how members reacted to it, and still maintained their beliefs, are important aspects for evaluating the effects of war conditions on South African society.

**Keywords:**

Emergency regulations, Ossewa-Brandwag, World War II, Internment, Smuts government, Afrikaner Nationalism, Internment policy, Resistance, *Stormjaers*, Internment camps, Emergency Relief Fund, Bond van Oud-Geïnterneerdes (BOPG).

## INHOUDSOPGAWE

**BEDANKINGS** ..... **i**

**LYS VAN ILLUSTRASIES** ..... **iv**

**LYS VAN AFKORTINGS** ..... **vii**

**1. INLEIDING EN HISTORIESE AGTERGROND** ..... **1**

1.1. Kontekstualisering ..... 1

1.2. Probleemstelling ..... 4

1.3. Doel van studie, navorsingsvrae en moontlike beperkings ..... 6

1.3.1. Hoofdoel en -navorsingsvraag ..... 6

1.3.2. Navorsingsubvrae en -doelwitte ..... 6

1.3.3. Beperkings van die studie ..... 8

1.4. Historiografiese ontleding en historiese begronding ..... 8

1.4.1. Invloed van die Anglo-Boereoorlog, die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie op die Ossewa-Brandwag as organisasie ..... 9

1.4.2. Die impak van die Tweede Wêreldoorlog op die Ossewa-Brandwag ..... 12

1.4.3. Agtergrond oor die karakter van die Ossewa-Brandwag as organisasie ..... 18

1.4.4. Naziïsme, Anti-Semitisme en rassistiese elemente in die Ossewa-Brandwag ..... 21

1.4.5. Die impak van Afrikanernasionalisme op die veranderende karakter van die OB 24

1.4.6. Inligting rondom wie geïnterneer is ..... 27

1.4.7. Die Noodhulpfonds ..... 28

1.4.8. Ander relevante bronne ..... 30

1.5. Teorie en metodiek ..... 32

1.5.1. Die "historiese" benadering tot geskiedenis ..... 33

1.5.2. Die narratiewe aard van geskiedenis ..... 34

1.5.3. Die empiriese aard van geskiedenis: Primêre bronne en bronkritiek ..... 35

1.6. Hoofstukindeling ..... 37

**2. DIE SMUTS-REGERING SE REGVERDIGING VAN DIE NOODREGULASIES EN DIE IMPAK DAARVAN OP DIE OSSEWA-BRANDWAG ....................................39**

2.1. Die Smuts-regering se regverdiging van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies.......40

2.2. Aard en omvang van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies ....................................53

2.3. Impak van oorlogsmaatreëls en noodregulasies op OB-lede .......................................57

2.4. Evaluasie: Die regverdiging van die noodregulasies en die impak op die Ossewa-Brandwag ...........................................................................................................................66

**3. DIE AARD EN GEVOLGE VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG SE VERSETAKSIES TEEN SUID-AFRIKA SE DEELNAME AAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG...........................................................................................................68**

3.1. Die impak van die Ossewa-Brandwag se versetaksies op die karakter van die organisasie..........................................................................................................................69

3.1.1. Aanleiding tot, en invloede op, OB-verset ..........................................................70

3.1.2. Weerstandige kultuur: Die ontwikkeling van twee pole .......................................77

3.2. Die OB se verskillende vorme van verset ..................................................................80

3.2.1. "Sonder gewere": Passiewe versetaksies.............................................................85

3.2.2. Aktivistiese suurdeeg: Aktiewe versetaksies........................................................89

3.2.2.1. Die Stormjaers .......................................................................................91

3.2.2.2. Die Terreurgroep...................................................................................100

3.2.2.3. Julian Visser en Hendrik Van Blerk ...........................................................103

3.3. Die redes vir internering en gevangenisskap...............................................................105

3.4. Gevolgtrekking.......................................................................................................116

**4. "DIE FAKKEL VAN VRYHEID VAN DIE AFRIKANERDOM HOOGGEHOU": TYDGENOTE SE ERVARING BINNE INTERNERINGSKAMPE EN DIE WYSE WAAROP GEÏNTERNEERDES OP INTERNERING REAGEER HET ....................119**

4.1. Kontekstualisering van Suid-Afrikaanse interneringskampe gedurende die Tweede Wêreldoorlog...................................................................................................................120

4.1.1. Agtergrond en begripspresisering van "kampe" en "internering".......................120

4.1.2. Suid-Afrikaanse kampe gedurende die Tweede Wêreldoorlog...........................124

Andalusia & Baviaanspoort ........ 126
Leeukop ........ 127
Ganspan ........ 127
Zonderwater ........ 128
Koffiefontein ........ 130
4.2. Aktiwiteite binne die kampe ........ 131
4.2.1. “Kampskool” en ander akademies-verwante aktiwiteite ........ 135
Studiegeleenthede by die “kampskool” te Koffiefontein ........ 136
Studiemateriaal vir die “kampskool” ........ 138
4.2.2. Musiek, konserte en toneelstukke ........ 139
Konserte en opvoerings ........ 139
Musiekvertonings en musiekaande ........ 141
4.2.3. Houtwerk ........ 141
Algemene houtwerk-aktiwiteite ........ 142
4.2.4. Sportsaktiwiteite binne die kampe ........ 143
4.2.5. Spesiale dae in die kampe ........ 146
Amajubadag ........ 146
Uniedag ........ 147
Die Kommandant-Generaal se verjaarsdag ........ 148
Krugerdag ........ 149
“Dingaansdag” ........ 149
Kersfeesvieringe ........ 150
Analise van spesiale dae in die kampe ........ 150
4.2.6. Kuns ........ 150
4.3. Geïnterneerdes se voortsetting van verset en die teenwoordigheid van Afrikanernasionalisme in kampe en tronke ........ 157
4.4. Gevolgtrekking ........ 172

**5. "EK SAL MY MEDE-AFRIKANER HELP EN BESKERM; EK SAL MY MEDE-AFRIKANER NOOIT IN DIE STRYD VERLAAT NIE": UITVLOEISELS VAN DIE NOODREGULASIES MET BETREKKING TOT DIE OSSEWA-BRANDWAG ...... 176**

5.1. Die wyse waarop internering die OB as ŉ organisasie, asook die lewens van gevangenes en geïnterneerdes, geaffekteer het ...... 179

5.1.1. Ossewa-Brandwag lede se ontferming vir geïnterneerdes en gevangenes in kampe en tronke ...... 181

5.1.2. Die impak van internering en aanhouding op gesinslewe en indiensneming ...... 185

5.1.3. Bystand vir vrygelate geïnterneerdes en gevangenes ...... 188

5.2. Die wyse waarop internering die lewens van vroue en kinders binne die organisasie geaffekteer het ...... 190

5.3. Die rol van die BOPG in die lewens van diegene wat direk deur die interneringsbeleid geaffekteer is ...... 200

5.4. Gevolgtrekking ...... 218

**6. GEVOLGTREKKING ...... 221**

6.1. Hoe is die noodregulasies deur die Smuts-regering geregverdig en wat was die aard en omvang daarvan met spesifieke verwysing na internering en politieke gevangenes? ...... 223

6.2. Wat was die aard en gevolge van die Ossewa-Brandwag se versetreaksies teen die regering se deelname aan Tweede Wêreldoorlog en hoe het dit die bedrywighede en karakter van die Ossewa-Brandwag beïnvloed? ...... 225

6.3. Watter soort verset en optrede van die OB het gelei tot die internering en gevangeneming van OB-lede en in watter mate het dit die aktiwiteite van die OB beïnvloed? ...... 229

6.4. Hoe het OB-lede die lewe in die interneringskampe ervaar en watter aktiwiteite was kenmerkend van die kampe? ...... 231

6.5. Hoe is die lewens van OB-lede (skuldiges, onskuldiges, vroue en kinders) geaffekteer deur die Smuts-regering se teiken van die OB? ...... 234

6.6. Watter rol het die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes gespeel ná die ontbinding van die Ossewa-Brandwag in die lewens van persone wat deur die interneringsbeleid geaffekteer is? ...... 237

6.7. Slotwoord ........................................................................................................239

**BIBLIOGRAFIE..........................................................................................................242**

1. Argivale bronne van die Ossewa-Brandwag Argief (OBA), Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus, Potchefstroom. .....................242

1.1. Skenker-versamelings..........................................................................................242

1.2. OB-boekeversameling ..........................................................................................247

1.3. Die OB-koerant gehuisves in die OB-argief ........................................................247

1.4. Dankie-nuusblad gehuisves in die OB-argief........................................................250

1.5. Transkripsieversameling van die OB-argief (Mondelinge onderhoude)................251

1.6. Fotoversameling van die OB-argief .....................................................................254

2. Periodiese publikasies ............................................................................................255

3. Gepubliseerde literatuur .........................................................................................256

4. Joernaalpublikasies ................................................................................................265

5. Ongepubliseerde literatuur .....................................................................................273

6. Internetbronne .......................................................................................................275

7. Anna La Grange persoonlike argiefversameling (ALGPA)..........................................275

**BEDANKINGS**

Graag bedank ek die volgende mense:

My ouers, Johannes Petrus La Grange en Johanna Elizabeth La Grange, vir al die opofferings wat julle deur die jare vir my gemaak het. Benewens die opofferings het julle my geseën met 25 jaar se liefde en geduld, meer as wat enige dogter ooit voor kon vra. Julle het beide my liefde vir kennis aangevuur, en as dit nie hiervoor was nie, sou hierdie *Magister Artium* nooit die lig gesien het nie. Behalwe vir al julle opofferings, liefde, geduld en motivering, het julle my die beste geskenk gegee wat enige ouer aan ŉ kind kan gee: ŉ oopkop wat nie bang is om vrae te vra nie. Dankie dat julle albei altyd beskikbaar is, en dat julle altyd hulp aanbied waar dit ook al nodig is. Julle liefde en ondersteuning is die fondasie waarop hierdie verhandeling gebou is.

My studieleier, Charl Blignaut. Dankie vir die geduld, vriendskap en verstaan wat nou al vir meer as vyf jaar voortduur. Dankie dat jy jou tyd opgeoffer het om elke hoofstuk meer as een keer sorgvuldig deur te werk. Die meriete wat in hierdie verhandeling voorkom is alles aan jou te danke, so dankie vir beide jou perfeksionisme, maar terselfdertyd ook jou realisme, wat deurentyd ŉ goeie balans geskep het. Dankie dat jy altyd weet hoe om mens moed in te praat, en bereid is om te luister na nuwe idees. Meeste van alles, dankie dat jy weet hoe om taktvol te wees met die kritiek wat gelewer word, en dit op so ŉ wyse te stel dat dit motiveer eerder as afbreek. Jou ondersteuning, leiding en menswees gaan beslis gemis word in my volgende akademiese avontuur.

Die personeel van die NWU Argief en Museum. In besonder wil ek graag vir Maryna Rankin bedank vir al haar geduld en hulpvaardigheid, sonder Maryna se hulp sou hierdie *Magister Artium* sonder enige visuele bymiddels ingedien word. Maryna, dankie dat jy altyd net ŉ epos weg is, en dankie dat jy my meer kere as wat getel kan word, bygestaan het met klein versoeke. Verder wil ek ook dankie sê aan Annette Kellner. In die eerste paar maande ter voorbereiding van die *Magister Artium* was tannie Annette in bestuur van die NWU Argief en Museum. Tannie Annette het my bygestaan in die vroeë soektogte en het my in die regte rigting gewys om verskeie belangrike bronne te bekom. Die idee vir die tema van hierdie *Magister Artium* het reeds begin ontwikkel in 2017 terwyl ek met my honneurs besig was. Die gesprekke met

Evert Kleynhans, terwyl ek nog in 2017 as assistent by die argief werksaam was, het beslis tot ŉ groot mate bydrae gelewer tot die tema waarop ek vir hierdie verhandeling besluit het. Evert, behalwe vir alles wat hier genoem is, was jy ook altyd daar om moed in te praat en geleenthede binne die akademie uit te wys. Ek kan nie genoeg "dankie" sê nie. Laastens, sover my bedankings teenoor die argief-personeel betref, wil ek een groot "dankie" aan tannie Maggie Gey van Pittius, Eric Swanepoel, Christinah Moremi en Joyce Lali uitreik. Julle het my altyd as deel van die argief-familie verwelkom.

My taalversorger, Ann-Lize Grewar, baie dankie dat jy geduldig en sorgvuldig deur die bladsye gewerk het. Jou geduld en kennis is vir my ŉ inspirasie, en jou insette in hierdie skryfstuk word opreg waardeer.

Alberto Casaleggio en die Casaleggio-familie, dankie vir toestemming om foto's uit julle familie-album te benut. Alberto, baie dankie vir jou tyd en bereidwilligheid om ŉ onderhoud met my te voer oor die Italiaanse geïnterneerdes. Jou tyd en kennis word opreg waardeer.

Emile Coetzee, dankie dat jy altyd daar was met ŉ ondersteunende woord en met waardevolle raad. Jou belangstelling in die werk beteken baie. Op daardie noot, ŉ verdere dankie vir die foto's wat jy voorsien het.

My studente (2017-2020), ieder en elkeen van julle het my lewe in ŉ ander manier aangeraak. Dankie dat julle saam met my hierdie reis onderneem het. Julle het dikwels saam met my geleer, veral wanneer ek nie kon ophou praat oor die verskeie interessante bronne wat ek in die argief opgespoor het nie. Julle het beslis verskeie uitdagings op my pad gestuur, maar terselfdertyd net soveel geleenthede, en vir dit behoort elkeen van julle bedank te word.

Ek gee volle erkenning aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat my vir twee jaar finansieel bygestaan het. Sonder hulle beurs sou hierdie verhandeling nooit voltooi kon word nie. My opregte dankbaarheid vir die SA Akademie se finansiële steun en passie vir Afrikaans word hierdeur betuig.

Laastens wil ek my dank betuig aan my verloofde, Christiaan Delport, wie al vir die afgelope ses jaar my lewe verryk. Sonder jou begrip, jou bereidwilligheid om te luister, en jou

ondersteuning sou hierdie verhandeling nooit voltooi word nie. Dankie dat jy my steunpilaar is, en dat ons al vir die afgelope ses jaar ’n onverbeterlike ondersteuningstelsel vir mekaar is.

Anna La Grange

Potchefstroom, 7 Maart 2020

## LYS VAN ILLUSTRASIES

**Figuur 1(a)**

J.F.J. (Hans) van Rensburg ........ 3

**Figuur 2(a)**

Spotprent getiteld “Die Nuwe Bedeling”, circa Oktober 1939 ........ 53

**Figuur 2(b)**

Aandenkingspamflet van die Vroue-optog van 22 Junie 1940 te Pretoria. Die pamflet bevat die versoekskrif wat aan die Unieregering gerig is. ........ 63

**Figuur 3(a)**

Foto’s geneem tydens die 22 Junie 1940 vroue-optog te Pretoria ........ 86

**Figuur 3(b)**

Adjunk-Kommandant Generaal J.A. Smith ........ 91

**Figuur 3(c)**

Kwitansie vir Prisonierseiendom van meneer G.O. Maré, wie as deel van die Nelspruit-groep geïnterneer is ........ 114

**Figuur 3(d)**

Foto van Nelspruit en Barberton Stormjaers wat gevang is ........ 115

**Figuur 4(a)**

Ligging van Tweede Wêreldoorlog interingskampe in Suid-Afrika ........ 125

**Figuur 4(b)**

Grafte van Duitse geïnterneerdes, naby Jan Kempdorp ........ 127

**Figuur 4(c)**

ŉ Groep Italiaanse krygsgevangenes saam met L.S. Casaleggio (middel-voor met kakiebaadjie aan) wat in die kamp as taaladviseur gewerk het ........ 130

**Figuur 4(d)**

Naamlyste met geselekteerde name van geïnterneerdes van die Koffiefontein interneringskamp.......... 131

**Figuur 4(e)**

Asbes Sikspens (6d), 20 x 25 mm in grootte – in die kampe gebruik in stede van gewone geld.......... 134

**Figuur 4(f)**

Houtwerk voorbeelde vanuit die Koffiefontein-kamp.......... 143

**Figuur 4(g)**

"Ienterwaarsitie ienternieringskamp" tekening deur A.J. Lessing gedateer 11 Maart 1944.......... 145

**Figuur 4(h)**

Kamptonele.......... 152

**Figuur 4(i)**

Sketse van J.F.J. van Rensburg wat binne tronke en kampe geskets is.......... 153

**Figuur 4(j)**

Sketse wat eensaamheid uitbeeld.......... 154

**Figuur 4(k)**

Skets wat die vryheidsfakkel uitbeeld, c. 1944-1945.......... 155

**Figuur 4(l)**

Skets wat die motief van die rollende ossewawiel benut, soos geskets deur V. Ferreira, 1947.......... 156

**Figuur 4(m)**

Naamlyste met geselekteerde name van geïnterneerdes van die Koffiefontein interneringskamp.......... 162

**Figuur 4(n)**

Vroeë ontwerpe vir die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes se Wapen ........ 164

**Figuur 4(o)**

Houtvoorwerpe wat in die Koffiefonteinse kamp vervaardig is ........ 168

**Figuur 4(p)**

Hout beeldjies van Smuts, tydens die Tweede Wêreldoorlog in die Koffiefonteinse kamp vervaardig ........ 169

**Figuur 4(q)**

D.C. Boonzaier se spotprent oor Suid-Afrika se politieke posisie in vergelyking tot die Britse ryk met aanloop tot die Verdrag van Versailles, 1919 ........ 170

**Figuur 4(r)**

OB-wapens wat in die Koffiefontein-interneringskamp vervaardig is ........ 171

**Figuur 5(a)**

Artikel met inligting oor die stuur van goedere vir geïnterneerdes binne die kampe ........ 183

**Figuur 5(b)**

Amptelike plakkaat van die OB Noodhulpfonds ........ 191

**Figuur 5(c)**

Elsa Nel ná haar vrylating uit die tronk ........ 192

**Figuur 5(d)**

Die BOPG kenteken en wapen ........ 204

**Figuur 5(e)**

Stofblad van die BOPG se versamelwerk *Agter tralies en doringdraad* ........ 205

**Figuur 5(f)**

Amptelike uitnodiging vir die BOPG kamp van September 1962 ........ 214

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AKG | Assistent Kommandant Generaal |
| ALGPA | Anna La Grange persoonlike argiefversameling |
| BOPG | Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenis |
| GR | Groot Raad |
| HASA | The Historical Association of South Africa |
| HNP | Herstigte Nasionale Party |
| KG | Kommandant Generaal |
| MO | Mondelinge onderhoude |
| NP | Nasionale Party |
| NWU | Noordwes Universiteit |
| OB | Ossewa-Brandwag |
| OBA | Ossewa-Brandwag Argief |
| OVS | Oranje Vrystaat |
| PU vir CHO | Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys |
| SAP | Suid-Afrikaanse Polisie |
| SJ | Stormjaer |
| UNISA | Universiteit van Suid-Afrika |
| VH | Visuele hulpmiddel |

**Nota oor teks**

Die voetnote is volgens die verwysingstyl van die *Journal for Southern African Studies* gedoen. Verwysings na primêre bronne is so gedetailleerd as moontlik om die opsporing van die bronne vir toekomstige skrywers te vergemaklik. Die bibliografie se verwysingstyl is so naby as moontlik aan die styl van die voetnote gehou. Verwysings na visuele hulpmiddels is verwys soos wat dit in die OB-argief se foto databasis voorkom, of binne die OB-argief selfs bekombaar is. Ter bevordering van ŉ professionele skryfstyl begin die nommeringstelsel van elke hoofstuk se voetnote weer by nommer een.

# 1. INLEIDING EN HISTORIESE AGTERGROND

## 1.1. Kontekstualisering

Die onstuimige dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu was in Suid-Afrika die dekades waar die laaste gewelddadige verset teen Britse oorheersing plaasgevind het. Ook die invloed van Nasionaal-Sosialisme het sy merk op Suid-Afrika gemaak, onder meer in die Ossewa-Brandwag.[1] Die ganse volkslewe van ŉ groot aantal Afrikaners is daardeur geraak. Die groeiende aantal Duitse ondersteuners in Suid-Afrika gedurende die Tweede Wêreldoorlog het daartoe gelei dat die Unieregering noodregulasies in plek gestel het om enige verset teen Suid-Afrikaanse deelname aan die kant van Brittanje te stuit. Hierdie noodregulasies, waaronder ŉ beleid van internering, het veral ŉ impak gehad op die Ossewa-Brandwag.[2] Die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het verskeie motiverings gehad, onder meer die groeiende nasionalisme van die dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu, asook sterk anti-Britse sentimente wat diep in Afrikanernasionalisme gewortel is.

In 1938 was ŉ groot hoeveelheid Afrikaners betrokke by die Eeufeesvieringe van die Groot Trek.[3] Hierdie vierings was ŉ hoogtepunt vir Afrikanernasionalisme en presies tien jaar later vier die Nasionale Party ŉ verkiesingsukses. Die 1938 Eeufeesviering van die Groot Trek het ŉ deurslaggewende bydrae gelewer tot die mobilisering van Afrikanernasionalisme regoor Suid-Afrika.[4] Die Eeufees is ŉ gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat die trek met ossewaens van Kaapstad tot by Pretoria fisies vergestalt het. Hierdie landswye fees het ŉ

---

1 P. Furlong, *Between Crown and Swastika: The Impact of the Radical Right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist Era* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1991), pp. 73-74; W. Schellack, 'The Afrikaners' Nazi Links Revisited', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), p. 174.

2 C. Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', *Journal of Southern African Studies*, 20, 2 (1994), p. 216.

3 B.J. Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', in C.F.J Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria en Kaapstad, Academia, 1968), p. 378; L. Stanley & H. Dampier, 'Cultural entrepreneurs, proto-nationalism and women's testimony writings: from the South African War to 1940', *Journal of Southern African Studies,* 33, 3 (2007), p. 507; A. McClintock, '"No longer in a future haven": women and nationalism in South-Africa', *Transition*, 51, 1 (1991), p. 107; Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement', p. 196.

4 R. Kössler, 'Review: A Wide-Ranging History of Afrikaner Nationalism Reviewed Work: Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewa-Brandwag by Christoph Marx', *The Journal of African History*, 50, 2 (2009), p. 314.

herlewing van trots en passie vir tradisie onder Afrikaners tot gevolg gehad.[5] Die Eeufees het ook ŉ groot bydrae gelewer in die simbolisering van die ossewa en die ossewawiel as ŉ teken van die Afrikaner se vooruitgang, passie en volharding wat later deel gevorm het van die Afrikaner se volksmites.[6] Die ossewa en ossewawiel het ŉ rol gespeel in die vorming van die naam en uiteindelik simbool van die Ossewa-Brandwag – wat ook ŉ simbool van verset geword het.[7] Die Eeufees het verder ook ŉ groot rol gespeel in die bevordering van kulturele, sosiale en ekonomiese aktiwiteite, alles met die doelwit om die Afrikanerdom en Afrikaner-tradisies te bevorder. Die 1930s en veral die voor, tydens en na die Eeufeesvieringe het daartoe bygedra dat verskeie nie-politieke organisasies ontwikkel, en verder uitgebrei het, met die oog op Afrikanerbevordering en vooruitgang.[8]

As direkte uitvloeisel van die Afrikanersentimente wat tydens die Eeufees van 1938 opgewek is, word die Ossewa-Brandwag amptelik in die opvolgende jaar gestig.[9] Die oorspronklike beginsels van die Ossewa-Brandwag was hoofsaaklik kultuurgedrewe. Die organisasie se vroeë jare, veral onder leiding van kolonel J.C.C. Laas het ŉ kultuurgebaseerde ideologie gevolg.[10] Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, tesame met J.F.J. (Hans) van Rensburg (sien figuur 1(a)) se leierskapoorname, het die organisasie egter ŉ politieke rigting begin inslaan.[11] Binne die konteks van die Tweede Wêreldoorlog het die Ossewa-Brandwag hoofsaaklik te werk gegaan om die Suid-Afrikaanse oorlogsbetrokkenheid te stuit.[12] Die Ossewa-Brandwag se versetbedrywighede tydens die Tweede Wêreldoorlog het verskeie vorme aangeneem, lydend en gewelddadig. Die meer gewelddadige versetpogings het egter daartoe bygedra dat die Unieregering noodregulasies implementeer en versterk het. Hierdie regulasies, veral die interneringsbeleid, sou die lewens van verskeie OB-lede direk affekteer.

5 P.L. Rault, 'Afrikaner political flags', (Paper delivered at the XVII International Congress of Vexillology, 1999), p. 103.

6 C. Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag* (Pretoria, University of South Africa Press, 2008), p. 182.

7 Kössler, 'Review: A Wide-Ranging History of Afrikaner Nationalism', p. 314; Rault, 'Afrikaner political flags', p. 103.


8 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 378; Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 17.

9 M. Shain, 'Marginality, memory and identity: Jewish literature and the ambiguities of Jewish life in Apartheid South Africa', *Pretexts: literary and cultural studies,* 11, 2 (2002), p. 207; Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 299.

10 P. de Klerk, 'Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewabrandwag', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, 1 (1989), p. 47.

11 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 385; Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement', p. 205.

12 Kössler, 'Review: A Wide-Ranging History of Afrikaner Nationalism', p. 314.



**Figuur 1(a): Hans van Rensburg.**[13]

Die OB het voortdurend gepoog om klasseverskille onder lede te verminder om eenheid as Afrikaners te bevorder.[14] Die instelling van wit rokke as uniforms vir vroue is een voorbeeld hiervan.[15] Verder kan daar ook geargumenteer word dat ŉ terughunkering na ŉ geromantiseerde verlede weg van die stadslewe af bygedra het tot die mobilisering van Afrikanernasionalisme.[16]. Die geskiedenis van Afrikanernasionalisme kan dus nie geïgnoreer word nie. Die ontstaan, groei en toekomstige blik daarvan is noodsaaklik vir hierdie verhandeling omdat dit beide bygedra het en in ŉ mate gelei het tot die vorming van sekere beleide, groepe en partye in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat op sy beurt ŉ reuse impak in die verloop van geskiedenis gehad het.[17] Omdat hierdie verhandeling spesifiek fokus op die

13 Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA): Fotoversameling, rekordnommer F01383.

14 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement', p. 196. Hierdie benadering tot "volkseenheid" is ook duidelik in die Nasionale Party se strewe na ŉ klaslose samelewing, sien Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 152.

15 C. Blignaut, '"Rebelle sonder gewere": Vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die Ossewa-Brandwag se dualistiese karakter', *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 30, 2 (2016), pp. 117-121.

16 Vir ŉ omvattende beskrywing van die konteks waarbinne verstedelikde Afrikaners hulself bevind het in die 1930s sien K. Du Pisani, '"Ek hou van ŉ man wat sy man kan staan": Puriteinse manlikheidsideale in die Afrikaanse kultuur tot 1935", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 18, 1 (2004), p. 90. Alhoewel Du Pisani se artikel hoofsaaklik oor manlikheidsideale in die Afrikanerdom handel, word ŉ besonderse goeie historiese konteks van die vroeë twintigste eeu geskets. Dit is vir hierdie rede dat die besluit geneem is om Du Pisani se artikel te raadpleeg.

17 Kössler, 'Review: A Wide-Ranging History of Afrikaner Nationalism', p. 313.

impak van die Unieregering se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag is dit noodsaaklik om die motivering agter die ontstaan van hierdie organisasie, sowel as die motiverings agter die organisasie se aktiwiteite tydens die Tweede Wêreldoorlog, te verstaan.

Die vorming van ŉ nasionale bewussyn het behels dat Afrikaners dikwels ŉ meer anti-Britse sentiment as ŉ pro-Afrikaner sentiment getoon het.[18] Die Ossewa-Brandwag het hul hoop gevestig op ŉ Duitse oorwinning in die Tweede Wêreldoorlog, maar die hoofbehoefte was eerder ŉ republiekwording vir Suid-Afrika as die bevordering van Naziïsme. Binne die Ossewa-Brandwag was die begeerte nie om Britse beheer te ruil met Nazibeheer nie, maar eerder om republiekwording te onderhandel met Duitsland ná die Duitse oorwinning in die oorlog, as een selfregerende staat teenoor ŉ ander.[19] Vanweë hierdie pro-Duitse standpunt is verskeie versetaksies deur die Ossewa-Brandwag geloods met die regering se noodregulasies wat sterk hierop reageer het. Die impak wat hierdie noodregulasies, en veral die interneringsbeleid, op die Ossewa-Brandwag se lede, bedrywighede en karakter gehad het, is ŉ leemte wat tans in die historiografie duidelik opmerkbaar is.

### 1.2. Probleemstelling

Die politiek rondom die Tweede Wêreldoorlog het in Suid-Afrikaanse Afrikanerkringe groot verdeeldheid veroorsaak. Van alle stemme wat teen die oorlog opgegaan het, was dié van die Ossewa-Brandwag (OB) die hardste. Die OB staan bekend as ŉ dualistiese beweging wat aan die een kant as kultuurorganisasie funksioneer het, maar met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ook die karakter van ŉ militaristiese politieke versetbeweging aangeneem het. Die Stormjaers word veral gekenmerk as die militêre afdeling van die OB wat aktivistiese verset teen deelname aan die oorlog bevorder het.[20] Die OB het wel ook op verskeie fronte lydelik teen die oorlog verset. Hierdie grootskaalse verset teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname het die Smuts-regering aangemoedig om die noodregulasies ten sterkste in te span teen die

18 H. Giliomee, 'The beginnings of Afrikaner nationalism', *South African Historical Journal*, 19, 1 (1987), p. 142; H. Giliomee, 'The growth of Afrikaner identity', in H. Adam and H. Giliomee (eds.), *The rise and crisis of Afrikaner power* (Cape Town, David Phillip, 1979), p. 103.

19 OBA: Bandopname, onderhoud transkripsie (hierna tr.), bandnr. 234, 1988: H.M. Robinson/C.M. Bakkes, p. 3.

20 G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?* (Cape Town, Cape and Transvaal Printers Ltd., 1976), pp. 26-27; A. Blake, *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* (Kaapstad, Tafelberg, 2018), p. 66.

Stormjaers en lede van die OB.[21] In die lig hiervan is daar in lyn met krygswet interneringskampe gevestig vir diegene wat as ŉ bedreiging vir die staat gesien is.[22]

Binne die groot verskeidenheid bestaande literatuur oor die OB en Suid-Afrika se oorlogsdeelname, word die impak van die Unieregering se noodregulasies slegs in enkele studies aangeraak en daar bestaan geen omvattende studie wat hierdie impak op die Ossewa-Brandwag histories ontleed nie. Van besondere belang is die tema van die interneringskampe wat een van die grootste leemtes in die historiografie van die OB is. Dit is ŉ verskynsel wat die OB tot in sy kern geraak het en ook een waarteen die OB ten sterkste gereageer het. Die leemte alleen motiveer nie die studie nie, maar wel die problematisering van die invloed van oorlogsomstandighede op die oortuigings van Suid-Afrikaanse individue, sowel as hoe tydgenote binne hierdie omstandighede steeds opgetree het in lyn met daardie oortuigings. Dit was binne die OB waar sekere kontroversiële oortuigings – veral gedurende oorlogstyd – gehandhaaf is en verset teen Brittanje en die republikeinse ideaal het sterk in die harte van OB-lede gebrand. Vandaar dat daar ŉ direkte impak sou wees tussen die implementering van die noodregulasies en die OB. Wat die impak was, hoe lede daarop reageer het en steeds oortuigings gehandhaaf het, is belangrike vrae vir die evaluering van die gevolge van die oorlogsomstandighede op die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die interneringskampe en noodregulasies het die lewens van honderde lede van die OB geraak – in sommige gevalle selfs vernietig – en het ŉ invloed uitgeoefen op elke vorm van die OB se verset en latere bestaansreg. Vanweë die OB se openlike anti-Britse en anti-oorlogse sentimente, asook openbare en ondergrondse verset, is OB-lede in besonder geteiken deur die Smuts-regering. Diegene wat beskou is as ŉ bedreiging vir die regering is sonder verhoor aangehou as politieke gevangenes of geïnterneer in kampe. Die belangrikheid van hierdie verskynsel vir ons verstaan van die OB en die sosiale gevolge daarvan vir sy lede kan dus nie onderspeel word nie. Watter impak die noodregulasies en interneringsbeleid op die OB se lede, bedrywighede en karakter gehad het, is ŉ leemte wat deur hierdie beoogde verhandeling gevul gaan word.

---

21 E. Kaiser, 'Redes vir internering en appèlle', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1953), p. 178.

22 Blake, *Wit terroriste*, p. 55.

Die breër historiese konteks en die invloed van Afrikanernasionalisme word ook in ag geneem. Met die Nasionale Party se verkiesingsukses in 1948 het verskeie OB-lede, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog skuldig bevind is aan hoogverraad, se sosiale status verander van hoogverraaier na dié van held. Afrikanernasionalisme, OB-ideologieë en die politieke omstandighede van Suid-Afrika in die tydperk voor, tydens en direk ná die Tweede Wêreldoorlog is onmisbaar vir die skets van ŉ deeglike prentjie rondom die rol wat die oorlogsomstandighede gespeel het in die lewens van OB-lede, die beweging se bedrywighede en die uiteindelike invloed op die OB se karakter as massa volksbeweging. ŉ Navorsingsfokus op hierdie aspekte behoort ook die geskiedenis van die OB vanuit ŉ nuwe perspektief te beskou en terselfdertyd ŉ oorspronklike bydrae te wees wanneer die afgeskeepte aard van hierdie tema in ag geneem word.

## 1.3. Doel van studie, navorsingsvrae en moontlike beperkings

### *1.3.1. Hoofdoel en -navorsingsvraag*

Die hoofdoel van hierdie verhandeling is om te bepaal watter invloed en impak die Unieregering se noodregulasies en interneringsbeleid op die Ossewa-Brandwag gehad het teen die agtergrond van die beweging se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Met die probleemstelling en primêre doelwit in gedagte word die verhandeling gebou rondom die volgende sentrale vraag:

*Watter impak het die Unieregering se noodregulasies, en in besonder die interneringsbeleid, op die Ossewa-Brandwag se lede, bedrywighede en karakter gehad?*

### *1.3.2. Navorsingsubvrae en -doelwitte*

Ten einde te slaag in die bostaande doel sal daar in hierdie verhandeling op die volgende sub-vrae gefokus word:

- Hoe is die noodregulasies deur die Smuts-regering geregverdig en wat was die aard en omvang daarvan met spesifieke verwysing na internering en politieke gevangenes?

- Wat was die aard en gevolge van die Ossewa-Brandwag se versetreaksies teen die regering se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, en hoe het dit die bedrywighede en karakter van die Ossewa-Brandwag beïnvloed?

- Watter soort verset en aksies deur die Ossewa-Brandwag het gelei tot die internering en gevangeneming van OB-lede, en tot watter mate het dit die aktiwiteite van die OB beïnvloed?

- Hoe het OB-lede die lewe in die interneringskampe ervaar en watter aktiwiteite was kenmerkend van die kampe?

- Hoe is die lewens van OB-lede (skuldiges, onskuldiges, vroue en kinders) geaffekteer deur die Smuts-regering se teiken van die OB?

- Watter rol het die Bond van Oud-Geïnterneerdes gespeel ná die ontbinding van die Ossewa-Brandwag in die lewens van persone wat geaffekteer is deur die interneringsbeleid?

Die beantwoord van hierdie vrae maak dit moontlik om die *impak* van die noodregulasies en interneringsbeleid op die Ossewa-Brandwag en sy lede in diepte te verken. Vanuit hierdie vrae vloei die volgende drie subdoelwitte voort wat die hoofdoel onderskraag:

Die eerste subdoelwit wat hierdie verhandeling voor oë stel is om die impak wat die Ossewa-Brandwag se bedrywighede op die Unieregering uitgeoefen het, asook die stappe wat gevolglik deur die regering geneem is om hierdie bedrywighede te stuit, te ondersoek.

Die tweede subdoelwit behels ŉ beskrywing van watter soort verset-aksies deur OB-lede gepleeg is, hoofsaaklik om te bepaal wat daartoe gelei het dat verskeie lede geïnterneer en gevange geneem is. Verder is die doel om die ervaring van die OB-lede binne die kampe, asook hoe die lede op die omstandighede in die kampe reageer het, te evalueer.

Die derde subdoelwit wentel rondom ŉ bepaling van die langdurende effek van die Tweede Wêreldoorlog op die Ossewa-Brandwag en die lede van die Ossewa-Brandwag. Dit behels die uitwerking wat die internering en gevangenisname op lede gehad het en die sosiale uitvloeisels

wat gespruit het uit die impak van die noodregulasies. Dit veronderstel ŉ fokus op historiese verskynsels wat ná die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, waaronder die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes belangrik is om in ag te neem.

### *1.3.3. Beperkings van die studie*

Hierdie studie se fokus let alleenlik op die Ossewa-Brandwag. Natuurlik het die noodregulasies en oorlogsomstandighede ŉ groot impak op die ganse Suid-Afrikaanse samelewing gehad. Die konteks van die oorlogstyd word sterk beklemtoon, maar vergelykings en verhoudings met ander dele van die samelewing is té wyd vir hierdie studie. Die vraag rondom die invloed van veranderende omstandighede op OB-lede, en hoe hulle aangepas het en daarop reageer het in lyn met hulle oortuigings, is iets wat van verskillende dele van die samelewing gevra kan word en kan in verdere navorsing aangespreek word. Voorts was die noodregulasies nie die enigste impak op die Ossewa-Brandwag nie, maar dit word in hierdie verhandeling sentraal geplaas aangesien dit beslis een van die grootste rolle in die geskiedenis van die beweging gespeel het.

## 1.4. Historiografiese ontleding en historiese begronding

Hierdie verhandeling bou op die bevindinge van elke historiese ondersoek wat op die Ossewa-Brandwag fokus. Vanuit die bestaande literatuur is dit duidelik dat geen in-diepte studie oor die impak van die Unieregering se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag se lede, bedrywighede en karakter bestaan nie. Om hierdie impak te bepaal is die studie gebou op ŉ groot en sterk basis van primêre materiaal, maar met inagname van die belang van sekondêre materiaal in historiese metodologie word die studie, en die leemte wat dit vul, gemotiveer deur ŉ deeglike historiografiese oorsig.

Hierdie historiografiese oorsig sal eerstens fokus op die kontekstualisering van die Ossewa-Brandwag self, veral die konteks waarbinne die organisasie ontstaan en ontwikkel het. Tweedens word gefokus op die impak wat die Tweede Wêreldoorlog op die organisasie uitgeoefen het. Ten einde die doel van hierdie verhandeling te verwesenlik moet die konteks waarbinne die Ossewa-Brandwag gefunksioneer het tydens die Tweede Wêreldoorlog deeglik ontleed word. Derdens behoort die karakter van die Ossewa-Brandwag as organisasie gekontekstualiseer te word om die impak te bepaal wat eksterne gebeure, soos die uitbreek van

die Tweede Wêreldoorlog, op die organisasie se aard en bedrywighede uitgeoefen het. Vierdens word daar gefokus op bestaande literatuur oor Naziïsme, anti-Semitisme en rassistiese elemente in die Ossewa-Brandwag. Soos reeds genoem, is Afrikanernasionalisme ook ŉ groot bydraende faktor tot die ontstaan, ontwikkeling, bedrywighede en algemene karakter van die Ossewa-Brandwag. Laastens word reeds-bestaande literatuur rondom die individue wat geïnterneer/gearresteer is, en die gepaardgaande historiese verskynsels, bespreek.

Die punte wat aangeraak word het dus ŉ driedelige doelwit: om die individue binne die Ossewa-Brandwag te bestudeer, om die aktiwiteite van die Ossewa-Brandwag aan te raak, en om die veranderende karakter van die Ossewa-Brandwag in ag te neem. Al drie die bogenoemde is geraak deur die Unieregering se noodregulasies.

### *1.4.1. Invloed van die Anglo-Boereoorlog, die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie op die Ossewa-Brandwag as organisasie*

Aangesien die gebeurtenisse van die eerste veertig jaar van die twintigste eeu ŉ impak gehad het op die aktiwiteite van die Ossewa-Brandwag tydens die Tweede Wêreldoorlog, is dit belangrik om die sosiale en militêre geskiedenis van Suid-Afrika deeglik te omskryf in hierdie studie. Relevante agtergrond word in I. van der Waag se 2015 boek, *A Military History of Modern South Africa* gevind.[23] Van der Waag se eerste hoofstuk rondom die Anglo-Boereoorlog lê klem op die onbetwisbare feit dat die Afrikaner se anti-Britse mentaliteit diep in Afrikanergeskiedenis gewortel is.[24] Die Anglo-Boereoorlog het verder ŉ einde gebring aan die onafhanklike Boererepublieke, en gelei tot "the founding of a united South Africa".[25] Dit is juis hierdie verenigde Suid-Afrikaanse regering se noodregulasies waarteen die OB later versetaksies sou loods.

Van der Waag se hoofstuk oor die Eerste Wêreldoorlog is ook handig om Afrikanerverset in hierdie oorlog te verduidelik. Betekenisvolle inligting oor die Rebellie van 1914-1915 is ook

23 I. van der Waag, *A Military History of Modern South Africa* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball, 2015).

24 Vir meer inligting rondom die impak van die Anglo-Boereoorlog op latere historiese gebeure, sien: Marx, *Oxwagon Sentinel*, pp. 115-117.

25 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 75.

van belang,[26] omdat rebelle later as helde deur verskeie OB-lede en Stormjaers beskou is. Van der Waag raak ook spesifiek aan belangrike inligting rondom staatsbeleide wat in plek gestel is tussen 1939 en 1945. Die boek dek ŉ groot omvang van militêre geskiedenis vanaf 1899 en is van belang vir die kontekstualisering van die militêre karakter van die OB.[27]

ŉ Verdere militêre studie wat van belang is, is A.M. Fokkens se 2006 meestersverhandeling oor die rol van die Unieverdedigingsmag in die onderdrukking van interne onrus tussen 1912 en 1945.[28] Fokkens is van belang vir die verstaan van die regering se onderdrukking van enige politieke verset binne Suid-Afrika. Die studie dek ook die totale tydperk van die Tweede Wêreldoorlog wat beteken dat die OB se aktiwiteite tydens die oorlog ŉ kernelement van die verhandeling is. Alle elemente wat in my eie verhandeling aangeraak word, word deur Fokkens bespreek en bied vrugbare grond om op voort te bou.[29] Wat veral van belang is, is Fokkens se deeglike omskrywing van die Stormjaers, asook die interneringskampe en -beleid. Die studie is egter slegs deel van ŉ groeiende aantal studies oor die noodregulasies, die interneringsbeleid en die Stormjaers. Wat my eie studie onderskei van Fokkens s'n is dat ŉ meer in-diepte ontleding van die OB self onderneem word, eerder as ŉ fokus op die regering se agentskap.

Die konteks waarbinne die OB en die Stormjaers ontstaan het en aktief was, is belanghebbend vir hierdie verhandeling. Die Afrikaner en OB se motivering agter die verset teen deelname aan die oorlog vorm deel van hierdie konteks. Veral die Afrikaner se anti-Britse sentimente is relevant. Laasgenoemde is een van die kernelemente van Afrikanernasionalisme. Dit is ook een van die elemente wat later daartoe bygedra het dat die OB in ŉ massa versetbeweging ontaard het. Om hierdie anti-Britse sentiment ten volle te begryp moet sekere sleutelgebeurtenisse van die eerste veertig jaar van die twintigste eeu verstaan word. Die Afrikanerdom het radikale veranderings ondergaan in die vroeë twintigste eeu[30] waarvan die Rebellie veral belangrik is. Van der Schyff is van mening dat die Rebellie ŉ uitwerking op die

---

[26] Vir 'n omvattende beskrywing van die motivering agter die Rebellie van 1914, sien: S. Swart, '"Desperate Men": The 1914 Rebellion and the politics of poverty', *South African Historical Journal*, 42, 1 (2000), pp. 161-175; A. Grundlingh & S. Swart, *Radelose Rebellie? Dinamika Van Die 1914-1915 Afrikanerrebellie* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2000).

[27] D. Fourie, 'Review: A military history of modern South Africa, Ian van der Waag', *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, 43, 2 (2015), p. 199.

[28] A.M. Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', (M-Mil thesis, Stellenbosch University, 2006).

[29] Sien Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', pp. 93-124.

[30] Du Pisani, '"Ek hou van ŉ man wat sy man kan staan"', p. 84. Sien ook vorige voetnoot rondom die gebruik van Du Pisani se artikel vir hierdie verhandeling.

moraal van Afrikaners tot gevolg gehad het. Die impak van die Rebellie op latere politieke gebeure in Suid-Afrika kan nie ontken word nie. Die Rebellie is dus betekenisvol om die Afrikaner se stryd teen Brittanje te verstaan.[31] Alhoewel die Rebellie as militêre poging misluk het,[32] het dit die idee dat opstandigheid teen die regering heldhaftig onder die Afrikaner kan wees, aangekweek.[33] Soos wat Davenport dit duidelik maak: "The rebellion greatly stimulated the subsequent development of ideological nationalism among Afrikaners."[34]

Die OB is geen uitsondering hierop nie. Die invloed van die Rebellie op die ideologiese patrone van die OB, en spesifiek die Stormjaers, kan nie ontken word nie. Die Stormjaers het hul dade dikwels as heldhaftig beskou, in lyn met dit waarvoor die rebelle tydens die Rebellie geveg het.[35]

Gebeure in die Afrikanergeskiedenis is dikwels beskou as "opeenvolgende heroïese dade van opstand teen die Britse oorheersing".[36] Die OB, en meer spesifiek die Stormjaers, het hulself beskou as die opvolgers van die helde wat aan die Rebellie deelgeneem het.[37] Lede wat aan verset-aksies deelgeneem het, is dikwels geïnspireer deur die Rebellie, en het hulle verset-aksies as "heroïese dade van verset teen die regering se oorlogspoging" beskou.[38] Selfs Van Rensburg, Kommandant-Generaal van die OB tussen 1941 en 1951,[39] beskryf die OB se verset

---

31 P.F. van der Schyff, 'Afdeling 1: Agtergrond, stigting en organisasie' in P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag* (Ongepubliseerde verslag, PU vir CHO Departement van Geskiedenis, 1984), p. 4.

32 T.R.H. Davenport, 'The South African Rebellion, 1914', *The English Historical Review*, 78, 306 (1963), p. 74.

33 J.F.J. van Rensburg, 'Afrikanerverset in die Tweede Wêreldoorlog', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery, 1953), p. 39.

34 Davenport, 'The South African Rebellion, 1914', p. 94. Vir meer inligting oor die verband tussen Afrikanernasionalisme en die Rebellie, asook die rol wat militêre en genderstrukture in die Rebellie gespeel het, sien S. Swart '"A boer and his gun and his wife are three things always together": Republican Masculinity and the1914 Rebellion', *Journal of Southern African Studies*, 24, 4 (1998), pp. 737-751. Vir meer inligting oor die Rebellie as historiese gebeurtenis sien A.M. Grundlingh, 'Die Rebellie van 1914: 'n Historiografiese Verkenning', *Kleio*, 11, 1 & 2 (1979), pp. 18-30; B. Spies, 'The Rebellion in South Africa, 1914-1915'(MA thesis, University of the Witwatersrand, 1962). Vir meer inligting oor die verband tussen armoede en die Rebellie, sien J. Bottomley, 'The South African Rebellion: The Influence of Industrialization, Poverty and Poor Whiteism', (Seminar paper, African Studies Institute, University of the Witwatersrand, June 1982); Swart, '"Desperate Men"', pp. 161–175.

35 J.A. Du Pisani, 'Hegemonic masculinity in Afrikaner nationalist mobilisation, 1934-1948', in S. Dudink, K. Hagemann and J. Tosh (eds.), *Masculinities in politics and war: gendering modern history*. (Manchester, Manchester University Press, 2004), p. 165.

36 P.J.J. Prinsloo, 'Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag', in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras*, (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), p. 370.

37 P.J.J. Prinsloo, 'Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag', p. 370.

38 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 382.

39 De Klerk, 'Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewabrandwag', p. 47.

teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog as die Rebellie se "counterpart in the succeeding generation".[40] Hierdie sentimente is ook duidelik in *Agter tralies en doringdraad*,[41] 'n tydgenootlike versamelwerk deur lede van die Ossewa-Brandwag wat geïnterneer was. Die Rebellie se Afrikaner-verset is die bron waaruit "die volgende geslag besieling geput" het.[42] Vanuit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat hierdie verhandeling nie suksesvol voltooi kan word sonder om die invloed van die Rebellie op die OB en die Stormjaers in ag te nie. Die Rebellie is relevant vir hierdie verhandeling omdat dit 'n bydra gelewer het tot die versetkarakter van die Ossewa-Brandwag wat tydens die Tweede Wêreldoorlog geseëvier het en die ideologiese onderbou van die OB se bestaansreg is.

Ná die Anglo-Boereoorlog, en veral die Eerste Wêreldoorlog, het groot hoeveelhede Afrikaners hulself in armoede bevind. Verskeie redes het hiertoe bygedra, waarvan twee grootskaalse verstedeliking en die Groot Depressie is.[43] Hierdie veranderende milieu, en ekonomiese omstandighede waarbinne die Afrikaner moes funksioneer het dikwels tot konflik en teenstrydigheid binne die volk gelei. Hierdie konflik en teenstrydighede is veral opmerklik in die politieke sfeer. Die 1930s was veral 'n tyd van politieke verdeeldheid onder Afrikaners.[44] Die Afrikaners van die 1930s was verdeeld as lede van verskeie politieke partye en verregse groepe, waaronder tussen 300 000 en 400 000 in 1941 aan die OB behoort het.[45]

### *1.4.2. Die impak van die Tweede Wêreldoorlog op die Ossewa-Brandwag*

Soos reeds beskryf is die Ossewa-Brandwag oorspronklik as kultuurorganisasie geskep in 1939. Hierdie kultuurgeoriënteerdheid het volgehou regdeur Laas se kommandantskap. Dit is egter met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, en met Van Rensburg se oorname van die kommandantskap, wat die organisasie 'n meer politieke, militante kleur aangeneem het.[46] Werke oor die OB as organisasie is onontbeerlik vir hierdie verhandeling met die oog op die verklaring van die noodregulasies se impak op die beweging se karakter, lede en bedrywighede. Die doel is om verder te gaan as hierdie studies met die OB se verset en die konteks van die

40 H. van Rensburg, *Their paths crossed mine* (Cape Town, Central News Agency, 1956), p. 264.
41 H.G. Stoker (red.), *Agter Tralies en Doringdraad* (Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery, 1953).
42 Van Rensburg, 'Afrikanerverset in die Tweede Wêreldoorlog', p. 39.
43 Marx, *Oxwagon Sentinel*, pp. 127-130.
44 Du Pisani, 'Hegemonic masculinity in Afrikaner nationalist mobilisation, 1934-1948', p. 158.
45 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 4; Blake, *Wit terroriste*, pp. 28-29.
46 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1 912-1945', p. 130.

noodregulasies as vergrootglas. Een van die nuttigste bronne in hierdie verband verskyn in 1984 as ŉ navorsingsverslag oor die geskiedenis van die OB.[47] Later is die verslag verwerk tot boekvorm en in 1991 as *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras,* gepubliseer. Die oorspronklike verslag is aangepas en die sesde afdeling is uit die boek weggelaat.[48] Vir hierdie verhandeling gaan die sesde afdeling van die oorspronklike verslag egter benut word omdat dit belangrike inligting rondom die ontstaan van die OB, sowel as insiggewende kennis oor die Smuts-regering se stryd teen die OB tydens die Tweede Wêreldoorlog bevat.[49]

Uit *Vuurtjie in die droë gras* word P.F. van der Schyff se hoofstuk genaamd 'Verset teen "Empire-oorlog"' in besonder gebruik vir die doeleindes van hierdie verhandeling.[50] Van der Schyff se hoofstuk handel spesifiek oor verset teen deelname aan die oorlog en raak elemente van die regering se noodregulasies aan. Tog word die interneringsbeleid en die uitvloeisels daarvan byna heeltemal geïgnoreer. Dit is hierdie leemte rondom die interneringsbeleid en interneringskampe, asook die gevolge en impak daarvan, wat hierdie verhandeling beoog om te vul. ŉ Verdere belangrike hoofstuk uit *Vuurtjie in die droë gras* is L.M. Fourie se hoofstuk rondom die mobilisering van die Afrikanerdom.[51] Hierdie hoofstuk werp lig op die komplekse verhouding tussen die OB en die Herstigte Nasionale Party (HNP), ŉ aspek wat deur verskeie ander werke ook vlugtig aangeraak word.[52] Die verhouding tussen die OB en die HNP is belanghebbend vir hierdie verhandeling omdat die Ossewa-Brandwag se verset-aksies en beleide tydens die Tweede Wêreldoorlog bygedra het daartoe dat die HNP uiteindelik bande

47 P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, (Ongepubliseerde verslag, PU vir CHO Departement van Geskiedenis, 1984).

48 C. Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig: ŉ Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954' (MA verhandeling, Noordwes Universiteit, Potchefstroom, 2012), pp. 7-8.

49 P.F. van der Schyff, 'Afdeling VI' in P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, (Ongepubliseerde verslag, PU vir CHO Departement van Geskiedenis, 1984), pp. 423-460.

50 P.F. van der Schyff, 'Verset teen "Empire-oorlog"', in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras*, (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), pp. 183-291.

51 L.M. Fourie, 'Mobilisering van die Afrikanerdom', in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras*, (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), pp. 45-182.

52 Voorbeelde van werke wat hierdie tema aanraak: Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 127-134, 203-208; Marx, *Oxwagon Sentinel*; pp. 386-404; sien ook L.M. Fourie, 'Die Ossewa-Brandwag in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1939-1952' in P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, (Ongepubliseerde verslag, PU vir CHO Departement van Geskiedenis, 1984), Marx verwys ook vlugtig na die komplekse verhouding tussen die OB en die HNP in 'The Ossewabrandwag as a mass movement', pp. 216-218; D. Prinsloo, 'Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952', *Kleio*, XVII, 1 (1985), pp. 73-85; Die tema word ook vlugtig deur A. Venter aangeraak in 'Die politieke oortuigings van Hans van Rensburg (1898-1966): kontinuïteit en verandering', *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48, 1 (2008), pp. 41-57.

met die Ossewa-Brandwag verbreek het. Dit is daarom belangrik om die dinamika in Afrikanerpolitiek te verstaan.

Die vyfde hoofstuk van *Vuurtjie in die droë gras* deur P.J.J. Prinsloo bied inligting rondom die dualisme van die OB self, die OB as ŉ volksbeweging en die OB se beskouing van Afrikanergeskiedenis.[53] Al hierdie elemente verskaf die nodige gereedskap vir ŉ historiografiese bydrae wat verder gaan deur die karakter van die OB te ontleed deur die lens van verset en die impak van die noodregulasies. Die bogenoemde studies kan direk gekoppel word aan die aktivisme wat onder sekere OB-lede geseëvier het tydens die Tweede Wêreldoorlog, en bied die basis vir verdere navorsing oor die impak en aard van hierdie aktivisme.

Die Tweede Wêreldoorlog was ŉ globale, maar ook ŉ imperiale, oorlog wat deur Brittanje se imperiale geskiedenis beïnvloed is.[54] Verskeie voormalige kolonies van Brittanje het aan Brittanje se kant aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem. ŉ Omvattende beskouing van die Suid-Afrikaanse klimaat en verdeeldheid word deur A. Jackson geskep in die 2006 boek *The British empire and the Second World War*.[55] Hierdie boek se analise van die omstandighede in Suid-Afrika tydens die oorlog is veelseggend omdat dit konteks verskaf rondom die Suid-Afrika in die tyd van die OB, die sukses van die Suid-Afrikaanse staat se deelname aan die oorlog ten spyte van binnelandse onrus, en selfs Duitse pogings om Suid-Afrikaanse deelname te stuit. Weens die belangrikheid van die politiek binne Suid-Afrika vir hierdie verhandeling moet daar kennis geneem word van Jackson se studie.

Verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog word in verskeie ander werke ook aangeraak. As besonderse goeie voorbeeld hiervan kan P. Furlong se 2005 artikel uitgelig word.[56] Hierdie artikel bied inligting rondom die groot hoeveelheid Afrikaners wat gekant was teen deelname, ten spyte van die Smuts-regering se vasbeslotenheid om deel te neem aan die kant van Brittanje. Alhoewel Furlong nie sterk fokus op die OB self nie, is daar bruikbare inligting rondom die rol van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) asook individue soos

---

53 P.J.J. Prinsloo, 'Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag', pp. 332-400.

54 R. Ovendale, 'Review: The British empire and the Second World War, by Ashley Jackson', *The English Historical Review*, 123, 500 (2008), p. 262.

55 A. Jackson, *The British empire and the Second World War* (London, Continuum, 2006).

56 P. Furlong, 'Allies at war? Britain and the "Southern African front" in the Second World War', *South African Historical Journal*, 54, 1 (2005), pp. 16-29. Neem ook kennis van Furlong se 1991 boek, *Between Crown and Swastika,* wat net soos die bogenoemde artikel ook tersaaklik is vir hierdie verhandeling.

Hans Rooseboom en kommandant-generaal Hans van Rensburg. Wat veral van belang is, is Furlong se interpretasie van die 1948-verkiesing. Daar word geredeneer dat die Britse owerhede en senior amptenare se "outright ignorance of South-African political conditions" bygedra het tot hulle verwarring ná die 1948-verkiesing.[57] Furlong maak ŉ belangrike punt in die dinamiese verhouding wat in die Suid-Afrikaanse politiek ontstaan het ná 1948. Individue wat voorheen as rebelle en hoogverraaiers beskou is, is tot senior posisies bevorder onder die Nasionale Party-regering. Hierdie is maar enkele voorbeelde van die gevolge van die impak van die noodregulasies binne die konteks van ŉ veranderlike politieke wêreld direk beïnvloed deur die Tweede Wêreldoorlog en lede van die OB.

*Agter tralies en doringdraad*, onder die redaksie van H.G. Stoker, handel meer spesifiek oor die noodregulasies van die regering, die lede wat as politieke gevangenes aangehou is, asook die lede wat geïnterneer is.[58] Hoewel die boek ŉ baie subjektiewe benadering toon, en as primêre bron beskou kan word, is dit waardevol as ŉ tydgenootlike blik op spesifiek die impak van die noodregulasies en interneringsbeleid op die lede van die OB, en kan die waarde van die bron vir hierdie spesifieke studie nie ontken word nie. *Agter tralies en doringdraad* sal dus versigtig benut word in hierdie verhandeling, met die boek se subjektiewe tydgenootlike gevoel in gedagte. Hoe die lewe in die interneringskampe ervaar is en hoe daar op hierdie omstandighede in die kampe reageer is, word bespreek deur onder meer na *Agter tralies en doringdraad* te kyk.

In G.C. Visser se boek, *OB: Traitors or Patriots?*, word belangrike elemente van die OB se versetaktiwiteite tydens die Tweede Wêreldoorlog bespreek.[59] Wat veral belangrik is vir hierdie verhandeling is Visser se aandag aan spesifieke geïnterneerdes, soos B.J. Vorster, wat later belangrike figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis sou word.[60] Dit verwys na die vreemde dinamika in die geskiedenis, waar individue van rebelle na helde verander het soos wat die politieke omstandighede in Suid-Afrika verander het.[61]

Visser dek ook verskeie relevante aspekte soos die Stormjaers, die "Rooi"-eed, die sabotasie-aksies wat deur OB-lede onderneem is, die fondsinsameling wat moes geskied as gevolg van

---

57 Furlong, 'Allies at war?', p. 28.
58 Stoker, (red.), *Agter tralies en doringdraad.*
59 Visser, *OB: Traitors or patriots?*
60 R. Dale, 'Afrikaner renegades and the conduct of World War II', *Africa Today*, 25, 1 (1978), p. 79.
61 F. Welsh, *A History of South Africa* (London, Harper Collins Publishers, 2000), p. 429.

die staat se noodregulasies, asook sekere inligting rondom die Duitse invloed in Suid-Afrika tydens die oorlog. Visser se boek is nie so spesifiek oor datums en gebeure soos wat akademies verwag word nie, tog bied die boek steeds belangrike insigte rondom die verset-aksies wat deur Ossewa-Brandwag lede onderneem is tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie verset-aksies het verskeie vorme aangeneem wat dientengevolge weer verskeie nagevolge ingehou het. Hierdie versetbedrywighede, die karakter wat dit aangeneem het, asook die gevolge wat dit gehad het, is tersaaklik vir die suksesvolle voltooiing van hierdie verhandeling omdat dit direk verwant is aan die Unieregering se implementering van die noodregulasies.

In 1983 verskyn H.O. Terblanche se boek oor B.J. Vorster wat handel oor Vorster se rol as OB generaal binne die organisasie.[62] Tydens die Tweede Wêreldoorlog was Vorster ŉ OB-generaal; hy is ook later geïnterneer onder die Unieregering se noodregulasies.[63] Terblanche se boek verskaf inligting oor Vorster se internering, tesame met die amptelike redes vir sy internering. Binne die groter prentjie van die Tweede Wêreldoorlog se impak op die OB bied Terblanche se studie ŉ belangrike stukkie in die sekondêre legkaart wat betref die verreikendheid van die internering en die politieke impak daarvan ná 1948.[64]

Smuts se interneringsbeleid teen die aktivistiese elemente in die OB word vlugtig aangeraak deur D.W. Krüger in die 1958 boek *The age of the generals*.[65] Krüger was self ŉ lid van die OB, maar hy het die organisasie vinnig verlaat vanweë onder andere die beweging se organisatoriese probleme, geweldpleging en aggressiewe leierskap.[66] Die boek bevat eerstehandse insigte rondom die OB tydens die Tweede Wêreldoorlog vanuit die waardevolle oog van ŉ opgeleide historikus.

Verdere inligting rondom die regering se pogings om binnelandse onrus lam te lê, is te sien in ŉ biografie oor Harry Lawrence. As Minister van Binnelandse sake tydens die oorlogsjare het Harry Lawrence ŉ direkte invloed uitgeoefen op die instelling en toepassing van die

62 H.O. Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter* (Roodepoort, CUM Boeke, 1983).

63 Welsh, *A History of South Africa*, p. 464.

64 Vir meer inligting sien ook D. Langner, *Teen die hele wêreld vry: Koot Vorster – Segsman of profeet?* (Pretoria, Griffel Media, 2007).

65 D.W. Krüger, *The age of the generals: a short history of the Union of South Africa, 1910-1948* (Pretoria, Dagbreek Boeke, 1958).

66 P.F. van der Schyff, 'Die beeld van die Ossewa-Brandwag', in P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, (Ongepubliseerde verslag, PU vir CHO Departement van Geskiedenis, 1984), pp. 428-429.

noodregulasies, insluitend die interneringsbeleid.[67] In 1978 verskyn ŉ biografie oor Harry Lawrence, geskryf deur Lawrence se seun, Jeremy.[68] Jeremy Lawrence se boek is uiters belangrik vir hierdie studie omdat dit inligting verskaf rondom die regering se hantering van aktivistiese verset.

Elemente van aktivisme was ook in die OB se jeugvleuel te bespeur. Hierdie verhandeling se klem op die impak van Smuts se noodregulasies op alle OB-lede beoog om nuwe inligting op te lewer rondom hoe die noodregulasies en interneringsbeleid die jeugvleuel geraak het. Lede kon tot op agtienjarige-ouderdom deel wees van die Boerejeug.[69] Ouer Boerejeuglede het aan aktivistiese aktiwiteite deelgeneem. In hulle 2009 artikel maak Blignaut en Du Pisani ook die aktivistiese aspek duidelik deur te stel dat die moontlikheid in ag geneem is om Boerejeug-seuns "as toekomstige Stormjaers op te lei".[70] Blignaut en Du Pisani se artikel fokus ook op die dualisme van die OB en hoe dit die jeugvleuel geraak het. Wat die artikel wel nie aanraak nie is hoe die jeug geraak sou word deur die noodregulasies en interneringsbeleid, die artikel raak ook nie spesifieke insidente van aktivisme wat deur jeug gepleeg is aan nie. Hierdie verhandeling wil sulke gapings vul deur gebruik te maak van die primêre dokumente in die OB-argief met die oog op ŉ bydrae tot die historiografie. In 2019 verskyn ŉ verdere studie oor die OB-Jeug, C De Jager se meesters-verhandeling *"I am no 'Hensopper' or Coward, I am a Boer": Heroic Masculinity, Afrikaner Nationalism and the Case of C.M. Bakkes During the Second World War*.[71] De Jager se studie bestudeer hoofsaaklik die verhouding tussen manlikheid as genderkonstruksie en Afrikanernasionalisme tydens die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika. Verder fokus De Jager se werk byna uitsluitlik op CM Bakkes, wie by die OB-Jeug se Pretoria-Oos afdeling betrokke was. As bydrae tot die groeiende aantal studies oor die OB-Jeug is dit van belang om De Jager se studie in ag te neem binne hierdie historiografie.

67 Van der Schyff, 'Die beeld van die Ossewa-Brandwag', p. 436.
68 J. Lawrence, *Harry Lawrence* (Cape Town, David Philip, 1978).
69 C. Blignaut & K. Du Pisani, '"Om die fakkel verder te dra": Die rol van die jeugvleuel van die Ossewa-Brandwag, 1939-1952', *Historia*, 54, 2 (2009), p. 142.
70 Blignaut & Du Pisani, '"Om die fakkel verder te dra"', p. 136.
71 C. De Jager, '"I am no 'Hensopper' or coward, I am a boer": Heroic masculinity, Afrikaner Nationalism and the case of C.M. Bakkes during the Second World War' (MA research essay, Carleton University, 2019).

### *1.4.3. Agtergrond oor die karakter van die Ossewa-Brandwag as organisasie*

Die eerste grootskaalse akademiese werk wat ŉ deeglike beskrywing van die OB as rolspeler in die Suid-Afrikaanse politiek tydens die Tweede Wêreldoorlog gee, verskyn in 1972. F.J. van Heerden se doktorale proefskrif handel oor die politieke klimaat in Suid-Afrika en gee deeglike aandag aan die OB as organisasie. Van Heerden se proefskrif bied ook ŉ veelsydige benadering tot die OB se algehele geskiedenis.[72] Wat veral belangrik is, is Van Heerden se omvattende beskrywings van die OB se posisie teenoor ander organisasies wat van belang is vir die peil van die versetkarakter van die beweging in reaksie op die noodregulasies. Van Heerden se werk dien as belangrike agtergrond vir die tema wat in hierdie verhandeling aangepak word.

ŉ Verdere akademiese stuk oor die OB verskyn in 1985 in die vorm van J.J. Badenhorst se meestersverhandeling. Badenhorst se verhandeling handel oor die organisasiestruktuur van die OB.[73] Alhoewel hierdie ŉ redelike omvattende werk is oor Badenhorst se gekose tema, is dit die verhandeling se tweede hoofstuk wat vir hierdie verhandeling bruikbaar is. Badenhorst se tweede hoofstuk bied ŉ kronologiese oorsig van die ontstaan van die OB, asook al die elemente wat tot die ontstaan van die organisasie bygedra het. Saam met ŉ gepubliseerde weergawe van sy studie word kernelemente van die organisasie van die OB duidelik uiteengesit.[74]

In 1994 verskyn C. Marx se artikel wat twee hoofredes vir die Ossewa-Brandwag se ontwikkeling tot ŉ massa-beweging identifiseer.[75] Eerstens identifiseer Marx dat die Ossewa-Brandwag volkseenheid bevorder het, en tweedens dat die organisasie gekant was teen Suid-Afrikaanse deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Beide sentimente het aanklank gevind by groot hoeveelhede Afrikaners.[76] Marx se artikel bied in-diepte insig rondom verskeie noodsaaklike aspekte tussen 1939 en 1941. Marx bied kontekstuele inligting rondom die ontstaan van die OB waarsonder die interneringsbeleid en noodregulasies nooit sou plaasvind nie. Die rol wat die oorlog op die OB gehad het word in historiese konteks geplaas en verder omskryf, die grootste bydrae wat Marx lewer in hierdie artikel is die omvattende beskrywing

72 F.J. van Heerden, 'Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948' (PhD tesis, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1972).

73 J.J. Badenhorst, 'Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag' (MA verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1985).

74 J.J. Badenhorst, 'Vroeë organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* 12, 3 (1987), pp. 54-82.

75 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement', pp. 195-219.

76 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement', p. 195.

wat gegee word van die Ossewa-Brandwag as 'n massabeweging. Die artikel omskryf hoe die impak van die oorlog, en meer spesifiek Suid-Afrika se deelname daaraan, tot die Smuts-regering se noodregulasies gelei het. Marx gee ook aandag aan die Noodhulpfonds wat tydens die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom het. As direkte uitvloeisel van die noodregulasies is die Noodhulpfonds relevant vir die doelwitte wat met hierdie verhandeling bereik wil word. Soos wat later bespreek word, is die Noodhulpfonds 'n belangrike element van hierdie verhandeling omdat dit 'n direkte reaksie op die Smuts-regering se noodregulasies was. Marx bied ook insig in wie deur die noodregulasies geaffekteer is, en hoe dit lewens van OB-lede, veral Stormjaers, geaffekteer het: "Activism was strongest among younger workers, clerks, and more senior skilled workers and craftsmen."[77] Hierdie verhandeling gaan na spesifieke individue verwys om die akkuraatheid van Marx se stelling rondom lidmaatskap aan die Stormjaers, asook algemene verset deur lede, te toets.

In 2012 voltooi C. Blignaut 'n meestersverhandeling oor die rol van vroue in die OB.[78] Blignaut se meestersverhandeling is betekenisvol vir hierdie verhandeling omdat twee hoofstukke van Blignaut se verhandeling spesifiek verband hou met hierdie verhandeling se temas. Hoofstuk vier van die verhandeling handel spesifiek oor fondsinsameling binne die OB.[79] Omdat hierdie fondsinsameling 'n direkte resultaat van die noodregulasies was, is dit van belang vir hierdie verhandeling. Hoofstuk vyf van die verhandeling handel spesifiek oor die verset teen Suid-Afrikaanse deelname aan die Tweede Wêreldoorlog in die OB.[80] Hierdie hoofstuk is verreikend vir hierdie verhandeling omdat dit fokus op aktivistiese elemente wat in die OB teenwoordig was tydens die oorlog. Dit is juis hierdie meer aktivistiese elemente wat uiteindelik tot die implementering van die noodregulasies deur die staat gelei het. Blignaut se verhandeling is later verwerk tot verskeie artikels wat bruikbaar is vir hierdie verhandeling.[81]

77 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement', p. 213.
78 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig'.
79 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', pp. 167-205.
80 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', pp. 206-237.
81 Blignaut & Du Pisani, '"Om die fakkel verder te dra"', pp. 133-157; C. Blignaut, '"Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!": Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog', *Historia*, 57, 2 (2012), pp. 68-103; C. Blignaut, 'Untold History with a Historiography: A Review of Scholarship on Afrikaner Women in South African History', *South African Historical Journal*, 65, 4 (2013), pp. 596-617; C. Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day: The nature of women's general activities in the Ossewa-Brandwag, 1939-1943', *New Contree*, 66 (2013), pp. 121-150; C. Blignaut, '"Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?": Afrikanerpolitiek en vroue in die Ossewa-Brandwag, 1942 tot 1954', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 40, 1 (2015), pp. 102-124; C. Blignaut, '"Skep julle kommando's in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!": Die Ossewa-Brandwag se maatskaplike beleid van Sosiale Volksorg, 1943-1952', *New Contree*, 74 (2015), pp. 72-89; Blignaut, '"Rebelle sonder gewere"', pp. 109-131.

Die ideologie van die OB is belanghebbend vir hierdie verhandeling omdat dit insig bied tot die versetaksies wat uiteindelik bygedra het tot die Smuts-regering se regverdiging vir die implementering van die noodregulasies. In 1989 verskyn P. De Klerk se artikel wat handel oor die ideologie van die OB, sowel as die invloed wat spesifieke leiers op die formulering van hierdie ideologie gehad het.[82] Omdat die karakter en ideologie van die OB tydens die Tweede Wêreldoorlog sou verander vanaf ŉ hoofsaaklike kultuurorganisasie tot ŉ meer aktivistiese polities-gedrewe organisasie, is De Klerk se artikel relevant vir hierdie verhandeling omdat die bedrywighede van OB-lede in die Tweede Wêreldoorlog die karakter van die OB beïnvloed en verander het.

De Klerk slaag ook daarin om die verskille en ooreenkomste tussen die OB se ideologie en Duitse fascisme aan die leser bekend te maak. Siende dat die OB nou verbind word met Naziïsme, asook fascisme, is dit belangrik om De Klerk se siening daaroor in ag te neem in die verhandeling. Die rol van fascisme, Naziïsme, rassisme en anti-Semitisme word later in die literatuurstudie aangeraak. Alhoewel De Klerk se artikel nie sonder foute is nie,[83] moet die relevante inligting daarbinne nie geïgnoreer word nie.

De Klerk lewer nog ŉ artikel in 1989 genaamd *Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ŉ nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika.* Hoewel De Klerk verskeie aspekte van die OB se ideologiese beskouing in hierdie artikel bespreek, is die tweede deel van die artikel relevant tot hierdie verhandeling. In die tweede deel van die artikel vestig De Klerk die aandag op die OB as organisasie se volks- en rassebeskouing. De Klerk lê veral klem daarop dat die OB teen nie-blankes gekant was en dat groot waarde geheg is aan "die rassesuiwerheid van die Afrikaner".[84] Hierdie afdeling van De Klerk se artikel is belangrik vir die verhandeling omdat daar ook aandag gegee word aan anti-Joodse sentimente binne die OB. Anti-Joodse sentimente word ten nouste verbind met Nazi-Duitsland, dit is daarom belangrik om die OB se insigte rondom dit te verstaan. Die derde deel van De Klerk se artikel is belangrik vir die uitkomstes van hierdie verhandeling omdat die aandag op die OB se geskiedbeskouing gevestig word. ŉ

---

82 De Klerk, 'Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewabrandwag', pp. 43-81.

83 De Klerk maak byvoorbeeld foute deur verkeerde datums aan te wys by J.F.J. van Rensburg se geboortedatum, asook word daar ŉ onvoldoende gevolgtrekking vir die artikel gegee. ŉ Artikel van byna veertig bladsye word saamgevat in een paragraaf, daarin misluk De Klerk om al die hoofpunte van die artikel deeglik in die gevolgtrekking aan die leser oor te dra.

84 P. de Klerk, 'Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ŉ nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, 2 (1989), p. 98.

Geskiedbeskouing wat ten nouste verbind word met Afrikanernasionalisme. Soos De Klerk dit stel, is die geskiedenis van die Afrikaner dikwels ingespan om "die geloof in die verwesenliking van die Ossewa-Brandwagideale te versterk."[85] Elemente vanuit die Afrikaner se geskiedenis is ook deur die OB benut om die versetbedrywighede tydens die Tweede Wêreldoorlog te regverdig.

In 2012 verskyn nog ŉ artikel deur Blignaut, wat hoofsaaklik fokus op die rol van vroue binne die OB, spesifiek op die verset van OB-vroue tydens die Tweede Wêreldoorlog. Blignaut se artikel bevat ook sinryke inligting rondom die rol wat die OB, as organisasie, in die Tweede Wêreldoorlog gespeel het. Blignaut wys ook die impak wat verskillende vorms van verset op die lede gehad het uit. ŉ Omvattende beskrywing van die wyse waarop vroue as simbole van verset voorgehou is, asook hoe OB-lede deelgeneem het aan verset, word in die artikel verskaf. Blignaut se artikel bied verder inligting rondom die Smuts-regering se noodregulasies, spesifieke OB-lede wat direk deur die interneringsbeleid en noodregulasies geraak is, asook inligting rondom die Noodhulpfonds. Hierdie artikel beskryf hoofsaaklik die rol van vroue, maar dit gee ook terselfdertyd konteks en erkenning dat "die OB se verset nie altyd sonder geweld, passief of 'kalmerend' was nie".[86] Hierdie verhandeling fokus op beide die meer radikale en gewelddadige versetaksies, asook die lydelike verset wat onder die OB-lede geseëvier het. Die rede hiervoor is omdat die Unieregering se noodregulasies nie alleenlik gewelddadige verset geteiken het nie, maar eerder alle vorms van verset.

### *1.4.4. Naziïsme, Anti-Semitisme en rassistiese elemente in die Ossewa-Brandwag*

Soos bo bespreek vestig De Klerk redelik aandag op Naziïsme, rassisme en Anti-Semitisme in die OB. Siende dat die OB sterk verbind word met Hitler se Nazi-regime, is dit belangrik om aandag te skenk aan enige bronne wat spesifiek oor Naziïsme in Afrika/Suid-Afrika handel.[87] Die OB het hul hoop gevestig op ŉ Duitse oorwinning in die Tweede Wêreldoorlog, gevolglik is elemente van Naziïsme wat moontlik oorgespoel het van Europa af relevant om die impak

---

85 De Klerk, 'Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ŉ nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika', p. 108.

86 Blignaut, '"Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!"', p. 71.

87 In hierdie opsig word daar kennis geneem van E.L. Ntloedibe se 1970 artikel getiteld *Nazism in Africa*. Weens die subjektiwiteit van die artikel is dit nie bruikbaar vir hierdie verhandeling nie. Dit is egter genoem sodat daar kennis geneem kan word dat die artikel wel in ag geneem is en ondersoek is in die navorsing proses. Aangesien hierdie artikel oorlaai is met subjektiwiteit, en geen vaste inligting oor een van hierdie verhandeling se temas bevat nie, gaan die artikel nie benut word nie. Sien E.L. Ntloedibe, 'Nazism in Africa', *Présence africaine*, 74 (1970), pp. 195-205.

wat dit op die OB se lede en karakter gehad het te bespreek. Die verband tussen Naziïsme en die OB, asook later die NP, kan nie ontken word nie. P.J. Furlong se 1991 boek,[88] *Between Crown and Swastika: The Impact of the Radical Right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era*, bespreek juis hierdie verbande.[89] Furlong se boek lewer 'n historiografiese bydra deur Naziïsme, fascisme en verskeie verregse elemente in die Afrikanerdom, waaronder die OB, te kontekstualiseer. Furlong se boek bespreek die invloede in Afrikanergeledere, wat uiteindelik 'n impak gehad het op die bedrywighede en lede van die OB tydens die Tweede Wêreldoorlog. Dit is hierdie bedrywighede wat later die OB-lede sou affekteer na die implementering van die noodregulasies.

Hoewel die OB dikwels met Naziïsme verbind word, word die kommandant-generaal Hans van Rensburg meer direk met hierdie regime verbind. Een artikel wat hierdie aanname bevraagteken is A. Venter se 2008 artikel oor die politieke oortuigings van Hans van Rensburg.[90] Venter se artikel is belangrik vir hierdie verhandeling omdat dit die kommandant-generaal van die OB in die tydperk toe noodregulasies ingestel is, ondersoek. Die artikel bied ook insig in Van Rensburg se persoonlike opinie oor die Smuts-regering se noodregulasies. Dit is dus uiters belangrik dat Venter se artikel deeglik gekonsepsualiseer word in hierdie verhandeling ten einde verskillende menings in die leierskap van die OB teenoor die noodregulasies te kan verduidelik. Venter se artikel gee wel nie genoegsame aandag aan die konflik tussen die OB en die HNP nie. Vir hierdie leemte sal ander bronne benut word om 'n meer volledige prentjie te skets. In 1992 lewer Schellack ook 'n diepsinnige historiografiese studie oor die bande tussen Afrikaners en Naziïsme.[91] Hierdie Naziïsme en verregse sentimente het in sekere gevalle OB-lede se ideologieë beïnvloed.

Die OB se band met die Nazi-regime lei ook daartoe dat anti-Joodse sentimente onder Afrikaners ongetwyfeld van belang is vir hierdie verhandeling. Anti-Joodse gevoelens het veral onder OB-lede geseëvier omdat dit so nou verbind word met die Afrikaner se armoede en

88 Furlong, *Between Crown and Swastika*.

89 R. Citino, 'Review: Between Crown and Swastika: The Impact of the Radical Right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era by Patrick J. Furlong', *The American Historical Review*, 97, 3 (1992), p. 906.

90 Venter, 'Die politieke oortuigings van Hans van Rensburg (1898-1966)', pp. 41-57.

91 Schellack, 'The Afrikaners' Nazi Links Revisited', pp. 173-185.

lyding in die 1930s.[92] Die Hoggenheimer motief is die bekendste voorbeeld hiervan.[93] Shain se 1992 resensie herinner ons egter dat die Smuts-regering se besluit om aan die Tweede Wêreldoorlog deel te neem hierdie sentimente verder aangevuur het.[94] Hierdie gevoelens sou later ŉ impak hê op die Afrikaner se aktivisme teen deelname aan die oorlog aan Brittanje se kant.

Hoewel die regering geen standpunt ingeneem het teen anti-Joodse sentimente nie, is dit steeds van belang omdat hierdie sentimente ŉ rol gespeel het in die OB. In hierdie verband is M. Shain se 2002-artikel van belang vir hierdie verhandeling.[95] Shain se artikel is indrukwekkend omdat dit belangrike bydraes lewer tot die verstaan van die oorsprong van anti-Joodse sentimente onder Afrikaners. Hoewel die artikel hoofsaaklik fokus op Joodse literatuur wat in Suid-Afrika opgelewer is, word ŉ chronologiese beskouing van anti-Joodse sentimente onder Afrikaners deurgegee. Dit is die beskouing van die Afrikaner se anti-Joodse gevoelens wat van belang is vir hierdie verhandeling. Wat Shain se artikel egter nie heeltemal in slaag nie is om die ware oorsprong van anti-Joodse gevoelens onder Afrikaners te ondersoek. In die erge materiële armoede waarbinne die Afrikaner van die 1930's gefunksioneer het, is die armoede dikwels toegeskryf aan Britse-Joodse kapitalisme in Suid-Afrika. Joodse kapitalisme is dus gesien as ŉ struikelblok in die materiële vooruitgang van die Afrikaner.[96] Hierdie konteks, gemeng met anti-Semitiese aktiwiteite in Duitsland, het moontlik bygedra tot die hoogty van anti-Joodse gevoelens in die Afrikanerdom. Hierdie gevoelens is veral teenwoordig in organisasies soos die OB tydens die Tweede Wêreldoorlog, wat openlik gekant was teen Britse-Joodse kapitalisme. Gevoelens teen Britse-Joodse kapitalisme het in die OB ŉ invloed op die bedrywighede en karakter van die OB gehad, veral tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie bedrywighede sou uiteindelik die implementering van die noodregulasies gedeeltelik regverdig.

---

92 Vir meer inligting rondom die komplekse verhouding tussen Afrikaners en anti-Semitisme, veral tydens die Tweede Wêreldoorlog, sien Marx, *Oxwagon Sentinel*, pp. 250-260.

93 T.D. Moodie, *The Rise of Afrikanerdom: Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion* (Berkeley, University of California Press, 1975), p. 15; Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 251.

94 M. Shain, 'Anti-semitism and South African society: reappraising the 1930s and 1940s', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), p. 192.

95 Shain, 'Marginality, memory and identity', pp. 205-210.

96 Du Pisani, 'Hegemonic masculinity in Afrikaner nationalist mobilisation, 1934-1948', pp. 162-163; Anti-Semitiese denke was dus nie oorspronklik deel van die opkoms van Afrikanernasionalisme nie, sien: Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 253.

C. Marx se 1992 artikel fokus op die Afrikaanse-uitsendings wat deur Nazi-geledere na Suid-Afrika gemaak is, asook die verskillende vorme wat die propaganda aangeneem het om aanklank te vind by Afrikaners.[97] Verskeie boodskappe wat as deel van hierdie propaganda in Suid-Afrika versprei is deur hierdie uitsendings het direk verband gehou met die versetbedrywighede van die OB.[98] Hierdie praatjies het ook dikwels "sabotasie-wenke" ingesluit.[99] Die uitsendings het op Afrikanernasionalisme en grootskaalse ontevredenheid met die Smuts-regering se oorlogsbesluite staatgemaak om Afrikaners, veral OB-lede, aan te moedig om "acts of disobedience" uit te voer teen die Smuts-regering.[100] Daar is dus 'n duidelike verband te trek tussen die radio-uitsendings en die versetbedrywighede van die Ossewa-Brandwag. Dit is dus duidelik dat Marx se artikel belangrik is vir hierdie verhandeling omdat dit die versetmentaliteit wat onder OB-lede geseëvier het, duidelik maak. Dit is hierdie elemente wat dikwels tot internering/arrestasie van Stormjaers/OB-lede gelei het onder die Smuts-regering se noodregulasies. Die uitsendings het selfs die interneringskampe vergelyk met die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog, om sodoende anti-Britse sentimente onder Afrikaners verder aan te vuur.[101] Hierdie uitsendings het direk op Afrikanernasionalisme staatgemaak vir sukses.[102]

### *1.4.5. Die impak van Afrikanernasionalisme op die veranderende karakter van die OB*

Ten spyte van die komplekse verhouding tussen die OB en die HNP, het die OB 'n massiewe bydrae gemaak tot die mobilisering van Afrikanernasionalisme wat 'n hoogtepunt sou bereik met die 1948-verkiesing. Die OB het volgens Marx die idee in Afrikaners gekweek dat

---

97 C. Marx, '"Dear listeners in South-Africa": German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), pp. 148-172.

98 Vir meer inligting rondom die inhoud van die uitsendings, asook die individue wie betrokke was by die uitsendings, sien: Van der Schyff, 'Verset teen "Empire-oorlog"', pp. 237-250.

99 H. Strydom. *Vir Volk en Führer: Robey Leibbrandt & Operasie Weissdorn* (Johannesburg, Jonathan Ball Uitgewers, 1983), pp. 262-263.

100 Furlong, *Between Crown and Swastika*, p. 135.

101 Furlong, *Between Crown and Swastika*, pp. 134-135; Marx, '"Dear listeners in South-Africa"', pp. 160-161; Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 525. Vir beter konteks rondom die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog, asook ander beleide wat deur Brittanje ingestel is, sien: L. Callinicos, B. Nasson, H. Giliomee & A. Grundlingh, 'Goud en oorlog' in H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), pp. 214-215. Die impak wat die Suid-Afrikaanse Oorlog se konsentrasiekampe op toekomstige Afrikanergenerasies gehad het, word deeglik ontleed deur Stanley en Dampier, sien: L. Stanley, & H. Dampier, 'Aftermaths: post/memory, commemoration and the concentration camps of the South African War, 1899-1902', *European Review of History: Revue européenne d'histoire,* 12, 1 (2005), pp. 91-119.

102 Marx, '"Dear listeners in South-Africa"', p. 156.

nasionalisme die oplossing is vir alle probleme, hetsy dit ekonomies, polities of sosiaal is.[103] As ŉ afgebakende tema binne die OB se geskiedenis, is Afrikanernasionalisme relevant vir hierdie verhandeling as ŉ faktor wat die karakter en bestaansreg van die OB beïnvloed het. Afrikanernasionalisme was verder ŉ dryfkrag wat individuele lede gemotiveer het om aan te sluit en deel te word van verset. Hierdie verset-aksies sou later bydra tot die regverdiging van die implementering van die noodregulasies.

In 1975 verskyn T.D. Moodie se boek oor die Afrikanerdom. Moodie gee veral aandag aan die leier van die OB, kommandant-generaal Hans van Rensburg, die rol wat Duitse elemente in Suid-Afrikaanse politiek gespeel het, asook ŉ omvattende beskrywing van die opkoms en mobilisering van Afrikanernasionalisme.

C. Marx se boek, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag*, is onontbeerlik vir hierdie verhandeling.[104] Soos uitgelig deur Kössler, dek Marx se boek basies drie hooffases.[105] Eerstens word die basiese elemente van Afrikanernasionalisme bespreek. Hierdie aspek is belangrik omdat Afrikanernasionalisme ŉ groot impak gehad het op die ontstaan, denkpatroon en latere militante aktiwiteite van die OB. Hierdie latere militante aktiwiteite, gepaard met meer lydelike vorme van verset, sou uiteindelik gedeeltelik daartoe bydra dat die Unieregering sekere noodregulasies in plek stel tydens die Tweede Wêreldoorlog. Tweedens word die drastiese uitbreiding en verspreiding van hierdie nasionalisme tydens die 1930s en 1940s deeglik bespreek binne die historiese konteks waarbinne Afrikaners van die tyd gefunksioneer het. Hierdie aspek is belangrik vir die verhandeling omdat dit die konteks waarbinne die OB ontstaan het verduidelik. Dit gee ook genoegsame konteks rondom die OB se groei tot massa-beweging. Derdens word die OB self, asook al die uitvloeisels daarvan, bespreek.[106] Hierdie aspek is belangrik omdat hierdie verhandeling fokus plaas op die wyses waarop OB-lede se lewens geaffekteer is deur die Smuts-regering se implementering van die noodregulasies, meer spesifiek uitvloeisels wat as gevolg van die noodregulasies ontstaan het. Marx se boek is ŉ uiters noodsaaklike brongebaseerde vertelling van hierdie drie bogenoemde fases van Afrikanergeskiedenis. Al drie

103 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement', p. 219.
104 Marx, *Oxwagon Sentinel*.
105 Kössler, 'Review: A Wide-Ranging History of Afrikaner Nationalism', p. 314.
106 Marx, *Oxwagon Sentinel*.

fases, en dus Marx se totale boek, is noodsaaklik om hierdie verhandeling suksesvol te voltooi, en verder op sy uitkomstes te bou.

Furlong se 1992-artikel werp meer lig op hoe Nazi Duitsland, sowel as ingevoerde idees rondom nasionalisme, internasionale rassisme en fascisme, bygedra het tot die vorming van wat hy as "modern Afrikaner nationalism" bestempel.[107] Hierdie studie is historiografies van aard, maar bied tog belangrike feite rondom die invloed wat eksterne magte, soos Naziïsme, op Afrikanernasionalisme gehad het. Furlong bied ook interessante inligting rondom individue wat direk by die OB betrokke was, soos Geoffrey Cronjé.[108] Die wyse waarop OB-lede se lewens geaffekteer is deur die implementering van die noodregulasies, asook die invloed wat Afrikanernasionalisme op die OB se bedrywighede, lede en karakter gehad het, is identifiseerbaar in Furlong se artikel.

In 1992 verskyn nog ŉ artikel wat die verband tussen die "Third Reich" en die Unie van Suid-Afrika verduidelik.[109] Hagemann se artikel fokus eerstens op die kulturele, ekonomiese en politiese verband tussen die "Third Reich" en die Unie van Suid-Afrika. Tweedens word daar aandag gegee aan die bydrae wat die "Third Reich" en nasionale sosialisme tot die vorming van Apartheid gehad het. Afrikaners, veral OB-lede, het Duitsland hoofsaaklik as ŉ vennoot beskou in die "long struggle against the British Empire".[110]

ŉ Verdere werk wat insig bied tot die politieke klimaat waarbinne die OB ontstaan, gegroei en uiteindelik ontbind het, is D. Prinsloo se 1985-artikel oor die verband tussen H.F. Verwoerd en die OB.[111] Hierdie artikel beskryf die ontstaan van die OB, die komplekse verhouding tussen die OB en die HNP, die noodregulasies wat deur die Smuts-regering ingestel is, die politiek wat tussen verskillende koerante se ondersteuners ontstaan het, asook die invloed wat die 1948-verkiesing op politieke gevangenes gehad het.[112]

107 P.J. Furlong, 'Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism: an assessment of the historiography', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), p. 113.

108 Furlong, 'Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism', pp. 125-126.

109 A. Hagemann, 'Very special relations: The "Third Reich" and the Union of South Africa, 1933-1939*', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), pp. 127-147.

110 Hagemann, 'Very special relations', p. 131.

111 Prinsloo, 'Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952', pp. 73-85.

112 Vir verdere konteks rondom die komplekse verhouding tussen die OB en die HNP, asook die invloed van die 1948-verskiesing op politieke gevangenes en geïnterneerdes sien D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in The Development Of. Afrikaner Nationalism, 1934-1948* (Cambridge, Cambridge University Press, 1983); N. Stultz, *The Nationalists in Opposition, 1934- 1948* (Cape Town, Human & Rousseau, 1974).

### *1.4.6. Inligting rondom wie geïnterneer is*

In 2012 verskyn K. Shear se artikel rondom die kompleksiteite van die Suid-Afrikaanse staat se hantering van binnelandse onrus.[113] Shear se artikel word binne die tydraamwerk van 1939 tot 1963 geplaas, wat dit baie relevant maak vir hierdie verhandeling omdat die hele Tweede Wêreldoorlog gedek word. In hierdie artikel word fokus geplaas op die rol van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) tydens die Tweede Wêreldoorlog, asook ná die Nasionale Party se 1948-verkiesingsukses. Dit is duidelik dat ŉ dinamiese verhouding binne die SAP ontstaan het as gevolg van die groot hoeveelheid OB-lede.[114] OB-lidmaatskap is amptelik verbied vir alle polisiebeamptes in November 1940. Die Stormjaers het egter kort daarna onderlangs begin polisiebeamptes nader om deel te word van die sabotasie-aksies teen die regering.[115] Baie van hierdie OB-polisielede is gearresteer met die massa-arrestasies van 1942.[116]

Wat Shear se artikel veral uitlig is dat verskeie lede wat onder die Smuts-regering se noodregulasies gearresteer en geïnterneer is, later baie belangrike posisies in die SAP beklee het. Hierdie belangrike posisies is veral te sien na die 1948-verkiesing. Shear lig verskeie voorbeelde uit van geïnterneerdes wat later as helde vereer is in belangrike staatsposisies onder die NP-regering.[117] Hierdie artikel bied dus vir die doeleindes van hierdie verhandeling belangrike inligting rondom wie binne die SAP geïnterneer is, asook die historiese konteks rondom wat met hierdie individue gebeur het na die 1948 Nasionale Party oorname. Shear se artikel gee ook agtergrond inligting rondom die OB self. Inligting word verskaf rondom die dualistiese veranderende struktuur van die OB, die ontstaan van die organisasie en die Stormjaers. ŉ Deeglike verduideliking van die Smuts-regering se vrywilligersbeleid en die teken van die "Rooi"-eed word ook verskaf.[118] Hierdie inligting is belangrik om die komplekse situasie wat onder Afrikaners ontstaan het as gevolg van hierdie eed en die dra van die "rooi-lussies" te verstaan. Die dra van die "rooi-lussies" het ŉ direkte teenpool gevorm met die OB se versetbedrywighede tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die dra van die "rooi-lussies" het ŉ

---

113 K. Shear, 'Tested loyalties: policies and politics in South Africa, 1939-63*', *Journal of African History*, 53, 2 (2012), pp. 173-193.

114 In hierdie verband, sien: K. Shear, 'Colonel Coetzee's War: Loyalty, Subversion and the South African Police, 1939–1945', *South African Historical Journal*, 65, 2 (2013), pp. 222-248.

115 Shear, 'Tested loyalties', p. 182.

116 Shear, 'Tested loyalties', p. 174.

117 Hierdie opmerking word ook gemaak deur Marx, sien: Marx, *Oxwagon Sentinel*, pp. 558-560.

118 Shear, 'Tested loyalties', p. 179.

skeiding in die volk veroorsaak, ŉ skeiding wat twee dele gevorm het. Die eerste was Afrikaners ten gunste van Suid-Afrikaanse deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, die tweede was Afrikaners gekant teen deelname.[119] Hierdie twee direkte teenpole, waarvan die een uiteindelik gedeeltelik sou bydra tot die implementering van die Unieregering se noodregulasies, het die land en die volk "diep geskeur".[120]

In 2015 verskyn daar wel ŉ interessante artikel deur J.M. van Tonder rondom die Afrikaanse kerke in die Tweede Wêreldoorlog, wat spesifiek oor internering handel.[121] Van Tonder maak melding van spesifieke geïnterneerde/gearresteerde individue wat direk verbind was met die kerk. Van Tonder se artikel is dus belangrik vir die verstaan van die rol van die kerk asook die regulasies wat deur die staat in plek gestel is. Meer onlangs is verskeie werke oor belangrike individue in die OB, insluitend individue wat deur die noodregulasies geraak is, ook gepubliseer. Hieronder kan Albert Blake se 2018-publikasie *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* veral uitgelig word.[122]

### *1.4.7. Die Noodhulpfonds*

Sosiale uitvloeisels wat direk as gevolg van die interneringsbeleid te sien is, sluit onder meer die Noodhulpfonds in. Hierdie fonds is gestig om die gesinne van geïnterneerdes finansieel te ondersteun.[123] Verskeie gesinne is sonder broodwinners gelaat na die grootskaalse internering en massa-arrestasies.[124] Daar is vele bronne wat inligting rondom hierdie spesifieke onderwerp verskaf. In 2015 verskyn C Blignaut se artikel rondom die maatskaplike beleid en sosiale volksorg van die Ossewa-Brandwag. Blignaut se studie word in die tydraamwerk van 1943 tot 1952 geplaas, wat dit binne die belangrike jare van hierdie verhandeling se fokus vestig. Blignaut merk op dat vroue in die OB op verskeie vlakke direk betrokke was in die

---

119 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 382.

120 Strydom, *Vir Volk en Führer,* p. 1.

121 J.M. van Tonder, 'Die Afrikaanse kerke in die Tweede Wêreldoorlog (3): internering', *Die Kerkblad*, 118, 3295 (2015), pp. 14-15.

122 Blake, *Wit terroriste*. Sien ook Blake se 2019-werk oor die kontroversiële Robey Leibbrandt: A. Blake, *Robey Leibbrandt: ŉ lewe van fanatisme* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2019). Ander onlangse werke oor belangrike figure binne die OB sluit in: B van der Walt, ''n Kykie na kopstukke filosofie op Potchefstroom die afgelope eeue (1917-2017), Deel 2: Die sisteembouers', *Koers*, 83, 1 (2018), pp. 1-15; asook De Jager, "'I am no 'Hensopper' or coward, I am a boer'".

123 H.M. Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief' (Ongepubliseerde pamflet, PU vir CHO, 1988), p. 4.

124 Blignaut, "'Skep julle kommando's in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!'", p. 79.

bedrywighede van die organisasie, "van fondsinsameling tot politieke verset".[125] Blignaut se bydra tot die historiografie rondom volksorg en politieke verset deur vroue in die OB is noodsaaklik vir hierdie verhandeling, omdat dit spesifiek handel oor die impak wat die Unieregering se noodregulasies op die OB se lede, bedrywighede en karakter tot gevolg gehad het. Dit is ook duidelik vanuit die artikel dat die Noodhulpfonds ŉ belangrike uitvloeisel van die noodregulasies is omdat dit die familielede van gearresteerdes en geïnterneerdes finansieel ondersteun het. Die Noodhulpfonds het finansiële steun verkry "uit alle oorde van Suid-Afrika" omdat die OB reeds ŉ massabeweging was teen 1941, toe die Noodhulpfonds amptelik gestig is.[126]

Blignaut het ŉ verdere artikel oor die Noodhulpfonds en meer spesifiek die vrou se rol in die fondsinsamelingsproses in 2013 gepubliseer. Hierdie artikel beskryf hoe vroue deel was van die radikale nasionalistiese beweging.[127] Soos Blignaut dit duidelik maak is die Noodhulpfonds ŉ direkte resultaat van die massa-arrestasies en internering van OB-lede. Hierdie lede is gearresteer en/of geïnterneer onder die Smuts-regering se noodregulasies. Die doel van die OB Noodhulpfonds was "to ensure that there was enough money to provide for the needs of dependants of the detained, fugitives and interned persons".[128] Blignaut se artikel is dus relevant vir hierdie verhandeling omdat dit primêre bron-gebaseerde inligting rondom die Noodhulpfonds, as uitvloeisel van die noodregulasies, verskaf. Blignaut dra dus by tot die historiese kennis van die Noodhulpfonds as "uitvloeisel" van die noodregulasies. Daar kan verder gebou word op Blignaut se bydrae deur te beskryf hoe die noodregulasies die OB lede geaffekteer het, insluitende die fonds-insamelaars, die gearresteerdes en geïnterneerdes, asook die lede wat afhanklik was van finansiële steun van die Noodhulpfonds af.

Die OB Noodhulpfonds is ook ŉ historiese verskynsel wat verder as die OB gestrek het. Fondse is nie slegs benut om OB-lede se afhanklikes te ondersteun nie, maar ook om armoede onder blankes te verminder, veral in die Witwatersrand-area.[129] Dit is juis hierdie Armblankevraagstuk van hoofsaaklik die 1930s wat later sou bydra daartoe dat die OB in ŉ massa-beweging ontaard. Verdere inligting rondom om die Noodhulpfonds word in Hans van

125 Blignaut, "'Skep julle kommando's in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!'", p. 73.
126 Blignaut, "'Skep julle kommando's in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!'", pp. 79-85.
127 Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', p. 123.
128 Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', p. 126.
129 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement', p. 203; Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', p. 127.

Rensburg se 1956 boek, *Their paths crossed mine*, opgemerk.[130] Van Rensburg se boek sal in hierdie verhandeling benut word as ŉ primêre dokument wat insig bied tot sekere elemente van die OB, soos ondermeer die Noodhulpfonds. Die boek se subjektiwiteit en tekortkominge as wetenskaplike geskiedskrywing word deurentyd in ag geneem, maar die waarde van hierdie primêre dokument kan nie ontken word nie.

### *1.4.8. Ander relevante bronne*

Omdat J.C. Smuts, as leier van Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog, ook van belang is vir hierdie studie, is dit nodig om verskeie werke oor Smuts ook in ag te neem. Die twee mees onlangse werke is *Jan Smuts: van boerseun tot wêreldverhoog,* wat in 2017 met J.A. Du Pisani as hoofredakteur gepubliseer is,[131] en A. Ludi se meestersverhandeling *Smuts: Lost in transmission?*,[132] beide werke dek aspekte van Smuts se lewe soos dit hoofsaaklik in die vroeë 20ste eeu ter voorskyn kom. Ander belangrike bronne oor Smuts sluit die volgende in: *Jan Smuts: ŉ Biografie* van F.S. Crafford,[133] *Jan Smuts and his International Contemporaries* deur O. Geyser,[134] *Smuts: The fields of force, 1919-1950* deur W.K. Hancock,[135] asook *Jan Smuts: Man of courage and vision* deur A. Lentin.[136] Al hierdie bronne word geraadpleeg om ŉ duidelik prentjie van Smuts se aksies tydens die Tweede Wêreldoorlog te bekom. Primêre bronne rondom Smuts se lewe is ook verkrygbaar in die Suid-Afrikaanse Nasionale Argief te Pretoria.

Behalwe vir die bogenoemde bronne is verskeie ander bronne ook nodig om hierdie verhandeling suksesvol te voltooi. Koerantartikels gaan byvoorbeeld benut word in hierdie

---

130 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 217-220.

131 J.A. Du Pisani, D. Kriek & C. De Jager (reds.), *Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2017). Vir meer inligting oor *Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog* sien: C. Gouws, 'Boekresensie: Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog', *New Contree*, 79 (Desember 2017), pp. 193-196; E. Kleynhans, 'Book review: Reappraisal of an enigmatic character – Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog, Kobus Du Pisani, Dan Kriek and Chris De Jager (eds.)', *Historia*, 62, 2 (2017), pp. 149-152; B. van der Merwe, 'Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog: 'n lesersindruk', *LitNet*, (Oktober 2017), beskikbaar by https://www.litnet.co.za/jan-smuts-van-boerseun-tot-wereldverhoog-n-lesersindruk/, geraadpleeg op 6 September 2018.

132 A. Ludi, 'Smuts: Lost in transmission?' (MHCS dissertation, University of Pretoria, 2016).

133 F.S. Crafford, *Jan Smuts: ŉ biografie* (Cape Town, Edina Works, 1947).

134 O. Geyser, *Jan Smuts and his International Contemporaries* (Johannesburg & London, Covos Day, 2001).

135 W.K. Hancock, *Smuts: The fields of force, 1919-1950* (Cambridge, Cambridge University Press, 1968).

136 A. Lentin, *Jan Smuts: Man of courage and vision* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 2010).

verhandeling. Wanneer daar na koerantartikels verwys word, is dit belangrik om in ag te neem dat sekere koerante sekere politieke agendas bevorder of minstens ondersteun het. Hierdie aspek van koerantartikels as bronne is iets waarmee daar voortdurend rekening gehou word tydens die navorsingsproses. Belangrike Afrikaanse koerante van die tyd bied byvoorbeeld belangrike inligting rondom die politieke omstandighede van die tyd.[137] Ander nie-Afrikaanse koerante bied tog ook belangrike bruikbare inligting vir hierdie verhandeling.[138] Koerantartikels van beide Afrikaanse en nie-Afrikaanse koerante sal in hierdie verhandeling benut word om deeglike konteks en insig oor die OB, die noodregulasies, die politieke omstandighede in Suid-Afrika, asook uitvloeisels van die noodregulasies (soos die Noodhulpfonds) te bekom. Publikasies wat binne die OB self gepubliseer is, sal ook benut word om die verhandeling so omvattend as moontlik te voltooi.

Die OB-argief word tans op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom kampus gehuisves. Die skenking van alle dokumente van die OB aan die Ferdinand Postma-biblioteek is een van die laaste besluite wat deur die OB Groot Raad geneem is tydens die ontbinding in 1954.[139] Hierdie dokumente is van kardinale belang vir hierdie verhandeling omdat geskiedenis staatmaak op primêre dokumente wat dikwels in argiewe bewaar word. Die dokumente in die OB-argief gaan gevolglik benut word om leemtes te vul wat nie tans in die bestaande literatuur voorkom nie.

*

> The challenge to any historian is not simply to repeat what is already common coin but to come out with previously unknown or ignored information and with fresh interpretations.[140]

Dit is hierdie uitdaging, soos gestel deur D. Fourie in ŉ resensie oor Van der Waag se militêre geskiedenisboek, wat in hierdie verhandeling ter harte geneem word. Die uitdaging en mikpunt is om uiteindelik ŉ bydrae te lewer tot die historiografie met betrekking tot ŉ gefokusde aspek

137 Voorbeelde van prominente Afrikaanse koerante van die tyd sluit in: *Die Transvaler*, *Die Burger*, *Die Volksblad*, *Die Oosterlig*, *Die Vaderland* en *Die OB*.
138 Voorbeelde van belangrike nie-Afrikaanse koerante van die tyd sluit ondermeer in: *Rand Daily Mail*, *Pretoria News, The Star* en *The Friend*.
139 Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief', p. 1.
140 Fourie, 'Review: A military history of modern South Africa', p. 199.

van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie aspek is die interneringsbeleid, en spesifiek interneringskampe, wat as uitvloeisel van die noodregulasies ŉ direkte impak op die lede, bedrywighede en karakter van die OB gehad het. Soos Fourie dit stel is dit belangrik om nuwe voorheen onbekende inligting te verskaf. Vanuit die boonste literatuurstudie is dit duidelik dat genoegsame sekondêre inligting bestaan oor die OB, die Stormjaers, Naziïsme en ander elemente van rassisme onder Afrikaners, Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog, die Noodhulpfonds en Afrikanernasionalisme. Tog bestaan daar geen deeglike analise van die Smuts-regering se interneringsbeleid en noodregulasies, asook die impak daarvan op OB-lede, bedrywighede en karakter nie. Die interneringskampe word veral afgeskeep in die bestaande literatuur.

Hierdie verhandeling poog om sulke leemtes te vul deur nuwe inligting die lig te laat sien en sterk gebruik te maak, en in gesprek te tree met, primêre bewysmateriaal. Ten einde ŉ suksesvolle verhandeling te lewer, en gevolglik by te dra tot die groeiende historiografie van die Ossewa-Brandwag, sowel as die Suid-Afrikaanse konteks tydens die Tweede Wêreldoorlog, sal die bogenoemde bronne deurgaans benut word met die oog op die beantwoording van die gespesifiseerde navorsingsvrae.

Die bogenoemde historiografie vorm reeds deel van die verhandeling se metodiese oriëntasie. Die doel is om ŉ narratief-beskrywende geskiedenis op skrif te stel ten einde verklarend na die effekte van die noodregulasies te kyk. Daar word in die volgende afdeling baie kortliks na die essensiële metodiek van die narratief-beskrywende tradisie verwys.

### 1.5. Teorie en metodiek

Hierdie verhandeling word gebou op primêre dokumente wat in die Ossewa-Brandwagargief te Potchefstroom bewaar word. Hierdie primêre bronne vorm die basis van die narratief-beskrywende inslag tot hierdie verhandeling.

### *1.5.1. Die "historiese" benadering tot geskiedenis*

Marwick identifiseer twee verskillende benaderings tot geskiedskrywing, die "metafisiese" benadering en die "historiese" benadering.[141] Die "historiese" benadering verwys na die studie van afgebakende aspekte van die verlede. Navorsing vir die "historiese" benadering word dikwels op 'n sistematiese wyse uitgevoer deur historici, en alle beskikbare bronne word in die navorsingsproses geraadpleeg. Die "metafisiese" benadering verwys weer na meer spekulatiewe studies wat gebaseer is op die aanname dat die verlede reeds materieel opmerklik is in die vorm van prosesse en magsverhoudinge wat die verlede met die hede verbind. Hierdie "metafisiese" benadering word hoofsaaklik uitgevoer deur akademici wat nie historici is nie.[142]

Hierdie verhandeling volg die "historiese" benadering tot geskiedskrywing omdat daar nie gespekuleer word oor die impak van die noodregulasies nie (die "metafisiese" benadering). Die primêre bronne word eerder bestudeer in 'n poging om die verlede in 'n narratief-beskrywende wyse op skrif te stel. Geskiedenis handel egter nie daaroor om net stories te vertel nie, maar eerder om nuwe inligting oor die verlede bekend te maak, en probleme op te los.[143] Volgens Marwick is primêre bronne die basis vir enige historiese studie; slegs deur die bronne te bestudeer wat agtergelaat is, is dit moontlik om kennis te bekom oor die verlede. Om 'n oorspronklike bydrae tot historiese kennis te lewer behoort daar nie alleenlik op sekondêre materiaal gefokus te word nie, maar eerder op die inligting wat in die primêre bronne gevind word.[144]

Geskiedenis as akademiese dissipline, soos reeds genoem, is die studie van die menslike verlede deur noukeurig en sistematies die primêre bronne te analiseer. Geskiedenis is dus die verlede soos wat dit in die bevindings van historici deurgegee word.[145] Hierdie verhandeling fokus nie noodwendig op 'n probleem in die bestaande literatuur nie, maar eerder op 'n gaping wat bestaan binne die historiografie. Die "historiese" benadering onderskei tussen "die verlede" en "geskiedenis", deur na "die verlede" te verwys as dit wat werklik in die verlede plaasgevind het, en "geskiedenis" te definieer as die bevindinge wat historici lewer oor die

141 Sien A. Marwick, 'Two Approaches to Historical Study: The Metaphysical (Including 'Postmodemism') and the Historical', *Journal of Contemporary History*, 30, 1 (1995), pp. 5-35.

142 Marwick, 'Two Approaches to Historical Study', pp. 5-6.

143 A. Marwick, *The New Nature of History: Knowledge, evidence, language* (Hampshire, Palgrave, 2001), p. 28.

144 Marwick, *The New Nature of History*, p. 26.

145 Marwick, 'Two Approaches to Historical Study', p. 12.

verlede. Omdat "die verlede" so onbeperk is, het historici geen ander keuse as om sekere temas van die verlede te identifiseer en hierdie temas verder te bestudeer nie. Historici streef om nuwe bydraes te lewer tot die historiografie en gevolglik word nuwe temas van "die verlede" voortdurend ondersoek.[146] Hierdie verhandeling is geen uitsondering nie. Deur die impak van die noodregulasies op die Ossewa-Brandwag te analiseer word daar terselfdertyd ŉ oorspronklike bydrae tot die "geskiedenis" gelewer.

Behalwe vir die bogenoemde, is daar verskeie ander kernkonsepte van geskiedenis as akademiese dissipline. Geskiedenis verwys na die skrywes van historici; alle navorsingsaktiwiteite wat bydra tot hierdie skrywes; die onderrig en leer van beide benaderings (die "historiese" en die "metafisiese") tot geskiedenis asook die onderrig en leer van spesifieke idees en inligting van die verlede; die oordrag en ontvangs van historiese kennis via verskillende platforms; en alle bedrywighede wat met die uitkomstes van geskiedenis as dissipline verband hou.[147] Geskiedenis bemagtig die historikus om gebeure te kontekstualiseer, en om uiteindelik ŉ realiteit te verstaan wat anders is as die een waarbinne die historikus funksioneer. Die "historiese" benadering poog verder om so objektief as moontlik te wees. Geskiedenis as dissipline behoort ŉ "objektiewe" dissipline te wees, en die historikus behoort objektiwiteit hoog te ag in beide die navorsings- en skryfproses.[148] Absolute objektiwiteit is natuurlik onmoontlik, maar dit bly ŉ ideaal wat geskiedenis onderskei van fiktiewe skrywes. Dit word gedoen aan die hand van empiriese navorsing en hoë ag wat op die data self geslaan word. Standpunte vloei vanuit die data. Historici bou ook op die bevindinge van ander historici, hulle lewer nuwe inligting oor spesifieke temas, verder benut historici ook nuwe tegnieke en benaderinge. Die bogenoemde word gedoen met die doel om reeds-bestaande interpretasies van die verlede te verfyn, te korrigeer en selfs te verwerp.[149]

### *1.5.2. Die narratiewe aard van geskiedenis*

Byna alle historiese tekste het ŉ narratiewe element, die rede hiervoor is omdat die studie van die verlede verandering oor tyd bestudeer. Die narratiewe element is onvermydelik omdat

146 Marwick, *The New Nature of History*, p. 25.
147 Marwick, *The New Nature of History*, p. 31.
148 L. Gottschalk, *Understanding History: A primer of Historical Method*, second edition (New York, Alfred A. Knopf, 1968).
149 Marwick, *The New Nature of History*, p. 40.

kronologie ŉ inherente aspek van geskiedenis is.[150] Hoewel narratiewe beskrywing deur beide kreatiewe skrywers en historici benut word, benut beide kampe dit op verskillende wyses.[151] Kreatiewe skrywers, soos digters en dramaturge, benut taal op ŉ meer kreatiewe vlak as wat historici taal benut. Daar word van historici verwag om bevindinge op ŉ duidelike wyse oor te dra, waar kreatiewe skrywers meer vryheid geniet om die verlede oor te dra deur onder andere hulle verbeelding ten sterkste in te span.[152] Deur konstant bewus te wees van die feite wat oorgedra word, en skryfstukke te herskryf en te hersien op ŉ voortdurende basis, is dit moontlik vir historici om narratief te benut sonder enige dubbelsinnigheid, of verdraaiing van historiese feite.[153]

Goeie geskiedskrywing balanseer aan die een kant narratief en aan die ander analise. Verder is daar ook ŉ balans tussen kronologiese en tematiese benadering. Die historikus kan nie bloot staatmaak op narratiewe skryf (kronologies) nie, maar moet eerder te werk gaan om te skryf op so ŉ wyse dat dit beide narratief en analities van aard is. Dit is ook belangrik om nie alleenlik op analise staat te maak in geskiedskrywing nie, omdat sulke skrywes die belangrike "change through time"-element van geskiedskrywing heeltemal sal ignoreer.[154] Dit is die taak van die historikus om ŉ interpretasie van ŉ tema van die verlede te lewer, en hierdie interpretasie op so ŉ oortuigende wyse as moontlik in die skrywes oor te dra.[155] Hierdie verhandeling gaan dus nie alleenlik ŉ narratiewe vertelling van die impak van die noodregulasies op die Ossewa-Brandwag wees nie, maar eerder ŉ interpretasie van hierdie tema van die verlede. Hierdie interpretasie (en bydrae tot die groeiende navorsing oor die tema) word hoofsaaklik op die analise van primêre bronne gebaseer.

### *1.5.3. Die empiriese aard van geskiedenis: Primêre bronne en bronkritiek*

Volgens Jordanova is een van die belangrikste karaktereienskappe van "outstanding historical scholarship" die inagneming van die kompleksiteit van die bronne wat in die geskiedskrywingsproses benut word. Hierdie kompleksiteite moet nie ontken of geïgnoreer

150 Marwick, 'Two Approaches to Historical Study', p. 19.
151 J. Tosh, *The pursuit of history: Aims, methods and new directions in the study of History,* the sixth edition, (London & New York, Routledge, 2015), p. 125.
152 Gottschalk, *Understanding History*, pp. 218-219.
153 Marwick, *The New Nature of History*, p. 12.
154 A. Marwick, *The Nature of History*, the third edition (Hampshire, Palgrave, 1989), pp. 242-243.
155 Marwick, *The Nature of History*, pp. 24-25.

word nie, maar eerder op ŉ "creative and self-aware"-wyse deur die historikus benut word.[156] Wanneer daar na geskrewe bronne verwys word in geskiedenis, word bronne dikwels in twee groepe verdeel: primêre bronne en sekondêre bronne. Primêre bronne is oorspronklike bronne, roumateriaal van die era wat bestudeer word.[157] ŉ Primêre bron moet dus deur ŉ tydgenoot van die periode wat bestudeer word gelewer word.[158] Sekondêre bronne is geskrewe tekste wat oor die tema of tydperk handel, wat deur historici en ander skrywers gelewer is.[159] Sekondêre bronne word ná die periode wat bestudeer word, geproduseer.[160]

Marwick maak die punt dat historici bewus moet wees daarvan dat kennis altyd op bewyse gebaseer behoort te wees.[161] Om nuwe inligting rondom ŉ spesifieke tema te lewer behoort historici hulle werk op bewyse te baseer, spesifiek op primêre bronne.[162] Primêre bronne bied nuwe insig op verskeie temas, juis omdat dit geen vinnige antwoorde bied nie. Soos was Tosh opmerk behoort primêre bronne stelselmatig analiseer te word om ten einde die waarde van die bron te bepaal.[163] Een implikasie van navorsing, veral navorsing oor die verlede, is "the discovery of fresh materials and novel insights".[164] Jordanova maak die punt dat historici nie noodwendig data insamel tydens die navorsingsproses nie, maar eerder dat daar op "raw data" afgekom word. Die term "raw data" is veral omvattend omdat dit verwys na die "preparation, cooking and digesting" van nuwe inligting. Dit is juis hierdie voorbereiding, verwerking en vertering (verstaan), van nuwe inligting wat die historiese navorsingsproses so uniek maak.[165]

Wanneer hierdie "raw data" benut word, is dit metodologies belangrik dat die historikus beide eksterne en interne bronkritiek toepas op die ingesamelde bronne. Eksterne kritiek verwys na die outentiekheid van die bron.[166] Dit is dus belangrik dat die outentiekheid van ŉ bron eers verseker is voordat die bron benut word.[167] Interne bronkritiek fokus op die kredietwaardigheid van die bron, met ander woorde, interne bronkritiek vestig die aandag op dit wat deur die bron

156 L. Jordanova, *History in Practice* (New York/London, Bloomsbury, 2016), p. 33.
157 Jordanova, *History in Practice*, pp. 32-33.
158 Gottschalk, *Understanding History*, p. 53; Marwick, *New Nature of History*, p. 156.
159 Jordanova, *History in Practice*, p. 32.
160 Marwick, *New Nature of History*, p. 156; Gottschalk, *Understanding History*, pp. 53-54.
161 Marwick, *New Nature of History*, p. 153.
162 Marwick, *New Nature of History*, p. 153.
163 Tosh, *The pursuit of history*, pp. 100-101.
164 Jordanova, *History in Practice*, p. 23.
165 Jordanova, *History in Practice*, p. 23.
166 Gottschalk, *Understanding History*, p. 118.
167 Vir meer oor die tegnieke wat historici kan benut om die outentiekheid van ŉ bron te bepaal, sien Gottschalk, *Understanding History*, pp. 122-123.

beskryf word en hoe kredietwaardig hierdie inligting is.[168] Ten einde hierdie verhandeling suksesvol te voltooi, sal beide interne en eksterne bronkritiek voortdurend in die navorsingsproses op bronne, veral primêre bronne, toegepas word. Gevolglik kan daar gestel word dat die narratief-beskrywende benadering gevolg word om hierdie verhandeling suksesvol te voltooi. Te same hiermee word die Rankeaanse-tradisie gevolg om die feite, soos wat dit in die bronne verskyn, op die voorgrond te plaas terwyl dit in ŉ narratief-beskrywende manier oorgedra en geïnterpreteer word.

**1.6. Hoofstukindeling**

Hierdie verhandeling bestaan uit ses hoofstukke. Die eerste hoofstuk dien as ŉ inleiding tot die tema van die verhandeling, en gee genoegsame kontekstualisering oor die Ossewa-Brandwag en die politieke situasie in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Die tweede hoofstuk bestudeer die wyse waarop die Smuts-regering die noodregulasies geregverdig het, asook die aard en omvang van hierdie regulasies. Spesifieke aandag word aan die interneringsbeleid en politieke gevangenes geskenk.

Die derde hoofstuk handel oor die aard en gevolge van die Ossewa-Brandwag se versetaksies teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, asook hoe hierdie versetaktiwiteite die karakter van die Ossewa-Brandwag beïnvloed het. Verder word daar in die derde hoofstuk gekyk na die spesifieke soorte versetaksies van die Ossewa-Brandwag, en hoe sekere van hierdie aksies tot internering en gevangenisskap gelei het.
Die vierde hoofstuk het ŉ sterk sosiale inslag deur te bestudeer hoe die OB-lede die interneringskampe ervaar het, watter aktiwiteite kenmerkend van die kampe was en hoe geïnterneerdes selfs in gevangenisskap steeds op openlike en subtiele wyses verset het.

Hoofstuk vyf fokus op die uitvloeisels van die noodregulasies. In hierdie hoofstuk word die wyse waarop die OB-lede deur die noodregulasies geaffekteer is, bestudeer. Hierdie hoofstuk fokus nie alleenlik op die skuldiges nie, maar ook op die organisasie self, asook die vroue en kinders in die organisasie. Verder bestudeer hoofstuk 5 die rol wat die Bond van Oud-

---

168 Gottschalk, *Understanding History*, p. 139.

geïnterneerdes, in die lewens van die lede wat deur die noodregulasies geaffekteer is, gespeel het ná die ontbinding van die Ossewa-Brandwag.

Die laaste hoofstuk, hoofstuk ses, dien as gevolgtrekking wat al die toutjies bymekaarbring.

Vervolgens word die historiese konteks van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog se binnelandse invloed geskets. Klem word geplaas op die Smuts-regering se implementering van die noodregulasies en wat dit beteken het vir diegene wat nie met die regering saamgestem het nie.

## 2. DIE SMUTS-REGERING SE REGVERDIGING VAN DIE NOODREGULASIES EN DIE IMPAK DAARVAN OP DIE OSSEWA-BRANDWAG

Die Tweede Wêreldoorlog was ŉ dinamiese tyd in die Suid-Afrikaanse verlede, ŉ tyd waarin daar nie alleenlik oorlog gevoer is teen buitelandse magte nie, maar ook op tuisfront binne die politieke arena van die Afrikanerdom. Hancock se stelling som dit briljant op: "Smuts had to fight a war not only on the military but also on the home front."[1] Die geveg op tuisfront sou manifesteer in die vorm van verset teen die oorlogspoging en gevolglik die instelling van verskeie oorlogsmaatreëls waaronder oorlogtydse noodregulasies geld. Blake merk op dat die Afrikaner-verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging nie slegs oor "verdeelde lojaliteite" handel nie, maar ook oor "verraad en wraak". Die verdeeldheid onder Afrikanergeledere tydens die Tweede Wêreldoorlog is inderwaarheid, soos wat Blake volhou, "ŉ verhaal wat nog nie ten volle vertel is nie".[2]

Anti-oorlogse sentimente wat nou verband gehou het met nasionalisme het hoogty gevier, soveel so dat Grundlingh daarna verwys as "a corollary of the general thrust of Afrikaner nationalism at the time".[3] Die rol wat Smuts in die Tweede Wêreldoorlog moes speel was dus tweedelig. Aan die een kant van die spektrum moes hy Suid-Afrika se deelname aan die oorlog bestuur, en aan die ander kant moes hy toesien dat die interne situasie in Suid-Afrika beheer word sodat sy posisie as leier nie ondermyn word nie.[4] Soos wat Hancock opmerk, blyk daar twee wisselende, tog verwante, houdings in sy skrywes voor te kom: "the mood of an observer, trying to understand events in the outer world and their significance for South Africa; the mood of a participator, trying to discover his own duty."[5] Smuts was beslis op hoogte van wêreldgebeure, en hy het ook nie sy opinies teruggehou nie. Tussen 1 Oktober 1938 en 23 Augustus 1939 het Smuts twintig toesprake gelewer oor internasionale gebeure en die

1 W.K. Hancock, *Smuts: The fields of force, 1919-1950* (Cambridge, Cambridge University Press, 1968), p. 331.
2 A. Blake, *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* (Kaapstad, Tafelberg, 2018), p. 92.
3 A. Grundlingh, 'The King's Afrikaners? Enlistment and Ethnic Identity in the Union of South Africa's Defence Force during the Second World War, 1939–45', *The Journal of African History*, 40, 3 (1999), p. 353.
4 Grundlingh, 'The King's Afrikaners?', p. 354.
5 Hancock, *Smuts: The fields of force,* p. 308.

moontlike impakte daarvan op Suid-Afrika.[6] Smuts is ŉ komplekse historiese tydgenoot van wie daar reeds baie navorsing gedoen is,[7] en waarvan nog vele navorsing opgelewer kan word:

> Different people looked at Smuts from different angles and different backgrounds. All researchers in due course encounter extreme difficulty in analysing Smuts' complex personality.[8]

Van Rensburg se opinie oor Smuts is self ook wisselend: "… in spite of his reputation for coldness of heart, Smuts had a very human side to his nature."[9] As leier van Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog het Smuts ongetwyfeld ŉ impak gehad op die regverdiging van nie net Suid-Afrikaanse deelname aan die oorlog nie, maar ook die instelling van verskeie maatreëls om binnelandse onrus te stuit. Hierdie hoofstuk poog dus nie om Smuts se persoonlikheid te ontleed nie, maar eerder om te analiseer hoe die Smuts-regering, en gevolglik Smuts self, die noodregulasies regverdig het.

Die doel van hierdie hoofstuk is driedelig. Eerstens word daar gekyk na die Smuts-regering se regverdiging van hierdie oorlogsmaatreëls, meer spesifiek die noodregulasies (2.1.); tweedens word die aard en omvang van hierdie maatreëls kaleidoskopies bespreek (2.2.); en laastens word die impak van hierdie maatreëls en regulasies op OB-lede breedvoerig verken (2.3.). Spesifieke aandag word geskenk aan die interneringsbeleid, en die hantering van politieke gevangenes en geïnterneerdes deur die Smuts-regering.

### 2.1. Die Smuts-regering se regverdiging van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies

Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, tesame met die opposisie daarteen, en die maatreëls wat in plek gestel is teen interne opposisie, moet in die breër Suid-Afrikaanse bevolkingskonteks beskou word:

---

6 Hancock, *Smuts: The fields of force,* p. 314.
7 Vir ŉ onlangse blik op Smuts sien: J.A. Du Pisani, D. Kriek & C. De Jager (reds.), *Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2017).
8 O. Geyser, *Jan Smuts and his International Contemporaries* (Johannesburg & London, Covos Day, 2001), p. xxi.
9 H. van Rensburg, *Their paths crossed mine* (Cape Town, Central News Agency, 1956), p. 73.

> The South Africans were not homogenous. They made a distinction between *die volk*, the white people who constituted a nation, and *die bevolking*, the total population, most of which did not belong to the nation.[10]

Sekere Afrikaners het die onderskeid self nog verder geneem deur slegs blanke Afrikaanssprekendes (Afrikaners) as deel van die volk te sien, en almal anders as slegs deel van die bevolking.[11] Hierdie onderskeid moet in ag geneem word om die breër historiese konteks binne Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog te verstaan. Voorts is dit ook belangrik om te noem dat hierdie hoofstuk alleenlik op die wit bevolking (die volk) fokus, omdat die oorlogsmaatreëls hoofsaaklik hierdie groep op meer direkte wyse aangeraak het.

In September 1939 wen Smuts die oorlogsdebat in die Parlement met ŉ verskil van slegs 13 stemme.[12] Op 6 September 1939 verklaar Suid-Afrika amptelik oorlog teen Duitsland onder Proklamasie 197 van 1939.[13] Hierdie oorlogsverklaring het die OB as ŉ Afrikanerbeweging "ten nouste geraak".[14] Volgens Hancock was Smuts bewus van die moontlike interne opposisie teen oorlog, en die moontlikheid van selfs ŉ burgeroorlog: "He did not shut his eyes to that danger but took precautions against it."[15] Luitenant Gabriel Diedericks, ŉ polisielid, het byvoorbeeld opdrag ontvang om ŉ spesiale eenheid saam te stel met die hoofdoel om politieke misdade te ondersoek. Hierdie opdrag is ontvang nog voor die Tweede Wêreldoorlog amptelik uitgebreek het.[16] Behalwe vir interne opposisie teen oorlogsdeelname, was Suid-Afrika se Verdedigingsmag geensins gereed vir oorlogvoering nie.[17]

---

10 Hancock, *Smuts: The fields of force,* p. 330

11 Hancock, *Smuts: The fields of force,* p. 330.

12 G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?* (Cape Town, Cape and Transvaal Printers Ltd., 1976), p. 13; O. Geyser & L.C.A. Pruis*, Die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis in beeld* (Bloemfontein, Instituut vir Eietydse Geskiedenis Publikasie, 1976), p. 47; Blake, *Wit Terroriste*, p. 40.

13 F.L. Monama, 'Wartime Propaganda in the Union of South Africa, 1939-1945' (PhD thesis, Stellenbosch University, 2014), p. 4; F.L. Monama, 'South African Propaganda Agencies and the Battle for Public Opinion during the Second World War, 1939-1945', *Scientia Militaria*, 44, 1 (2016), p. 147; Visser, *OB: Traitors or patriots?* p. 13.

14 L.M. Fourie, 'Die Ossewa-Brandwag in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1939-1952' in P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, (Ongepubliseerde verslag, PU vir CHO Departement van Geskiedenis, 1984), pp. 2-3.

15 Hancock, *Smuts: The fields of force,* p. 324. Die voorsorgmaatreëls wat geneem sou word manifesteer in die instelling van die oorlogsmaatreëls en die noodregulasies.

16 Blake, *Wit Terroriste*, p. 57.

17 A. Lentin, *Jan Smuts: man of courage and vision* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 2010), p. 137.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag slegs uit 3 500 personeel bestaan, en sowat 14 000 deeltydse soldate wat deel uitmaak van die Aktiewe Burgersmag.[18] Smuts se plan was egter om hierdie getalle so vinnig as moontlik te vermeerder.[19] Omdat die Verdedigingswet van 1912 verklaar dat beide voltydse en deeltydse soldate Suid-Afrika slegs binne die grense van Suid-Afrika kan verdedig, was dit nodig om die Afrika-eed in te stel. Die instelling van die Afrika-eed, of Rooi-eed, het getalle vermeerder tot so ŉ mate dat daar ten einde 342 792 voltydse Suid-Afrikaanse vrywilligers aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het.[20]

Met die uitbreek van die oorlog was Smuts van mening dat die gevaar ver buite die grense van Suid-Afrika lê. Vrywilligers wat wou deelneem aan die oorlog moes kennis neem dat diens op enige plek in Afrika verwag kan word. Smuts het ŉ belofte in 1939 gemaak dat alle Suid-Afrikaners wat aan die Tweede Wêreldoorlog deelneem slegs op die Afrika-vasteland sou veg. Op 27 Januarie 1943 herroep hy egter hierdie belofte en vra die Volksraad om toestemming sodat Suid-Afrikaanse soldate na Europa gestuur kan word.[21] Die motivering hieragter is vaag, tog meen Liebenberg dat Smuts se motivering in die wens gesetel is dat Suid-Afrikaners "ook op die vasteland van Europa ŉ wesentlike bydrae tot die oorlog moes lewer".[22] Ongeag van die ligging waarheen hierdie vrywilligers heen gestuur is, is dit belangrik om in ag te neem dat hulle die Algemene Dienseed (1943) moes onderteken.[23] Die teken van hierdie eed het beteken dat permanente lede van die Verdedigingsmag opgeroep kan word om enige plek in Afrika diens te doen. Baie lede het egter besluit om nie die "Afrika-eed" te onderteken nie, omdat dit alleenlik hulle plig was om Suid-Afrika binne die grense van die land te beskerm.[24] Die deelname aan die oorlog buite die grense van Suid-Afrika het dus slegs op ŉ vrywilliger basis plaasgevind. Die vrywilligers wat opgeteken het vir deelname buite Suid-Afrikaanse grense het rooi-lussies gedra.[25]

---

18 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 30.

19 B.J. Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria en Kaapstad, Academia, 1968), p. 380.

20 I. van der Waag, *A Military History of Modern South Africa* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball, 2015), p. 175. Vir meer inligting oor die rasseverdeling van die vrywilligers. Van der Waag, *A Military History of Modern South Africa*, p. 176. Die blanke deelname aan die oorlog kan verder verdeel word in Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes.

21 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 381.

22 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 381.

23 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* pp. 30-31; Van der Waag, *A Military History of Modern South Africa*, p. 175.

24 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 31.

25 Van der Waag, *A Military History of Modern South Africa*, p. 175.

Die instelling van die Rooi-eed het ŉ skeur in die volk veroorsaak,[26] en die dra van die "rooi-lussies" het ŉ fisiese opmerklike skeiding tussen twee afsonderlike groepe tot gevolg gehad. Die eerste was Afrikaners ten gunste van Suid-Afrikaanse deelname aan die Tweede Wêreldoorlog (diegene wat rooi-lussies dra), die tweede was Afrikaners gekant teen deelname (diegene wat nie rooi-lussies dra nie).[27] Kortliks gestel het die rooi-lussies die "Smuts-manne" van die anti-oorlog Afrikaners onderskei.[28] Hierdie skeur binne die Afrikanerdom was selfs vir die OB-leiers opmerklik. Op 20 Augustus 1941 stuur leiers van die OB ŉ brief uit. Die brief is onderteken deur die voorsitter van die Groot Raad (GR), die Assistent-Kommandant-Generaals van Kaapland, Transvaal, Oranje Vrystaat en Natal, twee hoofgeneraals van Kaapland, twee hoofgeneraals van Transvaal, hoofgeneraal van die Vrystaat en die generaal van Natal. Hulle verklaar dat hulle "met angs die tekens van ŉ dreigende skeuring in die geledere van die Afrikanerdom, waarneem".[29]

Die Duitsers was ook bewus van die interne onrus in Suid-Afrika binne Afrikanergeledere. In propagandistiese terminologie beskryf hulle die anti-oorlog Afrikaners se besware teen oorlogsdeelname: "Mit steigender Empörung lehnen sich die Südafrikaner gegen diese Vergewaltiging auf. (Met toenemende verontwaardiging het die Suid-Afrikaners in opstand gekom teen hierdie verkragting)." [30] Verder merk Pasemann op dat Smuts al verder van die meerderheid Afrikaners se belange wegbeweeg: "Im Laufe seiner politischen Tätig-keit hat sich Smuts immer weiter von seinem eigenen Volkstum entfernt, für dessen Nöte, Wünsche und Kampf er immer weniger Verständnis aufbrachte. (In die loop van sy politieke werk het Smuts al hoe verder van sy eie mense beweeg, vir wie se behoeftes, begeertes en stryd hy al hoe minder begrip getoon het)."[31] Die Afrikaners wat wel deel gevorm het van die pro-oorlog groep is ook deur ekonomiese omstandighede gemotiveer. Die hoeveelheid Afrikaners wat opgeteken het om aan die oorlog deel te neem is "surprisingly high",[32] veral wanneer die interne onrus onder Afrikaner-geledere in ag geneem word. Volgens Van der Waag het

[26] K. Shear, 'Tested loyalties: policies and politics in South Africa, 1939-63', *Journal of African History*, 53, 2 (2012), p. 179; H. Strydom. *Vir Volk en Führer: Robey Leibbrandt & Operasie Weissdorn* (Johannesburg, Jonathan Ball Uitgewers, 1983), p. 1.

[27] Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 382.

[28] Hancock, *Smuts: The fields of force,* p. 333.

[29] Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA): Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 20 Augustus 1941.

[30] M.E. Pasemann, 'Jan Christiaan Smuts', *Zeitschrift für Politik*, 30 (1940), p. 114.

[31] Pasemann, 'Jan Christiaan Smuts', p. 116.

[32] Grundlingh, 'The King's Afrikaners?', p. 354.

Engelssprekende blankes deelgeneem vir "King and country".[33] Aan die ander kant verduidelik die OB-lid, J.M. de Wet, dat baie Afrikaners die Afrika-eed afgelê het vir "brood en botter asook avontuur".[34] Die dra van 'n rooi-lussie was dus nie noodwendig 'n aanduiding van pro-Britse sentimente nie. Desnieteenstaande het die rooi-lussies steeds 'n fisiese skeiding in die Afrikanerdom veroorsaak.

As gevolg van anti-oorlogse sentimente wat hoogty gevier het, was dit nodig vir die Smuts-regering om amptelike propaganda te benut waarvan een van die doelwitte was "to not alienate the Afrikaner segment of the population".[35] Verskeie tegnieke is ingespan om hierdie doelstelling te bereik waarvan een in die volgende aanhaling vasgevang word: "Every time Oom Jannie Smuts appears on screen the commentary should be in Afrikaans. This will make people of both sections, including those who hold that this is only an English war, engineered by English capitalists, realise that it is an Afrikaner war too …"[36] Die Smuts-regering het dus 'n teenstrydige doelwit gehad wanneer dit by Afrikanergeledere gekom het tydens die oorlog. Aan die een kant wou die regering die Afrikanerdom paai en betrek by die oorlog, en aan die ander kant wou die regering alles moontlik doen om Afrikanerverset te verhoed en teen te staan.

Smuts se motivering agter Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog is opsigself dubbelsinnig: "From every previous war South Africa has emerged a greater country, and this war will prove no exception. Your work will carry further the tradition of Briton and Boer alike."[37] Hierdie woorde, deel van Smuts se 1940-toespraak aan soldate op pad na Noord-Afrika, vang die dubbelsinnigheid agter die regering se oorlogsdeelname vas. Die teenstellende ideaal dat 'n oorlog terselfdertyd die Afrikaner sowel as Brittanje kan bevoordeel het 'n skeiding binne die volk, en selfs in die parlement, veroorsaak. Van Rensburg is self ten nouste geraak deur die regering se besluit om aan die oorlog deel te neem, aangesien sy posisie as Administrateur van die Vrystaat al hoe moeiliker geword het. Teen die einde van 1940 bedank Van Rensburg amptelik as Administrateur.[38] Van Rensburg maak die motivering agter sy besluit om uit te tree as Administrateur duidelik:

---

33 Van der Waag, *A Military History of Modern South Africa*, p. 175.

34 OBA: Bandopnames, onderhoud transkripsie (hierna tr.), bandnr. 9, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.M. De Wet, p. 2.

35 S. Chetty, 'Imagining National Unity: South African Propaganda Efforts during the Second World War', *Kronos*, 38, 1 (2012), p. 120.

36 Soos gesien in Chetty, 'Imagining National Unity', p. 120, vanuit E.G. Malherbe, 'Recognition of the Afrikaans Element in Propaganda', EG Malherbe versameling, KCM 56974 (544), File 438-11 KCAL.

37 Aangehaal in Geyser & Pruis*, Die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis in beeld,* p. 53.

38 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 15.

> I had far too much respect for General Smuts to try to beat about the bush with him. I told him that to my mind I would be doing an injustice to both of us if I were to remain Administrator under his Government. All my loyalty was with General Hertzog and I was bitterly opposed to the Government's war effort.[39]

Die wisselende opinies in die parlement was hoofsaaklik tussen Hertzog en Smuts. Hertzog se standpunt tydens die Tweede Wêreldoorlog word uitstekend opgesom deur Hans Van Rensburg: "… a man who was never against Germany, but who was always for South Africa …".[40] Die skeiding in die parlement vergestalt dus 'n refleksie van die skeur binne die breër Afrikanerdom.

Behalwe vir die skeiding wat parlementêr teenwoordig was, het Smuts se grootste kommer in die OB gelê. Smuts het die organisasie al meer as ondergronds en gevaarlik geag.[41] Hierdie kommer sou uiteindelik uiting vind in die vorm van verskeie noodregulasies en oorlogsmaatreëls wat die OB ten nouste geraak het. 'n Tydgenoot, O.L. Nel, is ook van mening dat die noodregulasies spesifiek op die OB gemik was:

> Dit is opmerklik dat die vervolging van Afrikaners deur die Smuts-regering byna uitsluitlik teen offisiere en lede van die Ossewabrandwag gemik was. Daar was baie Afrikaners, wat nie lede van die OB is nie en wat, om die woorde van die Regering te gebruik: "anti-Brits" en "sterk gekant teen die Regering en sy oorlogspoging" is, – en ook geen geheim daarvan gemaak het nie – en tog was hulle nie geïnterneer nie![42]

Nel kom tot die gevolgtrekking dat die instelling van die noodregulasies en die internering van verskeie OB-lede daarop gemik was om die OB "lam te slaan en desnoods 'n natuurlike dood te laat sterf sonder om hom in die ban te doen".[43]

---

39 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 166.
40 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 26.
41 Van der Waag, *A Military History of Modern South Africa*, p. 174.
42 O.L. Nel, *Agter die doringdraad in Koffiefontein* (Johannesburg, L&S Boek- en Kunssentrum, 1948), pp. 56-57.
43 Nel, *Agter die doringdraad in Koffiefontein*, p. 57.

Groot hoeveelhede OB-lede het hulself verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging, “veral as deel van die Stormjaers”.[44] Soos wat Blignaut dit duidelik maak, is die verset teen Suid-Afrikaanse deelname aan die Tweede Wêreldoorlog op verskeie wyses bewerkstellig. Geweld, anti-oorlogse propaganda en passiewe weerstand het alles deel gevorm van die binnelandse verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging.[45] Hoewel dit in ag geneem word dat verset nie altyd in die vorm van gewelddadige aksies manifesteer nie, fokus hierdie hoofstuk hoofsaaklik op die Smuts-regering se instelling van noodregulasies teen binnelandse verset en onrus. Omdat die noodregulasies merendeels teen die gewelddadige elemente gerig is, word die aandag binne hierdie hoofstuk slegs op gewelddadige en semi-gewelddadige binnelandse verset geplaas.[46] Dit is tog duidelik dat ten spyte van sekere gewelddadige aksies deur die OB, Van Rensburg dit prontuit gestel het dat “geweld ꞌn laaste opsie was”, en dat dit slegs as reaksie op die Smuts-regering se aksies beskou behoort te word.[47]

Wat ook al die motivering agter die OB se verset was, is dit tog ooglopend dat die OB onder die indruk verkeer het dat die organisasie ꞌn veelseggende impak op die regering gehad het. Van Rensburg beskou die impak van die OB-rebelle teen die regering in vyf afsonderlike komponente. Eerstens is van Rensburg van mening dat die pogings deur hierdie individue die regering se oorlogspoging bemoeilik het.[48] Soos wat die tydgenoot S. Boshoff ook in 1979 vertel:

44 C. Blignaut, ‘“Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”: Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog’, *Historia*, 57, 2 (2012), p. 84.

45 C. Blignaut, ‘Volksmoeders in die kollig: ꞌn Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954’ (MA verhandeling, Noordwes Universiteit, Potchefstroom, 2012), p. 206.

46 Vir meer inligting oor passiewe verset, veral onder vroue in die OB, sien Blignaut, ‘Volksmoeders in die kollig’, Hoofstuk 5, pp. 206-237. Om meer uit te vind oor die anti-oorlogse propaganda wat tydens die oorlog versprei is, sien C. Marx, ‘“Dear listeners in South-Africa”: German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941’, *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), pp. 148-172; Monama, ‘Wartime Propaganda in the Union of South Africa’; asook Monama, ‘South African Propaganda Agencies’, pp. 145-167.

47 A. Venter aangeraak in ‘Die politieke oortuigings van Hans van Rensburg (1898-1966): kontinuïteit en verandering’, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48, 1 (2008), p. 51.

48 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 264; Behrens vertel ook dat die OB se aksies verskeie troepe in Suid-Afrika gehou het, op so ’n wyse het dit Smuts se oorlogspoging bemoeilik. OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 57-57A, 1985, J.F.J. van Rensburg/K.J.H. Behrens/H.M. Robinson/H.M. van der Westhuysen/H.J.R. Anderson, p. 29.

> Ons was bewus van die idee dat ons daarop uit is om Jan Smuts te saboteer … Jy is nou net nie gediend met die oorlogspoging nie. Solank as wat jy net die regering in die wiele kan ry dan het jy al klaar ŉ sekere taak vervul.[49]

Hierdie individue het nie soseer die Nazi-regime ondersteun nie, maar eerder die "Afrikaner Nationalist element" onder Suid-Afrikaners versinnebeeld.[50] Tweedens, hierdie individue se invloed het die sentimente van diegene wat teen die oorlog gekant was, beslis versterk.[51] In die derde plek, volgens Van Rensburg, het hierdie individue die bogenoemde impak uitgeoefen met ŉ "minimum sacrifice of lives and destruction of property".[52] Van Rensburg maak dit duidelik dat die doel van die sabotasie-aksies juis was om die regering se oorlogspoging in die wiele te ry deur soveel as moontlik mense in uniform in Suid-Afrika te hou.[53] Hierdie sentiment word ook ondersteun deur Hagemann, wat van mening is dat Van Rensburg en die OB, maar veral die Stormjaers, Hitler se oorlogspogings vergemaklik het deur soveel as moontlik troepe in Suid-Afrika te hou om binnelandse onrus te stuit.[54] Robinson meen ook dat die praktiese uitwerking van die sabotasie "verskeie militêre divisies in Suid-Afrika vasgepen" het wat andersins aan die geallieerde kant se oorlogspogings ingespan sou word.[55] Hoewel Van Rensburg se derde argument groot ondersteuning geniet binne die literatuur, is hierdie standpunt te betwyfel. Die Smuts-regering het maatreëls in plek gestel om te voorkom dat die binnelandse situasie ŉ direkte impak op die hoeveelheid beskikbare soldate het.[56] Vierdens, het die aksies van hierdie individue die regering attent gemaak op die idee dat interne verset onvermydelik is wanneer ŉ groot aantal burgers teen die oorlog gekant is.[57] Vyfdens meen Van Rensburg dat hierdie aktivisme die "close of an epoch" ingelei het. Die epog waarna verwys word, is die stryd tussen Afrikanernasionalisme en Britse Imperialisme, met die oog daarop dat hierdie twee faksies eerder saam sal werk teen die "new danger".[58]

---

49 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 137, 1977: L.M. Fourie/S. Boshoff, p. 2.

50 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 264.

51 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 264.

52 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 264.

53 Fourie, 'Die Ossewabrandwag in die Suid-Afrikaanse Politiek', p. 67. Nie net het die sabotasie-aksies meer mense in Suid-Afrika benodig om verset te voorkom nie, maar deur selektiewe sabotasie van treine en treinspore is die vervoer van troepe na hawestede ook belemmer.

54 A. Hagemann, 'Very Special Relations: The 'Third Reich' and the Union of South Africa, 1933-1939*', *South African Historical Journal,* 27, 1 (1992), pp. 141-142.

55 H.M. Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief' (Ongepubliseerde pamflet, PU vir CHO, 1988), p. 5.

56 Vir meer inligting hieroor, sien: F.L. Monama, 'Civil Defence and protective services in South Africa during World War Two, 1939-1945', *Historia,* 64, 2 (November 2019), pp. 82-108.

57 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 264.

58 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 264-265. Met "new danger" verwys Van Rensburg spesifiek na Swartnasionalisme en Kommunisme.

Die effek van verset onder die Afrikanerdom, en veral die verset deur die OB, is dat die Smuts-regering geregverdig gevoel het om sekere noodmaatreëls in plek te stel. Op 7 Februarie 1940 ontvang Smuts goedkeuring in die parlement om amptelik noodmaatreëls in plek te stel.[59] In kort het die Smuts-regering verskeie noodregulasies en oorlogsmaatreëls in plek gestel om "die veiligheid van die staat te verseker."[60] Dit wil egter voorkom asof die instelling van die noodregulasies ook deur verskeie ander dryfkragte gemotiveer is. Soos wat Terblanche dit stel was die Smuts-regering "daarop ingestel om die nasionaalgesinde Afrikaner wat teen die oorlog gekant was, te vervolg en te viktimiseer".[61] Die motiverings agter die Smuts-regering se noodregulasies blyk egter dieper en meer veelseggend te wees as anti-Afrikaner gesindhede en doelstellings van viktimisering. Die onderstaande paragrawe delf dieper in hierdie motiverings in. Wat wel nie te betwyfel is nie, is dat die instelling van hierdie noodregulasies bygedra het tot spanning tussen pro-oorlog en anti-oorlog groepe. Teen November 1940 het die pro-oorlog groepe gevoel dat daar nie genoegsame aksie teen die OB geneem word nie. Op 1 November 1940 meen die *Sunday Express* dat die OB verban moet word omdat dit in die belang van Suid-Afrika se veiligheid is.[62]

Verskeie gewelddadige gebeure het tussen pro-oorlog en anti-oorlog individue uitgebreek. Die geveg wat op 31 Januarie 1941 buite die Johannesburgse stadsaal uitgebreek het dien as goeie illustrasie.[63] Van Rensburg het uitstekende leierskap getoon in die proses, en moontlike bloedige gevolge vermy. As kommandant-generaal het hy ook die dissipline van die OB-lede bedank.[64] Ten spyte van Van Rensburg se pogings om die situasie te ontlont, het die geweld die volgende aand voortgeduur. Die volgende aand, 1 Februarie 1941, het nog 'n gewelddadige onlus uitgebreek by die *Die Transvaler*-gebou.[65] 'n Pro-oorlog groep het ook *Die Vaderland* se hoofkwartiere aangeval. Die motivering agter hierdie aanval is sekere soldate se wanpersepsie dat *Die Vaderland* se kantore die hoofkwartiere van die OB was.[66] Die bogenoemde

59 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 211.
60 H.O. Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter* (Roodepoort, CUM Boeke, 1983), p. 99.
61 Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, p. 93.
62 *Sunday Express*, 1.11.1940.
63 *Die Transvaler*, 1.02.1941; Visser, *OB: Traitors or patriots?*, pp. 35-37; Vir Van Rensburg se siening en vertolking van die gebeure van 31 Januarie tot 1 Februarie 1941, sien Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 177-183.
64 *Die Burger*, 3.02.1941; *Die Transvaler*, 3.02.1941.
65 *Die Transvaler*, 3.02.1941; Visser, *OB: Traitors or patriots?,* pp. 35-37.
66 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 38.

gewelddadige aksies weerspieël die sterk emosies wat tussen pro-oorlog en anti-oorlog faksies bestaan het.[67]

Die aksies wat tussen 31 Januarie en 1 Februarie 1941 tussen pro-oorlog- en anti-oorlogsgesindes uitgebreek het, kon moontlik "op ŉ bloedbad afstuur".[68] Te danke aan Van Rensburg se leierskap is hierdie potensiële bloedbad skrams vermy. Smuts se reaksie op die geweld was tweedelig. Eerstens, op 3 Februarie 1941 reik hy ŉ Spesiale Bevel aan alle troepe uit.[69] Tweedens stel Smuts ŉ kommissie van ondersoek aan om die gebeure van 31 Januarie en 1 Februarie te ondersoek.[70] Die aanbeveling en bevindings van hierdie Kommissie is op 8 April 1941 in die Parlement bespreek.[71] Dit is duidelik dat die gebeure van 31 Januarie en 1 Februarie tot aansienlike groei vir die OB gelei het. Dit het ook bygedra tot die gewildheid van Van Rensburg, hoofsaaklik vanweë sy sterk leierskap in hierdie geval.[72] Van Rensburg maak dit ook duidelik dat elke bevel en alle optredes van die OB "[was] tydens die onluste … streng onthoudend [sic]."[73] Met ander woorde, Van Rensburg se optrede het die OB aangemoedig om nie aggressief op te tree nie.

Oorlog lei dikwels tot verskeie ongewenste nagevolge vir ŉ volk. Selfs nog voor die instelling van die Rooi-eed was Afrikaners nie verenig nie, hierdie sentiment word duidelik saamgevat deur Van Rensburg se observasie oor die oorlogsverklaring van September 1939: "A declaration of war always throws a nation into confusion, and rumour-mongering becomes rife overnight, even if the nation is united on the issue."[74] Die toetrede tot die oorlog het ook die ou anti-Britse sentimente, gesetel in die Groot Trek (1834-1838), Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881), die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), en die Rebellie (1914), onder Afrikaners laat opvlam.[75]

Die Rebellie het veral ŉ noue verbintenis met die interne onrus wat in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog geheers het. Smuts was ten nouste betrokke by die demping van die

---

67 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 39.
68 Blake, *Wit Terroriste*, p. 46.
69 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 40.
70 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 40.
71 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 40.
72 Fourie, 'Die Ossewabrandwag in die Suid-Afrikaanse Politiek', p. 14.
73 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 17 April 1941.
74 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 148.
75 H. Giliomee, 'The growth of Afrikaner identity', in H. Adam and H. Giliomee (eds.), *The rise and crisis of Afrikaner power* (Cape Town, David Phillip, 1979), p. 114.

Rebellie. Hoewel Smuts se reputasie as staatsman van wêreldformaat gegroei het, veral omdat die geallieerde oorlogspoging so suksesvol verloop het, het sy steun onder Afrikaners stelselmatig afgeneem. Die rede hieragter is "die groeiende oortuiging dat hy nie meer die belange van die Afrikanerdom op die hart gedra het nie."[76] Hierdie idee het al meer posgevat onder Afrikaners, en het uiteindelik ŉ bydrae tot die uitslag van die 1948-verkiesing gelewer. Smuts, te same met Louis Botha, het reeds in die Eerste Wêreldoorlog ŉ reputasie opgebou "as handlangers van Brittanje en verraaiers van die Afrikaners."[77] ŉ Reputasie wat goed onthou is deur diegene wat in opstand sou kom teen die regering in die Tweede Wêreldoorlog. Met emosies wat hoogty vier onder Afrikaners met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog "moes Smuts versigtig te werk gaan om nie ŉ herhaling van die 1914-Rebellie te ontketen nie".[78]

Soos genoem het Smuts reeds stelselmatig, sedert 1914, onder sekere Afrikanerkringe ŉ reputasie van anti-Afrikaner, of minstens pro-Brits, begin opbou. Smuts se grootste uitdaging ná die 1914-Rebellie het gekom in die vorm van ŉ staking in 1922 aan die Witwatersrand. Hoewel hierdie gebeurtenis slegs as ŉ staking begin het, het dit vinnig in ŉ opstand teen die regering self ontaard.[79] Alhoewel daar verskeie Engelssprekende revolusioniste was, was ŉ groot aantal van hierdie revolusionêre leiers Afrikaners.[80] Die situasie het vinnig vererger nadat ŉ botsing tussen stakers en die polisie op 27 Februarie 1922 in Boksburg daartoe gelei het dat ŉ paar stakers hulle lewe verloor het.[81] Die Witwatersrand opstand van 1922 het sowat 153 lewens geëis; die effek daarvan was byna net so rampspoedig vir Smuts en die regering. Al meer Afrikaners het Smuts begin beskou as ŉ verraaier van die volk of minstens iemand wat Britse-belange hoër as Afrikanerbelange ag.[82]

Smuts se hantering van die 1914-Rebellie en die 1922 staking het ongetwyfeld die psige van die anti-oorlogsgesinde Afrikaners beïnvloed, wat ŉ onteenseglike bydrae tot die verset teen oorlogsdeelname gelewer het. Teen 1941 blyk dit egter asof die interne gevaar vir ŉ rebellie stelselmatig begin verdwyn het. Calpin skryf: "... it can be said that many of the earlier

---

76 Geyser & Pruis, *Die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis in beeld,* p. 47.
77 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 354.
78 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 382.
79 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 359.
80 F. Welsh, *A History of South Africa* (London, Harper Collins Publishers, 2000), p. 391.
81 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', pp. 360-361.
82 Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', p. 361.

difficulties due to the political divisions in the country and its state of unpreparedness are disappearing."[83] Calpin is wel verkeerd in sy waarneming, die resultate van die 1943-verkiesing behoort as bewys hiervan te dien. Die suksesvolle uitslae van die verkiesing vir die nasionalistiese- en Afrikanerpartye, hoewel hulle nie gewen het nie maar radikaal vermeerder het, "came as a surprise not only to Field Marshal Smuts and his followers, but to the successful Nationalists as well".[84] Calpin skryf verder dat Smuts se teenstanders kan aanhou veg maar "it is doubtful whether they will be able to obstruct the purposes of the majority of the nation" omdat die regering onlangs "extensive emergency powers" ontvang het.[85]

ʼn Groot deel van anti-Smuts sentimente is in Smuts se pro-Britse sentimente gesetel. Smuts se pro-Britse sentimente is nie te betwyfel nie. Selfs die Duitse politieke tydskrif *Zeitschrift für Politik* beskryf Smuts soos volg: "Eine des bislang stärksten Säulen des britischen Empire ist Mister Smuts, der heutige Ministerpräsident der Südafrikanischen Union. (Een van die sterkste steunpilare van die Britse Ryk tot dusver is mnr. Smuts, vandag se premier van die Suid-Afrikaanse Unie)."[86] Een voorbeeld hiervan is die vriendskap wat Smuts met die koninklike Windsor-gesin gehad het,[87] sowel as die vriendskap tussen hom en Winston Churchill – ʼn vriendskap wat oor ʼn periode van byna 50 jaar lank gestrek het.[88] Smuts en Churchill se vriendskap was van so ʼn aard dat Churchill se vrou, Clementine Churchill, selfs skryf: "He really cares for Winston, and is a great source of strength and encouragement to him."[89] Smuts erken self, tydens ʼn toespraak voor die Britse parlement, dat hy Churchill ten hoogste ag:

> I sometimes wonder whether people in this country sufficiently realise what Winston Churchill has meant and continues to mean not only to them but also to the Allied peoples, the United Nations, and to the brave men and women everywhere in the world.[90]

Met Smuts se noue band met Brittanje en verskeie prominente Britte, is dit dus simbolies dat Smuts sy verjaarsdag datum, 24 Mei, met Koningin Victoria deel.[91] Smuts se noue verbintenis

---

83 G.H. Calpin, 'South Africa at War', *Foreign Affairs*, 19, 2 (January 1941), p. 461.
84 E.H. Brookes, 'South African Swing-over', *Foreign Affairs*, 27, 1 (October 1948), p. 143.
85 Calpin, 'South Africa at war', p. 461.
86 Pasemann, 'Jan Christiaan Smuts', p. 113.
87 Geyser, *Jan Smuts and his international contemporaries*, p. 161.
88 Geyser, *Jan Smuts and his international contemporaries*, pp. xxix, 95.
89 Aanhaling gevind in: Lentin, *Jan Smuts: man of courage and vision*, p. 139. Vir meer inligting oor Smuts se verhouding met Churchill: Lentin, *Jan Smuts: man of courage and vision*, pp. 138-142.
90 Anon., 'General Smuts on the War', *Journal of the Royal African Society,* 42, 167 (April 1943), p. 59.
91 Geyser, *Jan Smuts and his international contemporaries*, p. xiii.

met Brittanje het ál duideliker vir die algemene Afrikaner geword. Dit is onbetwisbaar dat Afrikaners se observasies oor Smuts ŉ drastiese impak op binnelandse verset gehad het. Sekere tydgenote het die anti-Britse sentimente beskou as redes vir internering en arrestasie. Om die noodregulasies, en die impak van Smuts se pro-Britse sentimente, vanuit ŉ tydgenootlike oogpunt te verstaan, kan O.L. Nel se aanhaling van nader beskou word:

> Kortliks het dit beteken dat enige persoon wat ŉ politieke teenstander van die Smuts-party is, en wat nie sterk pro-Brits is nie, gevaar loop om agter slot en grendel geplaas te word.[92]

Smuts se noue bande met Brittanje is selfs nog in 1948 opmerklik. Op 24 Mei 1948 lewer Smuts ook ŉ toespraak oor die veranderende persepsies van Britse Statebond en die Ryk in die wêreld, waarin hy meld dat 24 Mei "recognized by law as Empire Day in South Africa" gevier word.[93] Alhoewel Smuts nugter kyk na die afname in die mag van die Britse Ryk, is dit tog nodig om in ag te neem dat Suid-Afrika op hierdie punt onder Smuts se leierskap nog ŉ goeie verhouding met Brittanje gehandhaaf het.

Smuts se noue bande met Brittanje het die Afrikanerdom ten nouste geraak tydens die Tweede Wêreldoorlog (sien Figuur 2(a)). Die skeiding wat binne die volk al meer na vore gekom het, het uiteindelik gelei daartoe dat die Smuts-regering verskeie oorlogsmaatreëls instel. Ten einde blyk dit dat die Smuts-regering die instelling van die noodregulasies as ŉ saak van binnelandse veiligheid en sekuriteit geag het. Verskeie ander motiverings is egter ook duidelik, onder meer die gedagte dat Smuts alles in sy vermoë wou doen om die Britse Ryk by te staan in hulle oorlogspoging teen Duitsland, en dat die OB ŉ daadwerklike gevaar vir die regering ingehou het, veral omdat die organisasie al meer op politieke gebied begin floreer het, hoofsaaklik nadat Van Rensburg as leier ingetree het. Die instelling van die noodregulasies het nie noodwendig die verset teen die oorlogspoging gedemp nie, maar eerder aangevuur. Vervolgens word die aard en omvang van die noodregulasies bespreek om ten einde te bepaal hoe die instelling daarvan die OB geaffekteer het.

---

92 Nel, *Agter die doringdraad in Koffiefontein*, p. 1.

93 Smuts Papers, Box M, no. 252, Speech delivered in 1948, found in J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers*, volume VII (Cambridge, Cambridge University Press, 1973), pp. 199-200.




**Figuur 2(a): Spotprent getiteld "Die Nuwe Bedeling", circa Oktober 1939.**[94]

## 2.2. Aard en omvang van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies

Suid-Afrika het die oorlog betree sonder dat die bevolking self oor die kwessie gestem het. O'Meara meen ook dat indien die blanke bevolking toegelaat is om te stem oor die kwessie van die oorlogsdeelname, die resultaat hiervan waarskynlik teen oorlogsdeelname sou wees.[95] Hierdie argument is ook volgehou deur anti-oorlogsgesindes tydens die oorlog.[96] Omdat die Afrikaner geen stem gehad het in die besluit om deel te neem aan die oorlog nie, het verskeie anti-oorlogsfaksies ontstaan. Dit het elkeen ingesluit wat op hul beurt verset het teen die Smuts-regering se besluit, hetsy dit passiewe of aktiewe verset was.

Weens die verskeie aktiwiteite wat in anti-oorlogsfaksies ontstaan het, was dit nodig vir die regering om verskeie noodregulasies in plek te stel wat met tyd uitgebrei en vermeerder het. Soos reeds bespreek, het die Smuts-regering verskeie wyses gehad om die instelling van hierdie regulasies te regverdig, dit is egter nou van belang om die aard en omvang van hierdie

94 OBA: J.P. de Villiers-versameling, B/L 1/2, omslag 7: *Die Vaderland*, spotprent, Die Nuwe Bedeling.
95 D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in The Development Of. Afrikaner Nationalism, 1934-1948* (Cambridge, Cambridge University Press, 1983), p. 121.
96 F.S. Crafford, *Jan Smuts: 'n biografie* (Cape Town, Edina Works, 1947), p. 350.

regulasies weer te gee. Soos wat Monama dit stel, het die ondergrondse anti-oorlog aktiwiteite bygedra tot ŉ verskeidenheid van die regulasies wat in plek gestel is:

> The activities of the extra-parliamentary movements, subversive operations, sabotage, and declining morale among the Union troops as well as the prevalence of the social and economic tensions, required the authorities to adopt various measures to maintain control and authority.[97]

Die spanning waarvan Monama melding maak het reeds lank voor die oorlog begin, maar is vererger tydens die oorlog. Hierdie toename in sosiale, politieke en ekonomiese druk het ŉ "more extremist response" vanuit regeringsoorde ontlok.[98]

Die eerste stel noodregulasies is slegs veertien dae ná die oorlogsverklaring aangekondig. Hierdie stel noodregulasies het die toestemming aan aangestelde hoofbestuurbeamptes gegun om bymekaarkomste wat nie van godsdienstige aard is nie te verbied.[99] Die regering het groepe se mag om hulself op militêre wyses te organiseer ook gedemp deur Proklamasie 201 van 1939 bekend te stel, asook ook die Wet op Oorlogsmaatreëls van 1940.[100] Hoewel hierdie regulasies nie onmiddellik streng toegepas is nie, is die noodregulasies stelselmatig ontwikkel en uitgebrei om verskeie elemente in te sluit.[101]

Volgens Van der Walt is die doel van hierdie noodregulasies om "ondergrondse beweginge op te spoor en die anti-oorlogse elemente te intimideer".[102] Ten spyte van hierdie observasie deur Van der Walt, is dit veilig om te meen dat die noodregulasies verskeie ander motiverings gehad het as slegs die opsporing en intimidasie van ondergrondse en anti-oorlogse faksies. Ingevolge die Noodregulasie 15 van 14 September 1939 en Oorlogsmaatreël 47 van 10 Desember 1941, kon enige individu wat van ondergrondse aktiwiteite of anti-oorlogse gesindhede *verdink* word geïnterneer word.[103] Die internering het verskeie gewone en prominente lede van die OB ten nouste geraak. Die impak van die oorlogsmaatreëls, en meer spesifiek die grootskaalse

---

97 Monama, 'Wartime Propaganda in the Union of South Africa, 1939-1945', p. 105.

98 O'Meara, *Volkskapitalisme,* p. 128.

99 A.J.H. van der Walt, *ŉ Volk op trek: ŉ Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag* (Johannesburg, Publicité, 1941), pp. 42-43.

100 A.M. Fokkens, 'Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War and the measures taken to suppress it', *Journal for Contemporary History,* 37, 2 (2012), p. 127.

101 Van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 43.

102 Van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 43.

103 Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief', p. 7; Blake, *Wit Terroriste*, p. 55.

internering wat hoogty gevier het, word in afdeling 2.3. verder bespreek. Behalwe vir internering het die noodregulasies verskeie ander aspekte van alledaagse lewe beïnvloed. Ingevolge die noodregulasies is die dra van uniforms deur burgers verbied.[104] Verder is verskeie spesiale howe ingestel om politieke misdade te verhoor.[105]

Op 7 Februarie 1940 ontvang Smuts die nodige magtiging om sekere noodregulasies in plek te stel.[106] Op 13 Februarie 1940 wen Smuts die mosie om die Oorlogsmaatreëlwet in te stel, met 79 teenoor 59 stemme.[107] Ingevolge Proklamasie 20 van 1941 neem die regering die besluit om ŉ oorlogsmaatreël in te stel wat alle staatsamptenare verhoed om OB-lede te wees.[108] Hierdie oorlogsmaatreël "bepaal dat geen amptenaar, hetsy Uniaal, Provinsiaal of Spoorwegamptenaar, lid mag bly van die Ossewa-Brandwag of aan sy strewe of verrigtings mag deelneem" of "sy beleid voorstaan" nie.[109] Die maatreël het verder vereis dat alle staatsamptenare "binne veertien dae sy lidmaatskap moet beëindig".[110] Hierdie nuwe maatreël het die polisielede, wat ook OB-lede was, ten nouste aangeraak.[111] Van Rensburg het egter strategies hierop reageer deur alle staatsamptenare "eervol te ontslaan".[112] Volgens die amptelike bevel sien die OB die motivering agter hierdie maatreël as tweeledig, eerstens om die "Ossewa-Brandwag te breek" en tweedens om "die Staatsdiens van Afrikanergesinde personeel te suiwer".[113] Die OB se motivering agter die eervolle ontslag van alle staatsamptenare blyk volksgeoriënteerd en ekonomies verantwoordelik te wees: "Dit is nie in hul [staatsamptenare] belang en ook nie in

---

104 Hancock, *Smuts: The fields of force,* p. 338; Van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 18; Blake, *Wit Terroriste*, p. 59.

105 Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief', p. 8; Blake, *Wit Terroriste*, pp. 55-56.

106 Blignaut, 'Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!', p. 77.

107 Hancock, *Smuts: The fields of force,* p. 338.

108 OBA: Kommandant-Generaal- versameling, B/L 2/4 omslag 19: Korrespondensie. Bevel no. 5/1941, 5 Maart 1941; *Die Oosterlig*, 10.02.1941; *Rand Daily Mail*, 19.02.1941; *Die Volksblad*, 1.03.1941; *Die Suiderstem*, 1.03.1941; *Sunday Express*, 2.03.1941; Fokkens, 'Afrikaner unrest within South Africa during The Second World War and the Measures taken to suppress it', p. 128; C. Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', *Journal of Southern African Studies*, 20, 2 (1994), p. 216; D. Prinsloo, 'Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952', *Kleio*, XVII, 1 (1985), pp. 73-85; Die tema word ook vlugtig deur A. Venter aangeraak in 'Die politieke oortuigings van Hans van Rensburg (1898-1966): kontinuïteit en verandering', *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48, 1 (2008), p. 75.

109 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4 omslag 19: Korrespondensie. Bevel no. 5/1941, 5 Maart 1941.

110 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4 omslag 19: Korrespondensie. Bevel no. 5/1941, 5 Maart 1941; *Die Vaderland*, 2.04.1941.

111 *Die Volksblad*, 23.11.1940.

112 Blake, *Wit Terroriste*, p. 60.

113 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4 omslag 19: Korrespondensie. Bevel no. 5/1941, 5 Maart 1941.

die belang van die Afrikanerdom dat hul met vrou en kind op straat gesmyt word sonder dat die offer ons saak bevorder [nie].”[114]

ʼn Verdere vergestalting van die noodregulasies was om alle private vuurwapens op te eis onder Proklamasie 139 van 1940.[115] Die motivering hieragter is moontlik om ʼn gewapende opstand te voorkom. Tog het die Smuts-regering volgehou dat die motivering hieragter was dat die regering die wapens in die oorlog teen Duitsland benodig.[116] Sowat 88 000 vuurwapens is reeds teen Augustus 1940 gekonfiskeer. Vele meer sou volg omdat die oorlog tot 1945 sou duur.[117]

In ʼn Spesiale Verslag aan die regering het die Kommissaris van polisie verskeie inligting rondom sabotasie-aksies, en die Stormjaers, uitgelê.[118] Vir bestaande navorsing op die Stormjaers, sien Visser, Fokkens, Marx en Badenhorst.[119] Die Stormjaers word ook in Hoofstuk 3 verder bespreek. Die primêre dokument lees: “In these circumstances it is again stressed that the Ossewabrandwag organisation is a grave danger and should be immediately banned.”[120] Volgens Visser is die enigste onmiddellike reaksie hierop die instelling van ʼn addisionele wet wat op 4 Februarie 1942 ingestel is, en uiteindelik in die noodregulasies opgevat is. Kortliks bepaal die wet dat enige individu wat plofstowwe benut in die versetbeweging teen die regering tot die dood veroordeel kan word.[121]

Soos wat Visser dit duidelik maak was die OB onder die indruk dat hulle die ware Afrikaners is, die “patriote”, terwyl die res van die pro-oorlog Afrikaners die verraaiers is.[122] Die Stormjaers het “aktiewe weerstand teen die oorlogspoging gebied”, en gevolglik was beide

---

114 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4 omslag 19: Korrespondensie. Bevel no. 5/1941, 5 Maart 1941.

115 Fokkens, ‘Afrikaner unrest within South Africa during The Second World War and the Measures taken to suppress it’, p. 127.

116 Liebenberg, ‘Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961’, p. 382; Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, p. 99; Marx, ‘The Ossewabrandwag as a mass movement’, p. 201; C. Marx, ‘“Dear listeners in South Africa”’, p. 159; Blake, *Wit Terroriste*, p. 59.

117 Blake, *Wit Terroriste*, p. 59.

118 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 104.

119 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 104; Fokkens, ‘Afrikaner unrest within South Africa during The Second World War and the Measures taken to suppress it’, pp. 130-132; C. Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag* (Pretoria, University of South Africa Press, 2008), pp. 22, 353-362; J.J. Badenhorst, ‘Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag’ (MA verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1985), p. 59.

120 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* pp. 104-105.

121 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 105.

122 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 123.

geheimhouding en wapenbesit van kardinale belang.[123] Dit is tog nodig om in ag te neem dat die OB en die Stormjaers nie sinonieme vir mekaar is nie, "[d]ie verhouding tussen die OB en die Stormjaers was kompleks".[124] Alhoewel die Stormjaers uit die OB ontstaan het, het dit daarna los daarvan ontwikkel.[125] Die kompleksiteit van hierdie verhouding word ook in Hoofstuk 3 verder ontleed.

Die Smuts-regering se pogings om binnelandse verset te demp het dus ŉ bose kringloop ontketen. ŉ Kringloop waarin elke aksie van anti-oorlogsgesindes met weerstand deur die regering ontmoet is en elke aksie van die regering is met reaksie deur anti-oorlogsgesindes ontmoet. Van Rensburg beskou die sabotasie-aksies van OB-lede nie as "acts of violence" nie, maar eerder as "violent reactions" teen die internering en arrestasie van mede-OB kamerade.[126] Robinson ondersteun Van Rensburg se standpunt in ŉ 1988 pamflet oor die OB-uitstalling, Robinson meen ook dat die sabotasie-aksies "gepleeg [is] as teken van protes teen die regering se interneringsbeleid".[127] Die aard en omvang van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies het dus die OB, en die breër Afrikanerdom, ten nouste geraak. Die bostaande paragrawe behoort as bewys te dien dat die noodregulasies verskeie vorme aangeneem het. Deur dit kaleidoskopies te besigtig is dit moontlik om die aard en omvang daarvan beter te begryp. Die presiese impak van die maatreëls en regulasies word in die volgende afdeling in diepte verken.

### 2.3. Impak van oorlogsmaatreëls en noodregulasies op OB-lede

Die impak van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies op OB-lede vorm ŉ betekenisdraende aspek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ten spyte van die beslissende bydrae hiervan tot die geskiedenis is verskeie aspekte hiervan steeds nie ondersoek nie. ŉ Voorbeeld hiervan is die hoogverraadsake teen Afrikaner-saboteurs wat tydens die Tweede Wêreldoorlog bedrywig was. Met die uitsondering van Robey Leibbrant,[128] is hierdie sake "grootliks vergete".[129] Dit is vir hierdie rede, soos geregtelik deur Blake opgemerk, dat die geskiedenis rondom hierdie saboteurs weer op die historiese agenda geplaas word. Deel van geskiedenis is nie alleenlik hoe

---

123 J.J. Badenhorst, 'Vroeë organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* 12, 3 (1987), p. 63.

124 Blake, *Wit Terroriste*, p. 67.

125 Blake, *Wit Terroriste*, p. 67.

126 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 263.

127 Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief', p. 5.

128 Vir meer inligting oor Robey Leibbrandt sien: A. Blake, *Robey Leibbrandt: ŉ lewe van fanatisme* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2019).

129 Blake, *Wit Terroriste*, p. 227.

die noodregulasies die rebelle geaffekteer het nie, maar ook die OB as organisasie, asook die lede, daardeur geaffekteer is. Die breër geskiedenis van die Afrikaner moet ook in ag geneem word wanneer die impak van die regulasies en maatreëls bespreek word. Soos reeds genoem het die nalatenskap van die Rebellie van 1914 ŉ groot impak gehad op die verset teen oorlogsdeelname in die Tweede Wêreldoorlog.

Die vergelyking wat tussen die 1914-rebellie en die grootskaalse internering tydens die Tweede Wêreldoorlog getref kan word, is onmisbaar, soos wat Van Rensburg dit stel:

> It had happened in 1914. It happened again in 1939. It then happened in 1940, and it continued until 1946 when the last internee, one J. Rokebrand, was released.[130]

Dit is wel nodig om te noem dat ekonomiese ondertone weereens ŉ rol gespeel het in die "Tweede Rebellie".[131] Grootskaalse verstedeliking, die Depressie, die ekonomiese rimpeleffekte van die Eerste Wêreldoorlog, en oorhoofs die Armblankevraagstuk, het daartoe gelei dat rebelle vanuit diverse ekonomiese agtergronde afkomstig was.[132] Anders as die Rebellie van 1914 wat binne dieselfde jaar nog gestuit is, het die gevaar van soortgelyke teenstand teen die Tweede Wêreldoorlog tot vroeg in 1944 voortgeduur ten spyte van die Smuts-regering se noodregulasies.[133]

Die impak van die noodregulasies op die OB word regdeur die Tweede Wêreldoorlog gewaarmerk. Op 1 Februarie 1940 ontvang die KG ŉ brief vanaf ŉ ene mevrou J.E. Theron waarin sy verskeie bekommernisse oor die OB as ŉ organisasie uitlig en om antwoorde vra. Sy gaan sover om te meen dat sy ingaan op hierdie verskeie punte "omrede ek ŉ persoon is wat my nasie liefhet, en ŉ warme hart vir die Afrikanersaak het ..."[134] Laas se antwoord op Theron se brief dui die veeleisende posisie van die OB in hierdie tydstip duidelik aan. In ŉ uitdagende

---

130 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 150. Rokebrand is die laaste geïnterneerde wat vrygelaat is, maar politieke gevangenes is in enkele gevalle tot 1948 aangehou.

131 Die "Tweede Rebellie" is dikwels deur tydgenote benut om na die verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging te verwys. Dit is ook later deur F.W. Quass as die titel van sy roman oor die Tweede Wêreldoorlog, sien: F.W. Quass, *Die Tweede Rebellie: 'n roman* (Johannesburg, Afcet-uitgewers, 1975).

132 Vir meer inligting oor die ekonomiese konteks waarbinne die 1914-Rebellie ontketen is, sien Sandra Swart se artikel '"Desperate Men": The 1914 Rebellion and the politics of poverty', *South African Historical Journal*, 42, 1 (2000), pp. 161-175.

133 Van der Waag, *A Military History of Modern South Africa*, p. 177.

134 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 1/2: Algemeen, 1 Februarie 1941.

politieke binnelandse klimaat, te midde van ŉ Wêreldoorlog, moes die OB hulself versterk as ŉ nuutgeskape organisasie van minder as twee jaar oud. Laas antwoord Theron soos volg:

> U moet net nie uit die oog verloor dat ons organisasie nog heeltemal aan die beginstadium is, en ons al die liefde en simpatie van ons volkie nodig het om dit ŉ sukses te maak, anders kan dit so baie maklik misluk, en sal ons vyand tog nie hartelik seëvier nie. Hulle besef reeds deeglik dat hier ŉ element is waarmee rekening gehou moet word, want niemand kan ontken dat ons op die regte spoor is om die volk se hart en belange aan te gryp nie, en ons een hoop is dat die Afrikaner self-moord wapen van "verdeeldheid" nie daarin sal slaag om weer te kloof nie.[135]

Geen twyfel kan bestaan dat die instelling van die Smuts-regering se noodregulasies die OB as ŉ organisasie geaffekteer het nie. Met die instelling van die noodregulasies is verskeie prominente lede van die OB reeds teen Mei 1940 geïnterneer.[136] Laas se waarneming dat die regering bewus is daarvan dat die OB "ŉ element is waarmee rekening gehou moet word" is dus akkuraat.[137] Op 17 Junie 1940 lewer *Die Burger* verslag dat daar sowat 1 600 mense tans in kampe aangehou word.[138] Teen 12 November 1940 het die syfer meer as verdubbel na sowat 4 000 mense. Dit sluit Italianers, Duitsers en Suid-Afrikaanse burgers in.[139]

Die OB het egter in 1940 begin betrokke raak op politieke vlak. Die oorsaak hiervan word aan verskeie faktore toegeskryf: Die instellings van noodregulasies wat verskeie OB-lede direk aangeraak het, dit wil sê oorlogstoestande, die intrekking van private wapens, internering van verskeie OB-lede en veral Stormjaers, en klopjagte deur die polisie,[140] het die OB as ŉ organisasie, asook haar lede, ten nouste geraak. Die internering het grootskaalse bitterheid onder Afrikanergeledere veroorsaak, soos wat O.L. Nel dit stel:

> As die metodes van die Smuts-regering van alle kante bestudeer word, kry ŉ mens die indruk dat die motief duidelik was om sekere Afrikaners agter doringdraad te hou en die vraag of hulle skuldig of onskuldig is, was glad nie eers ter sprake nie.[141]

---

135 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 1/2: Algemeen, 5 Februarie1940.
136 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 211.
137 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 1/2: Algemeen, 5 Februarie 1940.
138 *Die Burger*, 17.06.1940.
139 *Die Volksblad*, 12.11.1940.
140 Fourie, 'Die Ossewabrandwag in die Suid-Afrikaanse Politiek', p. 3.
141 Nel, *Agter die doringdraad in Koffiefontein*, p. 55.

Verder het die noodregulasies ook ŉ impak gehad op die syfers van beide die OB en die Stormjaers. Nadat lede van die OB geïnterneer is, het verskeie lede besluit om uit die Stormjaers te bedank. Een voorbeeld hiervan is J.A.L. Taljaard,[142] wat op 20 Julie 1942 die volgende redes aanhaal vir sy bedanking:

A) Die offisier in bevel in Transvaal, mnr. P.P. du Plessis, is volgens Taljaard nie in staat daartoe om die posisie te beklee nie, of om die nodige gesag af te dwing nie.
B) Du Plessis is volgens Taljaard "te lig vir sy posisie". Hy het ook 'n mislukking gemaak van die Transvaal-SJ's se anti-oorlogspogings "deur ondeurdagte optrede".
C) Du Plessis se optrede is volgens Taljaard die rede waarom "almal [aangeklaagdes] in die tronk sit sonder dat ons iets bygedra het ter bevordering van ons saak."
D) Taljaard blameer Du Plessis en Robey Leibrandt se optrede teenoor van Rensburg, vir die "skeurings en wantoestande" in die OB.
E) Du Plessis het volgens Taljaard die moraal van die mede-beskuldiges laat daal in die tronk, Du Plessis het ook die mede-beskuldigdes se vertroue in Van Rensburg laat wankel.
F) Du Plessis se senior offisiere word "aangehits" om die beskuldigdes te verkleineer "en sleg te maak."
G) Daar word "skimpe gegooi en persoonlike aanmerkings gemaak wat ondraaglik is."[143]

Ten spyte van Taljaard se bedanking weens die bogenoemde redes, het hy steeds versekering aan Van Rensburg gegee dat hy by die Stormjaerseed "sal bly tot die bitter einde."[144]

Nege dae later skryf Van Rensburg ŉ brief aan sy "broeder-offisiere in die gevangenis (veral kolonels du Plessis en Coetzee)".[145] Van Rensburg verklaar eerstens dat offisiere se ampsplig om bevel te voer verval totdat die offisiere na hulle eenheid terugkeer, "binne die gevangenis is die uitoefening van gesag deur die krygsgevangene met al sy beperkinge bykans onmoontlik".[146] Tweedens word prokureur Van Wyk De Vries aangewys as gesagvoerder in alle sake wat krygsgevangenes raak. Van Wyk De Vries handel namens Van Rensburg om leiding te neem met die bogenoemde sake.[147] Die internering en gevangeskap van verskeie OB

142 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 20 Julie 1942.
143 Vir meer oor hierdie skimpe en aanmerkings sien OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 20 Julie 1942.
144 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 20 Julie 1942.
145 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 29 Julie 1942.
146 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 29 Julie 1942.
147 OBA: Kommandant-Generaal- versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 29 Julie 1942.

en Stormjaerlede het dus die range wat binne die OB bestaan het, ook negatief beïnvloed en wrywing veroorsaak.

ŉ Verdere teer punt vir die geïnterneerdes en politieke gevangenis is dat die redes vir internering en die afhandeling van appèlle teen internering dikwels oor lang tydperke gestrek het,[148] soos wat O.L. Nel dit stel:

> Die feit dat party geïnterneerdes tot ses maande moes wag om hul "redes" vir internering te kry en meer as twaalf maande voordat hulle "appèl" afgehandel is, is bewys genoeg dat daar hoegenaamd geen haas was om die manne vry te laat nie.[149]

Terblanche verklaar ook dat B.J. Vorster drie maande in die interneringskamp moes deurbring voordat die "redes vir internering" aan hom oorhandig is.[150] Soos reeds genoem is die families van geïnterneerdes sterk geraak deur die geïnterneerdes se aanhouding, veral wanneer die internering vir maande duur sonder enige vermelde rede van die regering se kant af. Met die internering van OB lede is verskeie huishoudings sonder ŉ broodwinner gelaat.[151] Die OB is hierdeur geraak omdat verskeie lede (veral vroue en kinders) sonder geld gelaat is. Die impak van die internering in hierdie geval het dus uitgeloop op die vorming van die Noodhulpfonds. Die Noodhulpfonds word in diepte in Hoofstuk 5 bespreek. Dit is egter nodig om in ag te neem dat die noodregulasies nie slegs saboteurs en aktiviste geaffekteer het nie, maar ook die families van hierdie individue. Die OB as organisasie is ook geraak omdat lede ŉ wyse moes bekom om "die vrouens en kinders van die geïnterneerdes te onderhou".[152]

Dit is dus duidelik dat nie net die Stormjaers en gewone OB-lede direk geaffekteer is deur die maatreëls nie, maar hulle families ook. Die Vroue-optog van 1940, waarby daar sowat 9 870 vroue betrokke was, reflekteer die eenheid wat ontstaan het binne die OB en die breër anti-oorlogsgesinde Afrikanerdom. Die Vroue-optog het hoofsaaklik gedraai rondom die implementering van die "Afrika-eed", en dat sekere Afrikaners nie die eed wou onderteken nie

---

148 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 149.
149 Nel, *Agter die doringdraad in Koffiefontein*, p. 50.
150 Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, p. 133.
151 C. Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day: The nature of women's general activities in the Ossewa-Brandwag, 1939-1943', *New Contree*, 66 (2013), p. 126; Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 169.
152 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 157, 1978: L.M. Fourie/K.J.H. Behrens, p. 8.

(sien figuur 2(b)).[153] Die betoging het ook die opinie vergestalt dat Suid-Afrika se deelname aan die oorlog nie ŉ veelseggende verskil kan maak nie, dus is dit nie nodig om die lewe van verskeie soldate onnodig in gevaar te stel nie.[154]

Mans wat geweier het om die "Afrika-eed" te onderteken is onder geweldige druk geplaas en is blootgestel aan die gevaar dat hulle moontlik hulle werk kon verloor. Die Vroue-optog van 1940 vorm deel daarvan dat vrouens "namens hulle mans en seuns" die standpunt inneem dat hulle nie die "Afrika-eed" sou onderteken bloot uit gevaar van ontslag nie.[155] ŉ Versoekskrif om neutraliteit is deur ŉ deputasie van drie vroue by die Uniegebou afgegee, minister J.H. Hofmeyr, Smuts se sekretaris, het die versoekskrif ontvang omdat Smuts geweier het om dit self te ontvang.[156] Die optog en versoekskrif is nie al nie. Petisies is ook onderteken en verskeie telegramme gestuur waardeur vroue hulle mening kon laat geld.[157] Die regering het egter nie op die versoekskrif ingegaan nie omdat dit "volgens Smuts teenstrydig met die besluite van die parlement was".[158] Die Vroue-optog behoort dus as bewys te dien dat die Noodregulasies nie slegs die radikale OB lede geaffekteer het nie, maar veral ook die vroue in die organisasie.

---

153 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 208.
154 *Die Burger*, 19.06.1940.
155 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 208.
156 *Die Burger*, 22.06.1940; Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 208.
157 Vir presiese syfers van handtekeninge wat in petisies opgeteken is, en telegramme wat gestuur is, sien Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 210.
158 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 210.



Aandenkingspamflet
van die
Vroue-optog in Pretoria
op
Saterdag 22 Junie
1940

*Die Versoekskrif wat namens u aan die Hoogedele Regering gerig word lui as volg:*

**„NAMENS die Afrikaanse Moeders, Vrouens en Dogters en die tienduisende wat in die gees aanwesig is en ons versoekskrif steun, wens ons u Hoogedele Regering in alle beskeidenheid en met die diepste erns waaroor ons beskik te versoek om:**

**(1) Nie langer toe te laat dat met dreigemente van ontslag, verplasing of watter vorm van benadeling ookal druk uitgeoefen word op burgers van ons staat ten einde hulself beskikbaar te stel vir militêre diens buite die Unie, hetsy deur private werkgewers of deur die staat nie.**

**(2) Om onmiddellik 'n eerbare en regverdige vrede met die lande met wie ons in oorlog verkeer, te sluit."**

Aan iedere vrou en dogter wat deelneem aan hierdie optog stuur ons die volgende boodskap:

Laat ons stil en waardig ons versoek vir vrede en vryheid van dwangmaatreëls in ons land aan die Hoogedele Regering rig. Ons volg die weg wat ons voorgeskryf word onder protes, maar kalm en waardig want die Afrikanervrou sal sodoende van 'n agterstraat 'n voorstraat maak en waar ons ook die amfiteater by die Uniegebou geweier is, sal ons op die grasperk aan die voet van die Uniegebou ons bede tot God rig.

Laat ons geweld nie met geweld antwoord nie, maar ons harte is vol en ons sal onthou.

Ons versoek u om nie aanleiding te gee tot enige steurnis nie en om in doodse stilte te gaan. Stiptelike uitvoering aan alle versoeke deur die luidspreker tot u gerig sal die Afrikanervrou waardig wees.

Ek sien haar wag, geduldig, sonder woord,
Ek sien haar wen, vir man en seun en broeder,
Want haar naam is Vrou en Moeder!

JAN CELLIERS (in „By die Vrouebetoging".)

Mev. H. C. STEYN,
Namens die Reëlingskomitee.

(Bewaar hierdie pamflet vir die nageslag).

VOORTREKKERPERS, BPK.

**Figuur 2(b): Aandenkingspamflet van die Vroue-optog van 22 Junie 1940 te Pretoria. Die pamflet bevat die versoekskrif wat aan die Unieregering gerig is.**[159]

Behalwe vir die grootskaalse internering van verskeie lede van die OB, asook die feit dat verskeie lede geweier het om die Afrika-eed te onderteken, is die organisasie ook geaffekteer deur gerugte en beskuldigings wat al meer sigbaar geword het. Die probleem is reeds in 1940 onder Laas se leiding sigbaar. In 'n brief van meneer J.H. Smith aan kol. Laas beskryf hy die negatiewe impak wat gerugte op die OB het:

> Die Ossewa-Brandwag is 'n Afrikaanse organisasie vir Afrikaners alleen en dat genl. Smuts nou met sulke aantygings kom, kan nie sommer daargelaat word nie… Dit is myns insiens bloot 'n plan om die Ossewa-Brandwag te probeer verdag maak en sodoende 'n goeie gesonde Afrikaanse organisasie te probeer doodmaak.[160]

---

159 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M2529.
160 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 1/2: Algemeen, 9 Februarie 1940.

Die Ossewabrandwag-raad en kol. Laas het inderdaad protes aangeteken oor sulke uitlatings en ŉ brief aan genl. Smuts gestuur.[161] Hoewel die kwaadpratery nie amptelik deel gevorm het van die noodregulasies nie, is dit steeds ŉ voorbeeld van die impak wat die Smuts-regering se aksies op die OB gehad het.

In 1941, onder die leiding van Van Rensburg, is die probleem van valse gerugte steeds ŉ kwessie binne die OB. Die OB het in die Uniale Bevel nommer 1/41 verklaar dat "ŉ afweer-organisasie" gevorm word om "gerugte en beskuldigings teen die Ossewa-Brandwag beweging, of teen prominente leiers van ons volk" te ondersoek.[162] Elke kommandant sal ŉ offisier benoem om hierdie gerugte en beskuldigings "skriftelik te rapporteer". Hierdie offisier sal die Veldkornet-rang beklee en as Informasie-Veldkornet bekend staan. Order nommer 31/41 van die OB se Kaapland-tak kondig ook ŉ beleid rondom berigte, bewerings en navrae rakende die OB af. Hierdie order, geskryf deur assistent-kommandant-generaal J.A. Smith, vereis dat "enige bewering, fluisterstorie of aanval gerig teen die Ossewabrandwag" en hoër offisiere, dadelik gerapporteer word.[163]

Verder is die ander OB-aktiwiteite ook deur die oorlogsmaatreëls geaffekteer. Die noodregulasies wat ŉ verbod op driloefeninge instel, het volgens Van Rensburg byvoorbeeld die "dissiplinêre gehalte" van die OB negatief beïnvloed.[164]

Die oorlogsdeelname en oorlogsmaatreëls het die verhouding tussen die NP en die OB ook negatief beïnvloed. Die skeur tussen die NP en die OB is ook duidelik in die briewe wat aan Van Rensburg gestuur is. Op 8 September 1941 skryf J.H.H. de Waal, ŉ prokureur van Pretoria en ŉ vurige OB-lid, dat die OB nie verder Malan se optrede moet duld nie. De Waal vra of ŉ "bevel uitgereik kan word dat alle OB lede voorts bedank uit die party waarvan so ŉ skurk die leier is".[165] D.F. Malan en die HNP het aanvanklik ŉ verhouding probeer onderhou met die OB. In ŉ brief wat Malan op 24 November aan Van Rensburg gestuur het blyk dit of die motivering agter hierdie samewerking in die belang van die Afrikanervolk was. Malan maan Van Rensburg tot samewerking aan om teen die verdeeldheid onder die "nasionaal-gesinde

---

161 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 1/2: Algemeen, 13 Februarie 1940.

162 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 27 Januarie 1941.

163 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, Ossewabrandwag Kaapland Order no. 36/41, 10 September 1941.

164 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 17 April 1941.

165 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 8 September 1941.

Afrikanerdom" te veg, en op 'n baie emosionele trant die "algehele vernietiging" daarvan te vermy.[166]

Behalwe vir die skeur tussen die NP en die OB, het die oorlogsdeelname en oorlogsmaatreëls ook 'n effek op verskeie aktivistiese OB lede, veral Stormjaers, gehad. Verskeie hoogverraadsake is teen Stormjaers en ander OB-lede gemaak gedurende die oorlog. Lede van die Stormjaers is gereeld van hoogverraad aangekla, byvoorbeeld in 1942 is 58 Stormjaers van hoogverraad aangekla.[167] 'n Voorbeeld hiervan is Julian Visser en Hendrik van Blerk wat ingevolge die noodregulasies gearresteer is in verband met die ontploffing van die Benoni-poskantoor, waarin 'n jong man in die verbygaan dood is.[168]

Vervolgens is beide Visser en Van Blerk ter dood veroordeel vir die Benoni-bomplasing.[169] Druk is van verskeie oorde op die regering geplaas om die doodstraf van Visser en Van Blerk te heroorweeg. Op 1 Augustus word dit aangekondig dat die doodstraf van beide Visser en Van Blerk tot lewenslange tronkstraf verander is. Volgens Fourie is die motivering agter hierdie besluit driedelig: Eerstens wou Smuts nie graag Visser en Van Blerk in Afrikaner-martelaars verander nie; Tweedens het die komende verkiesing (1943) as motivering gedien om nie die Visser-Van Blerk saga in 'n politieke wapen te laat ontaard nie; Derdens was Smuts bewus van die risiko dat die teregstelling van Visser en Van Blerk moontlik tot 'n styging in binnelandse onrus kon lei.[170]

Ten spyte van die skeur tussen die OB en die NP het verskeie politieke gevangenis hul uitsprake tot vryheid bekom ná die 1948-verkiesing, insluitend Visser en Van Blerk. Die verklaring is amptelik op 11 Junie 1948 bekend gestel.[171] Volgens Van Rensburg is die vrygeskeldes deur hulle voormalige stryders verwelkom buite die Pretoria Sentrale Gevangenis, en daarna is 'n onthaal gehou in die Afrikaner Koffiehuis in Pretoria.[172] In 1948, met die verkiesingsukses van

166 OBA: Kommandant-Generaal-versameling, B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 24 November 1941.
167 Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief', p. 6.
168 Vir 'n in-diepte bespreking oor Visser en Van Blerk, asook die bomontploffing van die Benoni-poskantoor, sien Blake, *Wit Terroriste*, Hoofstuk 8: Doodstraf vir bomgooiers, pp. 106-116.
169 Fourie, 'Die Ossewabrandwag in die Suid-Afrikaanse Politiek', p. 82.
170 Fourie, 'Die Ossewabrandwag in die Suid-Afrikaanse Politiek', p. 83.
171 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 196; Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief', p. 9; Prinsloo, 'Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag', p. 85.
172 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 256.

die Nasionale Party, is Afrikanereenheid en Afrikanernasionalisme, wat onder sterk verdeling tydens die oorlog deurgeloop het, stelselmatig herstel.[173]

### 2.4. Evaluasie: Die regverdiging van die noodregulasies en die impak op die Ossewa-Brandwag

Nel kom tot die gevolgtrekking dat die instelling van die noodregulasies en die internering van verskeie OB-lede gemik was daarop om die OB "lam te slaan en desnoods ŉ natuurlike dood te laat sterf sonder om hom in die ban te doen".[174] Vanuit Visser se observasie blyk dit dat Smuts strategies te werk gegaan het om die OB te beheer tydens die Tweede Wêreldoorlog: "More active interest would only have served to consolidate and strengthen the OB and perhaps create unwarranted martyrs."[175] Wat Visser wel misluk om waar te neem is dat die Smuts-regering tog daarin geslaag het om "martelare" te skep deur die implementering van die Noodregulasies en veral die interneringsbeleid. Soos wat Blake dit stel is van hierdie noodregulasies beskou as "drakoniese afmetings" deur die meerderheid van die Afrikaner:

> Terwyl sekere noodregulasies regverdig was in die lig van die algemene oorlogstoestand, het ander drakoniese afmetings aangeneem en diep ongelukkigheid veroorsaak. Alles het bygedra tot ŉ algemene klimaat van verset.[176]

As gevolg van die grootskaalse internering van OB-lede onder die noodregulasies, was dit moontlik om ŉ leitmotief van martelary te skets. Hierdie leitmotief is veral deur die propaganda-uitsendings van Radio-Zeesen benut, waarin die interneringskampe dikwels met die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog vergelyk is.[177] Omdat so baie Afrikaners in interneringskampe geplaas is, is "die tragedie van die Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe weer in die volksgemoed opgeroep."[178]

Die Smuts-regering se noodregulasies het ŉ groot aantal mense direk en indirek aangeraak. Tog is dit duidelik dat Smuts veel meer kon doen aan die interne onrus indien hy wou; die rede

---

173 Geyser & Pruis*, Die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis in beeld,* p. 48.
174 Nel, *Agter die doringdraad in Koffiefontein*, p. 57.
175 Visser, *OB: Traitors or patriots?,* p. 142.
176 Blake, *Wit Terroriste*, p. 55.
177 Marx, '"Dear listeners in South Africa"', p. 161.
178 Blake, *Wit Terroriste*, p. 61.

waarom daar nie meer gedoen is nie kan moontlik toegeskryf word aan ’n wens om ’n volskaalse rebellie te voorkom.[179] Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat Smuts se optrede teenoor binnelandse onrus tydens die Tweede Wêreldoorlog genoegsame vyandelikheid onder Afrikaners ontlok het. Die manifestering van hierdie vyandelikheid teenoor Smuts is duidelik in die verkiesingsresultaat van 1948. Op 28 Mei 1948, twee dae na Smuts se nederlaag in die algemene verkiesing, skryf Van Rensburg aan Smuts dat hy “in sekere mate bygedra” het tot die nederlaag wat Smuts sopas gely het.[180]

Met die nodige agtergrond geskets, en die regverdiging en omvang van die noodregulasies beskryf, kan daar oorgegaan word na ’n sterker fokus op die impak daarvan op die OB.

179 Fourie, ‘Die Ossewabrandwag in die Suid-Afrikaanse Politiek’, p. 44.

180 Smuts Papers, 88, 304, Letter from J.F.J. van Rensburg to Jan Smuts, found in J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers*, volume VII, p. 205.

# 3. DIE AARD EN GEVOLGE VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG SE VERSETAKSIES TEEN SUID-AFRIKA SE DEELNAME AAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

Die Smuts-regering se besluit om aan die Tweede Wêreldoorlog deel te neem het ongetwyfeld ŉ blywende effek op die Afrikanerdom gehad. Soos reeds bespreek het verskeie faktore daartoe gelei dat die Afrikanerdom verdeeld was tydens die oorlog, hieronder staan die Rooi-eed prominent uit. Die instelling van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies het gevolglik ook verskeie reaksies en nagevolge ontlok. Een van hierdie nagevolge is die karakterverandering wat binne die OB plaasgevind het. Verder het die OB reageer op die oorlogsdeelname en instelling van die oorlogsmaatreëls deur weerstandig op te tree teen die regering se oorlogspoging. Dit is egter noodsaaklik om in ag te neem dat nie alle vorme van verset onder dieselfde kam geskeer kan word nie. Twee hoofvorme word opgemerk binne die OB, naamlik aktiewe verset en passiewe verset. Die aktiewe verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging het tot meer internering en arrestasies gelei. Die spesifieke soorte versetaksies wat tot internering en inhegtenisname gelei het, is van belang ten einde die gevolge van grootskaalse verset beter te verstaan.

Om die hoofdoelwit van hierdie hoofstuk te bereik, word die hoofstuk in drie dele verdeel. Eerstens word ŉ agtergrond geskets en die dualistiese aard van die OB word aangespreek (3.1); Tweedens word daar na spesifieke soorte versetaksies gekyk (3.2). Omdat OB-lede hulself met verskeie versetaktiwiteite tydens die oorlog besig gehou het, is dit noodsaaklik om ŉ onderskeid te tref. Die doel van hierdie afdeling is nie om die wyse waarop elke OB-lid hul agentskap laat geld het te beskryf nie, maar eerder om twee verskillende tipes versetaktiwiteite te bespreek. Die eerste tipe versetaktiwiteit wat bestudeer word, is passiewe/lydelike verset (3.2.1), die tweede tipe is aktiewe/gewelddadige verset (3.2.2). Die tweede tipe verset is van meer belang omdat dit dié verset is wat direk tot internering en gevangenisskap gelei het. Nadat die verskillende soorte versetaksies bestudeer is, word die wyse waarop hierdie verset tot internering en gevangenisskap gelei het, sorgvuldig ondersoek (3.3). Die verskillende soorte versetaksies wat tot internering en gevangenisskap gelei het, word bepaal deur na sekere gearresteerde en geïnterneerde individue te kyk. Die derde deel van die hoofstuk streef dus nie om van elke moontlike rede vir internering en gevangenisskap melding te maak nie, maar eerder om ŉ kaleidoskopiese beskouing vir die redes van internering en gevangenisskap voor

te stel. Die drie bogenoemde aspekte vorm 'n geheel wat die aard en gevolge van die OB se versetaksies analiseer. Hierdie hoofstuk volg 'n sosiaal-historiese benadering en deurentyd word die stemme van OB-lede self ingespan om 'n geheelbeeld daar te stel.[1]

### 3.1. Die impak van die Ossewa-Brandwag se versetaksies op die karakter van die organisasie

Tussen die ontstaan van die OB in Februarie 1939 en die ontbinding van die organisasie in 1952, het verskeie veranderinge plaasgevind. Die doel van hierdie afdeling is nie om die verandering binne die OB in totaliteit te ontleed nie, maar om eerder die karakterverandering te beskryf wat met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het. 'n Vlugtige historiese oorsig van die OB binne historiese omstandighede, kulturele invloede en persoonlike sentimente is nodig om genoegsame agtergrond te skep ten einde die karakterverandering in perspektief te plaas. Daaropvolgend kan die dualistiese karakter van die OB, wat 'n direkte gevolg van die verset teen oorlogsdeelname en die noodregulasies is, in diepte verken word. Daar is al na hierdie dualistiese karakter in die historiografie gekyk, maar bloot oorsigtelik of vanuit 'n ander perspektief.[2] Die spesifieke lens van die noodregulasies se invloed, en hoe verset in die vorm van sekere aksies en reaksies vanuit die OB self die beweging se karakter verander

---

1 Vorige studies misken grootliks die getal stemme opgesluit in die OB-Argief. C. Blignaut se 2012 artikel is 'n uitsondering, sien C. Blignaut, '"Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!": Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog', *Historia*, 57, 2 (2012), pp. 68-103.

2 Verskeie werke binne die historiografie het die klem op een deel van OB se aktiewe verset geplaas, naamlik die Stormjaers. Werke wat hierdie lens benut het om na OB verset te beskryf sluit in: P.F. van der Schyff, 'Verset teen "Empire-oorlog"', in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras*, (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), Van der Schyff se hoofstuk bied 'n oorsig van die ondergrondse aktivistiese aktiwiteite van die Stormjaers; die invloed van die noodregulasies word nie geanaliseer nie. Verder bestudeer Marx ook die versetideaal van die OB deur spesifiek na die Stormjaer-beweging te kyk, sien C. Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag*. (Pretoria, University of South Africa Press, 2008), pp. 323-362. Marx, net soos Van der Schyff, neem nie die invloed wat die noodregulasies op die versetideaal van die OB gehad het in ag nie. Blake gaan bietjie verder as Van der Schyff en Marx, deur nie alleenlik die Stormjaers te analiseer nie, maar ook die meer radikale Terreurgroep. Blake se blik op OB verset tydens die oorlog kan veral in die volgende hoofstukke verkry word: A. Blake, *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* (Kaapstad, Tafelberg, 2018), pp. 66-91, asook pp. 227-252. Net soos in die geval van Marx en Van der Schyff het Blake ook nie die impak van die noodregulasies op die versetideaal ontleed nie. Ander studies het ook al die OB versetideaal en dualistiese karakter vanuit ander lense as die Stormjaers geanaliseer. C. Blignaut, '"Rebelle sonder gewere": Vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die Ossewa-Brandwag se dualistiese karakter', *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 30, 2 (2016), bestudeer byvoorbeeld die rol wat die vroue binne die OB gespeel het in die grootskaalse verset teen oorlogsdeelname, asook hoe kultuur as 'n versetmiddel benut is. 'n Verdere studie van Blignaut, '"Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!"' bestudeer ook die rol van vroue in die OB se verset teen "Empire-oorlog".

en gevorm het, bied 'n vernuwende blik op hierdie verskynsel. Voorts is daar 'n reuse gaping wat betref die konneksie tussen hierdie karakterisering van die OB en die wisselwerking daarvan met internering.

### *3.1.1. Aanleiding tot, en invloede op, OB-verset*

Die OB se aanvanklike groei is grootliks te danke aan die feit dat die organisasie alle Afrikaners verwelkom het, ongeag van klas en sosiale posisie.[3] Die OB het dus gestreef, en tot 'n mate daarin geslaag, om volkseenheid onder OB-lede te bewerkstellig.[4] Die wyse waarop hierdie klasseverskille oorkom is, is omdat die OB slegs vereis het dat lede eerstens as 'n Afrikaner identifiseer, en tweedens 'n republiek nastreef. Geen ekonomiese vereistes is gestel nie.[5] Die benutting van die kommando-struktuur het verder daartoe bygedra om sosiale verskille uit die weg te ruim. Marx is ook van mening dat die armer areas die grootse ledebasis van die OB gehad het. Areas wat die swaarste deur die Depressie geraak is, veral landbougebiede, is dikwels waar die OB die meeste lede gewerf het.[6] Tesame hiermee is daar ook die impak van die "Tweede Groot Trek" as uitvloeisel van die grootskaalse verstedeliking gedurende hierdie era – alles bydraende faktore tot die OB se groeisyfers.

Die OB het vanuit die stede, soos Johannesburg, na die platteland versprei.[7] Die rede hieragter was ook omdat die oorgrote meerderheid Afrikaners agter die geleenthede van 'n industrialiserende Suid-Afrika gegryp het. Afrikaners wat in die stede woonagtig was, het in die laat 1930s dikwels gesukkel om hul voete in die nuwe milieu te vind. Die Afrikaners in die stede is ook soos tweederangse burgers behandel, en is dikwels teen gediskrimineer omdat die stede oorweldigend Engelssprekend was.[8] Soos wat OB-lid, meneer D.F. Fyfer, dit stel: "... in daardie dae, in die stad byvoorbeeld, moes jy gebloos het as jy Afrikaans praat".[9] Die

---

3 Die Nasionale Party het natuurlik ook hierdie taktiek gevolg, maar die OB se Nasionaal-Sosialistiese karakter het hierdie sosiale oriëntasie sterker beklemtoon.

4 C. Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', *Journal of Southern African Studies*, 20, 2 (1994), pp. 196-197.

5 D. Prinsloo, 'Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952', *Kleio*, XVII, 1 (1985), p. 78.

6 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', pp. 199-207.

7 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 209.

8 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 210.

9 Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA), Bandopname, onderhoud transkripsie (hierna tr.), bandnr. 199, 1979: L.M. Fourie/W. Rabie/D.F. Fyfer, p. 2. Meneer Danie Francois Fyfer was 'n OB-lid in die Malmesbury omgewing.

Afrikaners het ook nie as ʼn reël hoë poste beklee nie, soos wat een tydgenoot, J.J. Coetzer, dit in sy herinneringe oorvertel:

> ... swaar jare. Eienaardig genoeg, jy het al die Afrikaanse vanne op die paaie gekry. Ek sê nou vir jou manne met BA- en MA- en doktorsgrade het met graaf en pik gewerk hoor, en nie een Engelsman het jy daar gekry nie.[10]

A.S. Spies, wie ʼn prominente lid van die OB en later ook die Stormjaers was, se oorvertelling bevestig ook dat Afrikaners dikwels die minder elite arbeiders was:

> Daar is met die Depressie mense, blankes, wat die plekke van Swartes met graaf-en-pik arbeid op die Spoorweë oorgeneem het ... Gekwalifiseerde mense gekwalifiseerde onderwysers byvoorbeeld – dit was algemeen gewees – het op die paaie gewerk – daar was nie poste vir hulle nie ...[11]

Dit is uit hierdie Depressiejare, die gevolglike sosiale en ekonomiese onsekerheid wat Afrikaners in die stad beleef het, en die opvolgende sterker Afrikanernasionalisme wat uit die Eeufees gebore is, wat die OB se aanvanklike groei bewerkstellig het. ʼn Groot aantal OB-lede was byvoorbeeld ook spoorwegwerkers[12] en het vir verskeie Afrikanerorganisasies soos YSKOR gewerk.[13] Die OB se fokus om klasseverskille uit te wis is ook duidelik wanneer daar na die verskeidenheid beroepe en ampte in die Koffiefonteinse interneringskamp gekyk word, soos wat O.L. Nel, OB Assistent-Kommandant-Generaal van Natal, dit stel: "Daar was byna geen vak of beroep waarop daar nie ʼn deskundige in die kamp was nie en almal het ten alle tye hulle bereidwilligheid getoon om hulle kennis tot diens van hulle makkers te stel."[14]

Die afleiding kan gemaak word dat dit nie alleenlik armer Afrikaners was wat aanklank by die OB gevind het nie, maar ook verskeie welgestelde intellektueles.[15] Alhoewel intelligentsia

---

10 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 154, 1977: L.M. Fourie/J.J. Coetzer, p. 3.

11 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 216-219, 1983: H.M. Robinson/A.S. Spies, p. 7.

12 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 206; Een voorbeeld hiervan is W. (Lange) de Beer, OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 144-145, 1978: L.M. Fourie/W. de Beer, p. 3.

13 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 263-264, 1990: H. Robinson/S.O. Eklund, p. 9.

14 O.L. Nel, *Agter die doringdraad in Koffiefontein* (Johannesburg, L&S Boek- en Kunssentrum, 1948), p. 19. Vir ʼn gedetailleerde lys van individue wat geïnterneer is en die beroepe wat hulle gevolg het, sien OBA: O.L. Nel-versameling, B/L 1/1, omslag 5: Lys van geïnterneerdes, ongedateer.

15 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 215. Die grootste instroming van intellektueles in die OB in het vanuit Potchefstroom plaasgevind.

vanaf regoor die land by die OB aangesluit het, het die grootste instroming van intellektueles vanuit Potchefstroom gekom. Professor D.J. van Rooy was byvoorbeeld voorsitter van die OB Grootraad,[16] terwyl professor H.G. Stoker die OB hoofkommandantskap in Potchefstroom opgeneem het.[17] Die grootste bekommernis onder geleerdes was die grootskaalse verarming van die Afrikaner, die afname van die Afrikaanse kultuur, en die mate waarop meer en meer Afrikaners begin verengels het.[18] Dit is dus duidelik dat daar ŉ behoefte was aan ŉ organisasie wat Afrikanereenheid kon teweegbring. Die OB het op eiesoortige manier aan hierdie behoefte voldoen. Opsommend kan daar dus bevestig word dat die Afrikanervolk as geheel, en sy OB-lede in besonder, verskeie uitdagings in die 1930s in die gesig gestaar het:

> Die dertigerjare in die Afrikanervolk se geskiedenis is gekenmerk deur verdeeldheid op politieke gebied, die depressie op ekonomiese gebied, ŉ knellende droogte op landbougebied en die probleme van verstedeliking op sosiale gebied.[19]

Die ekonomiese, politieke en ideologiese onstabiliteit van die Afrikaner het dikwels gelei tot vatbaarheid vir Duitse-propaganda.[20] Radio Zeesen-uitsendings het dikwels hierdie tema benadruk om propaganda onder die Afrikaner luisteraars te saai.[21] Die uitsendings het beklemtoon dat ŉ Britse oorwinning in die Tweede Wêreldoorlog slegs tot ekonomiese depressie vir die Afrikaner sal lei.[22] Die ekonomiese welvaart van die Afrikaner, tesame met die kulturele stryd, "het in so ŉ mate vervlegd geraak [sic]" dat Afrikanerkultuur en Afrikanerpolitiek binne dieselfde sfeer beweeg het.[23] Voorts het politiek en kultuur so noue band met mekaar gehad dat die twee dikwels met mekaar verwar is.[24] Daar het ŉ nood ontwikkel vir ŉ organisasie wat beide sake kan aanspreek. Die OB het in hierdie taak gedeeltelik probeer slaag omdat dit gepoog het "om die opflikkering van

16 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 127, 1977: L.M. Fourie/B.C. Schutte, p. 14.
17 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 127, 1977: L.M. Fourie/B.C. Schutte, p. 3.
18 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 215.
19 H.M. Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief' (Ongepubliseerde pamflet, PU vir CHO, 1988), p. 2.
20 M. Shain, 'Anti-Semitism and South African society: reappraising the 1930s and 1940s', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), p. 188.
21 Radio-Zeesen word later in die hoofstuk verder bespreek.
22 C. Marx, '"Dear listeners in South-Africa": German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), p. 158.
23 J.J. Badenhorst, 'Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag' (MA verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1985), p. 13.
24 Badenhorst, 'Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag', p. 13.

Afrikanernasionalisme in ŉ organisasie vas te vat".[25] Soos dr. A. Hertzog, jarelange vriend van die voormalige OB-Kommandant-Generaal Hans van Rensburg, noem:

> As daar nie ŉ organisasie soos die Ossewa-Brandwag was wat die Afrikaner uit hulle emosionele papbroekigheid kon ruk en hulle weer as Afrikaners kon besiel nie, dan sou daar ŉ geweldige insinking onder die Afrikanerdom plaasgevind het.[26]

Vanaf Februarie 1939 tot Oktober 1940 het daar nie juis enige belangrike ideologieë of beleidstukke die lig gesien nie, onder Laas se leierskap is die beginsels van die OB nie duidelik ten toon gestel nie. Met Van Rensburg se intrede het die OB sekere beginsels begin vergestalt.[27]

Vanweë die Afrikaner se geskiedenis was die meerderheid Afrikaners steeds verdag oor "volksvreemde" invloede. Die steun vir Duitsland in die Tweede Wêreldoorlog was met ander woorde nie gerig op die vervang van Britse oorheersing met Duitse oorheersing nie,[28] maar eerder om ŉ republiekwording te bewerkstellig.[29] Die ondersteuning vir Duitsland was dus nie omdat die OB soseer met die Duitse stryd aanklank gevind het nie, maar eerder omdat Duitsland die vyand van Brittanje was.[30] Van der Schyff is van mening dat "die republikeinse strewe om die bande met Brittanje te verbreek was by uitstek ŉ stimulus vir die ontstaan en groei van die Ossewa-Brandwag".[31] Die idee dat Duitsland die Afrikaner kon bystaan in die proses om onafhanklikheid van Brittanje te bekom, het onder anti-oorlogsgesinde Afrikaners geseëvier.[32] Soos wat De Klerk dit stel wou Van Rensburg nie Duitsers van Afrikaners probeer maak nie, maar eerder Afrikaneronafhanklikheid probeer bevorder.[33] Die Afrikaners se agterdog rondom volksvreemde elemente mag dalk ook bygedra het tot Radio Zeesen se besluit

---

25 Prinsloo, 'Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag 1938-1952', p. 73.

26 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 69, 1974: H.M. Robinson/A. Hertzog, p. 5.

27 P. de Klerk, 'Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewabrandwag', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, 1 (1989), pp. 47-48.

28 P.J. Furlong, 'Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism: an assessment of the historiography', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), p. 119.

29 A. Hagemann, 'Very special relations: The "Third Reich" and the Union of South Africa, 1933-1939', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), p. 142.

30 P.F. van der Schyff, 'Die beeld van die Ossewa-Brandwag', in P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, (Ongepubliseerde verslag, PU vir CHO Departement van Geskiedenis, 1984), p. 429.

31 Van der Schyff, 'Die beeld van die Ossewa-Brandwag', p. 431.

32 W. Schellack, 'The Afrikaners' Nazi Links Revisited', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), pp. 176-178.

33 De Klerk, 'Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewabrandwag', p. 50.

om die uitsendings in Afrikaans te fasiliteer,[34] en om op elemente van Afrikanergeskiedenis vir uitsendingsmateriaal staat te maak.

Behalwe vir Radio Zeesen se invloed, het die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog opsigself verskeie temas van Afrikanergeskiedenis in die volksbewussyn na vore gebring. Die fokus op die Afrikaner se verlede is deur die OB benut om "die vryheidsin van die beweging aan te wakker".[35] Hierdie temas is dikwels deur Radio Zeesen gebruik in die verspreiding van anti-Britse propaganda.[36] Die OB, veral aktivistiese lede daarbinne, het 'n sterk emosie vir Afrikanergeskiedenis gevoel. Die geskiedenis van die Eerste Vryheidsoorlog is byvoorbeeld deur die OB benut in die vorm van Amajuba, waar die Afrikaner "'n magtige oorwinning oor die vyand behaal" het.[37] Die berg is ingespan om volksgees aan te wakker omdat dit as 'n "historiese monument vir die Afrikanerdom" beskou is.[38] 27 Februarie het selfs as "Amajuba-dag" bekendgestaan onder OB-geledere,[39] en in Augustus het die OB 'n Majuba-fees gevier.[40] In die 1941 weergawe van die OB-liederebundel is daar ook 'n lied getiteld "Die Majubalied".[41] In die lied word daar na Amajuba verwys as "Die berg van ons helde", "Die stem van ons verlede" en "Die gees van ons Boere".[42] Die OB het Majuba onder die leiding van Kolonel Laas en Advokaat Jerling in 1941 aangekoop. Majuba het later 'n maatskappy binne die OB geword wat as Ossewa-Brandwag (Eiendoms) Beperk bekendgestaan het.[43] Die OB het deurentyd die plaas waarop Majuba geleë is as feesterrein benut.[44] Die terrein is veral vir die

34 Hagemann, 'Very Special relations', p. 141.
35 P.J.J. Prinsloo, 'Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag' (PhD proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1983), p. 76.
36 Marx, '"Dear Listeners in South Africa"', pp. 160-161.
37 P. de Klerk, 'Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* 14, 2 (1989), p. 106.
38 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 76-77, 1974: H.M. Robinson/J.H. Coetzee, p. 16.
39 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 128-129, 1974: H.M. Robinson/W.F.P. Gibson, p. 12.
40 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 131, 1977: L.M. Fourie/C.J. Roos, p. 7.
41 Prinsloo, 'Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag', p. 76.
42 OBA: J.S. De Vos-versameling B/L 3/19, OB-liederebundel, lied nommer 8, 1941.
43 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 86, 87 & 70, 1974: H.M Robinson/C.L. De Jager, p. 82.
44 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 190, 1976: H.M Robinson/W.R Laubscher/H.A.C de Villiers, pp. 1-2; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 192-193, 1978: L.M. Fourie/J.H. Abraham, pp. 12-13; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 76-77, 1974: H.M. Robinson/J.H. Coetzee, p. 16; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 86, 87 & 70, 1974: H.M Robinson/C.L. de Jager, p. 82; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 216-219, 1983: H.M Robinson/A.S. Spies, pp. 14-15; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 107, 1976: H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen, p. 5; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 128, 1977: L.M. Fourie/P.M.F.J. van Rensburg, p. 21; *Die OB,* 30.12.1941.

Boerejeug se saamtrekke gebruik.[45] Vir die OB was Amajuba dus ŉ "simbool van die oorwinning waarna hy self streef."[46]

Behalwe vir geselekteerde temas uit die Eerste Vryheidsoorlog, het OB-lede ook van verskeie temas uit die Anglo-Boereoorlog gebruik gemaak om verset teen die Britse oorlogspoging aan te moedig. Tydgenote soos J.C. Coetsee, bevelvoerder van die Terreurgroep, bevestig hierdie standpunt: "Kyk, ek ken my geskiedenis. Ek weet van die Boereoorlog net soveel as wat my pa daarvan weet, wat daarin geveg het ..."[47] Een tema waarna daar gereeld verwys is, is die konsentrasiekampe. Die interneringskampe van die Tweede Wêreldoorlog is dikwels in dieselfde lig as die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog gesien.[48] Hierdie tipe vergelykings is benut om die OB aan te hits om te protesteer teen die grootskaalse internering onder die noodregulasies van die Smuts-regering se oorlogspoging:

> Laat ons deur vasberade optrede toon dat die pad van Suid-Afrika nie deur berge of moordkoppe of konsentrasiekampe gestuit kon word nie en nog minder deur doringdraad en ystergrendels.[49]

Behalwe vir die vergelyking tussen die interneringskampe en die konsentrasiekampe, is daar ook lyne tussen die oorlewendes van die Anglo-Boereoorlog en diegene wat in Noord-Afrika moet gaan veg getrek:

> ... as iemand wat sy vaderlandsgeskiedenis goed geken het, nie net deur oorlewing [sic] nie maar ook deur mense met wie jy gesels het, het jy geweet die oorlogsverklaring en die groepie mense wat gedwing gaan word om aan die oorlogspoging deel te neem, is die oorblyfsels van die konsentrasiekampe ...[50]

ŉ Verdere tema uit die Anglo-Boereoorlog is die idee van bittereinders, hensoppers en joiners. "The Afrikaners who opposed the war loathed intelligence officers, informants and the police

45 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 157, 1978: L.M. Fourie/K.J.H. Behrens, pp. 2-3; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 187-188, 1977: L.M. Fourie/A.G. Dannhauser, pp. 2-3; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 128-129, 1974: H.M. Robinson/W.F.P. Gibson, pp. 11-12.

46 De Klerk, 'Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika', p. 106.

47 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 42.

48 A.M. Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', (M-Mil thesis, Stellenbosch University, 2006), p. 118; Blake, *Wit terroriste*, p. 61.

49 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.

50 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 225, 1985: J.S. Coetzer/H.C. Havenga, p. 5.

who investigated possible suspects and called them *kakieridders*..."[51] Die *kakieridders* is in dieselfde lig as *joiners* beskou.[52] Die geskiedenis van die Afrikaner is dus ook benut om sin te maak van die verraaiers van die Tweede Wêreldoorlog, in hierdie spesifieke geval word daar verwys na diegene wie ander individue by die owerhede verklik het:

> Ek wil hier noem dat verraad natuurlik ook maar iets was wat jy orals gekry het. Ons ken hom van die Rebellie af. Ons ken hom van die Anglo-Boereoorlog af, en hier het verraad weereens veroorsaak dat ons maar die aktiwiteite gelos het.[53]

Benewens vir temas uit die Anglo-Boereoorlog, is die Rebellie van 1914 ook benut om verset onder OB-lede aan te moedig. Soos in die historiografie genoem, het die Rebellie van 1914 ŉ dryfkrag gegee vir die OB-lede wat tydens die Tweede Wêreldoorlog verset het. Die Rebellie van 1914 het dalk misluk, maar die uitwerking wat dit op die Afrikanervolk gehad het, het ŉ veelseggende gevolg gehad.[54] Die bittereinders van die Anglo-Boereoorlog en die rebelle van 1914 het ŉ blywende uitwerking op die Afrikanerpsige gehad. Soos wat dr. C.M. Bakkes, OB-lid en latere Stormjaer, dit stel:

> Ons had die Tweede Vryheidsoorlog waaraan ons oupas deelgeneem het, en ons had die Rebellie waaraan ons vaders deelgeneem het, en toe ons in ŉ soortgelyke situasie kom, was dit die Ossewa-Brandwag wat die militante weerstand gebied het teen die verowering [sic].[55]

Die bydrae wat die Rebellie tot die "lewe en vuur in die Ossewa-Brandwag" gehad het,[56] is nie te betwyfel nie. Verder het die staking van 1922 en Smuts se optrede daarteen, ook in die volksbewussyn gebly.[57] Die belangstelling in Afrikanergeskiedenis het nie slegs die OB as kultuurorganisasie laat groei nie, maar daardie einste belangstelling is later ingespan as ŉ bron van inspirasie om teen die Smuts-regering se oorlogspoging te verset.

---

51 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 123.

52 Fokkens, ''The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 123.

53 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 187-188, 1977: L.M. Fourie/A.G. Dannhauser, p. 5.

54 P.F. van der Schyff, 'Agtergrond en stigting' in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras*, (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), p. 4.

55 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 234, 1988: H.M. Robinson/C.M. Bakkes, p. 8.

56 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 128-129, 1974: H.M. Robinson/W.F.P. Gibson, p. 2.

57 Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief', p. 4.

Verskeie belangrike invloede het dus die OB se karakter beïnvloed het – veral die OB se aanspraak as erfgenaam van Boere- en Afrikanerverset. Ekonomiese omstandighede in ŉ spoedig-veranderende Suid-Afrika het Afrikaners vatbaar gemaak vir die OB se klasselose ideologie met spoorwegman en akademikus wat hand-aan-hand die kommandostruktuur gehoorsaam het. Die politieke vakuum veroorsaak deur grootskaalse verdeeldheid op partypolitieke gebied, te midde van ŉ veranderende Afrikanernasionalisme, het verdere geleenthede vir die OB gebied om kultuur as wapen in te span. Die "volksbeweging"-idee en antiparlementêre karakter was vir baie Afrikaners aantreklik. Voorts kan die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog se invloed – wat verdeeldheid en verset veronderstel – nie oorbeklemtoon word nie. Duitsland het hierdeur ŉ waarskynlike middel tot ŉ republiek geword. Te midde van hierdie invloede was OB-lede gedryf deur ŉ besonderse sterk historiese bewussyn van verset in die verlede – van Slagtersnek in 1815 tot "Empire Oorlog" in 1939. As beide glorieryk en bittersoet is die geskiedenis van die Afrikaner geïnterpreteer as ŉ geskiedenis van opstand teen Brittanje met die OB wat homself beskou het, en inderdaad ook deur massas beskou was, as die nuutste fakkeldraer van Afrikanerverset. Hierdie agtergrond wink na ŉ dualistiese karakter waarsonder die OB nie verstaan kan word nie.

### *3.1.2. Weerstandige kultuur: Die ontwikkeling van twee pole*

Met die ontstaan van die OB was die organisasie hoofsaaklik kultureel georiënteer. Met die tyd het ŉ dualistiese karakter begin ontwikkel. Dit is omstandighede wat daartoe gelei het dat die OB "mettertyd afsien van sy oorwegend kulturele optrede."[58] Die OB het groot aantalle lede verwerf toe dit alleenlik as ŉ kultuurorganisasie bekendgestaan het. Daarna, met die oorgang na ŉ versetbeweging, het al meer lede uit die OB bedank. Groot NP-manne soos dr. H.F. Verwoerd was aanvanklik aan boord. In die woorde van J.H. Abraham: "solank as wat die OB ŉ kultuurinslag gehad het, was dr. Verwoerd heeltemal een honderd persent daarmee tevrede, maar toe die Stormjaers nou naderhand gekom het ..." [59] Dit is belangrik om te onthou dat die OB die sterkste poging aangewend het om grootskaals teen die Smuts-regering se

58 H.O. Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter* (Roodepoort, CUM Boeke, 1983), p. 75.

59 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 192-193, 1978: L.M. Fourie/J.H. Abraham, p. 20.

oorlogspoging te verset. Dit is met hierdie verset dat die OB "'n politieke magsfaktor geword [het] waarmee die Smuts-regering terdeë rekening moes hou."[60]

Met Van Rensburg se oorname as leier van die OB het die getalle steeds gegroei, veral vanuit anti-oorlogsgesinde oorde.[61] Beide Van Rensburg se leierskapstyl en die regering se besluit om aan die oorlog deel te neem met gepaardgaande oorlogsmaatreëls het lede gewerf. Soos wat dit op 17 September 1942 in *Die Vaderland* gestel word: "die ontberings van die afgelope veertien maande het die OB goed gedoen en dit gehard."[62] Dit is met die instelling van die noodregulasies wat 'n duidelike karakterverandering te bespeur is. Die regering se besluit om alle staatsamptenare te verban om aan die OB te behoort het ook grootliks tot hierdie karakterverandering bygedra. Die gevolg van hierdie regulasie was dat al meer ondergrondse aktiwiteite in die OB begin posvat het, insluitend die drastiese groei van die Stormjaers:

> Hy [die OB] het hoofsaaklik 'n kultuurorganisasie probeer bly. Daarom het die vrouens ook so 'n groot rol gespeel. Die ding wat stadig meer in die militêre rigting weggegaan het, was toe die Stormjaers, en hulle moes uit die OB bedank.[63]

Omdat die Stormjaers in die geheim gefunksioneer het, was dit moeiliker vir die staat om die aktiwiteite van hierdie organisasie te volg. F.A. Faurie, wie sy speurderposisie in die polisie benut het om inligting vir die OB en Stormjaers te bekom, bespreek die verskil tussen die OB en die Stormjaers soos volg:

> ... die OB-lede, die gaan na vergaderings toe, swaai die vlae daar en hulle praat baie, maar die Stormjaers was mense wat in die geheim moes werk, sodat as daardie groot dag dan sou kom, waarvan ons nie presies geweet het wat die omlyning daarvan is nie.[64]

Die karakterverandering van die OB kan egter nie aan een enkele noodregulasie toegeskryf word nie. Dit is verder ook nie alleenlik die Stormjaers wat die versetaktiwiteite van die OB vergestalt nie. Wat wel duidelik is, is dat die OB momentum opgetel het met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, en dat die regering se besluit om aan die oorlog deel te neem, en

---

60 Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, p. 75.
61 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 205.
62 *Die Vaderland*, 17.09.1942.
63 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 19-20, 1973: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 25.
64 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 15.

gevolglik verskeie noodregulasies in te stel, bygedra het tot die algehele verset-ideaal. Van Rensburg stel dit soos volg in sy herinneringe:

> Our ranks were swelling and new commandos were being formed right and left. Our spirit of resistance to the Government, its war effort and its Emergency Regulations, as well as anything else it was throwing into the scale against us, was stiffening and becoming more experienced.[65]

Die grootskaalse arrestasie en internering van Afrikaners, te same met sterk anti-Britse sentimente (oorhoofs gegrond in Afrikanergeskiedenis) het die doel van die OB as ŉ organisasie duidelik gemaak:

> As far as the OB was concerned, its path was obvious. It was a militant and quasi-military organization, and not party-political. It was engaged in a Republican and bitterly anti-war struggle, with comrades taken right and left, lying in prison cells and internment camps. Its road was often difficult, but always perfectly clear.[66]

Volgens Van Rensburg was die OB dus altyd militant van aard, maar tog is ŉ karakterverandering opmerklik. Terblanche meen dat die karakterverandering van die OB behels het dat "die OB weldra sy kulturele kleed sou afwerp en vir hom ŉ politieke baadjie aantrek."[67] Dit is egter noodsaaklik om te beklemtoon dat die draai na ŉ meer politiesgeoriënteerde karakter nie beteken dat alle fokus op kultuur verlore gegaan het nie. Die OB het dus buigsaam gebly en aangepas by die omstandighede waarbinne hy homself bevind het, soos wat een tydgenoot die karakterverandering motiveer: "Ons moes by ons omstandighede aangepas het."[68]

Benewens die feit dat ŉ klemverskuiwing van suiwer kultuurgeoriënteerd na versetgedrewe sigbaar is, is die element van kultuur egter nooit heeltemal afgeskaf nie, soos wat mnr. F.G.T. Radloff bevestig:

---

65 H. van Rensburg, *Their paths crossed mine* (Cape Town, Central News Agency, 1956), p. 203.
66 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 204.
67 Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, p. 75.
68 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 220-221, 1983: H.M. Robinson/F.G.T. Radloff, p. 25.

> ... die kultuur omvat alles. Die kultuur van ŉ nasie het alles te doen, soos die een geleerde gesê het: om sy sedelike en geestelike lewe te bevorder. En ek dink die OB het die hele tyd daarop uit gewees om presies dit te doen. Maar dit het natuurlik afgehang van die omstandighede [sic].[69]

Opsommend kan daar geredeneer word dat hoewel die karakterwisseling van kultuurorganisasie na versetorganisasie duidelik opsigtelik is, is dit ook opmerklik dat die OB steeds kultuur as versetmiddel benut het. Dit word duideliker in die opvolgende afdelings. Sekere temas, soos die swaarkry van die Afrikaner en die onderdrukking van Afrikaners regdeur die geskiedenis, is in beide karakters van die OB te bespeur; beide om kultuur te bevorder en om te verset. Die OB het dus ŉ dualistiese karakter aangeneem: kultuurgeoriënteerdheid en verset. Die wyse waarop die OB verset het teen oorlogsdeelname en die implementering van die noodregulasies, het verskeie fasette wat bestudeer behoort te word. Die volgende afdeling bestudeer die verskillende vorme van verset wat te bespeur is.

### 3.2. Die OB se verskillende vorme van verset

Die OB het "ŉ brandpunt gevorm van die anti-oorlogsgesinde Afrikanerdom."[70] Net soos wat die OB ŉ dualistiese karakter aangeneem het, kan die soorte verset ook as dualisties beskou word. Soos wat ŉ voormalige Stormjaer, mnr. S. Boshoff, dit stel:

> Ons was bewus van die idee dat ons daarop uit is om Jan Smuts te saboteer, of passief te wees deur sloerstakings, noem dit wat jy wil. Jy is nou net nie gediend met die oorlogspoging nie. Solank as wat jy net die regering in die wiele kan ry, dan het jy klaar ŉ sekere taak vervul.[71]

Die OB het dus ŉ reaksie teen Suid-Afrikaanse deelname verteenwoordig. Die doel hieragter was om Afrikanerweerstand te bewerkstellig.[72] Die uitsendings van Radio Zeesen het verset teen oorlogsdeelname aangehits. Verskeie versetaksies soos sabotasie, grootskaalse byeenkomste, boikotte, en vreedsame petisies is aangemoedig.[73] Die grootskaalse internering

---

69 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 220-221, 1983: H.M. Robinson/F.G.T. Radloff, p. 25.
70 Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief', p. 3.
71 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 137, 1977: L.M. Fourie/S. Boshoff, p. 2.
72 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 200.
73 Marx, '"Dear Listeners in South Africa"', p. 158.

van Afrikaners en Duitsers in Suid-Afrika was een van die sleutel leitmotiewe wat deur Radio Zeesen benut is. Die internering is toegeskryf aan Smuts se ideaal om alle Afrikanernasionaliste vanuit die samelewing te ontruim, om sodoende die patriotisme onder die Afrikanervolk te demp.[74]

Soos reeds bespreek, is daar dikwels op sekere temas in die Afrikanerdom se geskiedenis staatgemaak om verset te regverdig. Die binnelandse situasie toon verskeie ooreenkomste tussen die Eerste Wêreldoorlog en die Tweede Wêreldoorlog.[75] Suid-Afrika was in beide oorloë verdeeld. In die geval van die Eerste Wêreldoorlog was dit die Rebellie wat die leidende rol gespeel het in binnelandse verset, daarenteen was dit die OB, spesifiek die Stormjaers, wat die leiding met binnelandse verset tydens die Tweede Wêreldoorlog geneem het. Die rebelle van 1914 is tot helde status verhef. Soos wat Davenport dit tereg stel: "Nationalist Afrikanerdom has always thriven on the blood of martyrs, and the rebellion added the names of De la Rey, Beyers and Fourie to their roll of honour."[76]

Die Rebellie is vinnig deur die regering gestuit tydens die Eerste Wêreldoorlog, daarenteen het die binnelandse verset tydens die Tweede Wêreldoorlog tot vroeg in 1944 voortgeduur.[77] Die rede hiervoor is moontlik omdat die Smuts-regering verskeie konteksgebonde uitdagings tydens die Tweede Wêreldoorlog gehad het. Twee van die grootste uitdagings was opleiding en befondsing. Smuts het wel kort na sy oorname as Eerste Minister sowat £1 250 toegeken vir "Miscellaneous and Incidental Expenditure". Die hoofdoel hieragter was om inligting vir militêre doeleindes in te samel.[78]

Verskeie redes het daartoe bygedra dat militêre inligting benut is op tuisfront. Eerstens, 'n regering wat in oorlog gedompel is en binnelandse onrus ervaar, moet alle nodige inligting vir "strategic, operational and tactical knowledge internationally and domestically" insamel.[79] Deur militêre inligting te gebruik was dit moontlik om inligting in te samel, te verwerk en dan

---

74 Marx, '"Dear Listeners in South Africa"', pp. 159-160.

75 I. van der Waag, *A Military History of Modern South Africa* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball, 2015), p. 176.

76 T.R.H. Davenport, 'The South African Rebellion, 1914', *The English Historical Review*, 78, 306 (1963), p. 93.

77 Van der Waag, *A Military History of Modern South Africa*, p. 177.

78 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 120.

79 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 120.

aan die relevante partye oor te dra. Tweedens, sonder militêre inligting sou die regering nie oor inligting beskik oor internasionale aktiwiteite wat interne situasies beïnvloed nie.[80] Die uitsendings van Radio Zeesen kan hier as voorbeeld uitgelig word omdat hierdie uitsendings verskeie OB-lede direk aangehits het om teen die Smuts-regering se oorlogspoging te verset.[81] Derdens, die inligting wat deur middel van militêre inligting bekom is, het dit moontlik gemaak om "pro-active measures" teen ondergrondse aktiwiteite te neem.[82] Vierdens, die inligting wat ingesamel is, is deur wetstoepassingsagente benut om die nodige agtergrondinligting te bekom oor die sake wat ondersoek word.[83] Hierdie inligting is dan gebruik om individue te arresteer en te interneer.

Dit is interessant dat die opstel van interneringskampe regoor Suid-Afrika op twee wyses teen Smuts gewerk het. Eerstens, die verantwoordelikheid vir die waghou van die interneringskampe is op die Unie-verdedigingsmag geplaas.[84] Dit het ingespeel op een van die OB se doelwitte, naamlik om soveel as moontlik soldate in Suid-Afrika te hou.[85] Tweedens, met die instelling van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies het die reaksie teen oorlogsdeelname slegs versterk, met die Stormjaers as hoof uitvloeisel hiervan.[86] Die Smuts-regering het dus ŉ reaksie ontketen waarvoor dit nie juis voorbereid was nie: "South Africa lacked a well-established counter-intelligence service to combat the internal threat of pro-Nazi, anti-British and right-wing Afrikaner groups such as the OB."[87] ŉ Tipe kettingreaksie is dus ontlok. Die noodregulasies is ingestel om binnelandse onrus te beveg,[88] maar daarenteen het die grootskaalse internering van Afrikaners versetaktiwiteite verder aangevuur.

80 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 120.

81 Vir 'n in-diepte bespreking van die propaganda wat deur Radio Zeesen versprei is, sien Marx, '"Dear Listeners in South Africa"', pp. 148-172.

82 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 120.

83 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 120.

84 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 118.

85 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 515; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 154, 1977: L.M. Fourie/J.J. Coetzer, p. 17; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 171, 1978: L.M. Fourie/M.C. de Graaf Genis, p. 11.

86 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 201.

87 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 119.

88 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 216.

Dit is egter van belang om die spesifieke soort aksies van die Smuts-regering vlugtig te bespreek omdat dit bygedra het tot die aard van die versetaktiwiteite wat deur die OB onderneem is. Verskeie waaksaamheidskomitees in saamgestel, veral in areas waar Duitssprekendes gewoon het. Hierdie komitees het vier funksies uitgevoer. Die eerste funksie was om waaksaam te wees vir "espionage, sabotage and hostile actions by groups". Tweedens het hierdie komitees sake van "intimidation, tampering with the indigenous population, subversive speeches or actions" en moontlike valskermspringers in daardie omgewings ondersoek. Die derde funksie was om sake van swaarkry onder die familielede van diegene wat weg is op diens te ondersoek, te rapporteer, en waar nodig was te probeer regstel.[89] Hierdie funksie is in dieselfde kapasiteit deur die Noodhulpfonds vervul vir die afhanklikes van OB-lede wat gearresteer en geïnterneer is.[90] Vierdens het hierdie komitees enige aksies en aktiwiteite wat sekuriteit in die gedrang stel ondersoek en rapporteer.[91]

Met Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog is daar ook 'n Spesiale Afdeling van die Speurdiens in die lewe geroep. Die doel van hierdie Spesiale Afdeling was om mense wat die oorlogspoging in die wiele wil ry, dop te hou.[92] Die vroeë dae van die Spesiale Afdeling het hoofsaaklik op Duitsers en Nederlanders gefokus, daarna is die fokus op Afrikanergroepe geplaas.[93] Aanvanklik is verskeie afdelings en lede van hierdie groepe gemonitor, insluitend Manie Maritz se Boerenasie, en Robey Leibbrandt se Nasionaal-Sosialistiese Rebelle. Met die verloop van die oorlog het die fokus hoofsaaklik na die OB verskuif. Faurie vertel:

> Dus was die Ossewa-Brandwag toe die enigste georganiseerde groep mense wat kon weerstand bied en wat verdink is van allerhande dinge, soos nou telefoondrade knip en ander goed, wat moontlik die oorlogspoging in die wiele kon ry.[94]

Sekere swakpunte in die Smuts-regering se implementering van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies is deur die OB uitgebuit. Die OB het byvoorbeeld die onsekerheid en lang

---

89 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 120.

90 Vir meer inligting oor die OB Noodhulpfonds sien, C. Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day: The nature of women's general activities in the Ossewa-Brandwag, 1939-1943', *New Contree*, 66 (2013), pp. 126-137.

91 Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', p. 120.

92 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 2.

93 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 3.

94 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, pp. 2-3.

wagperiodes vir die redes vir internering tot hul voordeel gebruik.[95] Die onsekerheid oor die redes wat tot internering lei word soos volg in *Die OB*-koerant uitgelig:

> ’n Groot aantal Afrikaners sit vandag al in die Regering se tronke en interneringskampe ... waarvan hierdie mense skuldig is, weet ons nie en of hul skuld ooit voor die geregshowe bewys sal word, weet ons ook nie.[96]

In dieselfde OB-koerant van 25 Februarie 1942 word daar ’n beroep op OB-lede gedoen om “met ’n daad” te protesteer.[97] Die OB was van mening dat die instelling van die noodregulasies en die grootskaalse internering van Afrikaners bygedra het tot ’n gees van verset. Een voorbeeld waar Van Rensburg melding hiervan maak is in die Uniale Bevel van 13 Julie 1942. Die bevel handel spesifiek oor J.D. (Julian) Visser en H.S. (Hendrik) van Blerk,[98] wat tot die dood veroordeel is vir hul versetaktiwiteite:

> Die gevoelens van die Ossewabrandwag teenoor ons twee gevonnisde broers is, kortliks, dat hul na drie jaar van uittarting deur die noodregulasies en skreiende onreg teen mede-Afrikaners in die Regering se tronk eindelik tot ’n daad, ’n wanhoopsdaad oorgegaan het uit selflose motiewe.[99]

Ten einde die OB se reaksie op die Smuts-regering se noodregulasies te verstaan, is dit noodsaaklik om weereens na een van die OB se hoofdoelwitte van dié versetaktiwiteite te verwys. A.G. Dannhauser, OB-Jeugkommandant in Noord-Natal en latere Stormjaer, beskryf die motivering soos volg:

> ... ons het hierdie dinge gedoen sodat van ons mense nie oorsee gestuur moes word om daar doodgeskiet te word nie, maar dat hulle liewer in ons land moes bly om dan vir ons op te pas wat dan die sogenaamde saboteurs hier was ... Dit het hier om die volksaak gegaan.[100]

---

95 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.
96 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.
97 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.
98 Visser en Van Blerk word in afdeling 3.2.2.3 verder bespreek.
99 OBA: A de V. Visser-versameling, B/L 1/1, omslag 3: Ossewabrandwag Uniale Bevel, 13 Julie 1942.
100 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 187-188, 1977: L.M. Fourie/A.G. Dannhauser, p. 5.

Dit is van belang om die aard van die OB se versetaktiwiteite in groter besonderhede te bestudeer. Wat was die kernaard van die OB se versetaktiwiteite teen die Smuts-regering se oorlogspoging en oorlogsmaatreëls? Die volgende afdeling beskryf beide die passiewe en die aktiewe verset van die OB breedvoerig. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word *passiewe* versetaksies beskou as enige aktiwiteit wat teen die oorlogspoging en oorlogsmaatreëls protesteer sonder die gebruik van geweld of sabotasie. Verder word *aktiewe* versetaksies beskou as enige aktiwiteite wat gewelddadig van aard is, en/of sabotering behels.

### ***3.2.1. "Sonder gewere":[101] Passiewe versetaksies***

Passiewe verset het verskeie vorme aangeneem.[102] Hierdie deel van die hoofstuk wys dat verskeie groepe van die Stormjaers ook aan passiewe versetaksies deelgeneem het. Verder wys dit ook dat eenheid in terme van anti-oorlogsgesindheid in die breër Afrikanerdom bestaan het. Hierdie anti-oorlogse gevoelens is dikwels gemobiliseer om passief teen die oorlogspoging te verset. Die Vroue-optog van 1940, waarby daar sowat 9 870 vroue betrokke was,[103] reflekteer die eenheid wat binne die OB en die breër anti-oorlogsgesinde Afrikanerdom ontstaan het. Soos reeds in Hoofstuk 2 bespreek, behoort die Vroue-optog as bewys te dien dat die noodregulasies nie slegs die radikale OB lede geaffekteer het nie, maar veral ook die vroue in die organisasie.[104]

---

101 "Sonder gewere" is dikwels deur tydgenote benut om na die passiewe verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging te verwys. Dit is ook later deur F.W. Quass in sy roman oor die Tweede Wêreldoorlog gebruik, sien: F.W. Quass, *Die Tweede Rebellie: 'n roman* (Johannesburg, Afcet-uitgewers, 1975).

102 Vir 'n in-diepte analise van "lydende verset", sien C. Blignaut, '"Skep julle kommando's in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!": Die Ossewa-Brandwag se maatskaplike beleid van Sosiale Volksorg, 1943-1952', *New Contree*, 74 (2015), pp. 68-103.

103 Blignaut, '"Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!"', p. 73.

104 C. Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig: 'n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954' (MA verhandeling, Noordwes Universiteit, Potchefstroom, 2012), p. 208.




**Figuur 3(a): Foto's geneem tydens die 22 Junie 1940 vroue-optog te Pretoria.[105]**

Die Vroue-optog het hoofsaaklik gedraai rondom die implementering van die "Afrika-eed", en dat sekere Afrikaners nie die eed wou onderteken nie.[106] Na die Vroue-optog is daar ook 'n petisie opgestel wat "die onmiddellike beëindiging van die oorlog en van die Afrikaner-vervolging" geëis het.[107] Die petisie wat opgestel is, het 150 533 handtekeninge ingesamel.[108]

Passiewe verset is egter nie slegs tot vroue in die OB beperk nie. Sekere groepe van die Stormjaers het ook alleenlik deur middel van passiewe versetaksies teen die oorlogspoging geprotesteer. Meneer F.D. Rousseau, 'n Stormjaer wie in die Lichtenburg omgewing bedrywig was, vertel dat daar Stormjaer-kampe in die Noord-Transvaal gehou is. In Nylstroom (nou bekend as Modimolle) is daar byvoorbeeld 'n kamp gehou waar daar lesings gegee is, skyngevegte gehou is, gedril is, en die bywoners geleer het hoe om "sonder wapens te verdedig".[109] Alhoewel dril vir die doeleindes van hierdie hoofstuk as 'n passiewe versetaksie bestempel word, is dit egter belangrik om te noem dat verskeie OB-lede in 1940 gearresteer is omdat hulle driloefeninge gelei het.[110] Die Smuts-regering het heel moontlik driloefeninge en die kampe gesien as 'n groeiende paramilitêre gees binne die OB, en daarom opgetree daarteen. Die lei van 'n driloefening was verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging omdat die noodregulasie vir die verbod op driloefening met opset geïgnoreer is. Die aksies van die Stormjaers verskil drasties van een area na 'n ander. In die Lichtenburg-area was daar byna geen onderskeid tussen die OB en die Stormjaers nie, daar is byvoorbeeld geen sabotasie dade

105 OBA: Fotoversameling, rekordnommers F00856 en F21144.
106 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 208.
107 *Die Burger*, 24.08.1940.
108 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 210.
109 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 179, 1978: L.M. Fourie/F.D. Rousseau, p. 3.
110 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 214.

in dié omgewing gepleeg nie. Die Stormjaers was wel meer opgelei as die ander OB-lede, maar slegs indien "hulle ons nodig gekry het".[111]

ʼn Verdere voorbeeld is die studente-kommando's van die Universiteit van Stellenbosch, wat deur P.J. Coertze as hoofkommandant gelei is. Coertze wou ʼn soort balans bewerkstellig. Hy was in beheer van twee studente-kommando's, ʼn damesstudente-kommando en ʼn mansstudente-kommando.[112] Coertze het inderwaarheid sy leierskapsposisie gebruik om lede uit aktivistiese dade te hou, dit is hoofsaaklik bereik deur "volksdiens" te bevorder:[113]

> Om hulle nie aan gewelddadige optrede te laat deelneem nie, het ons ʼn landsdiensorganisasie gestig waarin die studente aktief betrek is... So het ons die studente besig gehou en idealisme aangewakker en hulle benewens hulle gewone studiewerk wat hulle gedoen het, aktief aan die gang gehou.[114]

H.T. Hickman, wat tussen 1941 en 1942 Elektriese Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch studeer het, se ervaring van die mansstudente-kommando reflekteer Coertze se beskrywing. Hickman vertel dat daar hoofsaaklik vergaderings gehou is, verskeie arbeidskampe en weinig enige ander vorme van fisiese verset was. Die ergste vorm van sabotasie wat Hickman uit sy Stellenbosch dae kan herroep "was toe die studente van Stellenbosch die naam 'OB' bo teen die Stellenboschberg groot met klippe uitgepak en afgewit het."[115] Niemand is ooit in hegtenis geneem daarvoor nie.

ʼn Verdere vorm van passiewe verset is die bystand wat veral aan die afhanklikes van die politieke gevangenis en geïnterneerdes verskaf is. Die OB is dus ook beïnvloed in terme van die idee van volksorg:

> Dis Ossewa-Brandwag Noodhulpfonds is gestig in 1941 as gevolg van die massa-arrestasies en internering van OB-lede onder die noodmaatreëls van die Smutsregering [sic]. Honderde mense is in die tronk of in kampe aangehou omdat hulle weerstand gebied het teen die oorlogspoging of omdat hulle deur regeringsagente beskou is as ʼn bedreiging.

111 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 179, 1978: L.M. Fourie/F.D. Rousseau, pp. 4-5.
112 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 138-139, 1977: L.M. Fourie/P.J. Coertze, p. 1.
113 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 138-139, 1977: L.M. Fourie/P.J. Coertze, p. 2.
114 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 138-139, 1977: L.M. Fourie/P.J. Coertze, p. 2.
115 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 152, 1977: L.M. Fourie/H.M. Robinson/H.T. Hickman, pp. 7-8.

> Ander was weer voortvlugtend en moes onderhou word soos hulle van die een huis na die ander gevlug het.[116]

Die volksorg wat deur die OB geïnisieer is, was beide van ekonomiese sowel as geestelike aard.[117] Die Noodhulpfonds is daargestel om die families van geïnterneerdes en gearresteerdes te ondersteun, maar ook om opheffingswerk onder die armblankes aan die Witwatersrand te befonds.[118] Alhoewel die Noodhulpfonds as ŉ vorm van passiewe verset beskou word, is dit egter ŉ veelsydige historiese verskynsel wat in diepte analiseer behoort te word. Daarom word hoofstuk vyf spesiaal aan uitvloeisels van die noodregulasies, waaronder die Noodhulpfonds prominent bespreek gaan word, gewy. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is dit egter belangrik om in gedagte te hou dat die Noodhulpfonds, en die insameling en verspreiding van fondse daarvoor, ŉ vorm van passiewe verset was.

Deur die geïnterneerdes in die kampe en tronke asook hulle afhanklikes te ondersteun het die OB-lede "met daad" teen die regering se oorlogspoging en teen die "onreg aan ŉ volk en sy kinders" geprotesteer.[119] Die roep om "met daad" te protesteer[120] is op verskeie wyses deur die OB beantwoord. Een tydgenoot wat simpatiek teenoor geïnterneerdes was, ds. P. Boshoff, het byvoorbeeld toestemming gevra om vuurmaakhout aan die interneringskampe te skenk sodat daar op Kersdag gebraai kan word. Die direkteur van interneringskampe het hierdie versoek toegestaan solank die stompe "nie langer as 10 duim" in lengte is nie.[121] Hierdie "10 duim" maatreël is maar slegs een van die verskeie vereistes wat deur die Unieregering in plek gestel is met betrekking tot goedere wat in die kampe toegelaat is. In enkele ander gevalle is daar "met daad" geprotesteer deur getuigskrifte te skryf om geïnterneerdes in die appèlproses by te staan. Op 18 Februarie 1942 skryf meneer J.J. Tromp ŉ verklaring waarin hy aanbeveel dat die geïnterneerde G.L. Brits losgelaat word omdat hy die geïnterneerde al vir "ŉ geruime tyd" ken en daarvan oortuig is "dat hy niks teen die Regering se oorlogsbeleid sal doen as hy weer op

116 Blignaut, '"Skep julle kommando's in reddinglaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!"', pp. 79-80.
117 Blignaut, '"Skep julle kommando's in reddinglaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!"', p. 80.
118 Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', p. 127.
119 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.
120 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.
121 OBA: L. Immelman-versameling, B/L 1/1, omslag 3: Brief van die Kantoor van die Direkteur van interneringskampe aan ds. P. Boshoff, 9 Desember 1943.

vrye voet gesit word" nie.[122] Dieselfde soort verklaring is ook deur E. Jooste, C. Neser en K.P. van Dijk geskryf vir die moontlike vrylating van Brits.[123]

Die OB het dus die versorging van die afhanklikes en die ondersteuning van politieke gevangenis en geïnterneerdes as protesoptrede beskou. Die sukses van die Noodhulpfonds is ook geprys:

> In ongeveer twee jaar is meer as 40 000 pond deur die OB bestee aan die afhanklikes van die slagoffers van ons republikeinse vryheidstryd ... Ons sal nie toelaat dat die vrouens en kinders van ons kamerade honger ly nie.[124]

Ten spyte van die aktivistiese verset wat reeds grootskaals onderweg was, het die OB steeds klem gelê op vreedsame verset: "Vreedsame verset bly dus oor as leuse en doelwit van ons nasie in hierdie dae van verdrukking, vervolging en intimidasie."[125] Die OB se versetaktiwiteite het egter nie alleenlik binne die passiewe sfeer plaasgevind nie. Aktivistiese verset het ook hoogty gevier.

### *3.2.2. Aktivistiese suurdeeg: Aktiewe versetaksies*

Die OB se karakterverandering van alleenlik kultuurgeoriënteerd na verset dien as bewys dat daar op daardie stadium 'n wil vir aktivisme teen oorlogsdeelname was.[126] Nie alle lede binne die OB het die geweldpleging goedgekeur nie. B.J. Vorster, latere eerste minister, het byvoorbeeld in 'n 1981 onderhoud dit duidelik gemaak dat hy teen geweldpleging gekant was, maar dat hy "verstaan hoekom mense sulke dade gepleeg het, omdat die owerheid hulle onder sodanige druk geplaas het dat mense die dade gepleeg het en dat die owerheid eintlik die verantwoordelikheid moes dra dat jongmense so opgetree het."[127] Binne die OB was daar ook diegene wat uitdruklik teen die Stormjaers gekant was, 'n voorbeeld hiervan is J.A. Smith,

122 OBA: A.R. Fleischack-versameling, B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering, verklaring deur J.J. Tromp, 18 Februarie 1942.
123 OBA: A.R. Fleischack-versameling, B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering, verklaring deur E. Jooste, 26 Februarie 1942; OBA: A.R. Fleischack-versameling, B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering, verklaring deur C. Neser, 26 Februarie 1942; OBA: A.R. Fleischack-versameling, B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering, verklaring deur K.P. van Dijk, 6 Maart 1942.
124 OBA: *Die OB*, 17.05.1944.
125 OBA: *Die OB*, 17.12.1941.
126 Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 217.
127 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 226, 1981: H.O. Terblanche/B.J. Vorster, p. 14.

adjunk-Kommandant-Generaal van die OB (sien figuur 3(b)).[128] Smith het homself gekant teen die Stormjaers omdat hy "bang was vir dubbelorganisasie".[129] Soos wat H. Anderson, adjudant van die Kommandant-Generaal, in 1995 oorvertel oor Smith se siening van die Stormjaers:

> ... hy is nie teen die dade van die Stormjaers nie, maar teen die Stormjaers. Nou weet ek nie of hy gedink het hulle sal hom ondermyn of dat dit ʼn bedekte vrees was dat hy nie die twee goed sal kan beheer nie. Hy was ʼn bakleier. Hy was bang vir die dubbelorganisasie.[130]

Dit is dus nie die geweldpleging van die Stormjaers waarmee Smith ʼn probleem gehad het nie. Smith het eerder gemeen dat dit nie nodig is om ʼn aparte organisasie te stig vir sabotasiedade nie. Deur die sabotasie deel te maak van die OB word die aksies nie "uit die hande van die kommando's" geneem nie, en die aksies is "in die hande van verantwoordelike offisiere van die Ossewa-Brandwag".[131] Verder was ds. S.J. Stander, predikant aan die NG-kerk te Hartbeesfontein en voorsitter van die OB se Grootraad, ook teen die idee van die Stormjaers gekant.[132] Stander se standpunt teen die Stormjaers is egter onduidelik, hy maak dit wel duidelik dat die Stormjaers se aksies "weerwraak" was teen die grootskaalse internering.[133]

---

128 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 196, 1978: L.M. Fourie/W.R. Laubscher, p. 6; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 16-18, 1995: H.M. Robinson/H. Anderson, p. 35; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 105-106, 1975: H.M. Robinson/C.A. Pienaar, p. 22.


129 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 16-18, 1995: H.M. Robinson/H. Anderson, p. 35.

130 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 16-18, 1995: H.M. Robinson/H. Anderson, p. 35.

131 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 196, 1978: L.M. Fourie/W.R. Laubscher, p. 6.

132 Vir meer inligting oor Stander, sien: OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 1-2, 1978: H.M. Robinson/S.J. Stander, pp. 1-15.

133 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 1-2, 1978: H.M. Robinson/S.J. Stander, p. 13.



**Figuur 3(b): Adjunk-Kommandant Generaal J.A. Smith.**[134]

Ten einde ŉ volledige prent te skets van die OB se aktiewe versetaktiwiteite word hierdie onderafdeling verdeel onder drie opskrifte: Die Stormjaers (3.2.2.1), die Terreurgroep (3.2.2.2), en Julian Visser en Hendrik van Blerk (3.2.2.3).

### *3.2.2.1. Die Stormjaers*

Die Stormjaers was ŉ geheime organisasie, terwyl die OB nie onwettig of geheimsinnig van aard was nie. Die OB en die Stormjaers het dit egter eens gehad wat kultuuroriëntasie en die stryd om Afrikaneronafhanklikheid betref het.[135] Blake meen dat Johannes van der Walt se aanbeveling gelei het tot die stigting van die Stormjaers;[136] die eerste lede van die organisasie

---

134 OBA: Fotoversameling, rekordnommer F00482.

135 Blake, *Wit terroriste*, p. 67.

136 Johannes van der Walt was ŉ OB-hoofgeneraal van die Witwatersrand area en ŉ wêreldbekende rofstoeier. Van der Walt het talle van sy ondersteuners na die OB gelok, en sodoende bygedra tot die OB se aanvanklike groei. Van der Walt het later ŉ eedsverklaring afgelê waarin verskeie aantygings teen die OB se leierskap gemaak is. Van der Walt se verklaring het breedvoerige nagevolge gehad. Die verklaring is deur die NP benut in hulle stryd teen die OB, terwyl die verklaring deur die OB as vals afgemaak is. Die OB het vervolgens vir Van der Walt as ŉ verraaier bestempel. Nietemin, is dit steeds duidelik dat Van der Walt ŉ groot rol in die beginfase van beide die OB en die Stormjaers vertolk het. Vir meer inligting oor Van der Walt sien: Blake, *Wit terroriste*, pp. 203-210; G.J.L. Scholtz, 'Johannes van der Walt, 1908-1943: Sportman en Boerepatriot' (PU vir CHO, Departement vir Liggaamlike Opvoeding, 1977).

was hoofsaaklik lede wat by Van Der Walt se gimnasium bedrywig was.[137] Die doel agter die stigting was aanvanklik "om as wagte en beskermers op te tree indien die soldate weer aanvalle op Afrikaner-instellings sou uitvoer."[138] Die behoefte het dus ontstaan vir "'n vaste wag" om beurtelings wag te hou, veral by die hoofgebou van *Die Transvaler*.[139] Spies bevestig dat Van der Walt betrokke was met die stigting van die Stormjaers.[140] Anderson, daarenteen, verskil egter van Blake en Spies, en meen dat Van der Walt nooit deel van die Stormjaers was nie, en dat hy nie "enige rol gespeel" het nie.[141] Wat wel ooreenstemmend is, is dat die Stormjaers in April 1940 gestig is, met selfverdediging as hoofbeginsel.[142]

Die Stormjaers kan as "'n vleuel met spesifieke opdragte binne die OB-organisasie" beskryf word.[143] Die Stormjaers was 'n "[k]ring binne 'n kring".[144] Die skakeling tussen die OB en die Stormjaers blyk aanvanklik problematies te wees. Mettertyd is daar 'n skakeloffisier aangestel met die opdrag "om altyd op hoogte van sake te wees" met die bedrywighede van die Stormjaers.[145] J.C.J. van der Westhuysen, 'n prominente OB-lid in Transvaal, is deur die Transvaalse Beheerraad as amptelike skakeloffisier aangewys.[146] As skakeloffisier het Van der Westhuysen voortgegaan met sy take by die OB, en van tyd tot tyd het die senior offisiere van die Stormjaers in verbinding gekom met Van der Westhuysen om hom op hoogte te hou.[147] Nie alle lede het uit die OB bedank om by die Stormjaers aan te sluit nie. D.J. Erasmus vertel dat hy aangebly het as Hoofkommandant van die Vrystaat, selfs nadat hy by die Stormjaers aangesluit het. Hy dui egter aan dat hy in werklikheid slegs by die breër OB "in naam aangebly"

---

137 Blake, *Wit terroriste*, p. 69.

138 Blake, *Wit terroriste*, p. 69. Een van die aanvalle waarna verwys word, is reeds in Hoofstuk 2 bespreek.

139 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 51, 1973: H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen, p. 14.

140 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 222, 1984: H.C. van Rooy/H.M. Robinson/L.M. Fourie/J.S. Coetzer/A.S. Spies, p. 20.

141 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 16-18, 1995: H.M. Robinson/H. Anderson, p. 24.

142 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 222, 1984: H.C. van Rooy/H.M. Robinson/L.M. Fourie/J.S. Coetzer/A.S. Spies, p. 4.

143 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 3-5 & 120, 1973: H.C. van Rooy/H.M. Robinson/L.M. Fourie/J.S. Coetzer/A.S. Spies, p. 69.

144 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 3-5 & 120, 1973: H.C. van Rooy/H.M. Robinson/L.M. Fourie/J.S. Coetzer/A.S. Spies, p. 69.

145 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 51, 1973: H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen, p. 14.

146 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 51, 1973: H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen, p. 14.

147 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 112, 1976: H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen, p. 12.

het omdat hy nie “die vertroue van baie mense” wou verloor nie.[148] Vanuit Van der Westhuysen en Erasmus se gevalle is dit duidelik dat dit “nie noodsaaklik [was] om uit die OB te bedank as jy ’n Stormjaer geword het nie.”[149]

Die verband tussen die OB en die Stormjaers is dus kompleks van aard. Wat egter duidelik is, is dat die Stormjaers voortdurend binnelandse onrus veroorsaak het met die doel om die Smuts-regering se oorlogspoging in die wiele te ry.[150] ’n Verband tussen die OB se aanvanklike jeugvleuel, die Penkoppe, en die Stormjaers is ook sigbaar. In 1995 vertel meneer Bakkes sy ervaring oor:

> Ek is as Stormjaer ingesweer. Ek was 15 jaar oud. In dié stadium het ek dus twee hoede gedra: ek was Penkop-Veldkornet van die Boerejeug en S.J.-verkenner en rapportganger [sic]. Ek was ten volle in harmonie met dr. Neethling se ondergrondse bedrywighede, dog in opstand teen die O.B. se jeugsiening.[151]

Net soos met die kultuur georiënteerde element van die OB, asook die passiewe versetaktiwiteite van die organisasie, het die Stormjaers ook temas uit die Afrikanergeskiedenis as inspirasie gehaal. Die Stormjaers het dikwels hulle sabotasiedade in vergelyking met die Rebellie van 1914 gestel.[152] Dit is ook opmerklik dat die Stormjaers verskeie helde vanuit die 1914 Rebellie geprys het: “They regarded Jopie Fourie, who had been executed by the Botha government for his activities during the Rebellion, as martyr and role model.”[153] Fourie is binne OB- en Stormjaer-kringe tot “mitiese martelaar” verhef.[154] Die Stormjaers het dus ook op elemente van Afrikanergeskiedenis staatgemaak as motivering vir hulle aktiwiteite.

Sekerheid oor die presiese definisie van die Stormjaers is egter onduidelik. ’n Verskeidenheid blikke word gebied oor wat die Stormjaers presies was. Volgens Blake se definisie wil dit voorkom asof die hele Stormjaer organisasie by ondermynende aktiwiteite betrokke was:

---

148 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 42, 45-46, 1973: H.M. Robinson/D.J. Erasmus, pp. 12-13.

149 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 51, 1973: H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen, p. 15.

150 Robinson, ‘Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: ’n perspektief’, p. 5.

151 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 234, 1988: H.M. Robinson/C.M. Bakkes, pp. 3-4.

152 J.A. Du Pisani, ‘Hegemonic masculinity in Afrikaner nationalist mobilisation, 1934-1948’, in S. Dudink, K. Hagemann and J. Tosh (eds.), *Masculinities in politics and war: gendering modern history*. (Manchester, Manchester University Press, 2004), p. 165.

153 Du Pisani, ‘Hegemonic masculinity in Afrikaner nationalist mobilization, 1934-1948’, p. 165.

154 Blake, *Wit terroriste*, p. 21.

> Die Stormjaers was betrokke by ŉ wye verskeidenheid ondermynende bedrywighede soos die vervaardiging van plofstof, die opblaas van strategiese instellings en die grootskaalse vernietiging van verbindingslyne en kragdrade en stasies. Hulle het ook gewaagde rooftogte uitgevoer waarin groot bedrae gebuit is.[155]

Die realiteit is meer kompleks. Die Stormjaerselle het nie slegs verskil van area tot area nie, maar binne elke area het die aktiwiteite ook van mekaar verskil. In Natal is daar byvoorbeeld slegs "uitgesoekte mense" gekies vir die Stormjaers, en die doel was om die Stormjaers in klein selle te hou.[156] Meneer C.A. Pienaar, die eerste Stormjaer in Natal, verduidelik:

> En só het ons die Stormjaers regdeur Natal georganiseer. In elke kommandantskap het ons hulle bymekaar gebring en ek het gesorg dat selfs baie van die kommandante nie geweet het wie in sy kommando ŉ SJ was nie.[157]

A.G. Dannhauser, ŉ Stormjaer wat in die Natal-area bedrywig was, se herinneringe bevestig Pienaar se verduideliking:

> Ek het geweet wie my direkte hoof is, en as ek ŉ offisier was, het ek geweet wie my direkte onderhorige is. Met ander woorde, as ek iemand sou moes verraai, dan kon ek net twee mense verraai.[158]

Die Stormjaers in Natal het dus baie katvoet te werk gegaan. Die lede van die Stormjaers in Natal was so versigtig gekeur dat die organisasie uit slegs 250 lede bestaan het.[159] Die motivering agter Pienaar se besluit om die Stormjaers in Natal in te lyf word soos volg verduidelik: "Hierdie jong kêrels het beginne hand uit ruk. Feitlik gemotiveer deur wat in die Transvaal gebeur het, het hulle gevoel hulle wil ook hier met ŉ rekker gaan skiet ..."[160] Blake se mening dat die Stormjaers "onteenseglik ŉ terroristeorganisasie" was,[161] is dus te betwyfel. Vanuit Pienaar se motivering agter die stigting van die Natal Stormjaers is dit duidelik dat sekere Stormjaerleiers gepoog het om ŉ kalmerende invloed uit te oefen. Dit beteken egter nie

155 Blake, *Wit terroriste*, p. 73.
156 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 105-106, 1975: H.M. Robinson/C.A. Pienaar, pp. 18-19.
157 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 105-106, 1975: H.M. Robinson/C.A. Pienaar, p. 19.
158 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 187-188, 1977: L.M. Fourie/A.G. Dannhauser, pp. 3-4.
159 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 105-106, 1975: H.M. Robinson/C.A. Pienaar, p. 26.
160 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 105-106, 1975: H.M. Robinson/C.A. Pienaar, p. 18.
161 Blake, *Wit terroriste*, p. 66.

dat die Stormjaers nie aan ondermynende aktiwiteite deelgeneem het nie, maar eerder dat veralgemenings vermy behoort te word, veral wanneer ŉ organisasie so kompleks soos die Stormjaers ter sprake is. In Transvaal is die Stormjaers se organisasie byvoorbeeld veel anders as in Natal:

> ... ons het toe besluit om die Stormjaers op te deel in groepe van vyf en ons het hulle ook range gegee. Met ander woorde, jy het vyf manskappe gekry en dan het jy ŉ korporaal gekry en dan het die korporaal weer ŉ sersant gehad wat weer vyf korporaals onder hom gehad het en dan het die sersant weer geressorteer onder ŉ veldkornet en hy het weer vyf sersante onder hom gehad en daarna was daar nie weer verdere opdeling gewees nie.[162]

Die aksies in die Transvaal dui dus op ŉ groter en meer geordende organisasie wat inderdaad dikwels by ondermynende aktiwiteite betrokke was. Dit is ook vanuit die Stormjaers in die Transvaal wat die Terreurgroep sou ontstaan. Die aktiwiteite in die Transvaal, en spesifiek die aksies van die Terreurgroep, word in die volgende afdeling in diepte bespreek. In die Noord-Transvaal was die Stormjaers ook op verskeie wyses bedrywig. M.C. de Graaf Genis, wie tweede in bevel van die Potgietersrus (nou bekend as Mokopane) Stormjaers was, vertel dat die aktiwiteite in Noord-Transvaal hoofsaaklik uit draadknippery bestaan het.[163] Die aktiwiteite is hoofsaaklik gepleeg wanneer die regering nog ŉ groep soldate na Noord-Afrika wou stuur.[164] Die Stormjaergroepe het dus op verskillende maniere te werk gegaan, en verskillende motiverings vir hul aksies gehad.

In die Wes-Transvaal, by die Potchefstroom afdeling, het die Stormjaers minder aktiewe verset gepleeg. Meneer H.G. Steyn, wie mettertyd alleen bevel oor die Wes-Transvaalse Stormjaers gehad het, meen dat die Potchefstroom Stormjaers nooit ware sabotasie gepleeg het nie. Die doel vir hierdie organisasie was eerder om "ŉ militêre eenheid" te wees wat "goed afgerig" was.[165] Steyn neem wel kennis van die sabotasiedade wat in Potchefstroom plaasgevind het, maar hou vol dat dit nie die Stormjaers was nie.[166]

---

162 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 14-15, 1974: H.M. Robinson/M.L.P. Slabbert, p. 2.
163 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 171, 1978: L.M. Fourie/M.C. de Graaf Genis, p. 12.
164 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 171, 1978: L.M. Fourie/M.C. de Graaf Genis, p. 12.
165 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 158, 1978: L.M. Fourie/H.G. Steyn, p. 14.
166 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 158, 1978: L.M. Fourie/H.G. Steyn, p. 15.

Die Stormjaersgroep in die Vrystaat dui ook daarop dat nie alle lede wat hulself as Stormjaers identifiseer het, bereid was om ondermynende aktiwiteite te pleeg nie. Die groep Stormjaers in die Vrystaat was mettertyd "om en by 800 lede sterk".[167] C.L. de Jager, wie later in die Koffiefontein interneringskamp geïnterneer is,[168] is as hoof van die Stormjaers aangestel in die Vrystaat.[169] De Jager se Stormjaer-lidmaatskap is ook later as een van die redes vir sy internering deurgegee.[170] De Jager vertel egter dat daar slegs ŉ tiende van hierdie 800 lede opgedaag het die aand toe die grootskaalse draadknippery beplan is:

> Die ander het my bitter teleurgestel. As daardie 800 gewerk het soos hulle moes, was daar nie ŉ telefoondraad in die Vrystaat aan die pale gewees nie."[171] Die draadknippery is as ŉ daad van sabotasie deur die staat beskou, en is ook uitgelig as een van die redes vir De Jager se internering.[172]

Dit is dus belangrik om weer te benadruk dat nie alle Stormjaers, of Stormjaergroepe, onder dieselfde kam geskeer behoort te word nie. Hoewel die OB ŉ sterk vleuel in Kaapland gehad het, het die Stormjaer-organisasie egter nooit daar posvat nie.[173] Hoewel die situasie veel anders gelyk het in verskillende areas van Suid-Afrika, is dit steeds duidelik dat die Stormjaers een hoofdoelwit voor oë gehad het:

> Die SJ-strategie teen die tweede helfte van 1941 was dat ons so veel [sic] Suid-Afrikaanse troepe in Suid-Afrika moet bind – hoofsaaklik om te verhinder dat Afrikanerbloed vir ŉ Britse oorlogspoging gestort word.[174]

Die verbod op staatsamptenare is hier ook van belang. Die verbod het aanvanklik nie ŉ onmiddellike effek gehad nie, maar sou verset versterk. In ŉ 1995 onderhoud vra meneer H.M. Robinson aan meneer H. Anderson of die verbod die "begin van die tydperk wat die OB grootskaals ondergronds gegaan het" was. Anderson se antwoord dui daarop dat die verbod alleenlik die lojaliteit teenoor die OB versterk het:

---

167 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 86, 87 & 70, 1974: H.M. Robinson/C.L. de Jager, p. 63.
168 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 86, 87 & 70, 1974: H.M. Robinson/C.L. de Jager, p. 67.
169 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 86, 87 & 70, 1974: H.M. Robinson/C.L. de Jager, p. 63.
170 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 8: Redes vir internering, 12 Oktober 1942.
171 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 70 & 86-87, 1974: H.M. Robinson/C.L. de Jager, p. 64.
172 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 8: Redes vir internering, 12 Oktober 1942.
173 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 19-20, 1973: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 25; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 226, 1981: H.O. Terblanche/B.J. Vorster, pp. 13-14.
174 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 234, 1988: H.M. Robinson/C.M. Bakkes, p. 4.

> ... dit [die verbod op staatsamptenare se OB-lidmaatskap] het die ondergrondse of die effektiewe verset van die OB of sy effektiewe ondergrondse krag net vertiendubbeld, deurdat die staatsamptenare die getrouheid en lojaliteit behou het teenoor die Ossewa-Brandwag. Hulle het moontlike geleentheid gesoek waar hulle iets kon doen in die geheim (as jy dit ondermynend kan noem). Hulle het effektief OB lede gebly in die geheim, en dit het Genl. Smuts seer sekerlik nie voorsien nie. Hy het gedog hy gaan die spul breek daardeur, maar hy het dit nie reggekry nie. Dit het absoluut geen effek gehad nie.[175]

Een voorbeeld hiervan is J.C. (Chris) Neethling, wie aanvanklik die OB-hoofgeneraal van die Noord-Transvaal afdeling was. Vanweë die noodregulasie se verbod het Neethling sy posisie as hoofgeneraal verlaat. Daarna het hy by die Stormjaers ingeskakel en "ondergronds gegaan".[176] Verder vertel meneer B.S. Bornman, wat 'n polisieman in die westelike deel van Johannesburg was, dat hy ook aanvanklik deel was van die OB, maar later 'n Stormjaer geword het.[177] Bornman is later gearresteer ingevolge die noodregulasies, alhoewel dit blyk dat Bornman nooit aan enige aktivistiese dade deelgeneem het nie. Sy arrestasie is regverdig deur middel van inligting wat daarop dui dat hy aanvanklik aan die OB behoort het, en later by die Stormjaers aangesluit het:

> Daar was in my tydperk nooit op enige vergadering staatsgrepe bespreek nie. Dit was maar net 'n gedagte: as daar 'n staatsgreep is, sal ons moet help. Dit is soos ek dit vertolk het. Daar was nooit enige militêre oefening gewees nie. Daar was nooit ondermynende besprekings nie. En ek het my nie met sabotasie vereenselwig nie. Ek as 'n polisieman sou enige persoon wat ek gekry het wat sabotasie pleeg, gearresteer het, ongeag wie hy is. Ek het my nie daarmee vereenselwig nie, hoewel ek nog 'n lid van die Stormjaers was. Maar ek het net gevoel dit is nog nie die tyd daarvoor nie.[178]

Soveel staatsamptenare, veral polisielede, het by die Stormjaers aangesluit dat 'n beplande *coup d'etat* binne die polisie reeds 'n "advanced stage" bereik het teen Oktober 1941.[179] Tydens die *coup d'etat* sou die polisie binne die Stormjaers blykbaar elke polisiestasie oorneem.[180]

---

175 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 16-18, 1995: H.M. Robinson/H. Anderson, p. 11.
176 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 234, 1988: H.M. Robinson/C.M. Bakkes, p. 3.
177 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 99, 1979: H.M Robinson/B.S. Bornman, pp. 2-4.
178 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 99, 1979: H.M. Robinson/B.S. Bornman, p. 16.
179 OBA: H.C. Havenga-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 29 Maart 1943.
180 OBA: H.C. Havenga-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 29 Maart 1943.

Verskeie voorbeelde van polisielede wat ook Stormjaers was, kan uitgelig word. In Wes-Transvaal in die Potchefstroom afdeling, was daar twee speurders betrokke by Stormjaerbedrywighede.[181] ʼn Verdere voorbeeld van ʼn polisieman wat ondergronds gegaan het en by die Stormjaers aangesluit het, is J.D. Bothma. Bothma het sy posisie gebruik om inligting te bekom oor wie volgende gearresteer gaan word: "Ek het vooraf geweet, en op dié manier kon ek hulle vroegtydig waarsku."[182] Meneer L. Cremer was ook ʼn polisieman wat tydens die oorlog in Johannesburg gestasioneer was.[183] Hy vertel dat hy dikwels deel van klopjagte op OB en Stormjaers was. Cremer vertel verder dat hy dikwels nie geweet het of hy die mense kon vertrou nie. Gevolglik, as Cremer nie die persone geken het nie, het hy hulle nie gewaarsku nie.[184] J.D. (Julian) Visser vertel verder dat een van die bewaarders wat hom en Van Blerk in die dodesel opgepas het, ook ʼn Stormjaer was. [185] Die infiltrasie van Stormjaers in die polisie was so sterk gewees dat daar met een grootskaalse arrestasie "30 polisiemanne van Krugersdorp, Roodepoort en Randfontein gearresteer" is.[186] Neethling se herinneringe bevestig die grootskaalse infiltrasie van Stormjaerlede binne die polisie, by een geleentheid het Neethling byvoorbeeld "27 speurders een aand in die Stormjaers ingesweer".[187] Die infiltrasie van die Stormjaers was deel van die teen-intelligensie pogings deur die regering, en netso ook het die groot hoeveelheid polisie binne die Stormjaers ook ʼn gees van verset binne die staatsdiens aangedui.

Soos reeds genoem was Faurie ook ʼn speurder wat later as dubbelagent opgetree het.[188] Soos wat Faurie dit stel: "Jy jag saam met die honde en vlug saam met die hase".[189] In 1938 is Faurie aangewys as eerste klas speurder-sersant.[190] Faurie vertel dat hy verskeie OB-vergaderings in Transvaal bygewoon het, en dat hy elke keer verslag moes indien.[191] Mettertyd het daar ʼn groep OB en Stormjaer-ondersteuners binne die polisie begin vorm. Faurie het minstens een kontak "in elke afdeling van die Polisie" gehad.[192] Soos wat dit deur meneer Neethling gestel is, het

---

181 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 158, 1978: L.M. Fourie/H.G. Steyn, pp. 13-14.
182 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 42, ongedateer: D.J. Erasmus/J.D. Bothma, p. 2.
183 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 64, 1974: J. van der Walt/L. Cremer, p. 1.
184 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 64, 1974: J. van der Walt/L. Cremer, pp. 7-8.
185 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 59 & 93, 1974: H.M. Robinson/J. Visser, p. 17.
186 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 108, 1975: H.M. Robinson/C.I. Krogh, p. 3.
187 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 19-20, 1973: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 34.
188 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 1; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 242, 1988: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 8.
189 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 50.
190 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 1.
191 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, pp. 5-6.
192 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 7.

die Kommissaris van Polisie "geen bevel gegee wat ons nie gehad het nie, waar ons nie van geweet het nie, want sy adjudant was een van ons mense."[193]

Opsommend kan dit gestel word dat die Stormjaers "'n aparte eenheid binne die OB-organisasie" was.[194] Die Stormjaers het uit die OB ontstaan, maar tog na die ontstaan apart van die OB ontwikkel.[195] Binne die Stormjaers was nog verdere vertakkings, waarvan die een die Terreurgroep was. Die noodregulasie wat OB-lidmaatskap vir alle staatsamptenare verban het, het slegs meer momentum aan die Stormjaers gegee. Mettertyd was daar grootskaalse Stormjaer infiltrasie binne die polisie. Dit is egter duidelik uitgewys dat daar geen vaste definisie vir die Stormjaers is nie. Verder is dit ook belangrik om die verskille tussen Stormjaergroepe en Stormjaerindividue in ag te neem, eerder as om 'n veralgemeende term, soos "terroristeorganisasie",[196] voor te hou. In 1943 is die Stormjaers deur adjunk-kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie soos volg beskou:

> The Stormjaer organization is the action front of the Ossewabrandwag and was established with the express purpose of overthrowing the Government by violence. Its members were instructed to commit acts of sabotage which were calculated in every way to thwart the Government in its successful prosecution of the war.[197]

Vanuit hierdie definisie is dit duidelik dat die verhouding tussen die OB en die Stormjaers kompleks van aard was. Hoewel die tydgenootlike adjunk-kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie die Stormjaers as 'n gewelddadige organisasie beskou het, is dit van belang om die verskille wat binne die organisasie bestaan, in konteks te plaas en te begryp. Verder is daar ook vertakkings binne die Stormjaers wat inderwaarheid alleenlik op geweldpleging gefokus het. Een só 'n voorbeeld is die Terreurgroep.

---

193 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 19-20, 1973: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 33.
194 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 216-219, 1983: H.M. Robinson/A.S. Spies, pp. 52-53.
195 Blake, *Wit terroriste*, p. 67.
196 Blake, *Wit terroriste*, p. 66.
197 OBA: H.C. Havenga-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 29 Maart 1943.

*3.2.2.2. Die Terreurgroep*

J.C. Coetsee vertel dat hy in die organiseringsperiode van die Terreurgroep die "manne van die Terreurgroep hoofsaaklik uit die Stormjaerkommando's getrek" het.[198] As die Stormjaers as "'n kring binne 'n kring" beskryf word,[199] kan die Terreurgroep dus as nóg 'n kleiner kring binne die twee kringe beskryf word. Die Terreurgroep was 'n kleiner groep wat "uit die Stormjaers ontstaan het", onafhanklik opgetree het, en wat die "gevaarlikste van die ondermynende groepe" was.[200] Verskeie OB-lede en selfs Stormjaers wou nie met hierdie groep geassosieer word nie:

> As Stormjaer kon jy nog min of meer die geheime afdeling van die OB gewees het, maar toe dit nou by die Terreur kom, toe neem dit 'n ander kleur wat by ons Afrikanermense nie inslag gevind het nie.[201]

Coetsee was die bevelvoerder en hoof van die Terreurgroep.[202] Coetsee beskryf die Terreurgroep as "'n kerngroep":

> Dit moet nie 'n groot afdeling wees nie. Die moet 'n afdeling wees wat min of meer oor ons land versprei is, 'n kerngroepie wat, indien dit nodig was die chaos kon veroorsaak en dan kon die Stormjaers ingaan en oorneem, en dan sou die groter OB kom en beset."[203]
>
> En die KG het ook gevoel dat hier 'n groep was of moes wees wat nie geassosieer kon word nie, met ander woorde ons was nie Ossewa-Brandwag nie, en ons was ook nie Stormjaers nie, ons was net 'n Terreurgroep, en daardie groep sou onder sy direkte bevel funksioneer.[204]

---

198 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 14.

199 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 3-5 & 120, 1973: H.C. van Rooy/H.M. Robinson/L.M. Fourie/J.S. Coetzer/A.S. Spies, p. 69.

200 Blake, *Wit terroriste*, p. 82.

201 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 15.

202 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 1; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 144-145, 1978, L.M. Fourie/W. de Beer, p. 3.

203 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 4; Kaptein J.M. de Wet beskryf dit ook in dieselfde wyse, sien OBA: OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 9, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.M. de Wet, p. 4.

204 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 4. Meneer M.L.P. Slabbert se beskrywing van die Terreurgroep stem ooreen met Coetsee se beskrywing. Sien OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 14-15, 1974: H.M. Robinson/M.L.P. Slabbert, pp. 1-2. Dr. Hans van Rensburg het as KG van hierdie groep gedien.

Die vroeë bymekaarkomste van die Terreurgroep het ook ŉ impak gehad op die organisasiestruktuur van die groep:

> Ons het een aand by Boet Dommisse se huis bymekaar gekom, waar ek vir Ernst von Elling as majoor aangestel het, Lammie Steenkamp as kaptein en Erwin von Elling as luitenant. Hulle sou normaalweg voortgaan met die produksie van handgranate, brandbomme en tydbomme.[205]

Die Terreurgroep was so bedrywig met plofstowwe dat Coetsee "gedurig so 2000 handgranate" in sy motorhuis gehou het.[206] Die plofstowwe, en reeds gemaakte bomme, is alles by Coetsee se huis gehou. Die eenhede van die Stormjaers het dit dan by Coetsee gaan haal.[207] Meneer Erasmus vertel dat hulle "ŉ paar maal" handgranate en bomme van Pretoria af gekry het.[208] Meneer J. Van Heerden (ook bekend as Steve of Kokkie) is ook deur die Terreurgroep genader omdat hy spesiale kennis oor plofstowwe en brandstof gedra het. Met die uitbreek van die oorlog was Van Heerden by die Brandstofnavorsingsinstituut van Pretoria werksaam. Van Heerden is een van die enkele gevalle van individue wat reguit vanuit die OB na die Terreurgroep verskuif het. Van Heerden het nooit by die Stormjaers betrokke geraak nie.[209] Van Heerden se diverse kennis van skeikunde was veral vir van belang vir die Terreurgroep omdat hulle gereeld met die vervaardiging van bomme te make gehad het.[210] Meneer E. Dommisse is ook by die Terreurgroep betrek omdat hy gereeld met plofstowwe en die vervaardiging van ammunisie by die Spoorweë gewerk het.[211]

Die Terreurgroep se aktiwiteite was egter nie tot springstowwe beperk nie. Motors is ook dikwels gesteel om by te dra tot die verset teen die regering se oorlogspoging. E. Dommisse

---

205 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 3.

206 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 11.

207 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, pp. 35-36.

208 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 42, 45-46, 1973: H.M. Robinson/D.J. Erasmus, p. 25.

209 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 7-9, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J. van Heerden, pp. 1-2.

210 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 26-27, 1973: H.M. Robinson/E. Dommisse/L.S. Reynders, p. 3.

211 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 7-9, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J. van Heerden, pp. 1-2; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 26-27, 1973: H.M. Robinson/E. Dommisse/L.S. Reynders, p. 1.

vertel dat motordiefstal sy "hooftaak" was as deel van die Terreurgroep.[212] Hierdie motors is dikwels benut in rooftogte wat veral op staatsinstansies uitgevoer is. Die geld wat op ondermynende wyses bekom is, is dikwels na die Noodhulpfonds gekanaliseer.[213] Dit blyk egter dat nie alle OB-lede onder hierdie indruk verkeer het nie: "Die geld wat ons gebruik het, was werklikwaar alles geld wat ingesamel is; daar was nie enige onwettige bron gewees nie."[214] Behalwe vir geld wat geroof is, het die Terreurgroep ook by ŉ magistraatshof ingebreek met die doel om ammunisie en wapens wat daar gestoor is, te steel.[215]

Behalwe vir aktiwiteite met springstowwe en rooftogte, het ŉ groep binne die Terreurgroep ook as lyfwagte vir die KG opgetree. [216] Die Terreurgroeplede het dus aan ŉ verskeidenheid saboteringsaksies en ondermynende aktiwiteite deelgeneem. In Oktober 1942 is Lange de Beer byvoorbeeld tot vier jaar tronkstraf gevonnis vir sy betrokkenheid in ŉ verskeidenheid saboteringsaksies.[217] Lede van die Terreurgroep, soos De Beer, is veral "in die kalklig" geplaas omdat hulle met ondermynende aksies bedrywig was.[218] Die Terreurgroep het ook aan algemene sabotasiedade deelgeneem soos die onderbreking van kommunikasie en kragtoevoer na sentrale punte. Enkele dae nadat die noodregulasies afgekondig is, het lede van die Terreurgroep twee elektriese pale naby die Pretoria Sentrale Gevangenis opgeblaas.[219] Propaganda was ook deel van die aktivistiese versetpogings wat deur die OB geloods is. Vroeë vergaderings van die Stormjaers en Terreurgroep, waarby Coetsee en Spies betrokke was, het die volgende idee uiteengesit: "Op dié vergaderings het ons besluit dat ons die Kommunistiese aanplakbiljette op verskillende plekke in die land sou gaan plak om die mense antagonisties teenoor die regering te maak."[220]

---

212 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 26-27, 1973: H.M. Robinson/E. Dommisse/L.S. Reynders, p. 29.

213 A. Blake, *Wit terroriste*, p. 73.

214 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 34-35, 1974: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/G. Cronjé, p. 8.

215 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, pp. 18-19. Die presiese ligging van hierdie magistraatskantoor kon nie bevestig word nie, en die tydgenote het nooit die ligging verklap nie, moontlik omdat hulle vervolging gevrees het.

216 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 14-15, 1974: H.M. Robinson/M.L.P. Slabbert, p. 19.

217 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 144-145, 1978, L.M. Fourie/W. de Beer, pp. 48-49. Teen die einde van 1945 is De Beer egter vrygelaat vir goeie gedrag.

218 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 144-145, 1978, L.M. Fourie/W. de Beer, p. 44.

219 Blake, *Wit terroriste*, p. 117.

220 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 3.

Behalwe vir Coetsee, Dommisse, die Von Elling broers, Steenkamp en Van Heerden, was D. Scribante, P. Riekert, J.M. De Wet en M.L.P. Slabbert ook deel van die Terreurgroep.[221] Die Terreurgroep het ook twee vrouelede gehad, Erika von Elling en Greta Wolff. Mettertyd is die hele Terreurgroep, behalwe vir Erika von Elling en Greta Wolff, gevang.[222] Ten spyte van die Terreurgroep se radikale aksies en sabotering is dit duidelik dat hulle nie noodwendig daarop uit was om lewens te neem nie. Coetsee het byvoorbeeld nie met die optredes van sekere Stormjaergroepe saamgestem nie: "Om ŉ poskantoor te gaan opblaas – dit is kinderagtig, man!"[223] Die "poskantoor" waarvan Coetsee melding maak is natuurlik direk verwant tot Julian Visser en Hendrik Van Blerk. Visser en Van Blerk se gewelddadige aksies is ŉ komplekse tydgenootlike verskynsel wat ŉ meer in-diepte bespreking verg.

*3.2.2.3. Julian Visser en Hendrik Van Blerk*

Visser en Van Blerk se optrede is nie deur die OB, die KG, die Stormjaers as breër organisasie of die Terreurgroep beplan of goedgekeur nie; dit was ŉ "onverwagse" aksie. Onder leiding van Pat Jerling, ŉ prominente Stormjaer in die Benoni en groter Johannesburgse area, het ŉ sekere aantal lede egter meer aktivisties opgetree as wat sekere Stormjaers mee sou saamstem. Onder Jerling se leiding is Van Blerk aanvanklik as assistent-veldkornet aangestel, en later as adjudant van die Kommandant in die Benoni-sel.[224] Die plan om Benoni se hoofposkantoor op te blaas kan onder hierdie "aktivistiese" optredes gesorteer word. Die aksie het ook nie deel gevorm van enige Stormjaer en/of Terreurgroep strategie nie.[225] Die doel was egter nie om enige iemand te beseer nie. Die plan was juis om die poskantoor 23:30 die aand op te blaas omdat "die strate dan leeg was; daar sou nie mense in die omgewing wees nie, niemand sou seerkry nie".[226]

---

221 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 60-61, 93, 1975: H.M. Robinson/D. Scribante, p. 2; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 14-15, 1974: H.M. Robinson/M.L.P. Slabbert, pp. 1-2; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 9, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.M. de Wet, p. 9.

222 Blake, *Wit terroriste*, p. 91.

223 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 38

224 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 241-242, 1988: H.M. Robinson/F. Faurie/H.S. van Blerk, p. 4.

225 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 57-57A, 1974: J.F.J. van Rensburg/K.J.H. Behrens/H.M. Robinson/H.M. van der Westhuysen/H.C. van Rooy/H. Anderson, p. 31.

226 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 241-242, 1988: H.M. Robinson/F. Faurie/H.S. van Blerk, p. 10.

Ten spyte van die edele intensies, is die 21-jarige Jan Zeelie egter oorlede as ŉ direkte gevolg van die poskantoor-ontploffing. Zeelie was self ook ŉ Stormjaer, maar hy was oningelig oor die beplande aanval op die poskantoor.[227] Die omstandighede rondom sy dood is egter te bespiegel. Volgens die hof se aanklagte is hy deur ŉ stuk skrapnel getref,[228] maar volgens Van Blerk is Zeelie in die rug geskiet deur een van die dorpswagte wat op Visser en Van Blerk losgetrek het.[229] Hoe dit ook al sy, die ontploffing van die Benoni-poskantoor het tot die dood van ŉ 21-jarige gelei. Visser en Van Blerk is direk daarvoor verantwoordelik gehou. In verband met die opblasing van die Benoni-poskantoor, het Van der Westhuysen ook die volgende duidelik gemaak:

> Onmiddellik het Hans van Rensburg – al het dit [die bevel] nie van hom gekom nie – by die twee manne gestaan. Onmiddellik het hy ingetree. Ek meen dit moet baie sterk beklemtoon word: hy het sulke mense nooit in die steek gelaat nie.[230]

Hoewel die Stormjaers nie noodwendig almal saam met Visser en Van Blerk se optrede gestem het nie, blyk dit dat daar steeds sterk opgetree sou word indien Visser en Van Blerk om die lewe gebring sou word. Erasmus verduidelik dat die volgende besluit by ŉ Stormjaer vergadering op Van Rensburg se plaas geneem is:

> Ons het toe ook die aand daar besluit – dit was ŉ moeilike besluit om te neem, maar ons het dit nou maar almal eenparig geneem – dat as hulle die twee mense gaan ophang of op een of ander manier om die lewe gaan bring – ons het nie geweet of hulle dalk voor ŉ vuurpeleton sou sit nie, maar ons het gemeen hulle sou gehang word – dan gaan ons inspring en ons lewe ook waag![231]

Neethling bevestig ook dat hoewel Visser en Van Blerk radikaal opgetree het, sou die Stormjaers steeds "sorg dat hulle nie hang nie".[232] Visser en Van Blerk is die enigste saboteurs wat tot die dood veroordeel is. Die vonnisse is wel later tot lewenslange tronkstraf verander,

227 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 241-242, 1988: H.M. Robinson/F. Faurie/H.S. van Blerk, p. 23.
228 Blake, *Wit terroriste*, p. 111.
229 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 241-242, 1988: H.M. Robinson/F. Faurie/H.S. van Blerk, p. 23.
230 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 57-57A, 1974: J.F.J. van Rensburg/K.J.H. Behrens/H.M. Robinson/H.M. van der Westhuysen/H.C. van Rooy/H. Anderson, p. 31.
231 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 42, 45-46, 1973: H.M. Robinson/D.J. Erasmus, pp. 72-73.
232 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 84, 1974: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 26.

en in 1948 is beide onder amnestie vrygelaat.[233] Hoewel Visser en Van Blerk die enigste twee lede is wat tot die dood veroordeel is, is verskeie ander OB en Stormjaerlede geïnterneer en as politieke gevangenis aangehou. Die redes agter die arrestasie en internering van hierdie lede word volgende verken.

### 3.3. Die redes vir internering en gevangenisskap

Soos reeds genoem is verskeie politieke organisasies se lede deur die Smuts-regering geteiken. Volgens Nel was daar lede van Gryshemde, lede van die Boerenasie, maar tog was "die lede van die OB in die oorweldigende meerderheid" toe Nel in die Koffiefontein kamp arriveer.[234] Hierdie afdeling bied 'n kaleidoskopiese beskouing van die aksies wat tot internering en arrestasie gelei het. Hierdie doelwit word bereik deur die fokus op sekere individue binne die OB, die Stormjaers en die Terreurgroep wat in hegtenis geneem is, te plaas. Die opmerklikste historiese manifestasie van die Smuts-regering se grootskaalse internering en arrestasies is die hoogverraad verhoor van 1942. Van die 52 Stormjaers wat aanvanklik aangekla is, "het 31 geweier om op die aanklag van hoogverraad te pleit, terwyl 21 onskuldig gepleit het."[235] Die aantal beskuldigdes het later opgeskuif van 52 na 58 toe.[236] Die verhoor van 58 Stormjaers is ongetwyfeld betekenisvol omdat dit "destyds een van die grootste hoogverraadsake in die land se regsgeskiedenis" was.[237] Hierdie hoofstuk fokus egter nie op dié hoogverraadsaak nie,[238] maar eerder op spesifieke individue se redes vir internering en arrestasie.

Een van die redes vir internering en arrestasie was die betrokkenheid by rooftogte. Die Stormjaers en die Terreurgroep het hulself met allerlei rooftogte bedrywig gehou. De Beer vertel dat hy byvoorbeeld in beheer was van die Staatsvoorskotteroof.[239] P. Riekert en J.M. De Wet was ook by hierdie rooftog betrokke.[240] De Wet is in 1942 deur politieke speurders

233 Blake, *Wit terroriste*, p. 115.
234 Nel, *Agter die doringdraad in Koffiefontein*, p. 11.
235 Blake, *Wit terroriste*, p. 236.
236 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 10-13, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee, p. 25.
237 Blake, *Wit terroriste*, p. 227.
238 Vir 'n in-diepte bespreking en ontleding van die 1942 hoogverraadsaak, sien Blake, *Wit terroriste*, pp. 227-239.
239 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 144-145, 1978, L.M. Fourie/W. de Beer, p. 4.
240 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 9, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.M. de Wet, p. 9.

opgespoor en ingevolge die noodregulasies gearresteer.[241] Meneer M.L.P. Slabbert is ook as gevolg van sy betrokkenheid by rooftogte gearresteer. Slabbert het slegs een aanklag teen hom gekry, gewapende roof onder noodregulasie 42 van 1940.[242] Slabbert is ŉ totaal van sewe en ŉ half jaar tronkstraf opgedien.[243] Hoewel meneer J.M.A. de Wit vir vier verskillende redes geïnterneer is, is sy betrokkenheid by ŉ rooftog tog uitgelig as een van die redes. Die staat beweer in De Wit se redes vir internering dat hy betrokke was by die rooftog van die Pretoriase Munisipaliteit. Die rooftog het op 4 Maart 1943 plaasgevind en is skynbaar deur De Wit en twee ander Stormjaers, M.L.P. Slabbert en M. Prinsloo, van stapel gestuur.[244]

Die gebruik van springstowwe is ook uitgelig as een van die redes vir De Wit se internering. De Wit het volgens die staat "talle geheime byeenkomste van Stormjaers bygewoon". By hierdie byeenkomste is daar blykbaar onderrig gebied oor "die gebruik van handgranate", "krygkuns" en "die bestorming van sleutelpunte soos poskantore en telefoonsentrales".[245] De Wit en "sy groep, wat onder dieselfde bevel ressorteer het", het blykbaar sabotasie-planne gemaak waarby daar springstowwe en brandbomme gebruik sou word. De Wit en sy groep het "omstreeks middel 1942" ŉ byeenkoms bygewoon en daarna dinamiet naby ŉ "spruitjie op die Soutpan-Hammanskraal pad" uitgetoets.[246]

De Wit is nie die enigste individu wat in verband met die gebruik van springstowwe gearresteer is nie. Lede van die Terreurgroep het dikwels brandbomme geplaas met die doel om ŉ brand te stig en dan te vlug. Een so poging het gelei tot vier Terreurgroeplede se inhegtenisname en uiteindelike internering.[247] H. Claassens is ook byvoorbeeld aangekla van die 1942 bomontploffings wat in Potchefstroom plaasgevind het. ŉ Slaghuis, Joodse winkels en ŉ bioskoop is in die aanvalle geteiken.[248] W.J.B. Pretorius is geïnterneer omdat die owerhede inligting bekom het dat hy betrokke was by die brandstigting van twee winkels. Die twee

241 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 9, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.M. de Wet, p. 19.

242 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 14-15, 1974: H.M. Robinson/M.L.P. Slabbert, pp. 24-25.

243 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 14-15, 1974: H.M. Robinson/M.L.P. Slabbert, p. 24.

244 OBA: J.M.A. de Wit-versameling, B/L 1/2, omslag 3: Redes vir die internering van Johannes Martinus Albertus de Wit, 29 Desember 1943.

245 OBA: J.M.A. de Wit-versameling, B/L 1/2, omslag 3: Redes vir die internering van Johannes Martinus Albertus de Wit, 29 Desember 1943.

246 OBA: J.M.A. de Wit-versameling, B/L 1/2, omslag 3: Redes vir die internering van Johannes Martinus Albertus de Wit, 29 Desember 1943.

247 Blake, *Wit terroriste*, p. 120.

248 Blake, *Wit terroriste*, p. 125.

winkels het onderskeidelik aan J. Berkow en O.K. Bazaars behoort. Die twee winkels is op 10 Februarie 1942 deur middel van brandbomme aan die brand gesteek. Die staat beweer dat hierdie brandstigting gepleeg is "met die doel om onrus tydens 'n staat van nood onder die bevolking te veroorsaak".[249] Behalwe vir die skynbare doel om onrus te veroorsaak, word daar ook vermeld dat Pretorius dus "onwettig" springstowwe gebruik het. Gevolglik is Pretorius as 'n gevaar vir die staat bestempel.[250] In die Noord-Transvaal omgewing is De Graaf Genis ook geïnterneer omdat hy "aandadig was aan die diefstal van dinamiet".[251]

Een van die redes wat deurgegee is vir die arrestasie van O.L. Nel is omdat hy "in noue verbintenis" was met 'n afdeling van die Stormjaers wat as die "Suicide Squad" bekend gestaan het.[252] Nel het blykbaar saamgesweer "om sabotasie dade op grootskaal te Durban te pleeg". Blykbaar het Nel, te same met Scribante en Kokkie van Heerden, beide lede van die Terreurgroep, die volgende plan beraam:

> Planne was klaar beraam om onder leiding van genoemde Van Heerden die kragstasie, Vloot en Militêre Hoofkwartiere, die Poskantoor en "Caltex Petrol Stores" gedurende die tweede week van Julie 1942 op te blaas. Vir die doel het die "Suicide Squad" enorme hoeveelhede tyd- en brandbomme versamel.[253]

Verder word daar beweer dat Nel met Duitsers onderhandel het met die doel om wapens en ammunisie te bekom. Dié wapens en ammunisie sou "deur die Portugeesgebied oor die Natalgrens" gesmokkel word, om gevolglik vir Stormjaer-bedrywighede benut te word.[254]

Behalwe vir die individue se betrokkenheid by rooftogte en die gebruik van springstowwe, is die verspreiding van anti-oorlogsgesinde propaganda ook dikwels as redes vir internering gelys. Soos reeds bespreek het die OB die verspreiding van propaganda as 'n vorm van verset beskou. Een vorm van propaganda wat deur die OB versprei is, is *Die Waketting*. H.G. Stoker, 'n professor van filosofie wat aan die PU vir CHO verbonde was se idees oor die organiese

249 OBA: W.J.B. Pretorius-versameling, B/L 1/1, omslag 5: Redes vir internering, 11 Mei 1942.
250 OBA: W.J.B. Pretorius-versameling, B/L 1/1, omslag 5: Redes vir internering, 11 Mei 1942.
251 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 171, 1978: L.M. Fourie/M.C. de Graaf Genis, p. 19; OBA: M.C. de G. Genis-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 6 April 1974.
252 Die *Suicide Squad* verwys na die Terreurgroep.
253 OBA: O.L. Nel-versameling, B/L 1/1, omslag 3: Redes vir internering, 16 Oktober 1942.
254 OBA: O.L. Nel-versameling, B/L 1/1, omslag 3: Redes vir internering, 16 Oktober 1942.

eenheid van die volk het die beskouing van die OB grootliks beïnvloed.[255] Hierdie filosofieë en idees is ook in *Die Waketting* vervat. Een van die redes vir Stoker se internering is byvoorbeeld omdat Stoker "Nasionaal Sosialistiese" artikels vir *Die Waketting* tydskrif geskryf het.[256] *Die Waketting* word as "a series of propaganda pamphlets" beskryf.[257] Hierdie "propaganda pamphlets" is deur die hoofkwartier van die Transvaalse Ossewabrandwag uitgegee, en elke uitgawe is as 'n skakel in die ketting beskou.[258] Die eerste een van hierdie "skakels" is aan die begin van November 1941 uitgegee.[259]

Medepligtigheid in die verspreiding van *Die Waketting* is ook as een van die redes vir H.C. Havenga se internering deurgegee.[260] *Die Waketting* is deur die staat ingespan om te bewys dat Stoker "'n ondersteuner en groot bewonderaar van die 'Nuwe Orde'" is[261]. Die bewyse wat hiervoor gemeld is, is Stoker se artikels in *Die Waketting,* asook twee dokumente wat in Stoker se besit gevind is. Die twee dokumente is soos volg getiteld: *Voorlopige Konstitusionele Raamwerk van die Republiek van Suid-Afrika* ('n konsep konstitusie), en *Demokrasie vs. Gesagstaat* ('n konsep lesing).[262] Een van die redes vir Stoker se internering het ook met ander anti-oorlogsgesinde dokumentasie te make. Volgens die staat kom Stoker se anti-Smutsgesindhede duidelik na vore in 'n boek waarvan Stoker die outeur is, getiteld *Die Stryd om die Ordes*. Drie uittreksels uit *Die Stryd om die Ordes* word as bewyse van Stoker se anti-Britse en pro-Duitse sienings deurgegee.[263]

Die verspreiding van propaganda het verskillende vorme aangeneem. Anti-oorlogsgesinde frases wat in pamflette, omsendbriewe, tydskrifte en lesings voorgekom het, is as propaganda beskou. In Nel se redes vir internering het die owerheid selfs moeite gedoen om sekere frases wat Nel in omsendbriewe in lesings gemaak het, as deel van die redes vir sy internering uit te lig. Hierdie frases word as "propaganda" met die doel om "die oorlogspoging te dwarsboom"

---

255 Vir meer inligting oor H.G. Stoker, sien die volgende bronne: H.G. Stoker, *Die Stryd om die ordes* (Potchefstroom, Calvyn Jubileumboekefonds, 1941); De Klerk, 'Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag', pp. 43-81, asook Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', pp. 247-250.

256 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 126, 1977: L.M. Fourie/H.G. Stoker, pp. 3-4.

257 OBA: H.C. Havenga-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 7 Januarie 1942.

258 OBA: H.C. Havenga-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 7 Januarie 1942.

259 OBA: H.C. Havenga-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 7 Januarie 1942.

260 OBA: H.C. Havenga-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 29 Maart 1943.

261 Sien in hierdie verband H. Giliomee, *Die Afrikaners*: *'n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), pp. 392-396.

262 OBA: H.G. Stoker-versameling, B/L 1/1, omslag 12: Interneringstukke, redes vir internering, 30 Desember 1942.

263 Om die drie uittreksels wat deur die Smuts-regering aangehaal is te besigtig, sien OBA: H.G. Stoker-versameling, B/L 1/1, omslag 12: Interneringstukke, redes vir internering, 30 Desember 1942.

beskou.[264] Die verspreiding van "ondermynende propaganda" is ook as een van die redes vir die internering van B.J. Vorster, latere eerste minister, uitgelig.[265]

Op 23 September 1942 is Vorster gearresteer. Die amptelike redes vir Vorster se internering is eers meer as drie maande later, op 30 Desember 1943, opgestel.[266] Hierdie redes het hom eers op 6 Januarie 1944 bereik.[267] Vyf redes vir internering is aan Vorster verstrek. Die redes is opgesom soos volg:

- Genoegsame inligting is aan die owerheid bekend dat Vorster homself met die Stormjaers vereenselwig.
- Inligting dui daarop dat Vorster sterk teen die regering se oorlogspoging gekant is, en dat hy ook anti-Britse sentimente koester. Vorster het ook in die openbaar "ondermynende propaganda" versprei wat daarop gemik is om die regering se oorlogspoging aan bande te lê.
- Vorster was 'n groep behulpsaam wat voortvlugtig was.
- "Onder die omstandighede was die geïnterneerde as 'n gevaar vir die staat beskou en dit was raadsaam geag om hom om veiligheidshalwe te interneer."[268]

Vorster is nie die enigste tydgenoot wat weens die koestering van "sterk anti-Britse" en "pro-Duitse" gevoelens geïnterneer is nie. Dieselfde bewering is ook as een van die redes vir Stoker se internering uitgelig.[269] Net soos met Vorster en Stoker meld die owerheid weereens dat Nel sterk anti-Britse sentimente koester, pro-Duitse gevoelens herberg en sterk teen die Smuts-regering se oorlogspoging gekant is.[270]

Verskeie individue is ook geïnterneer op grond van die vermoede dat hulle Stormjaers is, net soos met Vorster.[271] In Stoker se redes vir internering word daar beweer dat hy 'n lid van die Stormjaers was. Ten spyte van die feit dat Stoker nooit werklik 'n Stormjaer was nie, is hy

---

264 OBA: O.L. Nel-versameling, B/L 1/1, omslag 3: Redes vir internering, 16 Oktober 1942.

265 H.O. Terblanche, 'John Vorster se internering: redes en verweer', *Historia*, 31, 3 (November 1986), p. 53; Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, pp. 133-138.

266 Terblanche, 'John Vorster se internering: redes en verweer', p. 53.

267 Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, p. 133-138.

268 Terblanche, 'John Vorster se internering: redes en verweer', p. 55; Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, pp. 133-138.

269 OBA: H.G. Stoker-versameling, B/L 1/1, omslag 12: Interneringstukke, redes vir internering, 30 Desember 1942; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 126, 1977: L.M. Fourie/H.G. Stoker, pp. 3-4.

270 OBA: O.L. Nel-versameling, B/L 1/1, omslag 3: Redes vir internering, 16 Oktober 1942.

271 Terblanche, 'John Vorster se internering: redes en verweer', p. 52; Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter*, pp. 133-138.

steeds daarvan beskuldig. Stoker was egter "op 'n meer kultureel-politieke vlak aan die OB verbonde".[272] Nel se redes vir internering beweer dat die owerheid genoegsame inligting het om te bewys dat hy "die leier was van 'n afdeling van die Ossewabrandwag bekend as "Die Stormjaers"'.[273] Die bewering dat De Wit 'n Stormjaer is, is ook gelys as een van sy redes vir internering.[274] Verskeie lede is dus gearresteer en geïnterneer bloot op die vermoede dat hulle Stormjaers is, en dat hulle die oorlogspoging saboteer.

Stormjaer-lidmaatskap was uit die aard van die saak ook problematies vir staatsbeamptes. Meneer G.J. Grobbelaar, aktiewe lid van die Stormjaers, is op grond van twee redes geïnterneer. Eerstens word dit gestel dat Grobbelaar "sy Eed van Getrouheid wat hy afgelê het ten tyde van sy aansluiting by die Suid-Afrikaanse polisie verontagsaam" het deur by die Stormjaers aan te sluit. As lid van die Stormjaers het Grobbelaar dus Algemene Mag Order nommer 37(a), en Artikel 6 van die Noodregulasies Proklamasie 20 van 1941 (die verbod op lidmaatskap van die OB vir alle staatsbeamptes) verontagsaam.[275] Die tweede rede stel dat Grobbelaar Stormjaer-byeenkomste bygewoon het waar daar gedril is, en dus is Artikel 10 van Proklamasie 20 van 1941, wat 'n verbod op ongemagtigde dril plaas, in die proses verontagsaam.[276] Stormjaer-lidmaatskap was ook problematies in die geval van meneer K.J. Kerling. In die redes vir internering van Kerling word daar beweer dat hy proklamasie nommer 20 van 1941, gelees met proklamasie nommer 44 van 1 Maart 1941, verontagsaam het deur terselfdertyd 'n staatsamptenaar en 'n lid van die Stormjaers te wees.

Motordiefstal het ook dikwels gelei tot internering. In die geval van M.J. de Beer is hy geïnterneer omdat hy 'n lid van die Stormjaers was, en omdat hy homself skuldig aan motordiefstal gemaak het.[277] Meneer D.J. Erasmus is aangekla daarvan dat hy vlugtelinge geherberg het, dat hy 'n motorkar gesteel het, petrol onwettig geberg het, asook dat hy valse nommerplate in sy smidswinkels gehad het.[278] W.J.B. Pretorius se redes vir internering beweer ook dat Pretorius op 29 Desember 1941 'n motorvoertuig aangekoop het wat later vir Stormjaer-

272 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 126, 1977: L.M. Fourie/H.G. Stoker, p. 4.

273 OBA: O.L. Nel-versameling, B/L 1/1, omslag 3: Redes vir internering, 16 Oktober 1942.

274 OBA: J.M.A. de Wit-versameling, B/L 1/2, omslag 3: Redes vir die internering van Johannes Martinus Albertus de Wit, 29 Desember 1943.

275 OBA: G.J. Grobbelaar-versameling, B/L 1/1, omslag 2: Redes vir internering, 29 Julie 1942.

276 OBA: GJ. Grobbelaar-versameling, B/L 1/1, omslag 2: Redes vir internering, 29 Julie 1942.

277 OBA: M.J. de Beer-versameling, B/L 1/1, omslag 2: Redes vir internering, 1 November 1944.

278 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 42, 45-46, 1973: H.M. Robinson/D.J. Erasmus, pp. 50-51.

aktiwiteite aangewend is. Dieselfde motorvoertuig is gebruik met die brandstigting-misdade van 10 Februarie 1942.[279]

Algemene saboteringsaksies, soos die knip van telefoon- en kragdrade, het ook dikwels gelei tot arrestasie en internering:

> In die Vrystaat het boere sommer met hulle trekker gery totdat hulle die opdrag kry om die drade te knip. Hy vat sy trekker en gooi sommer ŉ ketting oor die telegraafpaal, dan pluk hy die paal om en ry met die drade en al weg. Toe die speurders kom, volg hulle die trekkerspoor, en hulle gaan vang hulle.[280]

Een van die redes vir internering wat teen meneer E.N.P. Janse van Rensburg, ŉ Stormjaer wat aan Oos-Rand groep behoort het, is dat hy plofstof hanteer het, telefoondrade geknip het, kragdrade opgeblaas het en saamgesweer het om die Smuts-regering "tot ŉ val te bring".[281] In ŉ sabotasie poging wat op 29 Januarie 1942 geloods is, het lede van die Stormjaers en die Terreurgroep die hoof-elektrisiteitstoevoerlyne van die Transvaal aangeval.[282] Telefoondrade en elektrisiteitstoevoerlyne is gereeld gesaboteer in pogings om ongerief te veroorsaak en as publisiteit vir die anti-oorlogspoging te dien.

Op 10 Februarie 1942 is J. Cronjé gearresteer met betrekking tot ŉ geval van draadknippery.[283] Cronjé beskryf die tegniek wat gevolg is soos volg:

> Ons het die drade aan weerskante van die paal afgeknip dat daar net een oorgebly het – anders kan hy jou dalk omruk. En met een draad kan hulle niks doen nie. Nou ja, en toe het ons die hooftelefoonlyne maar op dieselfde prinsiep verwoes, en na hy afgeknip is, maak ons hom aan die kar vas en sleep hom. Jy ruk sommer die hele klomp pale om. Op die manier kon jy hulle heeltemal sonder kommunikasiemoontlikhede laat.[284]

---

279 OBA: W.J.B. Pretorius-versameling, B/L 1/1, omslag 5: Redes vir internering, byvoegsel tot die opsomming gedateer 11 Mei 1942 van die Redes vir die Internering van W.J.B. Pretorius.
280 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 16-18, 1995: H.M. Robinson/H. Anderson, p. 39.
281 OBA: Bandopnames, (tr.), bandnr. 156, 1979: self-opname E.N.P. Janse van Rensburg, p. 1.
282 Blake, *Wit terroriste*, p. 127.
283 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 28, 1973: H.M. Robinson/J. Cronjé, pp. 2-3.
284 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 28, 1973: H.M. Robinson/J. Cronjé, p. 3.

Cronjé was verantwoordelik vir die drade wat tussen Kroonstad en Bloemfontein vernietig is. Die aanklagte wat in die hof teen Cronjé gelewer is, is dat hy "ander opgehits het om sabotasie te pleeg". ʼn Boete van 5 pond is teen Cronjé gehef. Later, op 14 April 1944 is Cronjé weer gearresteer op die vermoede dat hy vlugtelinge gehuisves het. Cronjé het later met die hulp van ʼn bandiet uit die Bloemfonteinse gevangenis ontsnap. Cronjé is egter twee maande na sy ontsnapping weer gearresteer. Teen Augustus 1944 is Cronjé ontslaan uit Bloemfontein, kort daarna sou hy weer gearresteer word, maar ʼn waarskuwing van die beplande arrestasie het hom via ʼn polisieman van Senekal bereik. Cronjé het weereens gevlug voor die arrestasie, en was gevolglik toe weereens ʼn vlugteling.[285]

ʼn Verdere voorbeeld van algemene sabotering is die groep Nelspruit (nou bekend as Mbombela) Stormjaers. Meneer J.C. de Kock het die rang van sersant binne die Stormjaers in die Nelspruit omgewing beklee.[286] De Kock het een aand leiding geneem in ʼn sabotasie-aksie wat behels dat drade tussen Nelspruit en Komatipoort geknip moet word.[287] Die leier van die Stormjaers in Nelspruit, G. Bosman, het egter later ʼn verklaring afgelê waarin verskeie mense wat by die aksie betrokke was se name bekendgemaak is.[288] Die Nelspruit-groep het Bosman vandaar as ʼn verraaier bestempel. Die Nelspruit-groep het almal skuldig gepleit.[289] Hierdie groep het ʼn hegte band gevorm in die gevangenis, en ʼn interessante brokkie kultuurgeskiedenis, Die Stormjaerlied, is uit hulle tyd in die Nelspruittronk opgelewer:

**Die Stormjaerlied**
Die Stormjaer is vasberade,
bevel het gekom:
Saboteer al die drade
maar bly daarvan stom.
Hulle beklim toe die pale
een nag met ʼn lang tang,
maar pas op vir Van Staden
dat hy julle nie vang.
Hul vang toe vir Gert Bosman


285 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 28, 1973: H.M. Robinson/J. Cronjé, pp. 6-17.
286 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 176-177, 1978: L.M. Fourie/J.C. de Kock, pp. 4-5.
287 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 176-177, 1978: L.M. Fourie/J.C. de Kock, p. 5.
288 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 176-177, 1978: L.M. Fourie/J.C. de Kock, p. 5.
289 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 176-177, 1978: L.M. Fourie/J.C. de Kock, p. 6.

en hy lap alles uit.
Toe vang hulle ons almal
en ons word opgesluit:
Dis oom Pieter van Tonder
en Lukas Moolman,
Hans Snyman, Celliers
En Verraaier Bosman,
ook Hannes de Kock, K. en G.O. Maré –
dit is die klompie
wat nou daarso lê.[290]

Die gedig/lied maak egter nie melding van almal wat in Nelspruit aangehou is nie, die ander individue wat deel van die "Nelspruit-groep" vorm, is: K.P. Maree, J.G. Louw, P. van Tonder, L. Moolman, P. Pretorius, F.J. Wagner, J.C. de Kock, G.O. Maré, M. van Tonder en D.J. Winterbach.[291]

290 Die lied is deur K.P. Maré gedig in die Nelspruit tronk, en in 'n 1985 onderhoud deur meneer J.C. de Kock oorvertel. OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 176-177, 1978: L.M. Fourie/J.C. de Kock, pp. 11-12.

291 OBA: Bandopnames, (tr.), bandnr. 109, 1975: self-opname L.J. Marais, p. 1.



G.P.-S.10874—1940—15,000-300. S.

S.A.P. 22.

Cell No. / Sel

Bag No. / Sak

K549009

SOUTH AFRICAN POLICE. SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

**PRISONER'S PROPERTY RECEIPT.**
**KWITANSIE VIR PRISONIERSEIENDOM.**

STATION / POLISIESTASIE

R.C.I.—R.O.M. / R.C.A.—R.A.A.

Date and time / Datum en tyd

O.B. No. / V.B. No.

Number and name of member of Force in charge of case / Nommer en naam van lid van die Mag wat die saak in hande het

RECEIVED FROM / ONTVANG VAN (Full name.—Volle naam.) a prisoner / 'n prisonier

in custody: / in hegtenis:

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| NOTES (Numbers and value) / NOTE (Nommers en waarde) | | | |
| GOLD, value / GOUD, waarde | | | |
| SILVER, value / SILWER, waarde | | | |
| COPPER, value / KOPER, waarde | | | |
| Total value / Totale waarde £ | | | |

Amount in words—Bedrag in woorde

OTHER EFFECTS / ANDER ARTIKELS

(Each article to be fully described—Elke artikel moet volledig beskryf word.)

WITNESS / GETUIE

(Signature of member of Force receiving property from prisoner.)
(Handtekening van lid van Mag wat eiendom van prisonier ontvang.)

LAST MEAL AT ABOVE STATION GIVEN AT a.m./v.m.
LAASTE MAALTYD OP BOVERMELDE STASIE VERSKAF OM p.m./n.m.

on the / op die (Date.—Datum.)

[Over. / [Blaai om.

**Figuur 3(c): Kwitansie vir Prisonierseiendom van meneer G.O. Maré, wie as deel van die Nelspruit-groep geïnterneer is.[292]**

Bosman se verraad het die Nelspruit-groep lank bygebly. De Kock vertel verder in 'n onderhoud van 1978 dat Martiens van Tonder ook 'n gedig geskryf het wat op Bosman gemik is. Die gedig beskryf Bosman se ervaring toe hy gevang is:

> In sy verbeelding
> sien hy kanonloop
> gerig op sy hart
> wat bokspring en bewe.
> Hy sê net: O Got,
> ek is op die skavot –
> neem my siel
> maar spaar my die lewe.[293]

292 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1710.

293 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 176-177, 1978: L.M. Fourie/J.C. de Kock, p. 13.



**Figuur 3(d): Foto van Nelspruit en Barberton Stormjaers wat gevang is.[294]**

Verraad was egter nie tot die Nelspruit Stormjaers beperk nie. Meneer D.R. de Klerk, ŉ Stormjaer wat in die Pelgrimsrus area betrokke was, is ook gearresteer ingevolge die noodregulasies.[295] De Klerk is geïnterneer omdat hy ŉ Stormjaer was, omdat hy driloefeninge gedoen het by Stormjaersvergaderings, geld bygedra het vir die vervaardiging van springstowwe en omdat daar groot hoeveelhede springstowwe op ŉ plaas bekend aan De Klerk gevind is.[296] De Klerk blameer egter nie sy aksies vir die arrestasie nie, maar meen dat dit eerder "ŉ kwessie van verraad" deur een van sy mede-Stormjaers was.[297] Dit is ook ŉ naamlys wat deur ŉ mede Stormjaer, Kraukamp, aan die owerhede oorhandig is, wat gelei het tot die hoogverraadsaak van 1941 waarvan daar reeds melding gemaak is. Kraukamp het daarop aangedring dat naamlyste gehou word.[298] ŉ Paar dae nadat Kraukamp gevang is, het hy die lyste met name aan die ondersoekbeamptes oorhandig.[299] Soos reeds bespreek is leitmotiewe uit Afrikanergeskiedenis dikwels benut om verskeie aksies te verduidelik. In die geval van verraaiers is die tema van *joiners* weereens na vore gebring.

294 OBA: Fotoversameling, rekordnommer F00603.
295 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 176, 1978: L.M. Fourie/D.R. de Klerk, pp. 4-5.
296 OBA: D.R. de Klerk-versameling, B/L 1/1, omslag 2: Redes vir internering, 26 November 1942.
297 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 176, 1978: L.M. Fourie/D.R. de Klerk, p. 5.
298 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 64, 1974: J. van der Walt/ L. Cremer, pp. 2-3.
299 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 64, 1974: J. van der Walt/ L. Cremer, pp. 3.

### 3.4. Gevolgtrekking

Die instelling van die oorlogsmaatreëls en noodregulasies het ongetwyfeld verskeie reaksies en nagevolge ontlok. Een van hierdie nagevolge is die karakterverandering wat binne die OB plaasgevind het. Hierdie hoofstuk het ŉ gaping in die historiografie aangespreek deur die konneksie tussen die OB se karakterverandering en die noodregulasies te analiseer. Die dualistiese karakter van die OB is al in die historiografie bestudeer, maar bloot oorsigtelik of vanuit ander perspektiewe. Die spesifieke lens wat in hierdie hoofstuk benut is, naamlik die noodregulasies se invloed en hoe sekere versetaksies en reaksies binne die OB voorgekom het, bied ŉ nuwe blik op hierdie verskynsel. Dit is ook duidelik uitgewys dat ŉ wisselwerking tussen internering en die karakterwisseling van die OB bestaan. Dit is met die instelling van die noodregulasies wat ŉ duidelike karakterwisseling binne die OB te bespeur is. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die Unieregering se besluit om aan die oorlog deel te neem, tesame met die Unieregering se instelling van noodregulasies, het alles direk bygedra tot die dualistiese en wisselende karakter van die OB, deur veral momentum vir die OB se versetkultuur te bied.

Die OB se draai na ŉ meer polities-georiënteerde karakter het ook nie alle fokus op kultuur ondermyn nie. Die element van kultuur is nooit heeltemal afgeskaf nie, en die OB het selfs kultuur as versetmiddel benut. Dit is daarom dat die karakter van die OB as "dualisties" beskryf word, omdat dit beide kultuurgeoriënteerdheid en verset teen die oorlogspoging behels. Die noodregulasies is ingestel om binnelandse onrus te beveg,[300] maar daarenteen het die grootskaalse internering van Afrikaners versetaktiwiteite slegs verder aangevuur. Die Unieregering se besluit om die waghou van die interneringskampe die verantwoordelikheid van die Unieverdedigingsmag te maak het groot aantalle soldate aan Suid-Afrika vasgebind. In hierdie sin het die Unieregering die OB onbewustelik bygestaan in een van hulle hoofdoelwitte, naamlik om soveel as moontlik soldate in Suid-Afrika te hou. Een van die gevolge van grootskaalse verset was dus internering van verskeie OB-lede, Stormjaers en lede van die Terreurgroep. Hierdie internering het nou weer daartoe gelei dat die OB in hulle doelwit slaag om verskeie Afrikaners in Suid-Afrika te hou tydens die oorlog.

[300] Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', p. 216.

Die OB-lede het hulself as die erfgename van Boere- en Afrikanerverset beskou. Die kernaard van die OB se verset sou uiteindelik twee vorme aanneem, naamlik *passiewe* versetaksies en *aktiewe* versetaksies. Dié twee vorme van verset het ook nie heeltemal apart gestaan van mekaar nie, en beide is in die verset teen die Unieregering se oorlogspoging aangewend. Die *aktiewe* verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging en noodregulasies het dikwels tot meer internering en arrestasies gelei: "The prisoners were all interned as a result of their politically motivated actions, and occasionally because of their political views."[301] Dit beteken egter nie dat *passiewe* verset as minder belangrik deur die tydgenote beskou is nie.

Die karakterverandering van die OB kan gevolglik nie alleenlik toegeskryf word aan een enkele noodregulasie nie, en ook nie alleen aan die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog of die Unieregering se besluit om daaraan deel te neem is. Dit is verder ook nie alleenlik die Stormjaers of die Terreurgroep wat die versetaktiwiteite van die OB verteenwoordig nie. Wat wel duidelik is, is dat die OB momentum opgetel het met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, en dat die regering se besluit om aan die oorlog deel te neem, en gevolglik verskeie noodregulasies in te stel, bygedra het tot die algehele versetideaal van die OB.

ʼn Direkte uitvloeisel van hierdie groeiende versetideaal is die Stormjaersorganisasie en die Terreurgroep. Hierdie hoofstuk het uitgewys dat vorige werke oor die Stormjaers, veral Blake se *Wit Terroriste*, nie die kompleksiteit van die organisasie beklemtoon nie. Verskeie bydraes is in hierdie verband tot die historiografie gemaak binne hierdie hoofstuk. Dit is duidelik uitgewys dat daar geen vaste definisie vir die Stormjaers is nie, en dat ʼn verband tussen die OB se aanvanklike jeugvleuel, die Penkoppe, en die Stormjaers wel bestaan. Verder is daar uitgelig dat Stormjaerselle verskil van area tot area, en dat die aktiwiteite ook van area tot area verskil. Die argument is gemaak dat Stormjaers, of Stormjaergroepe, nie onder dieselfde kam geskeer behoort te word nie. Die OB is ook deur hulle algehele versetideaal verenig en versterk, en die Unieregering se implementering van die noodregulasies het hierdie vereniging nie verswak nie, maar eerder direk daartoe bygedra. Vorige studies het grootliks die getal stemme in die OB-argief misken,[302] veral met betrekking tot die aktiewe versetaksies van die OB. Hierdie hoofstuk het die stemme van die tydgenootlike OB-lede, Stormjaers en Terreurgroepslede ingespan om ʼn geheelbeeld oor die aard en gevolge van die OB se versetaksies ten toon te stel. Die

301 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 526.

302 Blignaut, '"Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!"' is moontlik die enigste uitsondering binne die historiografie.

hoeveelheid tydgenootlike stemme wat in die OB-argief opgesluit is, is gevolglik benut om die kompleksiteit van die OB se versetideaal, veral die *aktiewe* verset, te ontleed.

Met die invloed van die noodregulasies, en die OB se verset, op die karakter van die OB uitgewys, tesame met die soort verset en optrede deur OB-lede wat gelei het tot internering en gevangeneming, kan daar oorgegaan word tot ’n deeglike beskrywing van die interneringskampe en die ervaring en aktiwiteite van OB-lede in die kampe.

# 4. "DIE FAKKEL VAN VRYHEID VAN DIE AFRIKANERDOM HOOGGEHOU":[1] TYDGENOTE SE ERVARING BINNE INTERNERINGSKAMPE EN DIE WYSE WAAROP GEÏNTERNEERDES OP INTERNERING REAGEER HET

Ten spyte van die ryk geskiedenis van die OB en die hoeveelheid primêre bronne wat in die OB-argief bewaar word, is daar steeds groot gapings in die historiografie van dié organisasie.[2] Die vorige twee hoofstukke het alreeds een hiervan aangespreek, naamlik die impak van die noodregulasies op die Ossewa-Brandwag as beweging/organisasie. Met die oog op die aanspreek van hierdie gapings in die historiografie bespreek hierdie hoofstuk die aktiwiteite van OB-lede binne die omstandighede in die kampe. Op hierdie wyse word die impak van die interneringsbeleid op lede verder beskryf. Die hoofstuk stel dit ook ten doel om die voortgehoue verset van geïnterneerdes uit te wys – veral die handhawing van Afrikanernasionalistiese sentimente soos onafhanklikheid van Brittanje. Elke vorm van verset kan gesien word as ŉ gevolg/impak van die oorlogspoging, en in hierdie spesifieke geval, die noodregulasies. Die OB-argief van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus beskik ook oor verskeie foto's van items wat binne die kampe vervaardig is, sketse wat in die kampe gemaak is, en foto's wat binne die kampe geneem is. Hierdie visuele voorstellings illustreer die lewe in die kampe en in sommige gevalle die sentimente van OB-lede. Dit word ingespan om die reaksie teen aanhouding te ondersoek en so ŉ eerste tree te gee in die vul van ŉ historiografiese gaping.

In Christoph Marx se 2008 studie, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag,* word daar maar slegs 14 bladsye van sy 654 bladsy lange boek aan dié tema gewy.[3] Dieselfde is te bespeur in Albert Blake se 2018 boek, *Wit Terroriste: Afrikaner-Saboteurs in die Ossewabrandwagjare.* Die boek beskik slegs oor oppervlakkige insigte oor die aktiwiteite en ervaring binne die kampe, asook die reaksie teen aanhouding, terwyl die meeste van Blake se aandag geskenk word aan die aksies wat tot internering gelei

---

1 Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA): *Die OB*, 3.10.1945.

2 E. Kleynhans, 'Documenting Afrikaner Fascism: A Historical Overview of the Ossewabrandwag Archive' (Conference paper, The Historical Association of South Africa (HASA), HASA / HGSA Biennial Conference, 20-22 June 2018), p. 6.

3 C. Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag* (Pretoria, University of South Africa Press, 2008), pp. 515-529.

het.[4] Verder is die grootskaalse internering wat in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het ook steeds grootliks onaangeraak in die breër historiografie. *Prisoners of War: Archaeology, Memory, and Heritage of 19th and 20th*, met Harold Mytum en Gilly Carr as redakteurs, gee geensins aandag aan internering of gevangenisskap op die Afrika-vasteland nie.[5] Dit is dus duidelik dat ŉ groot gaping binne die historiografie van die OB en die Suid-Afrikaanse interneringskampe van die Tweede Wêreldoorlog bestaan.

In Hoofstuk 3 is daar reeds daarop gewys dat sekere OB lede, en verskeie Stormjaers, oorgegaan tot "sabotasie en verraad".[6] Die saboteurs het egter hierdie dade as "praktiese verset teen die oorlogspoging en geleenthede om die republikeinse strewe te vervul" beskou.[7] Met die oog op hierdie hoofstuk se doelwitte volg daar ŉ driedelige uiteensetting. Eerstens word die kampe se ontstaan, ligging en erfeniswaarde gekontekstualiseer (4.1), tweedens word die aktiwiteite binne die kampe ontleed ten einde die aktiwiteite waaraan geïnterneerdes binne die kampe deelgeneem het, en die wyses waarop tydsbesteding binne die kampe plaasgevind het, te beskryf (4.2). Derdens word die reaksie teen internering bestudeer deur die lens van verset en Afrikanernasionalistiese sentimente (4.3), en die hoofstuk word afgesluit met ŉ gevolgtrekking (4.4).

## 4.1. Kontekstualisering van Suid-Afrikaanse interneringskampe gedurende die Tweede Wêreldoorlog

### *4.1.1. Agtergrond en begripspresisering van "kampe" en "internering"*

Interneringskampe, en kampe oor die algemeen, is ŉ onmisbare kenmerk van moderne geskiedenis.[8] Suid-Afrikaanse geskiedenis is gevul met "kampe". ŉ Basiese definisie van ŉ "kamp" sluit alle ruimtes wat ŉ ruimtelike beperking het en wat tydelik van aard is, in. ŉ Meer

---

4 A. Blake, *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* (Kaapstad, Tafelberg, 2018).

5 H. Mytum & G. Carr, *Prisoners of War: Archaeology, Memory, and Heritage of 19th- and 20th Century Mass Internment* (New York, Heidelberg, Dordrecht, London, Springer, 2012).

6 B.J. Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', in C.F.J. Muller, (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria & Kaapstad, Academica, 1968), p. 382.

7 Blake, *Wit terroriste*, p. 72.

8 J. Kreienbaum, 'Review: A World of Camps', *Kritika: Explorations in Russian and Eurasian History,* 15, 4 (2014), p. 896. Vir meer inligting oor sekere Tweede Wêreldoorlog kampe, sien: K. Fedorowich & B. Moore (eds.), *Prisoners-of-War and Their Captors in World War II* (Oxford: Berg Publishers, 1996).

polities-teoretiese definisie behels dat ŉ "kamp" nie alleenlik ŉ ruimtelike entiteit is nie, maar eerder ook ŉ "logic of power" is.[9] Kampe, in watter vorm ook al (konsentrasie, internering, arbeid, krygsgevangenes, militêr, vlugteling, ensovoorts) is ŉ belangrike aspek van die Suid-Afrikaanse verlede en hede. Die ontstaan van "kampe" in Suid-Afrikaanse geskiedenis is egter oop vir debat. Verskeie akademici meen dat die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog die eerste verskynsel is, terwyl Lindsay Weiss weer meen dat "kampe" reeds in die Diamantvelde bestaan het. Hierdie kampe het in die vorm van arbeidskampe by die mynbedrywighede van die 1800s in Suid-Afrika voorgekom.[10]

"Kampe" vorm ook nie alleenlik deel van die laat 19de en vroeë 20ste eeu nie, maar dit kom selfs te voorskyn in die 21ste eeu. In 2003 het die Suid-Afrikaanse Nasionale Rugbyspan, die Springbokke, wêreldwye aandag geniet vir hulle deelname aan ŉ opleidingskamp bekend as "Kamp Staaldraad".[11] In 2008, weens ŉ vlaag van Xenofobiese aanvalle in Suid-Afrika, is verskeie kampe opgerig vir die slagoffers en vlugtelinge van hierdie aanvalle.[12] In sekere gevalle, soos die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog, het die kampe ŉ "controversial and highly mythologised aspect" van Suid-Afrikaanse geskiedenis geword.[13] Net so ook kan Kamp Staaldraad as ŉ uiterse kontroversiële aspek van Suid-Afrikaanse rugby geskiedenis bestempel word, en word selfs as "a blight on the proud history of the green-and-gold jersey" beskryf.[14] Wat kontroversie en gemengde gevoelens onder Suid-Afrikaners betref,

---

9 K. McConnachie, 'Camps of Containment: A Genealogy of the Refugee Camp', *Humanity: An International Journal of Human Rights, Humanitarianism, and Development,* 7, 3 (2016), p. 397.

10 L. Weiss, 'Exceptional Space: Concentration Camps and Labor Compounds in Late Nineteenth-Century South Africa', in A. Myers. & G. Moshenska (eds.), *Archaeologies of Internment* (New York, Springer, 2011), pp. 21-32.

11 D. Coyle, 'Ranking the 25 Biggest Controversies in Rugby History', (July 2014), https://bleacherreport.com/articles/2122782-ranking-the-25-biggest-controversies-in-rugby-history#slide7, geraadpleeg op 12 Oktober 2019; S. Buhlungu, J. Daniel, R. Southall & J. Lutchman (eds.), *State of the Nation, South Africa 2007* (Cape Town, HSRC Press, 2007), p. 410; M. Spierenburg & H. Wels, 'The Search for equity in organization and management in South Africa', in M. Spierenburg & H. Wels (eds.), *Culture, organization and management in South Africa: In Search of Equity* (New York, Nova Science Publishers, 2006), p. 2; I. Niehaus, 'Warriors of the rainbow nation? South African rugby after apartheid', *Anthropology Southern Africa*, 37, 1&2 (2014), pp. 74-75.

12 C. Kapp, 'South Africa failing people displaced by xenophobia riots', *The Lancet*, 371, 9629 (14–20 June 2008), pp. 1986-1987.

13 I.R. Smith & A. Stucki, 'The Colonial Development of Concentration Camps (1868–1902)', *The Journal of Imperial and Commonwealth History*, 39, 3 (2011), p. 425.

14 D. Retief, *The Springboks and the Holy Grail: Behind the scenes at the rugby world cup, 1995-2007* (Cape Town, Zebra Press, 2011), bladsynommers ontbreek.

is die ses kampe van die Tweede Wêreldoorlog (Andalusia, Baviaanspoort, Leeukop,[15] Ganspan, Zonderwater[16] en Koffiefontein) geen uitsondering nie.

Kampe, spesifiek interneringskampe, het ook onskatbare erfenis waarde. Christina Cameron toon aan dat Kanada byvoorbeeld drie terreine het met "conscience and memory", wat spesifiek met internering verband hou. Cameron definieer sulke terreine soos volg:

> These are places that bear witness to human rights abuses including genocide, slavery and other violations of freedom. Often the tangible remains of these horrific events have disappeared.[17]

Die eerste Kanadese voorbeeld is Castle Mountain in Banff Nasionale Park. Hierdie terrein het tussen 1914 en 1920 vier-en-twintig interneringskampe gehuisves, waarin sowat 70 000 Eerste Wêreldoorlogse krygsgevangenes aangehou is. Meeste van hierdie geïnterneerdes is ook vir arbeidsdoeleindes gebruik, veral vir die bou van paaie, geboue en brûe in die omgewing.[18] 'n Vergelyking kan dus hier getrek word tussen die Italiaanse geïnterneerdes in Suid-Afrika en die geïnterneerdes wat in Castle Mountain aangehou is. Die Italiaanse geïnterneerdes in Suid-Afrika het ook aan verskeie bouprojekte deelgeneem. Ten spyte van die Banff Nasionale Park se ryk interneringskamp-erfenis, word dit nie as een van die redes in die waardebepaling-sertifikaat, wat erfenis waarde peil, aangewys nie.[19] Die tweede Kanadese voorbeeld is 'n terrein naby Lemon Creek, wat gebruik is vir die oprigting van verskeie Japannese interneringskampe tydens die Tweede Wêreldoorlog. Ná die Japannese aanval op Pearl Harbour het die Kanadese regering besluit om sowat 20 000 Japannese na interneringskampe te verskuif.[20] Suid-Afrika het verskeie sulke voorbeelde. Nie slegs die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog nie, maar ook al ses terreine wat as interneringskampe tydens die Tweede Wêreldoorlog ingerig is.

---

15 In sekere bronne word hierdie kamp as "Leeuwkop" beskryf, in ander bronne word daar weer na die kamp as "Leeukop" verwys. Hierdie dissertasie gebruik voortaan die "Leeukop" benaming.

16 Dieselfde verwysingskwessie is ook met hierdie kamp se benaming teenwoordig. Sekere bronne verwys na die kamp as "Sonderwater", ander as "Zonderwater". Hierdie dissertasie benut die tweede benaming, "Zonderwater".

17 C. Cameron, 'World Heritage Sites of Conscience and Memory', in D. Offenhäußer, W.C. Zimmerli & M. Albert (eds.), *World Heritage and Cultural Diversity* (Germany, German Commission for UNESCO, 2010), p. 112.

18 Cameron, 'World Heritage Sites of Conscience and Memory', p. 112.

19 UNESCO, 'Canadian Rocky Mountain Parks', https://whc.unesco.org/en/list/304/, geraadpleeg op 25 Oktober 2019.

20 Cameron, 'World Heritage Sites of Conscience and Memory', p. 112.

Die geskiedenis van internering het ŉ merkwaardige rol in die vorming van kulture en gemeenskappe gespeel.[21] Die grootskaalse internering wat tydens die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika plaasgevind het, is weereens geen uitsondering nie. Die definisie van "internering" is van belang vir hierdie hoofstuk om enige verwarrende begrippe rondom die term uit die weg te ruim. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word die argeologiese definisie vir "internering", soos wat dit deur Moshenska en Myers beskryf is, benut:

> In the most general archaeological sense, incarceration or internment might be described as the practice of organizing material culture and space to control and restrict the movement of a person or a group of people. Sites of internment can range in scale from a single room or building to entire landmasses.[22]

Internering is oor die algemeen op grond van mediese kwarantyn of nasionale veiligheid, geregverdig.[23] Die interneringskampe van die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika val binne die tweede kategorie.

Die OB as organisasie, en die lede binne die organisasie, het verskeie terminologieë gebruik om na die "kampe" te verwys. Behalwe vir "interneringskampe" is die terme "Unie-kampe",[24] "helkampe",[25] "politieke martelkampe",[26] "doringdraadkampe",[27] "konsentrasiekampe",[28] "folterkampe"[29] en "boerekampe"[30] ook gebruik. Die OB, en sekere OB-lede, het die interneringskampe ook simbolies konseptualiseer. Die doringdraad-motief is veral gereeld

---

21 G. Moshenska & A. Myers, 'An Introduction to Archaeologies of Internment', in A. Myers & G. Moshenska (eds.), *Archaeologies of Internment* (New York, Springer, 2011), p. 2.

22 Moshenska & Myers, 'An Introduction to Archaeologies of Internment', p. 2.

23 McConnachie, 'Camps of Containment: A Genealogy of the Refugee Camp', p. 402.

24 OBA: *Die OB*, 27.06.1945.

25 OBA, Bandopname, transkripsie (hierna tr.), onbekende bandnommer, transkripsie getiteld 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 20.

26 OBA: *Die OB*, 13.12.1944.

27 OBA: *Die OB*, 10.12.1941; *Die OB*, 3.11.1943; *Die OB*, 14.02.1945.

28 OBA: *Die OB*, 18.03.1942; *Die OB*, 1.07.1942; *Die OB*, 28.10.1942; *Die OB*, 25.11.1942; *Die OB*, 24.11.1943; *Die OB*, 22.03.1944; *Die OB*, 19.04.1944; *Die OB*, 3.05.1944; *Die OB*, 7.06.1944; *Die OB*, 19.07.1944; *Die OB*, 2.08.1944; *Die OB*, 9.08.1944; *Die OB*, 16.08.1944; *Die OB*, 27.09.1944; *Die OB*, 11.10.1944; *Die OB*, 18.10.1944; *Die OB*, 25.10.1944; *Die OB*, 8.11.1944; *Die OB*, 20.12.1944; *Die OB*, 14.02.1945; *Die OB*, 21.02.1945; *Die OB*, 21.03.1945; *Die OB*, 25.04.1945; *Die OB*, 27.06.1945; *Die OB*, 4.07.1945; *Die OB*, 25.07.1945.

29 OBA: *Die OB*, 3.01.1945.

30 OBA, Bandopname, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 20; Die term "boerekamp" is ook gebruik op verskeie sertifikate wat binne die kampe uitgeruik is.

gebruik om na die interneringskampe te verwys: "Laat ons deur ons vasberade optrede toon dat die pad van Suid-Afrika nie deur berge of moordkoppe of konsentrasiekampe gestuit kon word nie en nog minder deur doringdraad en ystergrendels."[31]

Soos uitgewys is die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog dikwels vergelyk met die interneringskampe van die Tweede Wêreldoorlog. Soos wat die vroue van die OB-Randse kommando's dit in 1941 stel:

> Die interneringskampe waar ons mans heen gaan, herinner ons aan die konsentrasiekampie met rye-rye tente en talle doodskiste, met al die marteling, lyding en smart wat deurgestaan moes word; maar al moet ons weer dieselfde of nog groter offers bring, dan is die Boerevrou nog bereid om vas te staan by die manne in hierdie stryd om vryheid. Ons sal nie twyfel, of ons laat afskrik deur enige internerings nie – al moet ons ook kaalvoet loop, ons sal nie ingee nie![32]

Een van die leitmotiewe wat deur Radio Zeesen benut is, is dat Smuts die noodregulasies ingestel het om publieke opinie te ondermyn, die patriotisme van die volk te onderdruk en om nasionaalgesinde Afrikaners in "konsentrasiekampe" weg te sluit.[33] Die Smuts-regering was bewus van die vergelyking wat tussen die Anglo-Boereoorlog konsentrasiekampe en die Tweede Wêreldoorlog interneringskampe getref word. Die Smuts-regering het selfs sekere publikasies verban tydens die oorlog. Volgens Van Heyningen het Smuts byvoorbeeld Ewald Steenkamp se 1941 publikasie, *Helkampe*, verban.[34]


#### ***4.1.2. Suid-Afrikaanse kampe gedurende die Tweede Wêreldoorlog***

Die interneringskampe van die Tweede Wêreldoorlog is aanvanklik opgerig vir Duitsers, Suid-Afrikaners van Duitse-herkoms, en later Italianers. Met die verloop van die oorlog is al meer Unieburgers, hoofsaaklik Afrikaners, ook geïnterneer.[35] Vyandige spioene, buitelanders wat van onderduimse aktiwiteite verdink was en Unie-burgers wat die noodregulasies oortree het,

---

31 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.
32 OBA: *Die OB*, 3.12.1941.
33 C. Marx, '"Dear listeners in South Africa": German Propaganda Broadcasts to South Africa, 1940-1941', *South African Historical Journal*, 27, 1 (1992), pp. 159-160.
34 E. van Heyningen, 'The Concentration Camps of the South African (Anglo-Boer) War, 1900–1902', *History Compass*, 7, 1 (2009), p. 26. Vir die publikasie self, sien: E. Steenkamp, *Helkampe* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941).
35 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 525.

is geïnterneer. Die geïnterneerdes is in ses verskillende kampe aangehou: Andalusia, Baviaanspoort, Leeukop, Ganspan, Zonderwater en Koffiefontein (sien Figuur 4(a)).[36] Die Duitsers is hoofsaaklik in Andalusia aangehou, die Italianers in Zonderwater, en die Unieburgers in die ander kampe.[37] Vervolgens word ŉ kort oorsigtelike geskiedenis van die oorsprong en hoof gebruike van elk van die ses kampe verskaf.




**Figuur 4(a): Ligging van Tweede Wêreldoorlog kampe in Suid-Afrika.[38]**

---

36 A.M. Fokkens, 'Afrikaner Unrest within South Africa during the Second World War and the Measures Taken to Suppress it', *Journal for Contemporary History*, 37, 2 (December 2012), p. 135; A.M. Fokkens, 'The Role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945' (M-Mil thesis, Military Academy Saldanha, Stellenbosch University, 2006), p. 117; H.M. Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief' (Ongepubliseerde pamflet, PU vir CHO, 1988), pp. 7-8.

37 Fokkens, 'Afrikaner Unrest within South Africa during the Second World War and the Measures Taken to Suppress it', p. 135.

38 Fokkens, 'Afrikaner Unrest within South Africa during the Second World War and the Measures Taken to Suppress it', p. 136. Gebaseer op oorspronklike sketse gevind in: C. O'Neil: Die Interneringsbeleid van die Smuts-Regering gedurende die Jare 1939-1948 (BA honneursskripsie, PU vir CHO, 1989), p. 69, asook C. Mercer: 'South African Map', http://home.global.co.za/~mercon/map.htm, 1997 (10 July 2004). Luitenant kolonel J.J. Jacobs, Departement van Militêre Geografie, Fakulteit Militêre Wetenskap, Stellenbosch Universiteit, word erken vir die verwerking van die oorspronklike kaart.

*Andalusia & Baviaanspoort*

Baviaanspoort is die oorspronklike kamp wat vir internering opgerig is. Later het die vyf ander kampe gevolg. Baviaanspoort en Andalusia is gebruik om Duitsers en mense van Duitse herkoms te interneer.[39] Baviaanspoort is aanvanklik vir Unieburgers en "Suidwesters" benut, maar later slegs vir "Suidwesters".[40] Verskeie Duitse krygsgevangenes en Unieburgers van Duitse herkoms het tyd in die kampe deurgebring. Internering het soms ŉ paar weke lank geduur, terwyl dit in ander gevalle vir sowat vyf jaar aangehou het. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is daar verskeie Duitsers in die kampe oorlede. Dié individue is hoofsaaklik in ŉ begraafplaas buite Jan Kempdorp begrawe (sien Figuur 4(b)). Die oorspronklike kamp op Baviaanspoort het mettertyd kapasiteit oorskry en gevolglik is ŉ tweede kamp, Leeukop, ingerig.[41] Soos wat die oorlog ten einde geloop het, is al meer Afrikaners vrygelaat. Teen 1945 was daar ŉ klein handjie vol Afrikaners in die interneringskampe oor. Die eindtydperk van die kampe, tussen 1947 en 1948, was meestal administratief deurmekaar. Teen die einde is sekere individue wat eintlik politieke gevangenes is, oorgeskuif na interneringskampe as geïnterneerdes. Op 2 Junie 1947 is verskeie politieke gevangenes na die Baviaanspoort-kamp gestuur; onder hierdie name is H.S. van Blerk en Julien Visser.[42]

---

39 J.F. Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede wêreldoorlog', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), p. 173.

40 Robinson, ''n Perspektief op die uitstalling', p. 7.

41 *Die Transvaler*, 23.09.1939.

42 J.D. Visser in samewerking met H.S. van Blerk, 'Baviaanspoort', in H.G. Stoker, (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), p. 166. Ander politieke gevangenes wat oorgeskuif is, sluit in: Barnie Basson, F.A. Faurie, D.J. Scribante, Eric Holm en R. Leibbrandt.



**Figuur 4(b): Grafte van Duitse geïnterneerdes, naby Jan Kempdorp.[43]**

*Leeukop*

Tussen Pretoria en Johannesburg is 'n tronk, wat oorspronklik vir nie-blankes gebruik is, as interneringskamp ingerig.[44] Leeukop het ook 'n groot verskeidenheid geïnterneerdes aangehou, insluitende Duitsers, Unieburgers en Italianers.[45] In Desember 1940 is sowat 69 Afrikaners vanaf die Leeukopkamp na Ganspan oorgeplaas. Die hoofdoel hieragter blyk te wees dat die regering die Duitsers en Afrikaners van mekaar wou skei.[46] Individue is dikwels tussen kampe verskuif. G.P.J. Trümpelmann het byvoorbeeld tyd in die Ganspan, Leeukop en Koffiefontein kampe deurgebring. Trümpelmann het ook as kampleier in al drie kampe gedien.[47]

*Ganspan*

Die Ganspan-interneringskamp het uit drie afsonderlike afdelings bestaan. Die eerste afdeling was vir Unieburgers, hoofsaaklik dié wat met die OB verbind kon word. Die tweede afdeling

43 A. la Grange persoonlike argiefversameling (hierna ALGPA), Visuele hulpmiddels (hierna VH) rekordnommer VH1. Foto geneem deur Emile Coetzee. Ook beskikbaar op die *Road Trip RSA* toepassing: http://roadtriprsa.co.za/
44 Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede wêreldoorlog', p. 172.
45 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 160 & 161, 1978: H.M. Robinson/M.W. Botha, p. 27.
46 Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede wêreldoorlog', p. 173.
47 OBA, Bandopname, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, pp. 1-24.

was vir "Suidwesters" wat 'n Duitse-herkoms gehad het. Die derde en laaste afdeling was gebruik om "Joodse kommuniste" en "staatloses" aan te hou.[48] Ganspan was oorspronklik 'n nedersetting wat vir die huisvesting van bejaardes bedoel was. Die Smuts-regering het egter besluit om dit as 'n interneringskamp te gebruik soos die hoeveelheid geïnterneerdes in getalle gegroei het. Die huise op Ganspan het uit 'n groot eet-sitkamer in die middel en twee of drie slaapkamers bestaan. Sommige het twee kamers binne-in die huis gehad en 'n ander het 'n derde op die stoep gehad.[49]

*Zonderwater*

Verskeie beperkings en tekorte in Britse gebiede het daartoe bygedra dat geïnterneerdes en gevangenes dikwels verskuif moes word. Luitenant generaal A. Wavell, gestasioneer in Kaïro, het byvoorbeeld 'n krisis ervaar met al die Italianers wat tussen 1940 en 1942 in Noord en Oos-Afrika gevange geneem is. Hierdie Italianers het 'n groot hoeveelheid soldate as wagte besig gehou, en gevolglik 'n negatiewe impak op mannekrag gehad. Dit het ook druk geplaas op 'n aantal belangrike hulpbronne soos akkommodasie en kos. Wavell was ook onder die indruk dat die Italiaanse gevangenes 'n ernstige sekuriteitsbedreiging inhou. Van hierdie gevangenes is na Indië verskuif, terwyl ander na Suid-Afrika gestuur is.[50] Dit was nie alleenlik Italianers wat vanuit Kaïro verskuif is nie. Verskeie oorlogsgevangenis en geïnterneerdes is na oorsese bestemmings verskuif,[51] en die Britse regering het in meeste gevalle vir die vervoer en onderhoud van hierdie geïnterneerdes betaal.[52] Die verskil is dat Suid-Afrika die enigste domein in die Statebond was wat ook met 'n interne weerstand teen oorlogsdeelname geworstel het.[53]

48 Blake, *Wit terroriste,* p. 240; Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede wêreldoorlog', p. 173.

49 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 5-7, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.F. Marais, p. 5.

50 B. Moore, 'Unwanted Guests in Troubled Times: German Prisoners of War in the Union of South Africa, 1942-1943', *The Journal of Military History*, 70, 1 (January 2006), pp. 67-68.

51 I. van der Waag, *A Military History of Modern South Africa* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball, 2015), pp. 210-211.

52 M.R. Rupiah, 'The History of the Establishment of Internment Camps and Refugee Settlements in Southern Rhodesia, 1938-1952', *Zambezia*, XXII, ii (1995), p. 140; I.D. Pautsch, 'Prisoners of War and Internees in the Second World War – a Survey of Some Recent Publications', *Contemporary European History*, 12, 2 (May 2003), p. 227.

53 K. Fedorowich, 'German Espionage and British Counter-Intelligence in South Africa and Mozambique, 1939-1944*', *The Historical Journal*, 48, 1 (2005), p. 229.

Ten spyte van die interne onrus wat in Suid-Afrika onderweg was, het Smuts steeds ingestem om 20 000 Italiaanse gevangenes in Suid-Afrika te huisves. Smuts het ook gemeen dat die Italianers gebruik kan word om paaie in verskeie dele van Afrika te bou. Hierdie voorstel is nie net deur Brittanje aanvaar nie, maar daar is ook gemeen dat die Italianers hierdie werke vrywillig kan doen teen ŉ laer loon as dit waaraan hulle gewoond is.[54] Smuts en die Britse Oorlogskabinet het dus die Italiaanse gevangenes as ŉ tipe oplossing vir die arbeidsprobleem beskou. Dit is dus nie korrek om te meen dat arbeidskampe wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gewaarmerk word, alleenlik vir Afrikane opgestel is nie. Die Smuts-regering het groot hoeveelhede Italianers in die kamp by Zonderwater naby Cullinan aangehou,[55] en later is verskeie Italianers na kleiner arbeidskampe verskuif.[56]

Behalwe vir die Italianers wat as krygsgevangenes vanuit Oos en Noord-Afrika na Suid-Afrika gestuur is, is Italianers en individue met Italiaanse herkoms ook dikwels as voorsorgmaatreël geïnterneer. Met Italië se toetrede tot die oorlog het die Suid-Afrikaanse regering direk daarná sowat 1 000 Suid-Afrikaners met Italiaanse herkoms gearresteer "met die oog op internering."[57] Om internering te voorkom het sekere Suid-Afrikaanse Italianers hulself as personeellede (hoofsaaklik taaladviseurs en tolke) binne die kampe beskikbaar gestel (sien Figuur 4(c)).[58] Met die uitloop van die Tweede Wêreldoorlog is grootskaalse pogings aangewend om die geïnterneerdes van Zonderwater terug na Italië te stuur. Ten spyte hiervan het die kamp steeds operasioneel voortbestaan tot in 1947.[59]

54 Moore, 'Unwanted Guests in Troubled Times', p. 68.
55 C. Kruger, 'The Zonderwater Italian prisoners of war 1941-1947: Fifty years down the line', *South African Journal of Cultural History*, 10, 2 (1996), p. 88.
56 Moore, 'Unwanted Guests in Troubled Times', p. 68.
57 Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede Wêreldoorlog', p. 173.
58 ALGPA: Mondelinge onderhoude (hierna MO), rekordnommer MO1, A. la Grange/A. Casaleggio. 25 Oktober 2019.
59 A. Delport, 'Changing attitudes of South Africans towards Italy and its people during the Second World War, 1939-1945', *Historia*, 58, 1 (May 2013), p. 185.



**Figuur 4(c): 'n Groep Italiaanse krygsgevangenes saam met L.S. Casaleggio (middel-voor met kakiebaadjie aan) wat in die kamp as taaladviseur gewerk het.[60]**


*Koffiefontein*

Dit blyk dat die Koffiefonteinse-kamp op soortgelyke wyse as die Ganspan-kamp georganiseer was, met die uitsondering van Italianers wat ook in hierdie kamp teenwoordig was. In Koffiefontein was daar 'n kamp vir Unieburgers, 'n kamp vir Duitsers, 'n Italiaanse kamp, en dan ook 'n "Jode-kamp".[61] Die "Jode-kamp" was egter nie slegs vir Jode gebruik nie, maar vir haweloses en "staatloses".[62] Later sou die Koffiefontein-kamp hoofsaaklik vir die huisvesting van Unieburgers, hoofsaaklik Afrikaners, gebruik word.

In Januarie 1942 ontdek die Smuts-regering dat die Stormjaer-organisasie verskeie staatsdiensinstellings en -afdelings infiltreer het. Soos reeds genoem het die Suid-Afrikaanse Polisie verskeie Stormjaers in hul range gehad, maar bykomend daartoe is die Spoordiens, die Spoorwegpolisie, die spesiale politieke speurdiens en selfs "'n gedeelte van die leër" deur Stormjaers infiltreer.[63] Daar was ook sprake van 'n gewapende opstand teen die regering wat vir 24 of 25 Januarie 1942 beplan is. Die regering het reageer op hierdie moontlike gevaar deur verskeie individue wat van Stormjaer-aktiwiteite verdink word, te interneer. Dit is dus vanaf

60 ALGPA: VH rekordnommer VH2.
61 OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnr. 24, 1979: H.M. Robinson/A. Barnard, p. 11; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 171-172, 1978: L.M. Fourie/C. Lombard, p. 14.
62 OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnr. 24, 1979: H.M. Robinson/A. Barnard, p. 11.
63 Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede Wêreldoorlog', p. 174.

Januarie 1942 wat die werklike grootskaalse internering begin posvat.[64] Met die internering van die staatsamptenare in 1942 het die syfers van geïnterneerdes in die Koffiefontein-kamp drasties gegroei (sien Figuur 4(d)).




**Figuur 4(d): Naamlyste met geselekteerde name van geïnterneerdes van die Koffiefontein interneringskamp.**

**Links:** Naamlys vir 1942;[65] **Regs (bo):** Naamlys vir 1943;[66] **Regs (onder):** Naamlys vir 1944.[67]

### 4.2. Aktiwiteite binne die kampe[68]

Al ses kampe, soos bo uiteengesit, het geïnterneerdes uit alle klasse van die samelewing gehuisves. 'n Groot verskeidenheid verskillende beroepe is deur geïnterneerdes buite die kampe beoefen. Binne die kampe is die Afrikaners oor klassegrense heen deur hulle

64 Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede Wêreldoorlog', p. 174.
65 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0837.
66 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1843. Foto word weer in Figuur 4(m) benut.
67 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1844. Foto word ook weer in Figuur 4(m) benut.
68 Gegewe die belangrikheid wat kultuurgoedere binne die interneringskampe gehad het, en in besonder die rol wat dit gespeel het in tydgenote se alledaagse lewens, is 'n kultuurhistoriese blik onvermydelik. Die sentrale plek wat hierdie skeppinge vir geïnterneerdes beklee het word ook beklemtoon in die erns wat oud-geïnterneerdes gehad het in die bewaring daarvan – sien hoofstuk 5.

Afrikanernasionalistiese sentimente verenig.[69] Die ervaring van hierdie geïnterneerdes is nog ŉ interessante tema vir ondersoek.

Volgens Marx was die grootste probleem in die kampe om die mense besig te hou.[70] Die aktiwiteite waarmee geïnterneerdes hulself in kampe besig gehou het, is ook ŉ interessante onderwerp vir historiese navorsing.[71] Soos wat Kruger tereg opmerk kan ŉ hele artikel gewy word aan die aktiwiteite van alleenlik die Italianers in die Zonderwater-kamp.[72] Dieselfde geld ook vir die ander vyf kampe. ŉ Verdere belangrike element van die kampe – in besonder die Koffiefonteinse kamp – is die handhawing van geïnterneerdes se nasionalistiese sentimente en anti-Britse houding. Die interneringsbeleid het ŉ groot impak op OB-lede se lewens uitgeoefen en dit is belangrik om te let op hoe geïnterneerdes volhard het in hulle houding van verset teenoor Brittanje. Die doel van hierdie afdeling is om die aktiwiteite van die geïnterneerdes binne die kampe te ondersoek en om vorme van verset uit te wys. Verder word daar ook na gevoelens van eensaamheid/isolasie, die strewe na samehorigheid/eenheid, en verveeldheid binne die kampe verwys. Omdat die voortsetting van die versetideaal van die OB en die bevordering van Afrikanernasionalisme so duidelik is, word afdeling 4.3. spesifiek daaraan

69 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 526.
70 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 527.
71 Voorbeelde sluit in: D. Somma, 'Music as discipline, solidarity and nostalgia in the Zonderwater prisoner of war camp of South Africa', *SAMUS: South African Music Studies*, 30, 1 (2010), pp. 71-85; F.J.G. van der Merwe, 'Rugby in prisoner-of-war camps during the Anglo-Boer war of 1899-1902', *Football Studies*, 1, 1 (1998), pp. 76-83; F.J.G. van der Merwe, 'Sport and games in Boer prisoner-of-war camps during the Anglo-Boer war, 1899-1902', *The International Journal of the History of Sport*, 9, 3 (1992), pp. 439-454; N. Boer, 'Exploring British India: South African prisoners of war as imperial travel writers, 1899-1902', *The Journal of Commonwealth Literature*, 54, 3 (2019), pp. 429-443; A. Goldfarb, 'Theatrical Activities in Nazi Concentration Camps', *Performing Arts Journal*, 1, 2 (1976), pp. 3-11; I. Mäkinen, 'Libraries in Hell: Cultural Activities in Soviet Prisons and Labor Camps from the 1930s to the 1950s', *Libraries & Culture*, 28, 2 (Spring 1993), pp. 117-142; A. Andemicael, *Positive energy: A review of the role of artistic activities in refugee camps* (Geneva, United Nations High Commissioner for Refugees, June 2011); M. Waseda, 'Extraordinary circumstances, exceptional practices: Music in Japanese American concentration camps', *Journal of Asian American Studies*, 8, 2 (2005), pp. 171-209; D. Hirasuna, *The art of Gaman: Arts and crafts from the Japanese American internment camps 1942-1946* (Berkeley, Ten Speed Press, 2013); L. Rak, 'Skiing, Mountaineering and Mountain Tourism Practiced by the Soldiers of the Polish 2nd Rifle Division during the Internment in Switzerland between 1940-1945', *Prace Naukowe Akademii im. Jana Długosza w Częstochowie Kultura Fizyczna*, 15, 4 (2016), pp.121-131; P. Panayi, '"Barbed Wire Disease" or a "Prison Camp Society": Everyday Lives of German Internees on the Isle of Man, 1914-1919', in P. Panayi (ed.), *Germans as Minorities during the First World War* (London & New York, Routledge, 2016), pp. 119-142; G.A. Castro, '"Written barracks." On the Production and Circulation of Newsletters in the Internment Camps of Southwest France', *European Journal of Life Writing*, 18, 7 (July 2018), pp. 90-110; I. Sribnyak, 'Conditions of stay and cultural and educational activities of interned Ukrainian Soldiers in the Camp of Lancut, Poland (January-August 1921) in the light of archival documents', *Cherkasy University Bulletin: Historical Sciences*, 3 (2017), pp. 63-72; G. Feindt, A. Hilbrenner & D. Dahlmann (eds.), *Sport under unexpected Circumstances: Violence, Discipline, and Leisure in Penal and Internment Camps* (Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 2018).
72 Kruger, 'The Zonderwater Italian prisoners of war 1941-1947', p. 93.

gewy. Soos wat die oorlog verloop het, het hoofsaaklik Afrikaners in die Koffiefontein kamp op geëindig, insluitend die geïnterneerde OB-lede. Om nie van die hoofdoelwit van hierdie studie af te wandel nie fokus hierdie afdeling grootliks op die Koffiefonteinse kamp. Hierdie afdeling delf dus nie diep in die versetideaal en Afrikanernasionalisme in nie, maar skets eerder ŉ geheelbeeld van die konteks binne die kamp en algemene aktiwiteite sonder om verset as historiese verskynsels te ignoreer.

ŉ Interessante verskynsel is dat geen geld in die kamp toegelaat is nie. Die geïnterneerdes het ŉ sjieling per dag ontvang waarmee hul vir hulself benodighede kon koop.[73] Dit is eenmaal per maand in kampgeld uitbetaal (sien Figuur 4(e)). Die geld is uit saamgeperste papier of soms asbes gemaak, met die inskrywing "Alleen geldig in Unie-interneringskampe" aan die een kant. Die waarde van die geld was op die ander kant aangedui. Ander vorme van geld was verbode in die kamp, moontlik omdat dit gebruik kon word om wagte om te koop. Die kampgeld kon gewissel word wanneer ŉ geïnterneerde losgelaat word.[74]

Die geïnterneerdes is toegelaat om hulle eie winkel binne die kamp op te rig en dié wat dit kon bekostig kon ŉ £1 aandeel in die winkel koop. Die bestellings vir die winkel is deur die kampkommandant geplaas.[75] Die feit dat daar slegs kampgeld binne die kampe toegelaat is, het ongetwyfeld bygedra tot die gevoel van totale isolasie van die buitewêreld. Die gevoel van eensaamheid of afgesonderdheid is moontlik vererger deur die feit dat geïnterneerdes slegs een besoek per maand kon ontvang, en dié besoek kon slegs ŉ halfuur lank duur.[76] Bykomend daartoe is "familiebesoeke" elke drie maande toegestaan.[77] Die geïnterneerde moes ook eers ses maande in internering deurbring voor sulke besoeke toegelaat is.[78] In ŉ sin was die geïnterneerdes byna heeltemal afgesny van die wêreld buite die kampe.

---

73 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 171, 1978: L.M. Fourie/M.C. de Graaf Genis, p. 20.

74 C.L. de Jager, 'Die Owerheid en die geïnterneerdes', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 190.

75 O.L. Nel, 'Ons eie regering', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 195.

76 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 5: Interneringstukke. Brief van die direkteur van interneringskampe aan C.L. de Jager, 22 Augustus 1942.

77 De Jager, 'Die Owerheid en die geïnterneerdes', pp. 191-192.

78 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 5: Interneringstukke. Brief van die direkteur van interneringskampe aan C.L. de Jager, 22 Augustus 1942.




**Figuur 4(e): Asbes Sikspens (6d), 20 x 25 mm in grootte – in die kampe gebruik in stede van gewone geld.[79]**

Die geïsoleerdheid van die kampe was wel geensins so erg soos die geïsoleerdheid binne die "ramkamp" nie. Die ramkamp is ŉ klein kampie waarheen diegene wat gestraf word gestuur is. In hierdie kamp is verskeie voordele wat in die gewone kamp beskikbaar is van ŉ geïnterneerde ontneem. Daar was baie min om in die kampie te doen, soos wat voormalige Stormjaer C. Lombard vertel:

> … nou lê die ouens bedags daar, jy weet, miskien net met ŉ onderbroek in die son en eet, en dis omtrent al wat jy kan doen. Daar is toe nie fasiliteite vir sport of so aan nie.[80]

Die mense wat in die ramkamp geplaas is, is met rede afgesonder van die ander geïnterneerdes. Die wagte het gewoonlik geïnterneerdes wat as "belhamels en oproermakers" bestempel is, na die ramkamp gestuur.[81] Enige persoon wat ander aanhits om opstandig te wees kon na die isolasie-sel verskuif word. Die primêre bronne dui ongelukkig nie aan waarom dit "die ramkamp" genoem is nie. Oor die algemeen verwys ŉ ramkamp na ŉ kamp op ŉ plaas waar afgeskeie ramme aangehou word. Hierdie term word ook aangepas om op ŉ skertsenderwyse te verwys na enige plek waar ŉ groep mans/seuns bymekaarkom. Die term "ramkamp" is dus deur tydgenote spottenderwys benut om na die isolasie-sel te verwys.

---

79 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0079.
80 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 171-172, 1978: L.M. Fourie/C. Lombard, p. 21.
81 H. Luitingh, 'Spanninge' in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 329.

Buiten die isolasie-sel was daar die hoofkamp waar "hutte" of "huise" vir die geïnterneerdes ingerig is. Verskeie geïnterneerdes is in een huis saam geplaas. N.J. Haasbroek noem: "Die bedjies is so langs mekaar gepak, jy weet, twee rye; 'n ry dié kant en 'n ry daardie kant, 'n gang in die middel."[82] Die geïnterneerdes het verskeie maniere bedink om die dissipline in die huise en in die kampe te handhaaf. Om by die doelwit van hierdie studie, hoofstuk en afdeling te bly word die wyses van dissipline egter nie verder bespreek nie. Soos reeds genoem was die grootste verskynsel in die kampe die aktiwiteite waarmee tyd verdryf is. Aktiwiteite het van kamp tot kamp verskil. Wat volg is beskrywings van geselekteerde aktiwiteite soos wat dit in die Koffiefontein-kamp te voorskyn kom.

#### *4.2.1. "Kampskool" en ander akademies-verwante aktiwiteite*

Alhoewel hierdie afdeling hoofsaaklik op die Koffiefontein kamp fokus moet daar wel melding gemaak word van die feit dat akademiese aktiwiteite ook in die ander kampe teenwoordig was. In die Zonderwater-kamp is daar sowat 25 "skole", waarby ongeveer 10 000 individue onderrig ontvang het.[83] Dieselfde tipe kampskool is ook in 'n kleiner mate in beide die Leeukop en Ganspan kampe sigbaar.[84] Die kampskool het dikwels sertifikate uitgereik vir diegene wat die lesse bygewoon het. Ander geïnterneerdes, soos meneer S.W. Greeff, het byvoorbeeld die drie jaar wat hy as geïnterneerde deurgebring het ingespan om deur 'n geakkrediteerde universiteit te studeer.[85] Greeff en vyf ander mede-geïnterneerdes het in 1944 eksamens deur die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) afgelê. Greeff het as geïnterneerde daarin geslaag om die eerstejaarsvakke van sy BCom-graad te voltooi.[86] UNISA het hierdie lesings gratis vir die interneringskampe aangebied.[87]

---

82 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 182-183, 1978: L.M. Fourie/N.J. Haasbroek, p. 16.

83 P. Spargo, 'Zonderwater – Almost certainly the Largest Allied POW Camp in the World', (November 2015), http://www.theheritageportal.co.za/article/zonderwater-almost-certainly-largest-allied-pow-camp-world, geraadpleeg op 12 Oktober 2019.

84 Vir 'n beskrywing, sien: OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, pp. 5-6.

85 S.W.J. Greeff was een van die 52 individue wat van hoogverraad beskuldig is. Na afloop van die hofsaak is meeste van hierdie 52, insluitend Greeff, in Koffiefontein geïnterneer. Sien: OBA: J. van Wyk de Vries-versameling, B/L 1/2, omslag 1: Hofverslag van saak die Kroon versus P.P. du Plessis en 51 ander, 20 Mei 1941 tot 30 September 1942.

86 OBA: *Die OB*, 4.07.1945.

87 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 225, 1985: J.S. Coetzer/H.C. Havenga, p. 14.

Verskeie werkswinkels en klasse is binne die kampe opgestel, en selfs ŉ "camp university".[88] Luitenant in die Stormjaerbeweging, L.J. Marais, is moontlik korrek om na die kampskool op Koffiefontein nie noodwendig as ŉ "universiteit" te verwys nie, maar eerder as "opleidingsfasiliteite" wat op "universiteitsgehalte geskoei was".[89] Verwarring bestaan egter onder tydgenote wat die naam van hierdie klasse betref. Sommiges verwys daarna as ŉ "universiteit", terwyl ander slegs daarna verwys as "kampskool" of "skool". Vervolgens word die term "kampskool" gebruik om na die georganiseerde akademies-gerigte aktiwiteite binne die kampe te verwys. Die kampskool op Koffiefontein is deur J. Ackermann, latere tesourier van die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes,[90] bestuur en gelei.[91] Hierdie leerinisiatiewe binne die kampe het verskeie kursusse aangebied in ŉ groot verskeidenheid velde.

*Studiegeleenthede by die "kampskool" te Koffiefontein*

Nie almal het besluit om deur UNISA te studeer nie en vir baie geïnterneerdes was die kampskool alleenlik ŉ tydverdryf. Om belangstelling te kweek en te behou was die temas so wyd as moontlik aangebied. Die veelsydigheid van hierdie studiegeleenthede is nie te betwyfel nie, soos wat Koffiefontein geïnterneerde, E.J.G. Norval, dit self stel:

> Die studiemoontlikhede is veelsydig; die belangstelling is gevarieerd; kursusse in ŉ groot aantal studierigtings word gebied, iets vir elkeen, teoretiese en praktiese kursusse, tegniese en ideologiese; daar is klasse in ou en moderne tale (behalwe in Engels), in filosofie, sosiologie en sielkunde, in diverse natuurwetenskappe, in wet en polisiewese, in ingenieurswetenskappe, in veesiektes en in byeteelt, ja, in nog baie ander studierigtings.[92]

Die kampskool het ŉ geleentheid gebied vir almal om deel te neem, geen vorige opleiding of kwalifikasies was nodig nie. Gevolglik kon enige iemand die klasse bywoon. Die studente is net so veelsydig, en verteenwoordigers van verskeie beroepe is in die kampskool aangetref.[93]

---

88 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 527.

89 OBA: Bandopnames, (tr.), bandnr. 109, 1975: self-opname L.J. Marais, p. 13.

90 Die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (BOPG) word deeglik in hoofstuk 5 bespreek.

91 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 22.

92 E.J.G. Norval, 'Betekenis van skool of universiteit vir geïnterneerdes (soos deur 'n student ervaar)', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 246.

93 Norval, 'Betekenis van skool of universiteit vir geïnterneerdes', p. 247.

Die kampskool was ŉ ideale geleentheid om te studeer vir diegene wat nooit andersins toegang tot hierdie soort onderrig gehad het nie:

> Menige geïnterneerde wat voorheen ver en eensaam op ŉ plaas of klein dorpie gewoon het, bevind hom hier in ŉ ware skool en universiteit met die moontlikheid om dertig tot veertig verskillende kursusse gratis te loop …[94]

Meeste klasse is in Afrikaans aangebied,[95] wat dit moontlik gemaak het vir die meerderheid geïnterneerdes om moedertaalonderrig te ontvang. Die lede in die kamp wat hierdie onderriginisiatiewe gekoördineer het, het sekerlik bygedra tot die bemagtiging van die Afrikanerdom teen die agtergrond van die nasionalistiese doelwit om die Afrikaner "op te hef". Soos reeds genoem was die kampskool vir baie die eerste geleentheid om verdere onderrig te ontvang. Tot ŉ sekere mate kan die kampskool as ŉ vorm van aktivisme gesien word wanneer die "bemagtiging" van die Afrikanerdom ter sprake is – dit sou verkeerd wees om dit in totale isolasie te beskou, veral gegewe die voorafgaande dertigerjare wat ŉ donker ekonomiese tydperk vir die Afrikaner was.

Enigiets van motorwerktuigkunde tot taalstudies is by die kampskool aangebied. Verskeie tale is byvoorbeeld aangebied: Afrikaans, Frans, Duits, Italiaans, Zoeloe, Sesotho en selfs Sweeds.[96] Die aanbied van Engelse Letterkunde is beplan, maar daar was ŉ probleem om die boeke te bekom, en gevolglik is dit gekanselleer.[97] Omdat anti-Britse sentimente hoogty gevier het, is dit moontlik dat Engelse klasse nie veel studente sou hê nie, selfs al sou die nodige studiemateriaal bekom word. Die Afrikaanse klasse wat by die kampskool aangebied is, was veral gewild. Die klasse is in drie groepe verdeel: letterkunde (aangebied deur J.F. Marais), taalsuiwerheid (aangebied deur J. Hofmeyr), en dan taalwerk en kortverhale (aangebied deur F.R. de Klerk Gilfillan).[98] Uitnemende poësie en prosa het dikwels in die kampblad, *Op en Wakker*, verskyn.[99] In die kamp het hulle ook probeer om Italiaans en Russies te leer, maar omdat Italië nie aan die geallieerde kant van die oorlog geveg het nie, het die kampowerhede

---

94 Norval, 'Betekenis van skool of universiteit vir geïnterneerdes', p. 248.

95 Norval, 'Betekenis van skool of universiteit vir geïnterneerdes', p. 247.

96 J.M. Ackermann, 'Die geskiedenis van die skool in die kamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, pp. 225, 230.

97 Ackermann, 'Die geskiedenis van die skool in die kamp', p. 231.

98 F.R. de K. Gilfillan, 'Afrikaans in die Koffiefonteinse interneringskamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 260.

99 Gilfillan, 'Afrikaans in die Koffiefonteinse interneringskamp', p. 261.

nie enige steun in hierdie poging gebied nie. Die studiemateriaal vir Russies was ook moeilik om te bekom, en daar was ook nie iemand wat dit kon doseer nie.[100]

*Studiemateriaal vir die "kampskool"*

Om materiaal te bekom vir les aanbieding was meer ingewikkeld as die reël van die klasse. Familie en vriende is toegelaat om boeke aan die geïnterneerdes te stuur. Die inhoud van die boeke wat in die kamp toegelaat is, is egter beperk. Boeke wat elektrisiteit, radio of soortgelyke wetenskappe behandel, asook politiek, vloot of militêre inhoud bevat het, is nie toegelaat nie.[101] Die voormalige hoof weerkundige van Suid-Afrika, dr. T.E.W. Schumann, het weerkunde boeke aan die geïnterneerdes gestuur.[102] S.O. Eklund, wie vir jare lank in die Koffiefontein-kamp geïnterneer is, het in sy aardrykskunde lesse probeer om ŉ belangstelling in sterrekunde by sy studente aan te wakker. In dié verband is daar ŉ sterrekaart gemaak uit swart papier, waarop die sterre dan in die vorm van gaatjies aangetoon is. Die kaart is dan aan ŉ kartondoos gemonteer, en aan die hoeke van die kartondoos is vier kerse geplaas. Die idee agter die kaart was om dit te belig sodat dit in die aand vergelyk kan word met die werklike sterrehemel. Eklund vertel dat hy kerse uit kombuis vet, wat hy van sy sop af geskep het, moes maak.[103] Die geïnterneerdes het dus verskeie wyses bedink om die materiaal vir die les aanbieding te bekom.

Met die grootskaalse internering was daar geen tekort aan mense om die lesse aan te bied nie. Verskeie akademici en geleerde mans is geïnterneer, en op so ŉ wyse is die perfekte mensemateriaal in die kampe teenwoordig.[104] Mettertyd het al die lesse uiteindelik doodgeloop soos wat die leerkragte vrygelaat is. Teen 22 Januarie 1945 is daar geen meer klasse te Koffiefontein aangebied nie.[105] Die doelwit agter die implementering van die kampskool kan op twee wyses interpreteer word. Eerstens is dit ingestel om verveeldheid in die kampe aan te spreek, met ander woorde om "ledige ure" nuttig te bestee.[106] Die kampskool was ŉ

[100] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 263-264, 1990: H.M. Robinson/S.O. Eklund, p. 24.
[101] OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 5: Interneringstukke. Brief van die direkteur van interneringskampe aan C.L. de Jager, 22 Augustus 1942.
[102] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 263-264, 1990: H.M. Robinson/S.O. Eklund, p. 25.
[103] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 263-264, 1990: H.M. Robinson/S.O. Eklund, p. 25.
[104] *Die Suid-Afrikaanse Beeld*, 9.10.1966.
[105] OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 6(a): Lewe in die kamp. Dokument geskryf deur P.L. Vermaak, 22 Januarie 1945.
[106] Ackermann, 'Die geskiedenis van die skool in die kamp', p. 239.

"waardevolle poging om die afgesonderde manne geestelik aktief te hou".[107] Tweedens, soos wat reeds vlugtig genoem is, kan die implementering van die kampskool ook as fisiese poging tot opheffing van die volk beskou word. Die opheffing van die Afrikanerdom het al hoe sterker op die Afrikanernasionalistiese agenda begin verskyn in die 1940s en enige geleentheid om die Afrikaner ekonomies te bemagtig is aangegryp.[108] Juis vir hierdie rede kan die kampskool as ŉ vorm van Afrikanernasionalisme binne die interneringskampe geag word – veral gegewe die feit dat verskeie nasionalisties-gesinde kundiges (soos H.G. Stoker) klasse aangebied het. Die geleenthede vir opleiding behoort ook gesien te word binne die breë konteks van Afrikanernasionalisme se doelwitte. Die kreet "ŉ Volk red homself" is duidelik te bespeur in hierdie aktiwiteite. Afrikaners was op daardie stadium nie so goed opgelei soos hulle Britse eweknieë nie. Internering speel af teen die agtergrond van Afrikaners se mobilisering – ook op die gebied van onderrig waar Afrikaanse skole en universiteite moes voldoen aan die behoefte om Afrikaners opvoedkundig "op te hef". Dit is interessant om te sien hoe die Koffiefontein interneringskamp vindingryk deur Afrikaners ingespan is vir hierdie doelwitte.

### *4.2.2. Musiek, konserte en toneelstukke*

Behalwe vir die leerinisiatiewe van die kampskool was daar ook baie musiekverwante aktiwiteite in die kampe. Die funksies, konserte en meeste spesiale kamp-aangeleenthede is in die kampblad aan die geïnterneerdes bekend gemaak.[109] Funksies en aktiwiteite het gewissel van jaar tot jaar, maar het ook al minder in die kampe plaasgevind namate die hoeveelheid geïnterneerdes afgeneem het. Vervolgens word die musiek, konserte en toneelstukke binne die kampe bespreek.

*Konserte en opvoerings*

Die geïnterneerdes het dikwels konserte vir spesiale geleenthede soos "Dingaansfeeste",[110] Kersfees en Nuwejaar gehou.[111] Dit was ook ŉ uitdaging om alle benodighede vir opvoerings

---

107 *Die Suid-Afrikaanse Beeld*, 9.10.1966.

108 D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism, 1934-1948* (Cambridge, Cambridge University Press, 1983), pp. 119-133.

109 OBA: G.P.J. Trümpelmann-versameling, B/L 1/3, omslag 9: Kamplewe. Dokument met titel: 'Die taak van ons kamp', 1 Augustus 1942.

110 Ook bekend as "Geloftedag", word op 16 Desember gevier as herdenking van die Slag van Bloedrivier en die Gelofte van Bloedrivier wat op 16 Desember 1838 afgelê is.

111 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 171-172, 1978: L.M. Fourie/C. Lombard, p. 22.

en toneelstukke te bekom. Die eetsaal is dikwels as die opvoeringslokaal benut, maar verskeie ander planne moes gemaak word vir verdere benodighede. ŉ Verhoog is byvoorbeeld uit tafels gebou, en die gordyne is gemaak deur komberse aanmekaar te werk. Verder is daar ook spesiale lampe in die kamp gebou om as beligting tydens die vertonings te dien.[112] Die inhoud vir die konserte was wel minder van ŉ uitdaging, en ŉ vorm van subtiele verset is in sekere van die inhoud duidelik. Konserte se inhoud het dikwels oorlogstemas en leitmotiewe ingesluit. Voormalige Stormjaer C. Lombard vertel meer oor die inhoud van ŉ konsert wat in Koffiefontein afgespeel het:

> Nou is ouens afgerig, dan doen hulle allerhande goed, dan maak hulle musiek en so aan. En nou een aand het ons nou so ouens gehad, hulle het nou so ŉ radio'tjie gebou. Jy weet hulle (kampoutoriteite) soek nou altyd natuurlik die radio en die voëltjie waar ons die boodskappe mee uitsaai en waar ons boodskappe mee ontvang. Nou sit die ouens daar. Nou het hulle die gordyn getrek, nou sit hierdie radio hier voor – hy lyk nes ŉ radio – dan kom die ou, dan sit hy kammig [sic] die radio aan, en dan 'tjie-wie-wie-wie' dit daarso. Nou ja, hier is die stasie, en dan kom praat een ou nou …[113]

Omdat daar so baie verskillende nasies en tale in die kamp was, het die akteurs dan mense in verskillende tale laat praat om verskillende radiostasies aan te dui. Dikwels is daar oorgegaan na musiek toe, waarvan die mense agter die skerms dan musiek gemaak het. Hulle het self ŉ kort stukkie van Radio Zeesen opgevoer, en ŉ Duitser in die kamp gebruik om te praat vir hierdie deel van die "uitsending".[114] Hierdie kan geïnterpreteer word as ŉ subtiele vorm van verset binne die kampe. Die geïnterneerdes het sulke tipe vertonings ingewerk as ŉ manier om die Smuts-regering se teenstand met radio's en radio-uitsendings te bespot. Die materiaal wat geskryf is vir sulke toneelopvoerings wys ook weereens dat die tydgenote ŉ sterk politieke bewussyn toon. Vanweë die owerhede se strewe om radio-uitsendings van nie-geallieerde oorde soos Radio Zeesen binne die Unie te beperk, en glad nie radio's of selfs boeke wat oor radio's handel, in die kamp toe te laat nie, het die opvoering van sulke toneelstukke met ŉ radio as die hooftema die owerhede subtiel gespot.

112 J.F. Marais, 'Konserte en letterkundige wedstryde', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 258.
113 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 171-172, 1978: L.M. Fourie/C. Lombard, p. 22.
114 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 171-172, 1978: L.M. Fourie/C. Lombard, p. 23.

*Musiekvertonings en musiekaande*

Kampsang is byna elke week op ŉ vasgestelde aand gehou.[115] Diegene wat viool, konsertina en trompet kon speel het hulle instrumente na die kamp laat stuur.[116] Boeremusiek-orkeste het ook op verskeie aande vir die vermaak in die kamp gesorg.[117] Behalwe vir Boeremusiek-aande is daar ook Klassieke musiek-aande gehou.[118] Wat beide Boeremusiek en Klassieke musiek betref is daar nie slegs bekende komposisies by musiekaande gespeel nie, maar daar is selfs komposisies binne die kamp gekomponeer.[119] Bladmusiek was veral skaars in die kamp en gevolglik het etlike vertalings van Engelse liedere die lig gesien. Die Engelse lied "Who is Sylvia?" is na Afrikaans toe vertaal as "Wie's Marietjie?", so ook is die Engelse lied "Friend of Mine" na Afrikaans vertaal as "My ou Maat".[120] Die vertaling van Engelse liedere na Afrikaans moet binne die breër konteks verstaan word. Ons sien hier ŉ tipe vasberadenheid om die kamp Afrikaans te hou, moontlik gemotiveer deur die sterk anti-Britse sentimente wat hoogty gevier het. Dit is dus duidelik dat die geïnterneerdes hulle anti-Britse en pro-Afrikaner sentimente selfs deur middel van die vermaak in die kampe laat geld het. Uit ŉ groot hoeveelheid items wat aan die OB Argief geskenk is, blyk dit dat houtwerk ŉ groot deel van baie geïnterneerdes se tydverdryf uitgemaak het.

### ***4.2.3. Houtwerk***

Baie ambagsmanne is geïnterneer en "handewerk" is in die kampe beoefen, insluitend: metaalwerk, silwerwerk, naaldwerk, beenwerk en kleiwerk.[121] Nie net ambagsmanne nie, maar ook diegene wat talentvol met die hand was, het hulleself hiermee besig gehou. Die verskeie houtwerke wat in die kampe vervaardig is, word tereg as "blywende herinneringe van harde arbeid" bestempel.[122] Hierdie werke bied die geleentheid om ŉ blik op die alledaagse

---

115 S.H. Eyssen, 'Musieklewe in die boerekamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 267.

116 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 5.

117 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 6(a): Lewe in die kamp. Dokument geskryf deur P.L. Vermaak, 22 Januarie 1945.

118 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 6(a): Lewe in die kamp. Dokument geskryf deur P.L. Vermaak 22 Januarie 1945.

119 OBA: G.P.J. Trümpelmann-versameling, B/L 1/3, omslag 9: Kamplewe. Dokument met titel: 'Die taak van ons kamp', 1 Augustus 1942.

120 Eyssen, 'Musieklewe in die boerekamp', p. 270.

121 J.H. McDonald, 'Handvaardigheid', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, pp. 284-285.

122 OBA: G.P.J. Trümpelmann-versameling, B/L 1/3, omslag 9: Kamplewe. Dokument met titel: 'Die taak van ons kamp', 1 Augustus 1942.

aktiwiteite in materiële vorm te bestudeer. Wat volg is ŉ breedvoerige uiteensetting van die houtwerk wat in die kamp gelewer is.

*Algemene houtwerk-aktiwiteite*

Gereedskap om die houtwerkswinkel aan die gang te hou was ook in tekort.[123] Indien die nodige permitte bekom is, was dit toelaatbaar vir familie en vriende buite die kamp om gereedskap aan geïnterneerdes stuur. Talle vereistes is vir sulke gereedskap in plek gestel, en nie enige gereedskap is in die kamp toegelaat nie.[124] Mevrou J. Wagner, wie reeds sedert 1939 ŉ aktiewe lid van die OB-tak te Kimberley was, vertel hoe hulle gereeld hout geneem het vir haar broer, wie in Koffiefontein geïnterneer is.[125] Die Koffiefontein-kamp is opgerig naby ŉ gebied waar ŉ ou ashoop van een van die diamantmyne eens was. Die ou ashoop was ŉ ryk bron van ysterstukke. Hierdie ysterstukke is gebruik om gereedskap te maak. Baie soorte gereedskap, soos hamers en beitels, is uit ou stukke yster vervaardig.[126] Die geïnterneerdes het ook self planne beraam om draaibanke te vervaardig. Die Koffiefontein-kamp het teen die einde van die oorlog oor drie draaibanke beskik.

Mettertyd was die Koffiefontein-werkswinkel selfs te klein vir "die toenemende entoesiaste".[127] Die houtwerk wat in die kamp gelewer is, is dikwels op uitstallings geplaas.[128] Talle items is vervaardig, insluitend: knope, kissies, skinkborde, papiermesse, servetringe, knope, kandelare, poeierbakkies, eierkelkies, skaakstelle en vele meer (vir enkele voorbeelde sien Figure 4(f) en 4(o)).[129] Die houtwerk binne die kamp het mettertyd so gevorderd geraak dat die geïnterneerdes selfs enkele viole en vioolkissies geskep het.[130] Volgens J.H. McDonald, voormalige lid van die Terreurgroep, het van die viole werklik ŉ goeie klank gehad, terwyl ander in voorkoms dalk ŉ viool was, maar wat klankrykheid betref eerder as ŉ "blik" gesien kon word.[131] Benewens die viole is daar ook geëksperimenteer met ander musiekinstrumente

123 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 6(a): Lewe in die kamp, 22 Januarie 1945.
124 McDonald, 'Handvaardigheid', p. 281.
125 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 153, 1977: L.M. Fourie/J. Wagner, p. 9.
126 McDonald, 'Handvaardigheid', p. 281.
127 OBA: G.P.J. Trümpelmann-versameling B/L 1/3, omslag 9: Kamplewe, 1 Augustus 1942..
128 McDonald, 'Handvaardigheid', p. 282.
129 McDonald, 'Handvaardigheid', p. 282.
130 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 171-172, 1978: L.M. Fourie/C. Lombard, p. 14; OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 6(a): Lewe in die kamp, 22 Januarie 1945; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 225, 1985: J.S. Coetzer/H.C. Havenga, p. 14. OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 32, 1973: P. Aucamp/J.M.A. de Wit, pp. 9-11.
131 McDonald, 'Handvaardigheid', p. 283.

soos tjello's en banjo's.[132] Behalwe dat die vervaardiging van houtprodukte 'n tydverdryf binne die kamp was, het verskeie tydgenote hulle versetideaal en Afrikanernasionalisme daardeur laat geld. Hierdie subtiele verset word verder in afdeling 4.3. bespreek. Sport was 'n verdere tydverdryf in die kampe.




**Figuur 4(f): Houtwerk voorbeelde vanuit die Koffiefontein-kamp.**

**Links (bo):** 'n Stel servetringe deur OB-lid A.W. Behrens vervaardig.[133] **Regs (bo):** Houtkissie wat deur C.I. Krogh gemaak is.[134] **Links (onder):** Viool en vioolkas wat deur J.H. McDonald vervaardig is.[135] **Regs (onder):** Deel van 'n skaakstel wat deur OB-generaal D.P. Eloff gemaak is.[136]

### *4.2.4. Sportsaktiwiteite binne die kampe*

Die geskiedenis van sport wat binne kampe beoefen word, behoort op die historiografiese agenda geplaas te word. Sport bied die geleentheid aan historici om die sosiale prosesse binne die kampe beter te verstaan.[137] Sport het in al ses Suid-Afrikaanse interneringskampe plaasgevind. Die sportsoorte, aantal deelnemers en organisasie van die sport verskil egter van kamp tot kamp. Hierdie afdeling beskryf die sportsoorte asook ander ontspanningsaktiwiteite wat hoofsaaklik binne die Koffiefontein-kamp beoefen is. Sodoende word 'n blik op die sosiale

---

132 McDonald, 'Handvaardigheid', p. 283.
133 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M2408.
134 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0264.
135 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0371.
136 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0016.
137 G. Feindt, A. Hilbrenner & D. Dahlmann, 'Between "Barbed Wire Disease" and *Judenexerzieren*: Why the History of Sport in Penal and Internment Camps Matters' in G. Feindt, A. Hilbrenner & D. Dahlmann, (eds.), *Sport under unexpected Circumstances: Violence, Discipline, and Leisure in Penal and Internment Camps* (Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 2018), p. 20.

prosesse binne die kamp bekom. Die grootste sosiale prosesse wat uitgelig word, is die bevordering van samehorigheid en dat sport as ŉ middel benut is waarmee verveeldheid in die kampe aangespreek kon word. Net soos met die kampskool, die vermaak in die kampe en die houtwerk-aktiwiteite, is sport ook ingespan om verveeldheid te beveg.

Soos reeds deur Kruger uitgewys is, is daar verskeie georganiseerde sport in die Zonderwater-kamp te bespeur.[138] Sport is wel nie slegs tot die Zonderwater-kamp beperk nie, maar kom ook in die ander vyf kampe voor. In die Leeukop-kamp was liggaamlike oefeninge baie gewild onder Afrikaners. Die liggaamlike opvoeding in die Leeukop-kamp het tennis, netbal, sokker, gimnastiek, korfbal, stoei en boks, en handbal ingesluit.[139] Omdat individue van verskeie beroepe geïnterneer is, is daar soms ook "sportonderwysers" in die kampe teenwoordig. Benodighede vir sport was dikwels ŉ uitdaging. In hierdie verband het komitees buite die kampe fondse ingesamel om sportbenodighede aan die kamp te verskaf. Baie kompetisies is binne die kampe gehou en daar is gereeld weddenskappe aangegaan.[140] Ná ŉ grootskaalse verskuiwing van geïnterneerdes na Ganspan is rugby vir die eerste keer in die kampe beoefen. Behalwe vir rugby was daar ook sokker en atletiek in die Ganspan-kamp teenwoordig.[141] Al hierdie bedrywighede het samehorigheid binne die kampe bevorder, en terselfdertyd verveeldheid vir beide speler en toeskouer teengewerk.

Sportbyeenkomste is ook in die Koffiefontein-kamp aangebied. Vir sokker is daar byvoorbeeld liga-wedstryde en "interprovinsiale" wedstryde gereël. In hierdie "interprovinsiale" wedstryde sal spelers van die Vrystaat byvoorbeeld teen spelers van die Transvaal speel, ensovoorts.[142] In 1944 is daar selfs ŉ "intervarsity" geleentheid gereël (sien Figuur 4(g)). Die oud-studente van Pretoria, Stellenbosch en Potchefstroom het saamgespan om die oud-studente van die Witwatersrand, die Oranje Vrystaat en Kaapstad aan te vat.[143] Die organisering van sulke sport binne die kampe was kompleks. Omdat die Koffiefontein-kamp radikale groei in 1942 ondervind het, is alle sport in die Koffiefontein-kamp onder die toesig van ŉ sporthoof geplaas. Elke sport in die kamp het ŉ komitee gehad wat dan alle byeenkomste en programme aan die

---

138 Kruger, 'The Zonderwater Italian prisoners of war 1941-1947', p. 93.

139 M.J. Toerien, 'Sport en spele in die kamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 291; OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, pp. 4-5.

140 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, pp. 4-5.

141 Toerien, 'Sport en spele in die kamp', p. 291.

142 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 6(a): Lewe in die kamp, 22 Januarie 1945.

143 Toerien, 'Sport en spele in die kamp', p. 292.

sporthoof moes meld. Die sporthoof moes aan die kampleiding rapporteer.[144] Dit is duidelik dat die reël, koördinering en aanbieding van sport in kampe en kamp-byeenkomste soos "intervarsity" 'n aangename tydverdryf binne die kampe gebied het.




**Figuur 4(g): "Ienterwaarsitie ienternieringskamp" tekening deur A.J. Lessing, gedateer 11 Maart 1944.[145]**

Somma het reeds in sy 2010-artikel gewys dat musiek tot solidariteit binne die Italiaanse interneringskamp gelei het.[146] Hierdie afdeling wys dat sport ook as 'n lens benut kan word om sosiale prosesse uit te lig en verdere navorsing is beslis geregverdig. Alhoewel daar 'n hele artikel alleenlik aan sport in die kampe gewy kan word, het hierdie afdeling kortliks uitgewys dat sport vir twee doeleindes benut is: eerstens om verveeldheid te beperk, en tweedens om samehorigheid onder die geïnterneerdes te bevorder. Verder is daar uitgewys dat die sportsoorte, aantal deelnemers en organisasie van die sport verskil van kamp tot kamp. Die geïnterneerdes het ook konsepte van die buitewêreld soos "intervarsity" benut om die tyd in die kampe meer aangenaam te maak, en terselfdertyd die gevoel van volkome isolasie van die buitewêreld te beveg.

---

144 Nel, 'Ons eie regering', p. 197; Toerien, 'Sport en spele in die kamp', pp. 291-292.
145 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1251.
146 Somma, 'Music as discipline, solidarity and nostalgia in the Zonderwater prisoner of war camp of South Africa'.

### *4.2.5. Spesiale dae in die kampe*

Alhoewel die geïnterneerdes byna heeltemal afgesonder van die buitewêreld was, het hulle steeds al die "normale" feesdae binne die kampe gevier. Hierdie afdeling bespreek die "besonderse" wat in die kampe gevier is, naamlik Amajubadag, Uniedag, die KG van die OB se verjaarsdag, Krugerdag, Dingaansdag en Kersfeesvieringe. Van Riebeeck-dag is ook in die kampe as ŉ byna "godsdienstige dag" in die "Afrikaner"-kampe gevier.[147] Omdat Van Riebeeck-dag op byna dieselfde wyse as Amajubadag gevier is, word daar nie ŉ spesiale afdeling aan Van Riebeeck-dag gewy nie.

*Amajubadag*

Soos reeds bespreek is die Amajuba-berg as simbool van vryheid deur die OB aangeneem.[148] Vir die OB was Amajuba ŉ simbool van vryheid en onafhanklikheid[149] – dieselfde vryheidsideaal wat as motivering vir baie geïnterneerdes se dade van verset gedien het. So is die Boere se oorwinning van 27 Februarie 1881 in die vorm van "Amajubadag" herdenk.[150] Ter viering van hierdie dag is verskeie toneelstukke opgevoer, koor-optredes gereël en konserte is georganiseer. Op Amajubadag is die lied "Los van Engeland" gesing. Hierdie lied was so belangrik dat dit deur J.C. Neethling as "die volkslied van alle geïnterneerdes" bestempel word.[151] Dit lui soos volg:

> Los van Engeland,
> Staan vir vryheid en ons regte.
> Los van Engeland,
> Want vir niemand is ons knegte.
> Vryheidsband vir ons gesmee,
> Dwinglandsketting breek in twee!

---

147 J.C. Neethling, 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 298.

148 P. de Klerk, 'Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, 2 (Desember 1989), p. 106.

149 De Klerk, 'Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika', p. 106.

150 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 128-129, 1974: H.M. Robinson/W.F.P. Gibson, p. 12.

151 Neethling, 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', p. 297.

KOOR:
Hoor die wekroepe van ons land:
Los van Engeland!
(Herhaal koor twee maal)[152]

Hierdie lied is nie alleenlik as die "volkslied" van geïnterneerdes beskou nie, maar jare later is dit steeds as die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenis (BOPG) se "populêrste lied" bestempel.[153] "Los van Engeland" is ŉ vorm van lydelike verset waardeur die geïnterneerdes hulle anti-Britse sentimente, en gevolglik dan ook Republikeinse strewe, kon laat geld. Soos die titel en verskeie lyne van die lied toon, was die strewe om "los van Engeland" te funksioneer met ander woorde om ŉ republiek te wees. Dit is ook opmerklik dat die tema van "vryheid" twee keer in die lied na vore kom. Dit is ŉ letterlike uitdrukking van nie alleenlik die geïnterneerdes se strewe na vryheid nie, maar ook die breër nasionalisties-gesinde Afrikanerdom s'n. Die tema van ŉ ketting wat in twee breek is dikwels deur geïnterneerdes en gevangenes gebruik om die Afrikanerdom se losbreek van Brittanje te versinnebeeld. Dit word in "Los van Engeland" direk genoem: "Dwinglandsketting breek in twee", en dit word later in die vroeë wapenontwerpe van die BOPG ook ingespan (sien Figuur 4(n) links). "Los van Engeland" is ŉ middel waarmee die geïnterneerdes die vryheidsfakkel omhoog gehou het.

*Uniedag*

Jaarliks op 31 Mei is Uniedag in die Afrikanerkampe gevier. Uniedag het twee betekenisse vir die Afrikaner-geïnterneerdes ingehou. Eerstens is dit gesien as die dag waarop die Afrikaner "sy vryheid moes prysgee"; tweedens is dit beskou as die dag van eenwording vir die Afrikaners van al vier "provinsies". In die viering van die eerste betekenis het die geïnterneerdes terug gedink aan "die groot offer van vroue en kinders" wat in die Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe oorlede is. Die tweede betekenis is gevier deur die inagneming dat verteenwoordigers van al vier provinsies in die kamp teenwoordig is. Uniedag

152 OBA: BOPG-versameling, B/L 29/144, Bond se bladskud, ongedateer.
153 OBA: *Dankie*, 1960, jaargang 1, nommer 1, p. 3.

is dus nie op dieselfde wyse, met konserte, optredes en ander vieringe, deurgebring nie, maar eerder as ŉ dag van refleksie oor Afrikanergeskiedenis.[154]

*Die Kommandant-Generaal se verjaarsdag*

Die OB se Kommandant-generaal (KG), Hans van Rensburg, se verjaarsdag is jaarliks op 24 September in die Koffiefontein-kamp gevier. Alhoewel nie alle lede in die kamp OB-lede was nie, is daar steeds spesiale reëlings vir hierdie dag getref. Elke jaar is daar ŉ vlieër "in die grootste geheimhouding" binne die kamp gemaak met ŉ gelukwensboodskap vir die KG daarop. Die vlieër is die oggend van 24 September skelm opgestuur voordat die kampowerhede dit kon stop,[155] en sodra die tou hoog genoeg was, is die tou gebreek. Die boodskap is dan soms "vir myle en myle ver" gesien. Die tweede vorm van viering was ŉ dinee waarby alle OB-lede in die kamp aangesit het. Alkohol was wel verbode in die kamp, en gevolglik is die heildronk slegs met limonade ingestel.[156] Die Koffiefontein-geïnterneerdes het ook dikwels geld ingesamel binne die kamp waarmee daar dan ŉ geskenk vir die KG aangekoop is. In 1942 is daar ŉ totaal van £10 gekollekteer vir die KG se geskenk.[157] Hierdie geld is uit hulle daaglikse kamptoelae van een sjieling bymekaargemaak. Behalwe vir die KG se verjaarsdaggeskenk, was daar ook geld ingesamel vir ander OB-fondse soos die Noodhulpfonds en die Strydfonds. Die OB-koerant berig:

> Dit is ook die manne wat aan die K.G. u bedrag van £14-11-6 uit die Koffiefonteinse kamp gestuur het uit hul sakgeld van 1s. per dag as bydrae tot die Ossewabrandwag se strydfonds van 8 Augustus. Dit is manne wat uit die tronk vir die Kommandant-generaal laat weet het dat hulle geen afsonderlike vrede met die vyand sal sluit nie.[158]

Hierdie aanhaling getuig dat die anti-Britse en pro-OB houding van hierdie daad effektief vas.

154 Neethling, 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', p. 298.
155 Neethling, 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', pp. 298-299.
156 Neethling, 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', pp. 298-299.
157 OBA: *Die OB*, 21.10.1942.
158 OBA: *Die OB*, 24.11.1943.

*Krugerdag*

Jaarliks op 10 Oktober, is oudpresident Paul Kruger se verjaarsdag deur die breë Afrikanerdom herdenk. Op Krugerdag is daar "eerlik en opreg" hulde gebring aan Kruger se nagedagtenis.[159] Die Koffiefontein-kamp se geïnterneerdes is geen uitsondering nie. Op 10 Oktober 1942 is daar byvoorbeeld ŉ groot opvoering gehou wat die vraag van wraak en haat in ŉ patriotiese tema aangepak het. Temas het hier ook dikwels die owerhede op subtiele wyses bespot (sien afdeling 4.2.2.), of temas van Afrikanergeskiedenis aangeraak. By hierdie geleentheid het ŉ groot koor, bestaande uit geïnterneerdes ook opgetree.[160] In hierdie sin is ŉ belangrike figuur binne Afrikanergeskiedenis se verjaarsdag herdenk.

*"Dingaansdag"*

Op 16 Desember 1838 het ŉ groep Voortrekkers ŉ "oorweldigende militêre oorwinning" teenoor Dingaan se Zoeloe-impi's behaal. By hierdie geleentheid is daar ook ŉ "plegtige gelofte" gemaak dat die nageslagte elke jaar die dag as ŉ geloftedag sal vier.[161] So is 16 Desember, later as Dingaansdag, deur die Afrikanerdom herdenk. Dingaansdag[162] het ŉ gelowige aspek aangeneem. ŉ Oggenddiens, hoofdiens en geskiedkundige toesprake is in die Koffiefontein-kamp gelewer. By die hoofdiens is die Bloedrivier-gelofte herhaal. Die aand is dan afgesluit met ŉ konsert waarin geskiedkundige voordragte opgelewer is, en taferele vertoon is.[163]

---

159 Neethling, 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', p. 299.

160 Marais, 'Konserte en letterkundige wedstryde', p. 258.

161 C.F.J. Muller, 'Die Groot Trek-Tydperk, 1838-1854', in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria & Kaapstad, Academica, 1968), p. 142. Sien ook: F. Welsh, *A History of South Africa* (London, Harper Collins Publishers, 2000), pp. 173-174; H. Giliomee, *Die Afrikaners: ŉ Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), pp. 162-165; L. Thompson, *A History of South Africa* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 2016), pp. 90-91; A. Manson, B. Mbenga & J. Peires, 'Die koloniale teenwoordigheid brei uit en raak gevestig', in H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), p.146.

162 Later bekend as "Geloftedag", sien voetnota 111.

163 Neethling, 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', p. 299.

*Kersfeesvieringe*

Kos, vrugte en vleis is dikwels vir feesdae deur mede-Afrikaners en OB-lede na die kampe gestuur.[164] Braaivleisvure is aangesteek en op 24 Desember is Oukersaand gevier.[165] Op Kersdag is ŉ diens gelewer.[166] Voormalige Stormjaer, Len Cremer, vertel dat daar veral geslagte skape na die kampe gestuur is, wat hulle dan gebraai en "lekker gaargemaak" het.[167] Hierdie sentimente vanaf buite die kamp het ongetwyfeld ŉ groot psigiese impak op die geïnterneerdes gehad. Cremer meen selfs dat dit die geïnterneerdes "aan die gang gehou" het.[168] Sulke klein inisiatiewe vanaf buite die kampe het moontlik die gevoel van totale isolasie van die buitewêreld tot ŉ mate teengewerk.

*Analise van spesiale dae in die kampe*

Vanuit die bogenoemde "spesiale dae" in die kampe is dit duidelik dat die OB-lede binne die kampe steeds hulle versetideaal, vryheidstrewe, republikeinse strewe, anti-Britse sentimente en Afrikanernasionalisme laat geld het. Die viering van dae soos Amajubadag, Krugerdag en "Dingaansdag" dui weereens aan dat die lede binne die kampe ŉ sterk historiese bewussyn ontbloot. Toneelstukke en liedere wat by spesiale dae opgevoer is toon ook ŉ sterk versetideaal en Afrikaner-nasionalistiese sentimente. Die OB-geïnterneerdes het ook hulle agentskap as OB-lede duidelik gemaak. Nie net is die OB KG se verjaarsdag gevier nie, maar ŉ vlieër is ook in die geheim gemaak en opgestuur. Op so ŉ wyse het die OB-lede hulle versetideaal voortgesit deur doelbewus die kampreëls te breek. ŉ Verdere verskynsel in die kampe was die beoefening van visuele kuns waarvan baie werke aan die OB Argief geskenk is.

### ***4.2.6. Kuns***

As deel van die "kampskool" is daar lesse in kuns aangebied, aangesien daar ook verskeie kunstenaars in die kampe geïnterneer is. Op so ŉ wyse is etlike sketse, tekeninge en portrette

164 J.C. Neethling, 'Kontak met die buitewêreld', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, pp. 303-304.

165 OBA: P.L. Vermaak-versameling, B/L 1/1, omslag 2: Koffiefontein Interneringskamp. Dagboekinskrywing, 23 Desember 1944.

166 Neethling, 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', pp. 300-301.

167 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 64, 1974: J. van der Walt/L. Cremer, p. 7.

168 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 64, 1974: J. van der Walt/L. Cremer, p. 7.

opgelewer, nie slegs deur die studente nie, maar ook deur die instrukteurs. Die sketse en skilderye wat binne die kampe opgelewer is, bied onskatbare waarde in die beskrywing van die kamplewe soos dit deur geïnterneerdes ervaar is, soos wat voormalige kampleier G.P.J. Trümpelmann dit stel:

> Daar is ook veelbelowende talent onder die amateur-kunstenaars. Dis hulle wat die verbygaande toneeltjies van ons soms spannende en afwisselende kamplewe in die vorm van ŉ blywende beeld omskep het.[169]

Dr. Kranz, ŉ geneesheer en kunstenaar wie vir jare lank in die Koffiefontein-kamp aangehou is, het nie alleenlik verskeie kunswerke in die kampe opgelewer nie, maar hy het ook klasse aangebied in kunsonderrig.[170] Kranz was ook ŉ geneesheer, en het veral in die Koffiefontein-kamp mediese raad en hulp aan mede-geïnterneerdes verleen (sien afdeling 4.3.).[171] Verskeie struikelblokke moes in die kamp oorkom word om die kunswerke op te lewer. Weens ŉ tekort aan verf het een kunstenaar dikwels self verf vervaardig deur suiwer roet van die kampkombuis se stoofpype te verwyder, en daarna fyn gemaal. Die fyngemaalde roet word dan met lynolie of "Arabiese gom" gemeng om donker verf te vervaardig.[172] Portrette en sketse wat in die kamp opgelewer is, het dikwels kamptonele, natuurtonele en kampgenote ingesluit (sien Figuur 4(h)).[173]

---


169 OBA: G.P.J. Trümpelmann-versameling B/L 1/3, omslag 9: Kamplewe, 1 Augustus 1942.

170 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 16; Ackermann, 'Die geskiedenis van die skool in die kamp', pp. 227 en 236.

171 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 22.

172 H. Kuperus, 'Skilder- en tekenkuns in die kamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 278.

173 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 6(a): Lewe in die kamp. Dokument geskryf deur P.L. Vermaak, 22 Januarie 1945.




**Figuur 4(h): Kamptonele.**

**Bo: (*Links*):** Koffiefontein-kamp soos geskets deur A.J. Lessing.[174] **(*Regs*):** Koffiefontein-interneringskamp soos geskets deur H. Kuperus.[175]

**Onder:** Tonele binne die Koffiefontein-kamp soos deur A.J. Lessing geskets.[176]

Die temas van die kuns wat in die kampe opgelewer is, is nie alleenlik tot kamptonele beperk nie. Dikwels is daar portrette van mede-geïnterneerdes geskets en geskilder, en dikwels het dr. Van Rensburg ook as inspirasie gedien (sien Figuur 4(i)). Deur die temas van sketse en portrette aan te pas, het die OB-lede verseker dat hulle steeds hulle agentskap as OB-lede duidelik maak, selfs binne die kampe. Hierdie idee sluit aan by die viering van die KG se verjaarsdag (sien afdeling 4.2.5.) en by die voortsetting van die versetideaal en Afrikanernasionalistiese sentimente (sien afdeling 4.3.).

174 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1848.
175 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1856.
176 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0187 en M0848.



**Figuur 4(i): Sketse van Hans van Rensburg wat binne tronke en kampe geskets is.**[177]

Temas van isolasie kom ook na vore en sekere sketse het temas van eensaamheid uitgebeeld. Figuur 4(j) [links] is in die Koffiefonteinse kamp deur B.M. Kranz geskilder. Die kunswerk beeld ŉ eensame persoon agter doringdraad uit. Die lig word op so ŉ wyse in die skets aangewend dat dit die isolasie van die subjek beklemtoon. Die doringdraad is die prominentste element van die kunswerk omdat dit die objek is wat die fisiese eensaamheid teweegbring. Figuur 4(j) [regs] toon weer een enkele huilende wolf wat in silhoeët voorkom. Die kunswerk is in 1943 in die Pretoriase Sentrale gevangenis deur C.J.I. Fourie geskets. Die gebruik van horisontale lyne agter die wolf skep ŉ somber atmosfeer. Fourie se kunswerk toon, net soos Kranz s'n, ŉ duidelike tema van eensaamheid en isolasie van die buitewêreld. Buiten die isolasie wat duidelik in Fourie se werk voorkom, is daar ook die simboliek wat agter die kunstenaar se gebruik van die wolf as hooffokus van die kunswerk ingelees kan word. Die gebruik van die wolf dui daarop dat die kunstenaar insinueer dat ten spyte van die eensaamheid en isolasie binne die kampe, is hy steeds ŉ individu om mee rekening te hou. Die kunstenaar kon enige dier gebruik het, maar verkies om ŉ wolf te gebruik. ŉ Wolf wat nie as moeg of bang uitgebeeld word nie, maar eerder steeds huil vir die maan.

177 OBA: Fotoversameling, rekordnommer, M1858, M0850 & M1942.



**Figuur 4(j): Sketse wat eensaamheid uitbeeld.**[178]

Behalwe vir ŉ tema van isolasie/eensaamheid het die geïnterneerdes ook kunswerke wat temas van Afrikanergeskiedenis en die vryheidsideaal uitbeeld binne die kampe en tronke opgelewer. Die vryheidsfakkel is dikwels fisies in kunswerke uitgebeeld, soos in Figure 4(k) regs en 4(n). Figuur 4(k) is tussen 1944 en 1945 deur J. (Kokkie) van Heerden in die Pretoriase Sentrale Gevangenes geteken. Die sentrale subjek is die vryheidsfakkel wat omhoog gehou word, met die OB-wapen wat prominent voor op die fakkel uitgebeeld word. Weereens het OB-lede hulle OB-lidmaatskap duidelik gemaak binne die tronke en kampe. Dit is ook simbolies dat die OB-wapen voor op die fakkel aangebring is, omdat die OB op daardie stadium byna sinoniem met die Republikeinse strewe was. Die OB word dus as die weg tot vryheid uitgebeeld. Rondom die vryheidsfakkel is die woorde "Voor in die wapad brand ŉ lig" geskryf. Die woorde maak verwysing na die Afrikanergeskiedenis deur na ŉ "wapad" te verwys, en wink daarna dat die toekoms van die Afrikanerdom in die verkryging van ŉ Republiek lê. Temas van ossewaens, ossewawiele, osse, en ander Voortrekker simbole is hier nie fisies uitgebeeld nie, maar daar word eerder daarna gewink met die gebruik van woorde soos "wapad".

178 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M2624 & M0594.




**Figuur 4(k): Skets wat die vryheidsfakkel uitbeeld, c. 1944-1945.**[179]


In ander sketse soos 4(d), 4(l), 4(m) en 4(n) is fisiese uitbeeldings van Voortrekkertemas sigbaar. Figuur 4(l) is in 1947 deur V. Ferreira in die Pretoriase Sentrale Gevangenes geskets. Die aanvanklike ontwerp is bedoel vir ŉ publikasie reeks wat nooit die lig gesien het nie. In die skets is ŉ rollende ossewawiel te sien,[180] ŉ tema wat gereeld benut is om die vorentoe gedrewenheid van die Afrikanerdom te versinnebeeld (sien afdeling 4.3.). Die titel van die publikasie reeks sou "Jong Suid-Afrika" wees, wat wink na die leserskring wat bereik wou word. Onderaan die tekening is die volgende woorde duidelik: "die stryd wat ons vadere begin het sal woed tot ons sterf of gewen het".[181] Omdat die aktiviste van die Tweede Wêreldoorlog hulself as die erfgename van die vryheidsgeveg geag het, verwys hierdie "stryd" heel waarskynlik na die stryd van die Afrikanerdom se onafhanklikheid van Brittanje.

---

179 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1547.

180 Die tema is moontlik geïnspireer deur Totius se gedig, Vergewe en Vergeet. Sien afdeling 4.3.

181 Sien Figuur 4(l).




**Figuur 4(l): Skets wat die motief van die rollende ossewawiel benut, soos geskets deur V. Ferreira, 1947.[182]**

***

Hierdie afdeling het die aktiwiteite binne die kampe ontleed en beskryf. Die aktiwiteite binne die kampe is egter nie tot akademie, vermaak, houtwerk, sport, en kuns beperk nie. Ander aktiwiteite soos tuinbou, geloofsaktiwiteite, skryf, en so meer het ook binne die kampe plaasgevind. Die aktiwiteite wat wel bespreek is, is gekies omdat groot hoeveelhede tyd binne die kampe daaraan bestee is. Dit is dus nodig om te beklemtoon dat hierdie afdeling geensins alle aktiwiteite bespreek het nie, maar eerder kaleidoskopies te werk gegaan het om 'n algemene beskrywing van die aktiwiteite binne die kampe vas te vang. Die aktiwiteite binne die kampe maak vyf historiese verskynsels duidelik: verveeldheid, pogings tot die opheffing van die Afrikanerdom, verset teen die Unieregering en Brittanje, gevoelens van samehorigheid binne die kampe, en tekens van eensaamheid of 'n gevoel van isolasie van die buitewêreld. Tussendeur kom sterk temas van Afrikanernasionalisme ook na vore. Omdat die voortsetting van die versetideaal sterk na vore tree, te same met verskeie Afrikanernasionalistiese elemente, word die volgende afdeling spesifiek aan hierdie verskynsel gewy.

182 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0923.

### 4.3. Geïnterneerdes se voortsetting van verset en die teenwoordigheid van Afrikanernasionalisme in kampe en tronke

Die grootskaalse internering het verskeie Afrikaners verbitter,[183] maar benewens hierdie verbittering het dit ook "onmeetbare stukrag" aan Afrikanernasionalisme gegee.[184] Stukrag wat ongetwyfeld tot die 1948-verkiesingsukses van die Nasionale Party bygedra het.[185] Alhoewel dit verset is wat in meeste gevalle tot internering gelei het, het geïnterneerdes steeds voort gegaan met hierdie versetideaal binne die kampe en tronke. Die verset binne kampe het verskeie vorme aangeneem, in sekere gevalle is fisiese verset teenwoordig, in ander het verset meer op ideologiese wyse na vore getree. Hierdie afdeling bespreek die voortsetting van verset en die teenwoordigheid van Afrikanernasionalisme in kampe en tronke.

Die reaksie teen aanhouding in die kampe het gewissel van groep tot groep, van individu tot individu, en ook van kamp tot kamp. Verskeie geïnterneerdes het reageer deur te appelleer teen hulle internering.[186] In die beginfase van die internering het daar ook grootskaalse ontsnappingspogings geseëvier.[187] Die Owerheid was bewus van die moontlike ontsnappings. In die lys van reëls en regulasies vir die Leeukop-kamp is die volgende reël neergelê:

> In case of an escape, or attempted escape, by individuals, the whole body of Internees [sic] will become liable to loss or curtailment of privileges and to the enforcement of more stringent discipline.[188]

Die eerste suksesvolle ontsnappingspoging is deur die Springbok-stoeier Johannes van der Walt deurgevoer. Hierna het verskeie ander ontsnappings gevolg.[189] Die ontsnappingspogings

---

183 Fokkens, 'Afrikaner Unrest within South Africa during the Second World War and the Measures Taken to Suppress it', p. 136.

184 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 24.

185 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 24.

186 Vir voorbeelde sien: OBA: J.M.A. de Wit-versameling, B/L 1/2, omslag 1: Korrespondensie. Brief aan hoogbestuursbeampte, 6 Januarie 1944; OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2, omslag 5: Interneringstukke. Appèl, 23 November 1942; OBA: F.A. Faurie-versameling, B/L 1/1, omslag 4: Interneringstukke – Appèl, 1 April 1943; OBA: A.R. Fleischack-versameling, B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering – G.L. Brits; OBA: A.R. Fleischack-versameling, B/L 1/3, omslag 2: Appèl teen internering – P.W.R. Ferwick.

187 J. Strydom, 'Ontsnappings uit kampe', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, pp. 368-377.

188 OBA: G.P.J. Trümpelmann-versameling, B/L 1/3, omslag 3: Reëls vir geïnterneerdes, 19 September 1939.

189 *Die Suid-Afrikaanse Beeld*, 9.10.1966.

was ook uiters gevaarlik. Die geïnterneerdes was byvoorbeeld skrikkerig vir persone wat in die kamp geplaas is om inligting by die geïnterneerdes te kry en dan aan die owerhede oor te dra, of hulle ontsnappingspogings te verklap.[190] Gepoogde ontsnapping kon ook lewensgevaarlik wees, in een ontsnappingspoging is ŉ Duitse-geïnterneerde, Alex Jensen, deur ŉ lid van die Kaapse Korps doodgeskiet.[191]

Op Ganspan is Huis 16 se kamers verdeel onder verskillende persone sodat verskeie aktiwiteite beoefen kon word. Een van die kamers is as ŉ waskamer benut, ŉ ander een is as ŉ ateljee ingeruim. ŉ Verdere kamer is as ŉ musiek-oefenkamer benut, die kamer was selfs met ŉ klavier toegerus.[192] Huis 16, en veral die klavierkamer, is gebruik om die wagte deur die vensters dop te hou. Hulle het ook die klavierkamer se planke opgelig en begin om ŉ tonnel te grawe, met die plan om te ontsnap.[193] Die tonnel wat so gegrawe is, was uiteindelik 175 voet (ongeveer 53 meter) lank. Die grootste uitdaging was die verkryging van gereedskap en materiaal.[194] Vir ses maande lank is daar aan die tonnel gewerk. Drie geïnterneerdes, D. Hay, A. Stulting en P. Heslinga het op 11 Oktober 1941 deur die tonnel onderdeur die draad ontsnap.[195] Hierdie was egter nie ŉ geïsoleerde geval nie. Verskeie tonnels is gegrawe in pogings om te ontsnap.[196]

Wanneer die vryheidsideaal van die OB ter sprake is, is dit belangrik om in ag te neem dat hierdie ideaal binne die kampe ook teenwoordig is. Ten spyte van fisiese aanhouding het verskeie OB-lede binne die kampe steeds hierdie vryheidsideaal nagestreef. Ontsnappings en appèl teen aanhouding is twee wyses waardeur die "fakkel van vryheid vir die Afrikanerdom hooggehou" is alhoewel die persoonlike motivering agter ontsnapping nie uit die oog verloor moet word nie.[197] Die fisiese pogings om weer vryheid te bekom, hoofsaaklik deur te appelleer teen internering of om pogings tot ontsnapping te loods, het die geïnterneerdes in staat gestel om die breër OB se ideale steeds uit te leef ten spyte van fisiese beperkings – om te verset tot die einde toe.

---

190 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 50, 1973: H.M. Robinson/W.J.B. Pretorius, p. 7; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 173-175, 1978: L.M. Fourie/H.M. van As, pp. 23-24.
191 OBA: *Die OB*, 10.05.1944.
192 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 88, 1975: H.M. Robinson/D. Hay, p. 4.
193 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 88, 1975: H.M. Robinson/D. Hay, pp. 4-5.
194 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 88, 1975: H.M. Robinson/D. Hay, pp. 6-7.
195 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 88, 1975: H.M. Robinson/D. Hay, pp. 9-10.
196 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 171-172, 1978: L.M. Fourie/C. Lombard, p. 15.
197 Aanhaling gevind in: *Die OB*, 3.10.1945.

Behalwe vir appèlle teen internering en ontsnappings het verskeie geïnterneerdes reageer deur hul dienste in die kamp beskikbaar te stel. In Koffiefontein was die kos blykbaar so "swak voorberei" dat die geïnterneerdes geëis het dat hulle eie kokke dit moet voorberei.[198] OB-lede het gemeen dat diegene wat deur die regering aangestel is nie goed genoeg is om kos te maak nie. As ŉ vorm van verset teen die regering se aanstellingskeuses het sekere geïnterneerdes aangebied om die kos self voor te berei. Hierdie vorm van lydelike verset is nie tot voedselvoorbereiding beperk nie. Soos die internering toegeneem het, is daar ook mediese dokters geïnterneer. Twee geïnterneerde geneeshere, dr. Kranz en dr. Kirby, het hul dienste vir mede-geïnterneerdes in die Koffiefontein-kamp gratis oopgestel.[199] Die regering het ŉ ander dokter se dienste aan die geïnterneerdes tot beskikking gestel, maar as ŉ vorm van lydelike verset is hierdie dokter se dienste nie benut nie. Die geïnterneerdes het eerder besluit om mede-geïnterneerdes se dienste te gebruik. Wat die "kampskool" betref, is daar ook reeds uitgewys dat verskeie geïnterneerdes hulself werksaam gemaak het in die aanbieding van klasse. ŉ Vorm van "diens" teenoor jou mede-Afrikaner is dus teenwoordig, en kan as ŉ vorm van verset teen internering beskou word.

Die geïnterneerdes het ook gereageer deur verskeie wyses te bedink om die kamplewe te vergemaklik. C.I. Krogh, OB-kolonel en Stormjaer van Krugersdorp, het een oggend gesien hoe ŉ ander geïnterneerde met ŉ bottel melk rondloop. Krogh het toe by dr. Kranz uitgevind dat die geneesheer wie elke dag die kamp besoek, die melk voorskryf vir maagkwale en dan elke dag ŉ bottel aan sulke individue voorskryf. Die volgende oggend het Krogh ook die geneesheer besoek en "simptome van ŉ maagsweer" genoem en gevra vir melk. Die geneesheer het toe ŉ bottel per dag vir Krogh ook voorgeskryf. Krogh het hierdie bottel met sy mede-geïnterneerdes van Huis nommer 7 te Koffiefontein gedeel. Die geïnterneerdes het twee keer per dag swart koffie of tee ontvang, ná Krogh se plan het hulle egter wit koffie en tee vandaar geniet.[200] Op só ŉ wyse is daar teen die regering se rantsoene en kampreëls verset of op vindingryke wyse om dit gewerk.

---

198 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 64, 1974: J. van der Walt/L. Cremer, p. 7.

199 OBA: C.L. de Jager-versameling, B/L 1/2 omslag 6(a): Lewe in die kamp. Skryfstuk geskryf deur P.L. Vermaak, 22 Januarie 1945.

200 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 108, 1975: H.M. Robinson/C.I. Krogh, p. 5.

Die Koffiefonteinse geïnterneerdes het ook ŉ plan bedink om alkohol te produseer, soos wat Krogh oorvertel:

> Van die slim mense het ook wyn gemaak in die kamp. Hulle het selfs ŉ "ketel" gehad waarmee hulle iets baie sterks [sic] gestook het (ŉ soort witblits). Saterdagaande kan die huisvader ŉ bottel wyn koop vir twee sjielings, wat natuurlik ongeoorloof was.[201]

Dr. J.C. Vogel, ŉ chemikus wie in Koffiefontein-geïnterneer is, het blykbaar self hierdie stookketel in die Koffiefontein-kamp gemaak. Hierdie ketel is elke keer na gebruik heeltemal uitmekaar gehaal sodat soldate nie sien dat dit ŉ stookketel is nie. Die verskeie dele van die ketel is dan regoor die kamp gestoor. Wanneer die geleentheid homself voorgedoen het om mampoer te stook, is die ketel dan weer vinnig aanmekaar gesit.[202] Hierdie mampoer het as "Vogelblits" onder die tydgenote bekendgestaan.[203] Die stook van "Vogelblits" is ŉ verdere soort verset teen aanhouding. Deur die kampreëls doelbewus te oortree, en soveel moeite aan te gaan om die bewyse te versteek, het die geïnterneerdes op ŉ subtiele wyse die regering se poging om kampreëls in plek te stel en te onderhou gedwarsboom.

Die geïnterneerdes se voortsetting van verset is dikwels vergestalt in patriotisme, Afrikanernasionalistiese sentimente en "vaderlandsliefde". Sekere geïnterneerdes het hul internering as ŉ vorm van patriotisme beskou. Hierdie tydgenote het hulle tyd in die interneringskampe as deel van hulle plig teenoor die Afrikanerdom bestempel. Dit is dus soos *Die OB* dit stel dat hierdie geïnterneerdes, minstens vanuit hulle eie perspektief, "die fakkel van vryheid van die Afrikanerdom hooggehou" het.[204] Die volgende gedig vang die patriotiese gevoel van die geïnterneerdes vas:

Uit die Vrystaat en Kaap,
Uit Natal en Transvaal,
Kom na Koffiefontein,
Boere met ŉ wil van staal.
Die vervolgsug en nyd

---

201 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 108, 1975: H.M. Robinson/C.I. Krogh, pp. 5-6.
202 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 133-134, 1977: L.M. Fourie/A.P. van der Walt, pp. 19-20.
203 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 133-134, 1977: L.M. Fourie/A.P. van der Walt, p. 19.
204 OBA: *Die OB*, 3.10.1945.


Van die swartste Verraad,
Sal ons louter en sterk
In ons liefde en haat!

Soos trompetgeskal
Wat weerklink teen die blou,
'Rys die lied van 'n Volk
Wat ontwaak uit die rou:
Daar's 'n God om te eer,
Daar's 'n taak te verrig,
Daar's 'n nasie te dien
Dis ons heilige plig![205]

Hierdie gedig is 'n kreatiewe voorstelling wat daarop dui dat van die geïnterneerdes die internering as "'n plig" teenoor die Afrikanerdom interpreteer het. Weereens word die tema van die Anglo-Boereoorlog ingespan deur na die geïnterneerdes as "boere" te verwys. 'n Strewe om die "fakkel van vryheid vir die Afrikanerdom" hoog te hou, net soos die boere tydens die Anglo-Boereoorlog, is opmerklik.

Namate die Tweede Wêreldoorlog verloop het, het die geïnterneerdes al meer op aspekte van die Afrikaner se geskiedenis staat gemaak om hulle agentskap as OB-lede te laat geld. Met verwysing na Figuur 4(m) se 1943 en 1944 naamlyste is verskeie aspekte van Afrikanernasionalisme opmerklik. Wanneer die republikeinse sentimente van OB-lede ter sprake is, wat implisiet verset teen Brittanje veronderstel, dan is daar drie elemente in hierdie visuele voorstelling wat uitstaan, naamlik die vierkleur, die Kaaps-Hollandse gewel en die Voortrekkers.

[205] OBA: G.P.J. Trümpelmann-versameling B/L 1/3, omslag 9: Kamplewe, 1 Augustus 1942.




**Figuur 4(m): Naamlyste met geselekteerde name van geïnterneerdes van die Koffiefontein interneringskamp.**

**Bo:** Naamlys vir 1943;[206] **Onder:** Naamlys vir 1944.[207]


Die vierkleur is die sterkste simbool van verset, maar ook die sterkste simbool van hoop. Die vierkleur vergestalt die hoogste strewe van die Ossewa-Brandwag, naamlik ŉ republiek onafhanklik van Brittanje. OB-lede was juis getrou aan die beweging se anti-parlementêre aard, aangesien partypolitiek op daardie stadium nie gelei het tot Afrikanereenheid nie en nog minder gelyk het na die beste opsie vir die daarstel van ŉ onafhanklike republiek. Die vierkleur wink terug na die "goue era" van die twee Boererepublieke vry van Britse beheer. Dit is laasgenoemde ideaal wat gelei het tot die meerderheid OB-lede in Koffiefontein se internering, en die afleiding kan gemaak word dat die vierkleur bemoediging agter tralies verskaf het. Dit is ook opvallend om te sien dat die twee Voortrekkers aan beide kante van die voorstelling opkyk na die vierkleur – na die ideaal van vryheid. Die lyding waardeur die Voortrekkers,

206 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1843.
207 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1844.

volgens die Afrikanernasionalistiese interpretasie, bereid was om te gaan vir die verwesenliking van die ideaal van onafhanklikheid van Brittanje, is soortgelyk aan die opoffering van geïnterneerdes se vryheid van beweging (en status as broodwinner) in die kampe. Dit is dieselfde Voortrekkerideaal wat geïnterneerdes se gevangenisskap veroorsaak het, maar dit is duidelik dat hulle hul posisie verhef tot een waar die fakkel van vryheid selfs in die kampe hoog gedra word. Die OB is gebore uit die Eeufees en ŉ hoofkenmerk van die fees was ŉ byna ooridentifisering met die Voortrekkers. Ons sien in hierdie voorstelling die voortsetting van daardie identifisering, aangesien die Voortrekker wat binne die Kaaps-Hollandse gewel staan ŉ geïnterneerde is wat die vlag hys. Die gewel kan natuurlik interpreteer word as ŉ Afrikanersimbool, maar in besonder ook as ŉ simbool van tuiste – die gewel van ŉ huis. Weerskante van die gewel is twee deure met die kamp in die agtergrond. Dit is opvallend om te sien dat die gewel ook bo die name van geïnterneerdes verskyn – dit as't ware "omhels". Vir jare was Koffiefontein OB-lede se tuiste, en die gewel vergestalt die voorneme om van Koffiefontein ŉ Afrikanertuiste te maak, of bloot die ervaring te skep van gevangenisskap as een waar Afrikaners saam woon – verenig in hulle vasberadenheid om te baklei vir ŉ republiek.

Figuur 4(m) is nie die enigste illustrasie wat elemente van Afrikanernasionalisme uitbeeld nie. Twee van die vroeë ontwerpe van die BOPG versinnebeeld dieselfde sentimente. Die BOPG word in diepte in Hoofstuk 5 bespreek, vir konteks is dit wel belangrik om in ag te neem dat die bond eers in 1946 gestig is.[208] Die konsep van só ŉ bond het wel al in die vroeë stadium van internering begin posvat. Binne die kampe en tronke is van die eerste ontwerpe vir die bond se wapen ontwerp. Hierdie ontwerpe bied ŉ blik op die ideale en tydsgees van die geïnterneerdes en gevangenes. Daarom word hierdie ontwerpe uitgelig as voorbeelde van lydelike verset. Illustrasies van OB-lede se voortsetting van verset binne die kampe en tronke is sentimente wat uiteindelik as ŉ kontinuïteit van verset bestempel kan word.

208 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 3. Notule van die BOPG se eerste algemene vergadering te Pretoria, 22 April 1946.




**Figuur 4(n): Vroeë ontwerpe vir die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes se wapen.**

**Links:** BOPG-wapen wat in Koffiefontein-kamp deur S.C. van Rooyen ontwerp is, c. 1943.[209]

**Regs:** BOPG-wapen skets wat in die Sentrale Gevangenis in Pretoria ontwerp is, c. 1945-1947.[210]

Figuur 4(n) links is in 1943 deur ŉ geïnterneerde OB-lid, S.C. van Rooyen, in die Koffiefonteinse kamp vervaardig. Omdat die BOPG in 1943 slegs ŉ konsep-idee was, is die wapen eerder as ŉ wapen vir die Afrikanerkampe (Leeukop, Ganspan en Koffiefontein) benut. In die wapen kan ŉ rollende ossewawiel gesien word wat losbreek van die kettings wat die wiel aan beide kante vashou. Onder die ossewawiel is ŉ huisie soos dié wat binne die interneringskampe gebou is. Die hele wapen is omring met doringdraad om uit te beeld dat Afrikaners en Afrikanervryheid binne die kampe vasgevang is. Binne hierdie wapen is die opmerklikste Afrikanernasionalistiese simbool ongetwyfeld die ossewawiel. Die ossewawiel wat losbreek van die kettings is moontlik die tydgenote se strewe om uit te beeld dat die

209 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0120.

210 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1736. Hierdie ontwerp is nie as die BOPG se finale wapen benut nie, sien hoofstuk 5. Die skets is wel steeds belangrik omdat dit tussen 1945 en 1947 in die Sentrale Gevangenis in Pretoria ontwerp is. Dit vang die gees van verset en die vryheidsideaal van die OB wat binne die kampe en tronke geseëvier het, vas.

Afrikanerdom van Britse oorheersing sal losbreek. Die wiel wat voorwaarts aanrol herinner ook aan frases uit J.D. du Toit (Totius) se bekende gedig *Vergewe en vergeet:*

Daar het ŉ doringboompie
vlak by die pad gestaan,
waar lange ossespanne
met sware vragte gaan.

En eendag kom daarlanges
ŉ ossewa verby,
wat met sy sware wiele
dwars-oor die boompie ry.

"Jy het mos, doringstruikie,
my ander dag gekrap;
en daarom het my wiele
jou kroontjie platgetrap."

Die ossewa verdwyn weer
agter ŉ heuweltop,
en langsaam buig die boompie
sy stammetjie weer op.

Sy skoonheid was geskonde;
sy bassies was geskeur;
op een plek was die stammetjie
so amper middeldeur.

Maar tog het daardie boompie
weer stadig reggekom,
want oor sy wonde druppel
die salf van eie gom.

Ook het die loop van jare
die wonde weggewis -
net een plek bly ŉ teken
wat onuitwisbaar is.

Die wonde word gesond weer
as jare kom en gaan,
maar daar die merk word groter
en groei maar aldeur aan.[211]

In Totius se gedig is die ossewawiel simbolies vir die Britse Ryk wat die Afrikanerdom (voorgestel as die doringboompie) vertrap. Letterkunde, en veral volksdigters soos Jan F.E. Cilliers, C. Louis Leipoldt en Totius, het ŉ groot bydra tot die groei van Afrikanernasionalisme in die eerste helfte van die 20ste eeu gelewer.[212] Soos wat Fransjohan Pretorius tereg opmerk het Totius se *Vergewe en Vergeet* "vir minstens drie geslagte in die boesem van die Afrikaner gaan lê".[213] Die motief van die rollende ossewawiel in verskeie van die OB se sketse staaf hierdie standpunt. In Figuur 4(n) links word dieselfde konsep benut, maar die Afrikanerdom, en meer belangrik die Afrikaner se vryheidsideaal, word as die onstuitbare ossewawiel voorgestel. Die laaste strofe van die gedig beskryf ŉ letsel wat "groter" word en "groei" soos die jare verbygaan. Hierdie letsel kan as die Afrikaner se groeiende anti-Britse sentiment geïnterpreteer word. Dit is hierdie groeiende strewe om onafhanklikheid van Brittanje te bekom wat grootliks ook die OB se versetideaal tydens die oorlog aangevuur het. ŉ Ideaal wat groot hoeveelhede OB-lede in interneringskampe en tronke laat beland het. Steeds binne hierdie konteks is die tydgenote bereid om hulle agentskap te laat geld deur anti-Britse sentimente en die Afrikaner se vryheidsideaal deur middel van kunswerke uit te beeld. Op so ŉ wyse het "die merk" waarvan Totius melding maak inderwaarheid stelselmatig gegroei en groter geword. Die Smuts-regering se implementering van verskeie noodregulasies het hierdie anti-Britse sentimente nie gedemp nie, maar inteendeel verder aangewakker. Deur Afrikanersimbole soos

211 E. Terblanche, 'Totius (1877-1953)', *LitNet*, (Mei 2016), https://www.litnet.co.za/totius-1877-1953/, geraadpleeg op 10 November 2019.

212 A. Coetzee, *Letterkunde & Krisis: 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikanernasionalisme*, (Johannesburg, Taurus Uitgewers, 1990), pp. 11-23

213 F. Pretorius, 'Die historisiteit van resente Afrikaanse historiese fiksie oor die Anglo-Boereoorlog', *Tydskrif vir Letterkunde*, 52, 2 (2015), p. 62.

die ossewawiel te benut het OB-lede verseker dat anti-Britse sentiment fisies in kunswerke voorgestel word. Omdat anti-Britse sentimente so nou aan Afrikanernasionalisme verwant is, kan daar inderdaad gestel word dat die tydgenote "die fakkel" vir die Afrikaner se vryheidsideaal hooggehou het.

Figuur 4(n) regs is tussen 1945 en 1947 in die Sentrale Gevangenis in Pretoria geskets. Hierdie ontwerp is aanvanklik bedoel om as die amptelike wapen van die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes se wapen te dien. Omdat die skets te ingewikkeld was vir ŉ wapen, is ŉ ander wapenontwerp later gekies (sien hoofstuk 5). Hierdie tekening vergestalt weereens die OB-lede se strewe om die "fakkel van vryheid vir die Afrikanerdom" hoog te hou, selfs agter tralies en doringdraad. ŉ Duidelike verskil tussen die eerste wapen (1943) en die tweede wapen (c. 1945-1947) is ook opmerklik. In die eerste een is daar meer klem op die kampe geplaas, maar omdat die kampe stelselmatig leër geword teen 1945, het die klem in die tweede ontwerp na tralies verskuif. Die laaste politieke gevangenes is nie in kampe aangehou nie, die meerderheid is eerder in tronkselle aangehou, daarom die klemverskuiwing van kampe na tronke. Figuur 4(n) regs is wel, net soos Figuur 4(n) links, ŉ voortsetting van die algemene versetideaal.

Bo-aan die wapen sit die OB-arend as ŉ voorstelling van al die ideale waarvoor die OB staan, insluitend die republikeinse vryheidsideaal. Direk onder die vryheidsarend is ŉ suurbroodjie (ook bekend as tronkbrood) wat die geïnterneerdes en gevangenis in die kampe en tronke ontvang het. Die broodjie is omring deur ŉ ronde kettingskakel. Die broodjie kan op twee wyses interpreteer word. Omdat die broodjie heeltemal omring is met ŉ kettingskakel dui dit moontlik op die Unieregering se aanhouding van broodwinners. Hierdie broodjie word ook spesifiek as ŉ "suurdeeg" broodjie uitgeken, daarom is die omsirkeling daarvan moontlik simbolies vir die aktivistiese suurdeeg van die Afrikanerdom (naamlik OB lede/Stormjaers soos verwys deur dr. Van Rensburg) wat deur die Unieregering se noodregulasies bekamp word.[214] Onder die omringde suurdeegbroodjie is ŉ tronkvenster met tralies waaragter daar ŉ brandende fakkel vasgehou word. Die fakkel is simbolies van die "vryheid vir die Afrikanerdom", en dui daarop dat diegene wie geïnterneer en gearresteer is as die fakkeldraers van die vryheidsideaal geag is. Die hele prent is omring deur kettings met boeie aan die einde

[214] H. van Rensburg, *Their paths crossed mine* (Cape Town, Central News Agency, 1956), p. 151.

daarvan. Die boeie en kettings dui albei om fisiese aanhouding ingevolge die regering se noodregulasies. Die woorde "Diens ons belydenis" wat onderaan die skets verskyn, dui op die geïnterneerdes en gearresteerdes se oortuiging dat hulle aanhouding ten diens van die Afrikanerdom is.



**Figuur 4(o): Houtvoorwerpe wat in die Koffiefonteinse kamp vervaardig is.**
**Links:** Geverfde ossewaentjie model.[215] **Regs:** Knope wat in die kamp vervaardig is. Die groot knoop vertoon twee voortrekkers, een manlik (regs) en een vroulik (links).[216]

Afrikanernasionalistiese sentimente is nie alleenlik in sketse en wapenontwerpe opmerklik nie, maar in enkele gevalle is dit ook in die produkte wat binne die kampe vervaardig is te bespeur. Soos reeds bespreek in afdeling 4.2.3. het die geïnterneerdes hulself met houtwerk in die kampe besig gehou. Verskeie items het sterk op die Afrikaner se geskiedenis as bron vir inspirasie staat gemaak (sien Figuur 4(o)). Die bostaande model ossewaentjie benut twee gebeurtenisse uit die Afrikaner se verlede: die Groot Trek, en as uitvloeisel daarvan die Eeufeesvieringe waar die ossewa die vryheidsideaal begin vergestalt het. Hierdie simbool het ook na vore getree in die produkte wat binne die kampe vervaardig is, soos Figuur 4(o). Verder vertoon Figuur 4(o) regs ŉ knoop met twee voortrekkers, fisiese simbole van die Afrikaner se vryheidsideaal.

Twee verdere voorbeelde van houtwerk wat as voortsetting van die OB-lede se versetideaal beskou kan word, is in Figuur 4(p) sigbaar. Hierdie figuur illustreer twee geïnterneerdes se spottende voorstelling van generaal Smuts. In beide gevalle word Smuts in ŉ hurkende posisie uitgebeeld, net soos ŉ sittende bobbejaan. Aan die regterkantste beeldjie is daar ook ŉ tou, wat simboliseer dat Smuts (en gevolglik die Unie) aan die Britse ryk vasgebind en onderdanig is.

215 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0065.
216 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0234.

Hierdie beeldjies is moontlik geïnspireer deur D.C. Boonzaier se 1919-spotprent van Smuts (sien Figuur 4(q)). In die spotprent word Suid-Afrika se politieke posisie in vergelyking tot die Britse ryk met aanloop tot die Verdrag van Versailles uitgebeeld.[217]



**Figuur 4(p): Hout beeldjies van Smuts, tydens die Tweede Wêreldoorlog in die Koffiefonteinse kamp vervaardig.**

**Links:** Hout beeldjie deur OB-lid S. Nortjé vervaardig.[218] **Regs:** Hout beeldjie deur OB-lid C.A. Haupt vervaardig.[219]

Die tydgenote in die kampe het ŉ sterk bewussyn van politiek en die geskiedenis van Suid-Afrika getoon, moontlik een van die redes waarom hulle weens persoonlike oortuigings teen die oorlogspoging sou verset. Rondom die bostaande beeldjies is daar twee opmerkings te make. Eerstens illustreer hierdie beeldjies dat die tydgenote bewus is van Smuts se lang geskiedenis met Brittanje. Die twee tydgenote is moontlik deur Boonzaier se spotprente geïnspireer. Boonzaier was een van die bekendste pikturale humoriste binne die Afrikanerdom, en sy bobbejaan-karakter is gereeld benut om vir Smuts en die Smuts-regering in ŉ negatiewe manier voor te stel. Ná die bekende 1919-spotprent (Figuur 4(q)) het Boonzaier gereeld die bobbejaan-karakter gebruik om vir Smuts of die Smuts-regering voor te stel.[220] Hierdie bobbejaan-karakter was ongetwyfeld bekend aan sekere tydgenote in die kampe. Tweedens


217 Vir meer inligting oor die spotprent, sien D. Kotzé, 'Cartoons as a medium of political communication', *Communicatio*, 14, 2 (1988), pp. 64-65; F.P. Verster & P. Coreejes-Brink, 'Adoons-hulle: 'n satiriese dierestrokie deur T.O. Honiball', *South African Journal of Cultural History*, 20, 2 (2006), pp. 140-158.

218 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0341.

219 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0026.

220 Verster & Coreejes-Brink, 'Adoons-hulle', pp. 142-143.

wys hierdie beeldjies dat tydgenote steeds teen die Smuts-regering, en gevolglik Smuts self, gekant is. Die regering se implementering van die noodregulasies het byna geen effek op sekere tydgenote se sentimente teenoor Smuts uitgeoefen nie. Die implementering daarvan het inteendeel vyandigheid aangevuur.



**Figuur 4(q): D.C. Boonzaier se spotprent oor Suid-Afrika se politieke posisie in vergelyking tot die Britse ryk met aanloop tot die Verdrag van Versailles, 1919.**[221]

Die tydgenote het hulle agentskap op verskeie wyses laat geld, en verset is ook nie alleenlik deur middel van vyandigheid teenoor Smuts uitgebeeld nie. Die oorblyfsels uit die interneringskampe wys dat die tydgenote steeds hulle OB-lidmaatskap duidelik gemaak het in die kampe. Figuur 4(r) wys dat tydgenote verskeie items binne die kampe vervaardig het wat die OB-wapen uitbeeld. ŉ Vorm van lydelike verset is te bespeur in hierdie verband. Die OB-wapen is ŉ vergestalting van die konteksgebonde republikeinse strewe, daarom is hierdie wapen op verskeie aangeleenthede binne die kampe geproduseer.

221 Spotprent geneem uit: Kotzé, 'Cartoons as a medium of political communication', p. 65. Oorspronklik gepubliseer in *Die Burger*, 20.08.1919.




**Figuur 4(r): OB-wapens wat in die Koffiefontein-interneringskamp vervaardig is.**

**Links (bo):** Silwer OB-wapen wat binne die kamp deur B.J. Vorster gemaak is, c. 1943-1944. Die silwer is bekom deur verskeie muntstukke te smelt.[222] **Regs (bo):** Hout OB-wapen gemaak deur OB-lid J.H. McDonald.[223] **Links (onder):** Voetstuk van ses los kelkie-houers wat bo-op die OB-wapen uitbeeld, c. 1939-1945.[224] **Regs (onder):** OB-wapen wat uit verskeie muntstukke se metaal binne die kamp deur J.H. McDonald vervaardig is.[225]

Die Smuts-regering se implementering van die noodregulasies het ongetwyfeld tot verbittering onder Afrikaners gelei. Hierdie verbittering het op sy beurt weer tot ŉ versnelling van Afrikanernasionalistiese sentimente gelei. Die geïnterneerdes en gevangenes het hulle agentskap in die kampe benut om die algemene versetideaal teen die Smuts-regering voort te sit. In hierdie verband is Afrikanernasionalisme dikwels ingespan as beide ŉ bron van inspirasie vir verset en ook as versetmiddel. Hierdie afdeling het die lens gefokus op die voortsetting van verset binne die kampe en tronke deur beide fisiese en lydelike verset uit te wys. Vir hierdie doeleindes is interpretasie van sketse en voorwerpe ingespan om ten einde die Afrikanernasionalistiese sentimente, asook die voortsetting van die versetideaal, te illustreer.

222 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M1640.
223 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0344.
224 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0843.
225 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0355.

## 4.4. Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk het die Tweede Wêreldoorlog se interneringskampe in Suid-Afrika gekontekstualiseer deur die kampe se ontstaan, ligging en erfenis-waarde te ontleed. Daaropvolgend is die aktiwiteite binne die kampe kaleidoskopies bestudeer deur gebruik te maak van ŉ narratief beskrywende wyse. Persoonlike opinies van die tydgenote, asook tasbare bronne soos foto's en sketse, is vir hierdie doeleinde benut. Die aktiwiteite wat bespreek is bied ŉ blik op die geïnterneerdes se tydsbesteding binne die kampe. Vervolgens is die individue se reaksie teen internering bespeur, die doelwit hieragter is om uiteindelik te bepaal hoe die geïnterneerdes op aanhouding reageer het. Die mikpunt hier is nie om elke geïnterneerde se reaksie te beskryf nie, maar eerder om ŉ algehele beeld te bekom oor die wyses waarop sekere OB- en Stormjaer-lede op aanhouding in die kampe reageer het.

Beaumont stel dat "[i]nternment violates one of the fundamental safeguards of individual liberty against arbitrary use of power by the State, the principle of *habeas corpus*."[226] Vanuit Beaumont se stelling is dit duidelik dat internering ŉ negatiewe konnotasie dra. Die tydgenote wat tydens die Tweede Wêreldoorlog geïnterneer is, reflekteer hierdie sentiment:

> Een van die erfregte van die mens is sy persoonlike vryheid – 'n vryheid wat hom onder normale omstandighede nie ontneem kan word nie, tensy hy 'n regsreël van die land verbreek het, sy skuld voor 'n geregshof afdoende bewys is en hy 'n behoorlike geleentheid gehad het om hom te verdedig.[227]

Die geïnterneerdes wat tydens die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika geïnterneer is, is dikwels vir lang periodes geïnterneer sonder om die motivering agter die internering te verkry. Die geïnterneerdes se "persoonlike vryheid" is dus van hulle ontneem. Ten spyte hiervan het die individue steeds hulle agentskap gebruik om die tydsbesteding in die kampe so aangenaam as moontlik te maak.

Aan die ander kant is die reaksie op aanhouding in die kampe wisselend. Wat wel ongetwyfeld is, is dat die OB en die Stormjaers ten nouste geraak is deur die internering. Terwyl sekere

226 J. Beaumont, 'Introduction: Internment in Australia, 1939-1945', in J. Beaumont, I.M. O'Brien & M. Trinca (eds.) *Under Suspicion: Citizenship and Internment in Australia during the Second World War* (Canberra, National Museum of Australia Press, 2008), p. 2.

227 E. Kaiser, 'Redes vir internering en appelle', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 175.

geïnterneerdes geappelleer het teen aanhouding, het ander weer ontsnappingspogings geloods. Ander het weer hul dienste beskikbaar gestel binne die kampe. Vir meeste was dit egter ŉ doelwit om die lewe binne die kampe te vergemaklik en die tyd te verdryf. Die grootste probleem in die kampe was om die geïnterneerdes besig te hou met aktiwiteite.[228] Verskeie aktiwiteite is in plek gestel en inisiatief is op verskeie areas geneem om aktiwiteite te organiseer wat as tydsverdryf benut is. Die geïnterneerdes het egter nie alleenlik moeilike tye in die kamp deurgebring nie. Stormjaer-luitenant L.J. Marais gaan so ver om te meen dat hy "verlang" na sy kampdae.[229] In dieselfde oortuiging meen OB-lid E.P. Mostert ook dat die geïnterneerdes "baie goeie behandeling gekry" het.[230] Ten spyte van die verskeie afleidings in die kamp was die afsondering van die buitewêreld steeds problematies vir die geïnterneerdes.[231] Die verlange na die huis en na vryheid word deur tydgenote as "draadkoors"[232] of "draadkou" verwys.[233] Sulke terme toon aan dat die internering die Afrikaners, en dus OB-lede, ten nouste op beide ŉ fisieke en emosionele vlak geraak het.

Om die totale aantal geïnterneerde Afrikaners tydens die Tweede Wêreldoorlog te bepaal is problematies. Verskeie individue is vrygelaat en weer geïnterneer,[234] meeste geïnterneerdes is gereeld verskuif tussen kampe, en die rekordhouding verskil drasties van een kamp tot die volgende. J.F. Marais se "konserwatiewe skatting" is dat sowat 2000 Afrikaners geïnterneer is.[235] Die hoeveelheid tyd wat in die kampe deurgebring is verskil ook drasties van mekaar. Sekere geïnterneerdes was vir ŉ paar dae daar, terwyl ander vir sowat vier jaar lank geïnterneer is.[236]

Ongeag van die hoeveelheid individue wat geïnterneer is en die aantal tyd wat in die kampe deurgebring is, is dit duidelik dat die aanhouding verskeie gevolge het. Wat byvoorbeeld op ŉ meer abstrakte wyse duidelik is, is dat die internering ŉ onbetwisbare bydrae tot

---

228 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 527.
229 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 109, 1975: L.J. Marais, p. 12.
230 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 175, 1978: L.M. Fourie/E.P. Mostert, p. 9.
231 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 5.
232 OBA: Bandopnames, (tr.), onbekende bandnommer, getiteld as 'Kampleier teen wil en dank', 1978: J. Trümpelmann, p. 16.
233 J.F.J. van Rensburg, 'Afrikanerverset in die Tweede Wêreldoorlog', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 44; Gilfillan, 'Afrikaans in die kampe', p. 263; H.G. Stoker, 'Opmerkings oor Boerekamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 315; Luitingh, 'Spanninge', p. 328; Strydom, 'Ontsnappings uit kampe', p. 370.
234 Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede wêreldoorlog', p. 174.
235 Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede wêreldoorlog', p. 172.
236 Marais, 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede wêreldoorlog', p. 174.

Afrikanernasionalisme en die voortsetting van die algehele versetideaal gelewer het. Elke vorm van verset wat binne die kampe uitgelig is kan as ŉ gevolg van die noodregulasies beskou word.

Kampe is deur die Unieregering opgestel, ŉ kamp vir Italianers (Zonderwater), kampe vir Duitsers (Andalusia, Baviaanspoort, Leeukop, Ganspan), en ŉ kamp vir Unieburgers (Koffiefontein). Dit was dus moontlik vir die Afrikaners om hulle identiteit te behou deur middel van kulturele en sosiale norme en waardes in die kampe uit te oefen.[237] Die geïnterneerdes het hulself ook nie as martelare beskou nie, maar het eerder die OB-koerant se sentiment gedeel. Hulle het hulself ook as die fakkeldraers van die "vryheid van die Afrikanerdom" beskou:[238]

> Die idee van ŉ eie vryheid en ŉ eie reg het plek kom maak vir ŉ nuwe en betere [sic] begrip van: 'dis vir die reg en die vryheid van my volk en nie van myself nie.' Ons is alleen ŉ kleinere deel wat hier staan as verteenwoordigers v[an] d[ie] ontwaakte Afrikanerdom … Ons is geen helde of martelare nie; ons is bloot volkskamerade wat die lot van internering te beurt geval het. Ons nuwe tuiste is ŉ sprekende bewys dat ons nie die knie voor die vyand wou buig nie. Daarom is dit ook geen skande om hier te sit nie, maar veeleer ŉ grootste voorreg.[239]

Die aktiwiteite binne die kampe behoort nie slegs beperk te word tot die aktiwiteite nie, maar ook hoe dit tydgenote die tydsbesteding self verwoord. Vir hulle doeleindes is die transkripsie bande van die OB-argief, asook die *Agter tralies en doringdraad* publikasie, van kardinale belang. Die onderhoude bied ŉ persoonlike eerstehandse oorvertelling van die aktiwiteite en algemene atmosfeer binne die kampe, terwyl die geïnterneerdes self hulle ervaring in skrif vasgevang en gepubliseer het in *Agter tralies en doringdraad*. Bykomend daartoe is die sketse, foto's en portrette ook ŉ uitstekende bron van inligting. Die aktiwiteite en tydsbesteding binne die kampe is dus nie ŉ uitdaging vir die historikus nie, maar die reaksie teen aanhouding is egter meer kompleks. Soos uitgewys is, het die reaksie drasties verskil van individu tot individu. Hierdie hoofstuk gee nie voor om ŉ totale beskrywing van die ervaring in die kampe en die reaksie teen aanhouding te vergestalt nie, maar dien eerder as ŉ inligtingstuk vir beide

---

237 Marx, *Oxwagon Sentinel*, pp. 525-526.

238 OBA: *Die OB*, 3.10.1945.

239 OBA: G.P.J. Trümpelmann-versameling, B/L 1/3 omslag 9: Kamplewe. Dokument met titel: 'Die taak van ons kamp', 1 Augustus 1942.

temas. Die groot aantal primêre bronne in die OB-argief alleen is genoeg om verskeie artikels en boeke op te lewer. Wat wel in hierdie hoofstuk uitgewys is, is dat die OB-lede steeds die versetideaal voortgesit het binne die tronke en kampe, en dat die Afrikanernasionalistiese sentimente nie deur die implementering van die noodregulasies gedemp is nie, maar eerder daardeur versterk is. In daardie sin het die OB-lede inderdaad die "fakkel van vryheid vir die Afrikanerdom hooggehou".[240]

Buiten die interneringskampe wat 'n uitvloeisel van die noodregulasies was, is die verskynsels wat gespruit het uit laasgenoemde nie hiertoe beperk nie. Die lewe van OB-lede is ook buite die kampe geaffekteer en voorts is daar verdere sosiale uitvloeisels wat ter wille van 'n deeglike prentjie in die volgende hoofstuk uitgepak word.

240 OBA: *Die OB*, 3.10.1945.

# 5. "EK SAL MY MEDE-AFRIKANER HELP EN BESKERM; EK SAL MY MEDE-AFRIKANER NOOIT IN DIE STRYD VERLAAT NIE":[1] UITVLOEISELS VAN DIE NOODREGULASIES MET BETREKKING TOT DIE OSSEWA-BRANDWAG

Die Unieregering se noodregulasies het verskeie sosiale uitvloeisels tot gevolg gehad. Die grootskaalse internering en arrestasies wat plaasgevind het, het nie net verskeie aspekte van die OB se karakter verander en beïnvloed nie, maar dit het ook ŉ blywende effek op OB-lede se lewens gedurende die bestaan en ná die ontbinding van die beweging gehad. Voorts het dit ook die nalatenskap van die OB ten sterkste bepaal. Dit sluit die geïnterneerdes en gevangenis self in, die families van hierdie individue, die OB as organisasie, asook die vroue en kinders wat aan die OB behoort het. Soos reeds uitgewys is, het die reaksie tot die Unieregering se noodregulasies verskeie vorme aangeneem, en die uitvloeisels van hierdie noodregulasies binne die Afrikaner samelewing, en spesifiek verwant aan die OB, is byna net so divers. Die OB het die geïnterneerdes en politieke gevangenes tot helde-status verhef. In *Die OB* van 6 Oktober 1943 word daar byvoorbeeld na die geïnterneerdes en politieke gevangenes by die naam as "helde" verwys. Verder het die leierskap en lede van die OB gemeen dat die beste vorm van huldebetuiging aan hierdie "helde" die versorging van hulle afhanklikes is.[2] Die ontferming het nie daar geëindig nie, maar verskeie inisiatiewe is geloods om die las vir die geïnterneerdes en gevangenes in die kampe en tronke ook te verlig. Hierdie hoofstuk fokus verder op hoe die Smuts-regering se teiken van die OB ongetwyfeld die lewens van OB-lede (skuldiges, onskuldiges, vroue en kinders) asook die OB as ŉ organisasie geaffekteer het. Tot dusver is daar al ŉ deeglike prentjie geskets deur vier navorsingsvrae te beantwoord, maar ŉ dieper fokus op die lewens van tydgenote, en die blywende merk wat die noodregulasies gelos het, is nodig.

Die OB-lede wie nie so direk deur die noodregulasies geraak is nie, het ŉ sin van verantwoordelikheid teenoor hulle mede-kamerade in die tronke en kampe gehad – ŉ sin van verantwoordelikheid dat hulle hierdie kamerade "nooit in die stryd sal verlaat nie".[3] Hierdie sin van kameraadskap het twee spesifieke vorme aangeneem, eerstens om mede-Afrikaners te

1 Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA): *Die OB*, 7.04.1943.
2 OBA: *Die OB*, 6.10.1943.
3 OBA: *Die OB*, 7.04.1943.

*help*, en dan tweedens om hulle te *beskerm*. Die wyses van hulp en beskerming vorm ook direk deel van die OB-lede se doelwitte as deel van die organisasie, soos wat dit in een van die amptelike publikasies, *Die OB: Vanwaar en waarheen*, vervat word:

> Die Brandwag staan wag vir sy arbeidende broer in die ongelyke stryd teen die verknegtende Imperialisme en uitbuitende Kapitalisme … Die Brandwag help en steun in die tweede plek met kragtige arms al die volksgenote wat in die geweldige stryd teen Imperialistiese en Kapitalistiese oormag geval het.[4]

Die twee bogenoemde temas van *hulp* en *beskerming* word reeds vroeg in die OB se beleid vervat, en hierdie temas is ook duidelik sigbaar in die sosiale uitvloeisels van die noodregulasies se impak. Hierdie twee temas word voortdurend in die hoofstuk uitgelig om uit te wys dat alle uitvloeisels van die noodregulasies onder een sambreel saamgevat kan word, naamlik *ontferming*. Hierdie ontferming vorm die grondslag vir die verskeie uitvloeisels (as deel van *impak* en *gevolge*) wat in hierdie hoofstuk verken word.

Die gaping wat hierdie hoofstuk binne die historiografie vul is die analise van die direkte sosiale uitvloeisels van die noodregulasies. Soos genoem is internering in ander studies reeds beskryf of minstens vlugtig aangeraak,[5] en die impak van die Unieregering se noodregulasies is ook al vanuit verskeie lense besigtig.[6] Voorts is daar in Hoofstuk 4 ŉ verdere bydrae gelewer.

---

4 OBA: D.J.M. Cronjé-versameling, B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen*, p. 36.

5 A. Blake, *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare.* (Kaapstad, Tafelberg, 2018), pp. 53-65; C. Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag*. (Pretoria, University of South Africa Press, 2008), pp. 515-529; H. van Rensburg, *Their paths crossed mine*, (Cape Town, CNA, 1956), pp. 221-224; A.M. Fokkens, 'The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945', (M-Mil thesis, Stellenbosch University, 2006); I. van der Waag, *A Military History of Modern South Africa* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball, 2015), pp. 172-214; J.M. van Tonder, 'Die Afrikaanse kerke in die Tweede Wêreldoorlog (3): internering', *Die Kerkblad*, 118, 3295 (2015), pp. 14-15; P. Furlong, 'Allies at war? Britain and the "Southern African front" in the Second World War', *South African Historical Journal*, 54, 1 (2005), pp. 16-29; J.F.J. van Rensburg, 'Die interneringsbeleid van die Regering tydens die oorlog 1939-1945', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 51-55; H.O. Terblanche, *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter* (Roodepoort, CUM Boeke, 1983), pp. 133-170; C. Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day: The nature of women's general activities in the Ossewa-Brandwag, 1939-1943', *New Contree*, 66 (July 2013), pp. 121-150.

6 C. Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day'; C. Blignaut, '"Skep julle kommando's in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!": Die Ossewa-Brandwag se maatskaplike beleid van Sosiale Volksorg, 1943-1952', *New Contree*, 74 (Desember 2015), pp. 72-89; C. Blignaut, '"Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?": Afrikanerpolitiek en vroue in die Ossewa-Brandwag, 1942 tot 1954', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 40, 1 (2015), pp. 102-124; C. Blignaut, '"Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!": Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-

Hierdie hoofstuk bou op vorige studies en reageer op die historiografie deur die volgende vraag te vra: Wat was die direkte sosiale uitvloeisels van die noodregulasies sover dit die OB betref en hoe is lede buite die interneringskampe daardeur affekteer? Die beantwoording van hierdie vraag dra natuurlik ook by tot die oorhoofse doelwit van hierdie verhandeling, naamlik om die impak van die Unieregering se noodregulasies op die OB so deeglik moontlik te ontleed. Die impak op die lewens van OB-lede, asook die OB as ŉ organisasie, eindig nie met die vrylating van die laaste gevangenes nie. ŉ Langdurende impak is ook sigbaar, veral met betrekking tot die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (BOPG) wat in geen bestaande studie breedvoerig aangeraak word nie. Die noodsaaklikheid van ŉ beskrywing hiervan het vanuit die data self kop uitgesteek.

In Hoofstuk 4 is die verskeie aktiwiteite binne die kampe, asook die wyses waarop geïnterneerdes op internering reageer het, in diepte ontleed. Hoofstuk 5 verskuif die fokus van die kampe en internering na die sosiale uitvloeisels van die Unieregering se noodregulasies. Hierdie hoofstuk fokus egter nie alleenlik op die gevangenes en geïnterneerdes nie, maar ook op die vroue en kinders in die organisasie sowel as die organisasie self. Omdat die effek van die noodregulasies langdurend van aard was, is dit ook nodig om een van die vernaamste nalatenskappe daarvan te bestudeer, naamlik die BOPG. Ten einde hierdie doelwit te bereik word die hoofstuk in drie dele verdeel. Eerstens word die wyse waarop internering die OB as ŉ organisasie, asook die lewens van gevangenes (nie net binne die kampe nie) geaffekteer het, ondersoek (5.1.). Tweedens word die wyse waarop internering die lewens van vroue en kinders in die organisasie geaffekteer het, gevalueer (5.2.). Derdens word die rol wat die BOPG in die lewens van diegene wat direk deur die interneringsbeleid geraak is, ontleed (5.3.). Laastens word ŉ evaluasie rondom die bespreekte sosiale uitvloeisels van die Unieregering se noodregulasies verskaf (5.4.).

Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog', *Historia*, 57, 2 (November 2012), pp. 68-103; C. Blignaut, '"Rebelle sonder gewere": Vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die Ossewa-Brandwag se dualistiese karakter', *Suid-Afrikaanse. Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 30, 2 (Desember 2016), pp. 109-131; C. Blignaut, 'Doing gender is unavoidable: Women's participation in the core activities of the Ossewa-Brandwag, 1938-1943', *Historia,* 58, 2 (2013), pp. 1-18; F.L. Monama, 'Wartime Propaganda in the Union of South Africa, 1939-1945', (PhD thesis, Stellenbosch University, 2014), pp. 66-77; F.L. Monama, 'South African Propaganda Agencies and the Battle for Public Opinion during the Second World War, 1939-1945', *Scientia Militaria*, 44, 1 (2016), pp. 145-167.

### 5.1. Die wyse waarop internering die OB as ŉ organisasie, asook die lewens van gevangenes en geïnterneerdes, geaffekteer het

ŉ Duidelike dualistiese karakter is binne die OB te bespeur, en Hoofstuk 3 het reeds uitgewys dat die noodregulasies ŉ impak op die vorming van hierdie dualistiese karakter gehad het. ŉ Klemverskuiwing van hoofsaaklik kultuurgeoriënteerdheid na verset op politieke en sosiale gebied, is binne die OB opmerklik. Hierdie klemverskuiwing het wel nie beteken dat alle fokus op kultuur verloor is nie, maar eerder dat kultuur as beide politieke wapen en versetmiddel ingespan is. Verder was een van die mees prominente karaktereienskappe die ontferming oor mede-kamerade. Soos genoem het hierdie ontferming twee vorme aangeneem: hulp en beskerming. Die OB het ŉ belangrike rol binne die konteks van die Tweede Wêreldoorlog se uitwerking op die Afrikanersamelewing begin vul, naamlik die versorging van families van geïnterneerdes en gevangenes, en die ontferming oor die geïnterneerdes en gevangenes self, iets wat die Smuts-regering nie aan voldoen het of noodwendig prioritiseer het nie. Die OB het ŉ reuse bydrae gelewer om hierdie vakuum te vul. Die versorging van families van geïnterneerdes en gevangenes word in diepte in afdeling 5.2. bespreek.

Behalwe vir hierdie twee groot rolle wat die OB moes inneem, het die noodregulasies ook die OB op ŉ kleiner skaal geaffekteer. Op 28 Februarie 1941 verklaar die Smuts-regering dat geen staatsamptenaar ŉ OB-lidmaat mag wees nie. Veertien dae grasie is gegee vir staatsamptenare om hulle lidmaatskap by die OB te op te gee.[7] Soos reeds in Hoofstuk 3 genoem is, het Van Rensburg taktvol gereageer deur alle staatsamptenare eervol te ontslaan. Die eervolle ontslag word volledig uiteengesit in OB uniale bevel no. 5/1941 van 3 Maart 1941.[8] Die skielike ontslag van ŉ groot hoeveelheid lede het die OB ongetwyfeld as ŉ organisasie ontwrig. Die OB moes nuwe leiers aanstel in posisies wat voorheen deur staatsamptenare beklee is. Daar moes terselfdertyd rekening gehou word met die aantal voormalige lede wat, weens die staatsdiensverbod, ondergronds begin funksioneer het. Ná die eervolle ontslag van alle staatsamptenare het die Stormjaers byvoorbeeld momentum begin opbou. Die instelling van

7 *Die Suiderstem*, 1.03.1941; *Die Vaderland*, 1.03.1941; *The Cape Argus*, 1.03.1941; *Sunday Express,* 2.03.1941; *Die Volksblad*, 1.03.1941; *Rand Daily Mail*, 3.03.1941; *Die Oosterlig*, 1.01. 1941.

8 OBA: F.G.H. van der Veen-versameling, B/L 1/1, omslag 1: Ontslag van staatsamptenare as OB-lede, 4 Maart 1941.

die noodregulasies was een van die grootste faktore wat daartoe gelei dat die OB ŉ dualistiese karakter van kultuur en verset aangeneem het.

ŉ Verdere noodregulasie wat ŉ impak op die OB as ŉ organisasie gehad het, is die verbod op ongemagtigde driloefeninge. Dit blyk dat die Smuts-regering die noodregulasie spesifiek teen organisasies soos die OB ingestel het met die oog daarop om die "bedreiging" wat die organisasie ingehou het lam te lê. Die verbod was byvoorbeeld nie van toepassing op opvoedkundige instansies, vrywillige verenigings en klubs wat geldelike steun van die Unie ontvang het nie.[9] In 1943 is twee-en-twintig OB-seuns gearresteer omdat hulle met driloefeninge bedrywig was. ŉ Boete van £550 is gesamentlik vir al twee-en-twintig seuns deur die Hooggeregshof opgestel, of twee maande tronkstraf vir elk.[10] Nege van die twee-en-twintig seuns het tronkstraf gekies.[11] Hierdie voorbeeld illustreer dat die verbod op driloefeninge beide die OB se fokus op dissipline geaffekteer het en terselfdertyd nege jong lede agter tralies laat beland het.

Die grootskaalse arrestasies en internering van verskeie prominente OB lede het die orde binne die OB ontwrig, maar die OB het daarop reageer deur so vinnig moontlik ander individue in die plek van geïnterneerdes aan te stel. Aanstelling in sulke gevalle het soms "slegs ŉ paar uur" na inhegtenisname geskied.[12] Ten spyte van vervolging en internering wat aan die Rand hoogty gevier het, het die OB-sel in daardie omgewing steeds uitgebrei. Soveel so dat die OB-generaalskap aan die Rand binne twee maande van 166 tot 1 100 offisiere gegroei het.[13] ŉ Kenmerk van hoe die OB as ŉ organisasie deur die noodregulasies geaffekteer is, is dat die arrestasies en internering konstante veranderinge binne leiersposisies teweeggebring het. Behalwe hiervoor moes die organisasie verskeie nuwe lede akkommodeer wat deur die OB se verset tot die organisasie ingetrek is.

Die regering het ook ingevolge die noodregulasies ŉ verbod op die dra van uniforms geplaas. Die OB het hierop reageer deur Voortrekkerdrag as uniforms vir OB-bymekaarkomste aan te beveel.[14] In hierdie sin is die OB geaffekteer deur ŉ beperking op kleredrag wat deur die

9 *Die Vaderland*, 28.02.1941.
10 OBA: *Die OB*, 3.02.1943; *Die OB*, 28.04.1943; *Die OB*, 19.05.1943.
11 OBA: *Die OB*, 2.06.1943.
12 OBA: *Die OB*, 17.02.1943.
13 OBA: *Die OB*, 24.02.1943.
14 OBA: N.G.S. van der Walt-versameling, B/L 2/13, omslag 9: Korrespondensie: sekretaris/P.J. Oosthuizen, 28 Maart 1939.

noodregulasies afgedwing is. Die OB-vroue het gereageer deur ŉ wit rok en hoed te ontwerp as uniform. Deur die dra van eenvormige klere het die OB-vroue verskeie kwessies aangespreek: die gaping tussen ryk en arm is uit die weg geruim, die simboliese "reinheid" van Afrikanervroue is ten toon gestel, en gelyktydig is daar teen die regering se noodregulasies verset. Die OB-vroue het hulle gender benut om teen die noodregulasies te protesteer. Die wete dat die Smuts-regering nie vroue sou vervolg of martelaars uit vroue wou maak nie, is duidelik onder tydgenote uitgebuit.[15] In hierdie sin is die OB se versetkarakter uitgebrei deurdat dit geleentheid vir die OB-vroue gebied het om "met ŉ daad" teen die noodregulasies te protesteer.[16] In dié sin is die Smuts-regering se aanvanklike poging, naamlik om die OB te kniehalter, op een wyse lamgelê.

Behalwe vir die effek wat die noodregulasies op die OB as ŉ organisasie uitgeoefen het, het dit ook die geïnterneerdes en gevangenes op verskeie maniere aangeraak, en gevolglik is daar in hierdie sin verskeie sosiale uitvloeisels te bespeur. Die OB, veral die vroue binne die OB, het verskeie wyses bedink om die lewe vir geïnterneerdes en gevangenes te vergemaklik. Hierdie ontferming teenoor dié "helde" word kortliks in Afdeling 5.1.1. aangeraak. Een van die verdere uitvloeisels van die noodregulasies op die geïnterneerdes en gevangenes is die impak wat dit op hulle huisgesinne en indiensneming gehad het. Hierdie impak word verder in Afdeling 5.1.2. ontleed. Behalwe vir die ontferming teenoor geïnterneerdes en gevangenes wat in Afdeling 5.1.1. bespreek gaan word, is daar ook ŉ meer formele bystand deur die OB as organisasie sigbaar. Hierdie formele bystand het gemanifesteer in die vorm van die OB-Bystanddiens, wat verder in Afdeling 5.1.4. bespreek word.

### ***5.1.1. Ossewa-Brandwag lede se ontferming vir geïnterneerdes en gevangenes in kampe en tronke***

Omdat die OB die geïnterneerdes en gevangenes as "helde" beskou het, is verskeie inisiatiewe van stapel gestuur om die lewe binne die kampe en tronke te vergemaklik en hierdie heldestatus te eer. Daar is byvoorbeeld gereeld Kers- en Nuwejaarsmaaltye vir die Koffiefontein-kamp

---

15 Vir meer inligting oor die vroue se reaksie op die verbod op uniforms sien: C. Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig: ŉ Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954' (MA verhandeling, Noordwes Universiteit, 2012), pp. 157-166, asook Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', pp. 137-149.

16 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.

gereël.[17] Dit blyk dat die motivering hieragter was om die feesseisoen aangenamer en minder eensaam vir die geïnterneerdes te maak.[18] Twee vroue wat deel van die Koffiefontein vrouekommando gevorm het, Lenie Jack en Lenie Tom, was veral hiermee bedrywig. Lenie Jack en Lenie Tom het albei dieselfde getroude name, Carolina Magaretha Immelman. Om verwarring uit te skakel is daar na die Carolina Immelman (gebore du Preez) as Lenie Tom verwys, en na die ander Carolina Immelman (gebore van Niekerk) as Lenie Jack. Hulle is so vernoem na hulle eggenote.[19]

Lenie Jack se man was die kommandant van die Koffiefontein OB-kommando, en hy het goeie bande met die kamp amptenare by die Koffiefontein-kamp gevorm. Hierdie bande het dit moontlik gemaak om die lewe vir die geïnterneerdes binne die kampe op verskeie wyses te vergemaklik.[20] Lenie Jack was die kommandante van die Koffiefontein-kommando, maar beide Lenie Tom en Lenie Jack was betrokke by die verskaffing van goedere aan die geïnterneerdes in die Koffiefontein-kamp. Goedere wat vir die geïnterneerdes gestuur is, is ook self deur Lenie Tom en Lenie Jack na die Koffiefontein-kamp vervoer.[21] Op een Kersfees het hierdie dames ŉ totaal van vyftig geslagte skape aan die Koffiefontein-kamp geskenk.[22] Tussen hulle het hulle ook ŉ totaal van driehonderd doekpoedings op een Kersfees-geleentheid gebak en aan die interneringskamp gestuur.[23]

Die families van geïnterneerdes wat in die Koffiefontein-kamp geïnterneer is, is dikwels deur mede-OB lede in Koffiefontein ontvang. Lenie Tom en Lenie Jack het weereens die voortou hierin geneem. ŉ Komitee is ook in die lewe geroep op Koffiefontein met die oog om goedkoop vervoer na die interneringskamp te bewerkstellig. Enige individu wat van hierdie komitee se dienste wou gebruik maak moes die Vrystaatse hoofkwartier in kennis stel.[24] Hierdie komitee het ook vir die verskaffing van vars groente en vrugte aan die geïnterneerdes gesorg.[25] OB-lede

17 OBA: *Die OB*, 13.12.1944.
18 OBA: Gebied C-versameling, B/L 6/4, omslag 18: Noodhulp: Algemeen, 3 Januarie 1945.
19 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 131, 1977: L.M. Fourie/C.M. Immelman (Lenie Tom & Lenie Jack), p. 6.
20 Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', p. 130.
21 OBA: Gebied C-versameling, B/L 6/4 omslag 18: Noodhulp: Algemeen, 16 Desember 1944; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 131, 1977: L.M. Fourie/C.M. Immelman (Lenie Tom & Lenie Jack), pp. 3-4.
22 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 131, 1977: L.M. Fourie/C.M. Immelman (Lenie Tom & Lenie Jack), p. 4.
23 Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', p. 130.
24 OBA: G. Cronjé-versameling, B/L 2/12, omslag 1: Noodhulpfonds: Reglement, reëls en verslag; OBA: *Die OB*, 25.11.1942.
25 OBA: *Die OB*, 25.11.1942.

kon ook self per pos verskeie nie-bederfbare voedselitems aan die geïnterneerdes binne die kampe stuur. Die proses wat gevolg moes word om sulke versendings te stuur is in *Die OB* gepubliseer (sien Figuur 5(a)). *Die OB*-koerant het ook gereeld ŉ beroep op OB-lede gedoen om veral droë vrugte en ander nie-bederfbare voedselitems vir die Koffiefontein-interneringskamp in te samel.[26] Hierdie voedsel is ook dan aan die onderskeie kampe gestuur. Op so ŉ wyse het OB-lede hulself oor die geïnterneerdes en gevangenes ontferm.



HOE GOEDERE GESTUUR MOET WORD

In verband met die versending van goedere aan geïnterneerdes moet op die volgende prosedure gelet word, anders lewer dit baie moeilikheid op: Goedere moet in elf-pond-pakkies gestuur word, en alleen niebederfbare vrugte kan per pos gestuur word. Pakkies moet as volg geadresseer word:

(1) Nommer van persoon en naam met voorletters. Huisnommer in kamp, indien bekend. Kamp No. 1, Koffiefontein.

(2) Vars vrugte aan ,,Die Kampbestuurder, Kamp No. 1, Koffiefontein. Dit kan per spoor geskied.

**Figuur 5(a): Artikel met inligting oor die stuur van goedere vir geïnterneerdes binne die kampe.[27]**

Verder het vrouekommandos gereeld lekkernye en kosse aan die kampe en tronke gestuur.[28] Die vroue-generaalskap van die OB-Pretoria het byvoorbeeld daagliks kos vir die gevangenis in die tronk geneem.[29] Terwyl verskeie OB-lede verhoorafwagtend in Johannesburg was, het die vrouekommando van Gebied E daagliks gesorg dat middagete aan die gevangenis bedien word. Generaal K. Malan van Gebied E, asook haar adjudant hoofkommandant A. Röscher, het daagliks gesorg dat ŉ warm middagete in die selle bedien word.[30] Die verskillende het

[26] OBA: *Die OB*, 21.10.1942.
[27] OBA: *Die OB*, 10.03.1943.
[28] Een voorbeeld hiervan verskyn in: OBA: *Die OB*, 3.03.1943. Vir meer inligting oor die ordening en struktuur van die OB se vroue-afdeling sien: C. Blignaut, "Volksmoeders in die kollig", Hoofstuk 3, 'Erfenis van OB-vroue: Agtergrond en stigting van die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling', pp. 108-166.
[29] OBA: *Die OB*, 1.04.1942; *Die OB*, 8.07.1942; *Die OB*, 28.04.1943.
[30] OBA: *Die OB*, 27.10.1943.

beurtelings geroteer, en op so ŉ wyse is daar altyd na die gevangenis in die Pretoria en Johannesburgse tronke omgesien.[31]

Die ontferming teenoor geïnterneerdes was ook nie tot die Koffiefontein, Pretoria en Johannesburgse kommando's beperk nie. Op 14 en 15 Februarie 1942 is twaalf mense, insluitend ŉ OB-generaal, op Vryburg in hegtenis geneem met die oog op internering. Daardie Maandag, 16 Februarie, het die gevangenis se vroue ŉ vragwa met Afrikanervlae versier en deur die strate gery om volksliedere te sing.[32] Mevrou J. Marais, eggenoot van Stormjaer J.D. Marais, vertel meer oor die motivering agter hierdie aksie van 16 Februarie 1942:

> Dit was die aand, hier so vyfuur die middag, en ons het allerhande volksliedjies gesing, want ons wou morele steun gee aan ons manne daar in die tronk. En hulle het ons gehoor [sic]. Hulle sê dit was vir hulle ŉ groot besieling gewees dat ons dit gedoen het.[33]

In hierdie spesifieke geval was dit morele eerder as fisiese ontferming teenoor gevangenes wat ten toon gestel is.

Soos reeds in Hoofstuk 4 uitgewys, het die geïnterneerdes ŉ houtwerkswinkel in die Koffiefontein-kamp onderhou. In *Die OB* van 8 September 1943 word daar ŉ beroep op die lesers gedoen om hout na die interneringskampe te stuur. Om die nodige toestemming hiervoor te bekom moes daar eers ŉ permit verkry word. Aansoek om so ŉ permit moes deur die Direkteur van Interneringskampe bekom word.[34] In *Die OB* van 17 November 1943 word daar ŉ verdere beroep op lesers gedoen om verskeie ander benodighede aan die geïnterneerdes te skenk. Van die benodighede, soos die vioolsnare en perdesterthare, was spesifiek vir die vioolmakery by die houtwerkswinkel bedoel, terwyl ander benodighede soos skuurpapier en skroewe vir meer diverse houtwerk bedoel is.[35] Die OB as ŉ organisasie het dus deur middel van hulle mondstuk, *Die OB*, verseker dat daar na diegene in die kampe omgesien word. Die breër OB het hulle ontferming sigbaar gemaak deur hierdie oproepe in *Die OB* te beantwoord,

---

31 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 89, ongedateer: H.M. Robinson/W.J. van der Linde, p. 5.
32 OBA: *Die OB*, 4.03.1942.
33 OBA: Bandopnames, self-opname (tr.), bandnr. 208, ongedateer: J. Marais (Herinneringe van mev. J. Marais), p. 3.
34 OBA: *Die OB*, 8.09.1943.
35 OBA: *Die OB*, 17.11.1943.

ten spyte van die soms moeisame permit-prosesse wat gevolg moes word en die skaarstes wat die oorlog meegebring het.

Die beroepe in *Die OB* het ʼn duidelike uitwerking gehad wat ontferming aangespoor het. Die ontferming teenoor geïnterneerdes en gevangenes was ook nie kort van duur nie en die ondersteuning het veral momentum in die laaste jare van die internerings opgebou.[36] Die verskaffing van kos en warm etes aan die geïnterneerdes en gevangenes is een só ʼn voorbeeld, terwyl die versending van benodighede vir die daaglikse aktiwiteite binne die kampe ʼn ander voorbeeld is. Die ontferming teenoor geïnterneerdes en gevangenes was egter nie die enigste impak van die noodregulasies nie. ʼn Meer negatiewe uitvloeisel is die impak op die gesinslewe van die aangeraakte tydgenote.

### *5.1.2. Die impak van internering en aanhouding op gesinslewe en indiensneming*

Die effek van die noodregulasies is in sekere gevalle steeds sigbaar lank ná die laaste geïnterneerde vrygelaat is. Hierdie afdeling kyk na twee sulke langdurige effekte wat die noodregulasies tot gevolg gehad het, naamlik die impak op betrokkenes se gesinslewe en indiensneming. Die Smuts-regering se teiken van die OB tydens die Tweede Wêreldoorlog het die lewens van OB-lede vir jare na die einde van die oorlog steeds geaffekteer.

ʼn Duidelike impak op die geïnterneerdes se huwelike en gesinne is te bespeur. F.A. Faurie, wie in sy beroep as polisiespeurder as ʼn dubbelagent vir die Stormjaers opgetree het, getuig hiervan. Faurie is later gearresteer en ingevolge die noodregulasies geïnterneer.[37] Na sowat vier en half jaar in die interneringskampe het Faurie ʼn groot deel van sy kinders se kinderlewe misgeloop. Sy jongste dogter was maar slegs ses maande oud toe hy geïnterneer is, met sy ontslag was sy reeds vyf jaar oud. Die lang periode weg van mekaar het uiteindelik ook tot ʼn egskeiding tussen Faurie en sy vrou gelei.[38] In Faurie se geval het die noodregulasies ʼn langdurige effek op sy lewe uitgeoefen.

In sekere gevalle, soos dié van Mevrou D. Dommisse, het die noodregulasies haar beroep by die poskantoor geaffekteer. Mevrou Dommisse was tydens die oorlogsjare verloof aan die

---

36 Marx, *Oxwagon Sentinel,* p. 528.
37 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, pp. 5-20.
38 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 48-49, 1973: H.M. Robinson/F.A. Faurie, p. 49.

Terreurgroepslid B. Dommisse terwyl hy ŉ voortvlugtige was.[39] Mevrou Dommisse is in hegtenis geneem, en vir ŉ week aangehou, omdat sy oor moontlike inligting van die Terreurgroep beskik het. Ná ŉ week se aanhouding het die owerheid haar vrygelaat sonder om enige inligting te gee oor haar arrestasie.[40] Ná mevrou Dommisse se arrestasie en vrylating het die poskantoor ŉ verplasingsbrief aan haar uitgereik. Dommisse het geweier om die verplasing te aanvaar. Daarna het die poskantoor haar gevra om te bedank. Die poskantoor het geredeneer dat sy moontlik ŉ gevaar is, omdat daar daagliks met telegramme gewerk word en omdat hierdie telegramme vir versetdoeleindes gebruik kon word.[41] In Dommisse se geval het die noodregulasie haar en haar keuses direk geaffekteer, al is sy self nooit geïnterneer nie. Met die arrestasie en internering van haar verloofde moes sy onder gedwonge omstandighede haar pos by die poskantoor verlaat.

Dommisse se verhaal is nie ŉ geïsoleerde geval nie. Die internering en grootskaalse aanhouding van OB-lede, Stormjaers en lede van die Terreurgroep, het ŉ duidelike uitwerking op die betrokkenes se indiensneming uitgeoefen. Geïnterneerdes en gevangenes is meestal vir lang tydperke aangehou, en gevolglik het verskeie individue hul werk verloor. In enkele gevalle is geïnterneerdes nie uit hul pos ontslaan nie, maar alle salaris-uitbetalings is vir die tydperk van internering getermineer. In gevalle waar geïnterneerdes vrygelaat is, is hulle dikwels onder huisarres geplaas. Gevolglik was dit baie moeilik om geld te verdien.[42] Verder was daar ook die negatiewe konnotasie wat met internering gekoppel is, wat werksaansoeke verder bemoeilik het. Die onderstaande beskrywing kyk na selektiewe gevalle wat die effek wat die Unieregering se noodregulasies op indiensneming demonstreer.

Soos reeds genoem was dit moeilik vir geïnterneerdes om werk te bekom nadat hulle vrygelaat is. Diegene wat aan die staatsdiens behoort het, het veral gesukkel om weer in poste herstel te word. Meneer M.C. Pretorius, wie aan die Kontroleur- en Ouditeur-Generaal se kantore verbonde was en ook as ŉ Stormjaer in Johannesburg bedrywig was, is na sy ontslag uit die interneringskamp op plaasparool geplaas. Terwyl Pretorius op plaasparool was, is verskeie pogings aangewend om sy vorige pos in te neem. Eers maande later is Pretorius se parool

39 Boet en Deborah is op 3 Maart 1944 getroud, sien OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 205 & 211, 1978: H.M. Robinson/D. Dommisse, p. 5.

40 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 205 & 211, 1978: H.M. Robinson/D. Dommisse, pp. 3-4.

41 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 205 & 211, 1978: H.M. Robinson/D. Dommisse, p. 4.

42 J.F.J. van Rensburg, *Some facts about the Ossewa-Brandwag*, (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1944), p. 19.

opgehef en is hy weer in sy posisie herstel.[43] In daardie tydperk is sy gesin sonder ŉ broodwinner gelaat. Die impak van die noodregulasies het dus nie net opgehou wanneer die geïnterneerde uit die kamp ontslaan is nie.

Meneer J.J. Spies, wie sub-redakteur van *Die Vaderland* was voor sy inhegtenisname, is ingevolge die noodregulasies weens sy betrokkenheid by die bou van ŉ onwettige radiosender, geïnterneer. Die dag van Spies se arrestasie is hy in die tronk deur ŉ medewerker van *Die Vaderland*, destydse nuusredakteur O. Schwellnus, besoek. Schwellnus het Spies in kennis gestel dat die redaksie besluit het om hom summier af te dank.[44] Na sy ontslag van plaasarres in Desember 1943 het Spies probeer om werk as ŉ joernalis te bekom. Alhoewel hy by al die Afrikaanse koerante aansoek gedoen het, wou nie een hom aanstel nie. Die koerante was bewus daarvan dat verskeie adverteerders sou onttrek indien ŉ pro-OB gesindheid opgemerk word. Die risiko was te hoog om ŉ oud-geïnterneerde in diens te neem. Eers na ŉ "jarelange stryd" is Spies weer as joernalis aangestel.[45]

Dieselfde omstandighede is in meneer R.A. Swart, voormalige Stormjaer, se verhaal te bespeur. Swart was sedert 1935 in die Unieverdedigingsmag werksaam en is in 1938 na die Gevangenisdiens oorgeplaas, waar hy later self geïnterneerdes in Leeukop opgepas het. Swart is in 1942 in Barberton in verband met sy Stormjaer-aktiwiteite gearresteer. In 1944 is Swart ontslaan van internering en onder plaasarres geplaas. Ná sy vrylating is hy direk ontslaan van sy dienste, en is hy eers in 1949 ná die Nasionale Party se bewindsoorname weer in ŉ soortgelyke pos herstel.[46]

Meneer D. Theron, wie deel van die Benoni Stormjaersel was, is ook in 1942 gearresteer en vir verskeie Stormjaer-aktiwiteite geïnterneer. Theron is ook ná sy vrylating op parool geplaas, waarna hy in Augustus 1944 eers toestemming bekom het om werk te kan soek. Die myn waarvoor hy gewerk voor sy internering wou hom weens sy internering nie weer aanstel nie. Theron het wel ŉ plan beraam. Met die terugkeer van verskeie soldate na Suid-Afrika het die regering spesiale kursusse vir sulke soldate aangebied. Theron het "skelmpies daarvan gebruik gemaak" en het gevolglik as ŉ gesondheidsinspekteur gekwalifiseer.[47] Theron het ook eers in

[43] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 80, 1975: H.M. Robinson/M.C. Pretorius, pp. 20-21.
[44] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43-44, 1973: H.M. Robinson/J.J. Spies, p. 8.
[45] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43-44, 1973: H.M. Robinson/J.J. Spies, p. 11.
[46] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 85, 1974: H.M. Robinson/R.A. Swart, pp. 1-17.
[47] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 34, 1974: H.M. Robinson/D. Theron, pp. 1-2.

1948 ŉ voltydse pos bekom, omdat meeste voornemende werkgewers ŉ militêre rekord vereis het.[48] Ten spyte van Theron se pogings om ŉ werk te bekom, het hy eers na die NP se bewindsoorname geslaag.

Dieselfde lot het E.F.A. Huth, wie ook ingevolge die noodregulasies geïnterneer is, beval.[49] Huth, wie as Distrik Ingenieur vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens werksaam was, is op 7 Junie 1940 geïnterneer. Huth het sy posisie behou, maar is vir die tydperk van internering geen vergoeding gegun nie. Huth se internering het verder ook sy gesin direk geaffekteer. Huth se oudste dogter, Marie, is van haar tiksterswerk by die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens ontslaan omdat haar vader geïnterneer is.[50] Gevolglik is Huth se vrou en al drie kinders sonder inkomste gelaat. Net soos in mevrou Dommisse se geval het die impak van die noodregulasies verder gereik as diegene wie geïnterneer is. Dikwels is gesinslede se beroepe ook geaffekteer.

Vanuit die bogenoemde gevalle is dit duidelik dat die noodregulasies, en veral internering, ŉ direkte impak op die indiensneming van die tydgenote uitgeoefen het. In enkele gevalle het die internering ook die indiensneming van familielede geaffekteer, soos wat in die geval van Huth se dogter en mevrou Dommisse opgemerk word. Verskeie geïnterneerdes en gevangenes is vanuit hul poste ontslaan, en kon vir jare na die oorlog steeds nie permanente posisies bekom nie. Die OB het hierdie behoefte onder vrygelate geïnterneerdes en gevangenes identifiseer en gevolglik bystand gebied. Die vorming van die OB-Bystanddiens word as ŉ direkte uitvloeisel van die Unieregering se noodregulasies beskou. Die volgende afdeling bespreek die OB-Bystanddiens, asook hoe hierdie instansie van die OB-Noodhulpfonds verskil.

### *5.1.3. Bystand vir vrygelate geïnterneerdes en gevangenes*

Die OB het gesorg dat hulp aan ontslane geïnterneerdes gebied word. Die OB het die Bystanddiens in die lewe geroep om verskeie vorme van hulpverlening aan losgelate gevangenes en geïnterneerdes te bied. Die doel hieragter was om die vrygelate gevangenes en

48 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 34, 1974: H.M. Robinson/D. Theron, pp. 1-2 & 13-14.
49 OBA: E.F.A. Huth-versameling, B/L 1/3, omslag 1: Korrespondensie met owerhede i.v.m. finansiële hulp, 15 September 1941.
50 OBA: E.F.A. Huth-versameling, B/L 1/3, omslag 1: Korrespondensie met owerhede i.v.m. finansiële hulp, 20 Mei 1942.

geïnterneerdes by te staan sodat diegene weer "selfstandig kan wees".[51] Die hulpverlening wat deur die OB-Bystanddiens verleen is, is nie as die "uitdeling van aalmoese" bestempel nie, maar eerder as "hulpverlening met die oog op die herstelling van selfstandigheid".[52] In hierdie verband het die OB dit duidelik gemaak dat hulle die losgelate geïnterneerdes en politieke gevangenes sal "help" en "beskerm" en om mekaar "nooit in die stryd te verlaat" nie. Die tema van eenheid is veral in hierdie verband deur die OB uitgelig:

> Elke Brandwag aanvaar verantwoordelikheid ten opsigte van elke ander Brandwag en Volksgenoot wat in die nood verkeer en bystand nodig het. Elke Brandwag sê dit en, bo alles, beoefen dit dat hy sy broer se wagter (oppasser) is. Ons is almal lede van een liggaam en as een lid ly, dan ly die hele liggaam. Dit is andere wat die wonde aan ons volksliggaam geslaan het, maar ons gaan uit liefde vir mekaar daardie wonde self genees.[53]

Die OB-Noodhulpfonds en OB-Bystanddiens is nouliks aan mekaar verwant. Die twee afdelings is ook vanaf 15 Mei 1944 gesamentlik deur die Noodhulp- en Bystandskomitee bestuur. Hierdie komitee is verantwoordelik vir die besteding en bestuur van twee afsonderlike fondse: eerstens die OB-Noodhulpfonds en tweedens die OB-Bystanddiens.[54] Voorts is die sekretaris van die Noodhulpfonds ook as die sekretaris van die Bystanddiens aangewys. Wat die bestuur van die twee fondse betref is beide ook baie na aan mekaar verwant. Die fondse se doelwitte verskil egter van mekaar. Die doel van die OB-Noodhulpfonds word verder in Afdeling 5.2. bespreek, maar dit is wel belangrik om die verskil tussen die twee fondse reeds in hierdie afdeling uit te lig.

Die OB-Noodhulpfonds word hoofsaaklik bestee vir Noodhulp, veral vir die afhanklikes van geïnterneerdes en politieke gevangenes. Daarenteen word die OB-Bystandsfonds slegs vir hulpverlening aan losgelate geïnterneerdes en politieke gevangenes aangewend.[55] Sodra 'n individu uit die kamp ontslaan is, moet die generale van daardie OB-gebied in kennis gestel

---

51 OBA: AKG-versameling, B/L 3/4/32, omslag 7: Noodhulp: Verband tussen OB-Noodhulp en OB-Bystand, 15 Mei 1944. Sien ook: OBA: *Die OB*, 10.11.1943; *Die OB*, 16.02.1944.

52 OBA: AKG-versameling, B/L 3/4/32, omslag 7: Noodhulp: Verband tussen OB-Noodhulp en OB-Bystand, 15 Mei 1944.

53 OBA: AKG-versameling, B/L 3/4/32, omslag 7: Noodhulp: Verband tussen OB-Noodhulp en OB-Bystand, 15 Mei 1944.

54 OBA: AKG-versameling, B/L 3/4/32, omslag 7: Noodhulp: Verband tussen OB-Noodhulp en OB-Bystand, 15 Mei 1944.

55 OBA: AKG-versameling, B/L 3/4/32, omslag 7: Noodhulp: Verband tussen OB-Noodhulp en OB-Bystand, 15 Mei 1944.

word sodat alle finansiële steun vanaf die Noodhulpfonds gestaak kan word. Indien die behoefte vir verdere finansiële steun bestaan "om mee aan die gang te kom", word dit direk na die OB-Bystanddiens verwys.[56] Die hulpverlening aan losgelate geïnterneerdes en politieke gevangenes het verskeie vorme aangeneem, insluitend werksverskaffing, geldelike bystand en ander vorme van stoflike bystand.[57] Verskeie tipes bystand word ook binne die OB-Noodhulpfonds opgemerk.

### 5.2. Die wyse waarop internering die lewens van vroue en kinders binne die organisasie geaffekteer het

Soos genoem is om te "help" en te "beskerm" die twee hooftemas wat deur die OB aangeneem is aangaande die kamerade in die tronke en kampe. Die OB het die leuse "Een vir almal, almal vir elkeen" ingehuldig met die oog op volksorg, spesifiek met betrekking tot die Noodhulpfonds (sien Figuur 5(b)). Die Noodhulpfonds is op 28 Januarie 1942 amptelik deur die KG in die lewe geroep[58] en vervang die Boerevolk-Noodhulpfonds.[59] Die administrasie van die Noodhulpfonds is "kosteloos" deur die OB uitgevoer.[60] Die KG kantoor in Pretoria is verantwoordelik vir die administrasie van die Noodhulpfonds landswyd.[61] Verder is daar ook ŉ OB-Noodhulpkomitee in die lewe geroep met die oog op die koördinering van die fonds. Die komitee het ten alle tye uit minstens vier OB-lede bestaan; hierdie lede is deur die KG self aangewys.

56 OBA: G. Cronjé-versameling, B/L 1/2, omslag 1: OB-Noodhulpfonds, 22 November 1943.

57 OBA: AKG-versameling, B/L 3/4/32, omslag 7: Noodhulp: Verband tussen OB-Noodhulp en OB-Bystand, 15 Mei 1944.

58 OBA: *Die OB*, 27.01.1943.

59 Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', p. 126; asook A.J.H. van der Walt, *ŉ Volk op trek: ŉ Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa- Brandwag*, (Johannesburg, Publicité, 1944), p. 125. Die Boerevolk-Noodhulpfonds is reeds in 1940 in plek gestel nadat die eerste individue geïnterneer is. Die administrasie van hierdie fonds is egter in November 1940 na die Federasie van Afrikaans Kultuurverenigings (FAK) oorgeskuif. Omdat die internering hoofsaaklik OB-lede aangeraak het, is die administrasie van die fonds weereens in Maart 1941 verskuif, hierdie keer na die OB. Teen Februarie 1942 het die internering so toegeneem dat meer radikale aksie vir die versorging van geïnterneerdes se afhanklikes nodig was, en so is die Noodhulpfonds om die lewe geroep. Vir meer inligting sien: OBA: G. Cronjé-versameling, B/L 2/12, omslag 1: Noodhulpfonds: Reglement, reëls en verslag. Anon., *Iets oor die Ossewa-Brandwag*, Pamflet uitgegee deur die Voorligtingsafdeling van die Ossewa-Brandwag (1946), p. 120.

60 OBA: *Die OB*, 28.01.1942.

61 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 170; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 157, 1978: L.M. Fourie/K.J.H. Behrens, pp. 3-4.




**Figuur 5(b): Amptelike plakkaat van die OB Noodhulpfonds.**[62]

Die hoofdoel van die OB-Noodhulpfonds was om hulp te verleen aan mede-Afrikaners wat deur die oorlogstoestande geraak is.[63] Die OB het dikwels beroepe op lede gedoen om bydraes tot die Noodhulpfonds te lewer.[64] Die Noodhulpfonds is ŉ fisiese manifestasie van die OB se strewe om mede-Afrikaners te *help* en te *beskerm*. Die Noodhulpfonds het, net soos die breër OB, gestreef om mede-lede nie in die steek te laat in hulle uur van nood nie. Die tema van saamstaan en om ander nie in die steek te laat nie is veral sigbaar in die OB-heldin, Elsa Nel (sien Figuur 5(c)).[65] Nel het hierdie sentiment vergestalt in haar toespraak nadat sy uit die

62 OBA: Fotoversameling, rekordnommer M0608.

63 OBA: G. Cronjé-versameling, B/L 2/12, omslag 1: Noodhulpfonds: Reglement, reëls en verslag.

64 Hierdie beroepe is veral in *Die OB* gemaak. Sien byvoorbeeld OBA: *Die OB*, 22.04.1942. Die beroepe het ook vir verskillende aspekte van die Noodhulpfonds gegaan. ŉ Kersfonds is opgestel vir die aankoop van kersgeskenke vir die kinders wie se vaders geïnterneer is. *Die OB* koerant is benut om gereeld bydraes tot die fonds aan te moedig, sien: OBA: *Die OB*, 26.11.1941; *Die OB*, 3.12.1941. Ander Afrikanerkoerante, soos *Die Burger*, wou geensins die OB ondersteun nie. *Die Burger* het ook geweier om ŉ advertensie vir die Noodhulpfonds te plaas, sien OBA: *Die OB*, 11.02.1942.

65 Elsa Nel is in hegtenis geneem omdat die polisie haar van ondermynende aktiwiteite tydens ŉ besoek aan Durban verdink het. Nel het geweier om getuienis teen mede-OB-lede te lewer. Op 13 Desember

Sentrale polisiestasie in Pretoria vrygelaat is. Nel se woorde lui: “Ek sal my mede-Afrikaner nooit in die steek laat nie.” Hierdie afdeling fokus op van die uitvloeisels van die Unieregering se noodregulasies deur die lens van die Jeugvleuel van die Ossewa-Brandwag, asook die OB-vroue. Omdat die twee baie nou verwant is, word inligting deurgaans geïntegreer om ten einde ŉ volle prentjie te skets.



**Figuur 5(c): Elsa Nel ná haar vrylating uit die tronk.**[66]

---

1940 verskyn Nel in die hof en weier om enige vrae te beantwoord. Daarna het die magistraat beveel dat Nel tien dae in die trok moet deurbring. Na landswye protes is Nel op 16 Desember 1940 vrygelaat, nadat sy slegs drie dae in die tronk deurgebring het. Omdat haar vrylating op Geloftedag geval het, was daar reeds ŉ groot OB fees in Wonderboom onderweg. Die oggend van die vrylating is Nel (in Voortrekkerdrag geklee) in ŉ motor waarvan die kap kon oopkap deur die Pretoriaanse strate na die fees wat reeds by Wonderboom onderweg was vervoer. Die OB het Nel tot volksheldin verhef. Nel het ŉ simbool van verset teen oorlogsdeelname geword. Sy het ook jare na die oorlog reeds verby is, steeds as volksheldin bekendgestaan. Vir meer inligting oor Elsa Nel sien: OBA: *Dankie*, 1973, jaargang 13, nommer 2, p. 31; Blignaut, ‘Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie’, pp. 77-84; Blignaut, ‘Volksmoeders in die kollig’, pp. 211-216; H.G. Stoker (red.), ‘Die Vrou in die oorlogsjare’, in *Agter tralies en doringdraad*, pp. 401-402; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 9, 1973: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.M. de Wet, pp. 28-30; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 113-114, 1976: H.M. Robinson/meneer en mevrou M.S.F. Grobler, pp. 24-25; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 202, 1977: H.M. Robinson/W.R. Laubscher/D.W.R. Hertzog, pp. 7-8; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 19-20, 1973: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 20; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1974: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/A. Pohl, pp. 11-13; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 177, 1978: L.M. Fourie/E.P. Tolmay, pp. 9-10; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 134-135, 1977: L.M. Fourie/A.T. van Coller, pp. 17-18.

66 OBA: Fotoversameling, rekordnommer F01161.

Kortliks kan die Noodhulpfonds as ŉ fonds wat "vir die noodleniging van die vrouens en kinders van gevangenes en geïnterneerdes, hetsy O.B. [sic] of nie", opgehou is.[67] Later is daar ook hulp aan die afhanklikes van voortvlugtiges verleen.[68] Die Noodhulpfonds het ook nie alleenlik met geld gewerk nie, maar ook met verskeie goedere en produkte. Hieronder word plaasprodukte soos vleis en groente veral ingesluit. Die fonds het hierdie goedere ingesamel of as skenkings verkry en dan weer versprei onder behoeftiges wat deur die fonds bygestaan word. Ander skenkings soos klere, skoene en huisware is ook deur die fonds aanvaar en dan weer aan behoeftiges gegee. Hierdie aksies is dikwels deur die vrouekommandos uitgeoefen.[69] Vroue se betrokkenheid by hulpverlening is lank voor die amptelike Noodhulpfonds sigbaar. Die vrouekommandos het al reeds amptelik op 1 Januarie 1941 alle Noodhulpversorging oorgeneem, die mans het daarna alleenlik ŉ bydraende rol vertolk.[70] Met die totstandkoming van die Noodhulpfonds het die hulpverlening ŉ meer formele georganiseerde rol aangeneem.

Die grootskaalse internering van OB-lede het nie alleenlik die geïnterneerdes se families aangeraak nie, maar alle vroue binne die OB. Een van belangrike rolle van vroue binne die OB was fondsinsameling; soms is daar na fondsinsameling as die belangrikste rol van die vrou verwys.[71] Omdat die Noodhulpfonds groot finansiële hupstote nodig gehad het, is verskeie fondsinsamelingsinisiatiewe geloods. Die fondse wat deur hierdie inisiatiewe bekom is, is vir verskeie doeleindes aangewend: onderhoud van geïnterneerdes en politieke gevangenes se afhanklikes; betaling van alle verblyf-verwante kostes (soos huurpaaiemente, eiendomspaaiemente en assuransie paaiemente); vervoer van afhanklikes asook hulle huishoudelike besittings; mediese verwante onkostes van afhanklikes; voedselverskaffing en ander benodighede vir die geïnterneerdes en gevangenes; studiegeriewe vir geïnterneerdes en politieke gevangenes sodat na-oorlogse werksaansoeke vergemaklik kan word; om die bestaansveiligheid van die geïnterneerdes, gevangenes en diegene se gesinne te verseker; asook om lenings beskikbaar te stel wat aan vrygestelde geïnterneerdes en politieke gevangenes die geleentheid bied om ŉ bestaansmoontlikheid vir hulself en hulle gesinne te verseker.[72]

---

67 OBA: *Die OB*, 28.01.1942.
68 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 169.
69 Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day', p. 128.
70 OBA: G. Cronjé-versameling, B/L 1/2, omslag 1: OB-Noodhulpfonds.
71 C. Blignaut, '"Die hand aan die wieg regeer die land [The hand that rocks the cradle rules the land]": Exploring the Agency and Identity of Women in the Ossewa-Brandwag', *South African Historical Journal*, 67, 1 (2015), p. 53.
72 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', pp. 172-173.

Die bogenoemde doeleindes het as motivering gedien vir vroue binne die OB om hulle agentskap voortdurend ten bate van die Noodhulpfonds aan te wend. Die idees rondom volksorg het nie alleen in die groter OB en onder die OB-vroue geseëvier nie, maar het ook deurgesyfer na die OB-Jeug. De Jager wys ook verder uit dat die jeug binne die OB ŉ sterk historiese bewussyn rondkom Afrikanergeskiedenis ten toon stel,[73] ŉ bewussyn wat moontlik bygedra het tot die behoefte om ŉ wesenlike verskil binne die Afrikanerdom te maak. Blignaut en Du Pisani het reeds uitgewys dat lidmaatskap tot die Boerejeug nie vir almal oop was nie.[74] Voordat enige jeugdige deel kon word van die organisasie moes daar eers ŉ instellingsbelofte afgelê en daarna onderteken word.[75] Die belofte lui soos volg:

> In die aanwesigheid van my kamerade gee ek, die ondergetekende, my erewoord dat ek:
>
> 1. getrou sal bly aan die ideaal van hulle wat goed en bloed op die Pad van Suid-Afrika vir vryheid en reg opgeoffer het;
> 2. die Christelik-nasionale sedes en tradisies van my volk getrou sal handhaaf;
> 3. my volk en my land steeds na die beste van my vermoë sal dien alleen, sowel as in samewerking met my mede-Afrikaner;
> 4. my mede-Afrikaner sal help en beskerm, hom nooit in die stryd sal verlaat of aan die vreemdeling en vyand sal uitlewer nie;
> 5. myself sal onderwerp aan alle gesag wat die Ossewa-Brandwag oor my stel en alle wettige bevele wat my gegee word getrou sal uitvoer
>
> My wagwoord is: Plig, diens ter ere van my God, my volk en vaderland. Mag God my hierin getrou maak en krag gee.[76]

Een van die bogenoemde inisiëringsbeloftes is veral van belang vir hierdie hoofstuk omdat dit uitdruklik twee temas aanraak. Eerstens om mede-Afrikaners te "help" en tweedens om mede-Afrikaners te "beskerm".[77] Hierdie temas word verwesenlik deur ontferming aan die afhanklikes van geïnterneerdes en politieke gevangenes te bied. Hierdie belofte het uiting

---

73 C. de Jager, '"I am no 'Hensopper' or coward, I am a Boer": Heroic Masculinity, Afrikaner Nationalism and the case of C.M. Bakkes during the Second World War' (MA research essay, Carleton University, 2019), pp. 65-66.

74 C. Blignaut & K. Du Pisani '"Om die fakkel verder te dra": Die rol van die jeugvleuel van die Ossewa-Brandwag', *Historia*, 54, 2 (November 2009), p. 144.

75 OBA: AKG-versameling, B/L 3/5/34, omslag 4: Boerejeug. Omsendbrief 2/44, 27 Maart 1944.

76 OBA: Boerejeug-versameling, B/L 9/1, omslag 6: Organisasie en administrasie: Instellingsbelofte van die Boerejeug. Ook te sien in: Blignaut & Du Pisani, '"Om die fakkel verder te dra"', p. 144.

77 OBA: Boerejeug-versameling, B/L 9/1, omslag 6: Organisasie en administrasie: Instellingsbelofte van die Boerejeug. Ook te sien in: Blignaut & Du Pisani, '"Om die fakkel verder te dra"', p. 144.

gevind in die Boerejeug se aktiewe deelname aan fondsinsameling,[78] veral vir die Noodhulpfonds. Die bogenoemde belofte reflekteer die sentiment wat deur die OB as organisasie uitgeleef is. Die temas van "help en beskerm", asook om mede-Afrikaners nooit in die stryd te verlaat nie, is sigbaar in beide die OB self asook die Boerejeug afdeling.[79] Albei sou later ŉ daadwerklike rol in fondsinsameling vertolk.

Die jeug binne die OB, aanvanklik bekend as die OB Jeugfront en later as die OB Boerejeug, het op verskeie wyses bydraes tot die Noodhulpfonds gelewer.[80] Die Boerejeug is aangemoedig om "individueel of gesamentlik" geld in te samel.[81] Verskeie Boerejeug-lede het hierdie uitdaging ter harte geneem. Alida Barnard van Groot-Brakrivier het byvoorbeeld £11 vir die Noodhulpfonds ingevorder deur konfyt en lekkers te maak en te verkoop.[82] Tienjarige Willie Venter wat aan die OB-Jeug van Oskuil verbonde was, het tarentaaleiers bymekaargemaak, laat uitbroei, en die kuikens verkoop. ŉ Totale bedrag van £5.6 is op só wyse ten bate van die Noodhulpfonds ingesamel.[83] Lenie Keuler, Jeugfrontdogter van Oupos, het elke Sondag ŉ spaarblikkie na haar gesin se etenstafel geneem. Elke lid van die gesin wat kies om beide vleis en nagereg te eet moes ŉ boete in die spaarbussie gooi. Die metode het ŉ totaal van £1.12 vir die Noodhulpfonds ingevorder.[84] Namate die grootskaalse deelname aan fondsinsamelings onder die jeug posgevat het, het die OB Boerejeug later besluit om hulle eie weergawe van die Noodhulpfonds in die lewe te roep.[85] So is die "Boerejeug-Noodhulpfonds" gestig, waarvan alle fondse ten bate van die OB-Noodhulpfonds oorgedra is.[86]

Behalwe vir individuele fondsinsamelingspogings, het die Boerejeug-bestuur, onder leiding van D.J. van Rooy, ook wyses tot fondsinsameling gevind. ŉ Leeslaer is byvoorbeeld begin, waaraan alle Boerejeug kon deelneem. Boerejeuglede moes teen ŉ koste inskryf tot die leeslaer waarna hulle een boek per maand sou ontvang. Die Boerejeug-bestuur het gereël dat ŉ klein kommissie op alle boekbestellings ontvang word, die kommissie is direk in die Boerejeug-

---

78 Blignaut & Du Pisani, '"Om die fakkel verder te dra"', p. 148.

79 OBA: Boerejeug-versameling, B/L 9/1, omslag 6: Organisasie en administrasie: Instellingsbelofte van die Boerejeug & OBA: *Die OB*, 14.07.1943.

80 OBA: *Die OB*, 14.07.1943.

81 OBA: J.S. de Vos-versameling, B/L 2/9: Boerejeug. Boerejeug omsendbrief 3/44, 3 April 1944.

82 OBA: *Die OB*, 3.03.1943.

83 OBA: *Die OB*, 16.06.1943.

84 OBA: *Die OB*, 16.06.1943.

85 OBA: *Die OB*, 14.07.1943.

86 OBA: J.S. de Vos-versameling, B/L 2/9: Boerejeug. Boerejeug omsendbrief 3/44, 3 April 1944.

Noodhulpfonds ingestort.[87] Soos reeds genoem was 8 Augustus fondsinsamelingsdag vir die OB. Op 8 Augustus is daar dikwels basaars gereël ten bate van die OB en die OB-Noodhulpfonds. By sulke basaars het die Jeugafdelings dikwels hulle eie tafel gehad waarby hulle geld vir die Noodhulpfonds ingesamel het.[88] Hierdie afdeling van die hoofstuk wil nie voorgee dat die totaliteit van die Boerejeug konstant betrokke was by hulpverlening aan diegene wat direk deur die noodregulasies geraak is nie. Net soos wat die geval met Stormjaers is in Hoofstuk 3, is die Boerejeug ook kompleks van aard. Wat wel duidelik is, is dat die temas van hulp en beskerming vanaf die OB oorgevloei het en die Boerejeug ook beïnvloed het.

Behalwe vir die Boerejeug se bydraes is bydraes tot die Noodhulpfonds op verskeie maniere deur die breër OB bewerkstellig. Maandelikse bydraes kon by wyse van geldelike of voedsel-donasies gedoen word, diegene wat verblyf kon beskikbaar stel is ook genader.[89] Verder is daar ook kollektelyste opgestel waarmee geld ingesamel is vir die Noodhulpfonds.[90] Vertonings en konserte is dikwels ten bate van die Noodhulpfonds gereël.[91] Die vroue binne die OB het verskeie fondsinsamelingsinisiatiewe in plek gestel ten bate van die Noodhulpfonds. Een voorbeeld hiervan is die spinkursus wat tussen 11 en 19 Mei 1943 te Bloemfontein plaasgevind het.[92] Die opbrengste wat deur die verkoop van die wol opgelewer is, is dan ten bate van Noodhulpfonds en Fondsdag benut.[93] Mettertyd is daar na OB-dag, 8 Augustus, ook as Fondsdag verwys. Die funksies wat op hierdie dag gevier is, is benut om fondse vir die Noodhulpfonds in te samel. Fondsdag is nie alleenlik ten bate van die Noodhulpfonds geloods nie. Die fondse wat by hierdie geleenthede ingesamel is, is vir die OB as beweging ingevorder.[94] Die massiewe poging tot fondsinsameling behoort in die bedrag wat deur die 1942 Fondsdag opgelewer is, duidelik te wees. By hierdie geleentheid is ŉ totaal van £14 000 ingesamel.[95]

---

87 OBA: S.J. Scheepers-versameling, B/L 3/18: Boerejeug, Boerejeug omsendbrief 4/44, 14 Junie 1944.

88 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 202, 1977: H.M. Robinson/W.R. Laubscher/B. Roux, p. 3. Sien ook OBA: S.J. Scheepers-versameling, B/L 3/18: Boerejeug, Boerejeug omsendbrief 4/44, 14 Junie 1944.

89 OBA: *Die OB*, 28.01.1942.

90 Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, p. 217.

91 OBA: *Die OB*, 10.03.1943; *Die OB*, 7.07.1943; *Die OB*, 14.07.1943; *Die OB*, 21.07.1943; *Die OB*, 8.09.1943; *Die OB*, 21.06.1944; *Die OB*, 27.09.1944.

92 OBA: *Die OB*, 7.04.1943; *Die OB*, 26.05.1943; *Die OB*, 2.06.1943.

93 OBA: *Die OB*, 7.04.1943. Vir meer inligting oor die spinkursus en die rol daarvan binne volksorg, sien: C. Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', pp. 297-306, asook C. Blignaut, 'Volksmoeders, spinwiele en wol: ŉ Historiese verkenning van die aard van vrouearbeid in die Ossewa-Brandwag', *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 28, 1 (Junie 2014), pp. 1-23.

94 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', pp. 176-178; C. Marx, 'The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941', *Journal of Southern African Studies*, 20, 2 (June 1994), p. 203.

95 OBA: *Die OB*, 3.02.1943.

Fondsdag is ook nie die enigste bron van inkomste vir die Noodhulpfonds nie. Finansiële bydraes, klein en groot, het van verskeie oorde af ingestroom. By feeste anders as Fondsdag is daar ook inisiatiewe van stapel gestuur ten bate van die Noodhulpfonds. By een van die Vryheidsdagfeeste is ŉ kussing, wat deur een van die OB-vrouelede gemaak is, opgeveil ten bate van die Noodhulpfonds. Die kussing het vir £17 verkoop.[96] Op ŉ ander vergadering wat in Kaapstad gehou is, is ŉ tabakblikkie vir £24 opgeveil.[97] Op 10 Februarie 1943 berig *Die OB* dat ŉ anonieme student van Stellenbosch Universiteit £2, alles wat hy gedurende die vakansie verdien het, aan die Noodhulpfonds gestuur het.[98] Verskeie geleenthede, veral basaars, is gehou om fondse vir die Noodhulpfonds in te samel. Hierdie funksies is gewoonlik plaaslik deur die OB-vrouekommandos gereël.[99] Ten spyte van die "ongunstige" omstandighede wat deur die Tweede Wêreldoorlog se rantsoeninstellings veroorsaak is, het hierdie funksies steeds plaasgevind.[100] Die insameling van fondse vir die Noodhulpfonds is nie as ŉ "plig" nie, maar eerder as ŉ "voorreg" deur die tydgenote beskou.[101] Daarom is unieke wyses bedink om verby die "ongunstige" situasie te kom.

Visser is van mening dat die OB tot misdaad oorgegaan het om na die afhanklikes van geïnterneerdes en politieke gevangenes om te sien.[102] Hoewel die geld wat by wyse van rooftogte en diefstal bekom is moontlik tot volksorg gewend is,[103] is dit belangrik om in ag te neem dat dit nie deel van Noodhulpfonds is nie.[104] Blake meen ook dat die geld wat deur Stormjaers tydens rooftogte bekom is, hoofsaaklik na die Noodhulpfonds gekanaliseer is. Hierdeur het die Stormjaers blykbaar ŉ tipe "Robin Hood-rol vevul".[105] Blake gaan verder deur te meen dat die Noodhulpfonds "algaande afhankliker van die Stormjaers geword" het omdat

---

96 OBA: *Die OB*, 10.03.1943.

97 OBA: *Die OB*, 31.03.1943.

98 OBA: *Die OB*, 10.02.1943.

99 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p.174 & P.J.J. Prinsloo, 'Kultuurbeeld van die Ossewabrandwag, 1938-1952', (MA verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1983), pp. 55-56. Vir enkele voorbeelde hiervan, sien: OBA: *Die OB*, 20.10.1943; *Die OB*, 10.11.1943; *Die OB*, 27.09.1944.

100 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 174.

101 Van Rensburg, *Their paths crossed mine,* p. 217.

102 G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?* (Johannesburg, Macmillan South Africa, 1976), p. 135.

103 Daar is geen bewyse om hierdie vermoede te staaf nie. Alhoewel Marx, *Oxwagon Sentinel*, pp. 524-525, ook van mening is dat die rooftog-geld vir volksorg aangewend is. Geld wat tydens rooftogte bekom is, is wel aangewend om voortvlugtiges te onderhou. Sien OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 26-27, 1973: H.M. Robinson/E. Dommisse/L.S. Reynders, pp. 30-31.

104 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 34-35, 1974: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/G. Cronjé, pp. 8-9.

105 Blake, *Wit terroriste*, p. 73.

alle ander fondsinsamelingsinisiatiewe nie genoeg geld opgelewer het nie.[106] Alhoewel een tydgenoot, meneer A.J. Venter, wie by die Stormjaersel by die Oos-Rand betrokke was, ook onder die wanindruk verkeer,[107] blyk dit egter dat beide Blake en Visser se waarnemings nie korrek is nie.

G. Cronjé, voorsitter van die OB-noodhulpkomitee, bevestig: "Die geld wat ons gebruik het, was werklikwaar alles geld wat ingesamel is; daar was nie enige onwettige bron gewees nie."[108] Van Rensburg bevestig ook dat die administrasie en fondsinsamelings deur die OB onderneem is, "onder behoorlike ouditering van geoktrooide [sic] rekenmeesters".[109] Die geld wat deur rooftogte en ander gewelddadige verset bekom is, is moontlik deur die OB ten bate van volksorg benut. Hierdie geld is wel nooit direk in die Noodhulpfonds ingestoot nie, omdat deeglike boekhouding ŉ prioriteit vir die bestuur van die fonds was. Soos wat Cronjé verduidelik:

> Daar is behoorlik boek van gehou, ensovoorts. Die organisasie was eintlik baie eenvoudig. Daar is geld beskikbaar gestel vir die huisgesinne na gelang van hulle behoeftes, en die huisgesinne was onder die sorg van die kommando's gewees. Die kommando's moes met dié mense kontak hou en moes sorg dat hulle bygestaan word, en die geld wat gegee is, was eintlik meer vir sekere spesifieke doeleindes gewees. Die noodhulp het ook probeer voorkom dat mense moes voel dat dit liefdadigheid was.[110]

Hierdie "liefdadigheid" het hoofsaaklik finansiële hulp ingesluit. Finansiële steun van £5 per maand is aan getroude vroue sonder kinders toegestaan. Bykomend is ŉ bedrag van £2,10 per kind ook toegestaan. ŉ Maksimum van £12,10 is per gesin toegestaan.[111] Wanneer die groot hoeveelheid geïnterneerdes in ag geneem word, is dit duidelik dat die Noodhulpfonds groot

---

106 Blake, *Wit terroriste*, p. 135.

107 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 180-181, 1978: L.M. Fourie/A.J. de Wet Venter, pp. 6-7.

108 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 34-35, 1974: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/G. Cronjé, pp. 8-9. Dit is egter onwaarskynlik dat Cronjé enige ondermynende aktiwiteite sou erken, selfs jare na die aktiwiteite plaasgevind het. Cronjé was 'n sentrale figuur binne die OB, en een van die bekendste leiers van dié organisasie. Cronjé het nie alleenlik hoë posisies in die OB gehad nie, maar het ook 'n posisie as lektor aan die Universiteit van Pretoria beklee. Binne die OB was hy ondermeer generaal van Pretoria, hoof van die Noodhulpfonds, hoof van die Vroue-Volksorg en vir die termyn van 1947/1948 ook sekretaris van die Grootraad.

109 OBA: AKG-versameling, B/L 3/4/32, omslag 8: Noodhulpfonds: Omsendbriewe, 5 Januarie 1949.

110 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 34-35, 1974: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/G. Cronjé, p. 8.

111 OBA: *Die OB*, 4.03.1942.

hoeveelhede geld benodig het. Tussen 28 Januarie 1942 en 27 Januarie 1943 is meer as £22 000 ten bate van die Noodhulpfonds ingesamel.[112] Teen 12 Maart 1942 het die bedrag op £3 627 gestaan.[113] 226 huisgesinne word teen 12 Maart 1942 nog deur die Noodhulpfonds versorg.[114] Teen 3 Junie 1942 is ŉ totale bedrag van £6 023.17.1 deur die Noodhulpfonds ingevorder.[115] Hierdie bedrae verduidelik die groot uitdaging wat die Noodhulpfonds in die gesig gestaar het, en bewys dat die noodregulasies nie alleenlik die geïnterneerdes, gevangenes en diegene se familielede geaffekteer het nie, maar ook die vroue en kinders binne die OB.

Vanuit Van Tonder se argument kan daar afgelei word dat die Afrikaanse kerke hulle liefdadigheidswerk en barmhartigheidswerk hoofsaaklik in die hande van ander organisasies oorgelaat het. Byna geen spesiale hulp is aan die families van gemeentes gebied nie, en die versorging van sulke families is aan ander buite-kerklike instansies oorgelaat.[116] Die OB se Noodhulpfonds is een só ŉ buite-kerklike instansie. Die Noodhulpfonds is ŉ reaksie op die lyding van die algemene volk wie direk en indirek deur die noodregulasies geraak is. Die Noodhulpfonds word as ŉ aktiewe verset teen grootskaalse internering beskou:

> Die minste wat van ons wat nog buite die kampe is, verwag kan word, is om toe te sien dat daardie gesinne nie in ellende verkeer weens hul offervaardige volksliefde nie.[117]

In ŉ poging om mede-Afrikaners te "help" en te "beskerm" het die vroue binne die OB dikwels morele bystand aan geïnterneerdes en gevangenes gebied, ten spyte daarvan dat die vroue ook direk geraak is. Die groot doel van die Noodhulpfonds was om finansiële steun aan die families van geïnterneerdes te bied, en op so ŉ wyse hierdie lede te "help" en te "beskerm". ŉ Verdere doel was ook om sosiale en geestelike bystand te bied. Daarom het die vroue wat direk betrokke was by die fondsinsameling en administrasie van die Noodhulpfonds, ook aan die sosiale en geestelike welstand van die geïnterneerdes se families omgesien.[118]

---

112 OBA: *Die OB*, 27.01.1943.
113 OBA: *Die OB*, 25.03.1942.
114 OBA: *Die OB*, 25.03.1942.
115 OBA: *Die OB*, 3.06.1942.
116 J.M. van Tonder, 'Die Pastorale Rol van die Hollands-Afrikaanse Kerke gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) ŉ Kerkhistoriese Studie', (PhD proefskrif, Noordwes Universiteit, 2014), pp. 174-178.
117 OBA: *Die OB*, 21.10.1942.
118 Blignaut, 'Die hand aan die wieg regeer die land', pp. 54-55.

Met E. Holm se loslating uit die interneringskamp is die laaste politieke gevangene en geïnterneerde uiteindelik vrygelaat. Die OB Noodhulpfonds is daaropvolgend amptelik in 1948 afgesluit.[119] Gepaardgaande hiermee is die taak van die OB-Noodhulpfonds ook afgesluit.[120] Oor 'n periode van agt jaar is daar sowat £120 000 vir die Noodhulpfonds ingesamel.[121] Die OB het op die grootskaalse internering en arrestasies reageer deur die geïnterneerdes by te staan binne die kampe en tronke, maar ook deur hulle afhanklikes te versorg. Hierdie aksies is deur die OB as "met 'n daad protesteer" bestempel.[122] Die versorging van die afhanklikes was dus vir die OB 'n vorm van verset teen die noodregulasies.[123] Hierdie verset is deur middel van fondsinsameling deur die Boerejeug onderneem, en deur middel van volksorg en fondsinsameling deur die OB-vroue uitgeleef. Tot die formele afsluiting van die Noodhulpfonds in 1948 het die fonds die lewe van geïnterneerdes, gevangenes, OB-lede wie nooit geïnterneer is nie, asook die vroue en kinders in die organisasie geaffekteer. Terwyl hierdie afdeling die wyse waarop internering die lewens van vroue en kinders binne die organisasie geaffekteer het bespreek, fokus die volgende afdeling op 'n uitvloeisel van die noodregulasie wat lank na die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die OB steeds 'n rol in die lewens van geaffekteerde persone gespeel het.

### 5.3. Die rol van die BOPG in die lewens van diegene wat direk deur die interneringsbeleid geaffekteer is

Vier jaar nadat die laaste politieke gevangenes vrygelaat is, is die laaste amptelike laertrek van die OB te Bloemfontein gehou. Tydens hierdie laertrek op 23 Augustus 1952, is die besluit geneem om die OB amptelik te ontbind.[124] Verder is daar ook besluit om die OB in "'n omvattende republikeinse beweging" te omskep.[125] Meer as 'n jaar na hierdie laertrek, op 10 September 1953, is die OB in effek deur die Republikeinse Bond oorgeneem onder leiding van voormalige OB-AKG J.A. Smith. Die Republikeinse Bond het wel slegs 'n paar maande

119 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 34-35, 1974: H.M. Robinson/H.C. van Rooy/G. Cronjé, p. 9; OBA: *Dankie*, 1969, jaargang 9, nommer 2, p. 12.

120 OBA: AKG-versameling, B/L 3/4/32, omslag 8: Noodhulpfonds: Omsendbriewe, 5 Januarie 1949; *Die Vaderland*, 12.01.1949.

121 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 318; G. Cronjé, 'OB-Noodhulp', in H.G. Stoker, (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), p. 416; *Die Vaderland*, 12.01.1949; *Dagbreek en Sondagnuus*, 16.01.1949.

122 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.

123 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 233; H.M. Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief' (Ongepubliseerde pamflet, PU vir CHO, 1988), p. 4.

124 Blignaut & Du Pisani, '"Om die fakkel verder te dra"', p. 155.

125 OBA: *Die OB*, 27.08.1952.

bestaan. Op 16 Januarie 1954 is die Republikeinse Bond weens 'n tekort aan fondse ook ontbind.[126] Met die amptelike afsterwing van beide die OB en later ook die Republikeinse Bond, het verskeie organisasies wat aan die OB verbind is ook ontbind. Hierby word veral die OB-Boerejeug en die OB-Vroueafdeling getel. Die OB-lede het wel ander wyses bedink om die ideale van die OB, asook die vriendskappe wat deur middel van die organisasie gevorm is, te laat voortleef. Die vernaamste voorbeelde hiervan is die OB-vriendekring,[127] en die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (BOPG).[128]

Op 22 April 1946, ses jaar voor die ontbinding van die OB, is die BOPG amptelik gestig.[129] Hoewel hierdie organisasie reeds voor die OB-ontbinding gestig is, het dit nie saam met die OB gesterf nie. Die BOPG het voortgegaan en vir sowat veertig jaar bondslede se lewens geaffekteer. Die BOPG is deur bondslede soos volg omskryf:

> … dit is 'n saamvoeging van mense onder wie 'n kameraadskap gesmee is deur die leed van die verlede maar wat vandag elkeen op sy eie terrein en in sy eie omgewing die toonaangewer is ten opsigte van daardie deugde wat bydra tot vaste karakter en beginselsgetrouheid.[130]

Verder wou die BOPG die geleentheid bied vir oudgeïnterneerdes en gevangenes om "van tyd tot tyd bymekaar te kom" om die strydjare van die Tweede Wêreldoorlog te herdenk.[131]

Hierdie afdeling vra die volgende vraag: Watter rol het die BOPG gespeel ná die ontbinding van die OB in die lewens van persone wat geaffekteer was deur die interneringsbeleid? In die

---

126 Marx, *Oxwagon Sentinel*, p. 553.

127 Die OB-vriendekring is in April 1952 in die voormalige Wes-Kaapland gestig, en het grootliks alleenlik in hierdie deel van Suid-Afrika gefunksioneer. Die OB-vriendekring is hoofsaaklik deur meneer W.R. Laubscher en mevrou M. van Rooyen aan die gang gehou. Behalwe vir die reël van sosiale bymekaarkomste en geldinsameling om die Amajuba-plaas af te los, het hierdie vriendekring nie juis die lewe van voormalige OB-lede geaffekteer nie. Vir hierdie rede fokus hierdie hoofstuk eerder op die BOPG, sonder om die OB-vriendekring as historiese verskynsel te ignoreer. Vir meer inligting oor die OB-vriendekring, sien: OBA: J. Corin-versameling, B/L 1/1, omslag 3: OB-vriendekring geskiedenis; OBA: W.R. Laubscher-versameling, B/L 1/1, omslag 2: OB-Vriendekring.

128 Hoewel die BOPG reeds voor die ontbinding van die OB bestaan het, het dit mettertyd 'n geleentheid vir verskeie voormalige OB-lede gebied om weer funksies saam met oud-vriende en kennisse by te woon. Sien Robinson, ''n Perspektief op die uitstalling', p. 10.

129 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 3. Notule van die BOPG se eerste algemene vergadering te Pretoria, 22 April 1946.

130 OBA: *Dankie*, 1964, jaargang 4, nommer 1, p. 2.

131 OBA: *Dankie*, 1977, jaargang 17, nommer 2, p. 3.

historiografie is daar verskeie bronne wat na die OB as ŉ organisasie,[132] die Stormjaers,[133] en vroue in die OB kyk.[134] Nie een van hierdie bronne skenk veel aandag aan hierdie vername sosiale uitvloeisel van die OB en die noodregulasies nie. Dit is daarom belangrik om die rol van hierdie bond in die lewens van diegene wat direk deur die interneringsbeleid geaffekteer is, te ontleed. Alhoewel hierdie verhandeling hoofsaaklik die impak van die Unieregering se noodregulasies tussen 1939 en 1948 analiseer, is dit byna onmoontlik om die volle impak van hierdie noodregulasies te verstaan sonder om die BOPG onder die vergrootglas te plaas. Hierdie afdeling van Hoofstuk 5 volg ŉ sosiaal-historiese benadering deur deurentyd die tydgenote se menings in te span ten einde ŉ geheelbeeld van die organisasie oor te dra. Die doelwitte van die organisasie, wat later bespreek word, dien ook as lens waardeur die grootste behoeftes en bekommernisse van lede besigtig kan word. Dit is natuurlik ook noodsaaklik om die BOPG kronologies te bespreek sodat ŉ deeglike skets gemaak kan word van die rol wat hierdie bond binne die bondslede se lewens gespeel het.

---

132 Voorbeelde hiervan is: P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras*. (Potchefstroom, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991); Van Rensburg, *Their paths crossed mine*; Visser, *OB: Traitors or patriots?*; P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, (Ongepubliseerde verslag, PU vir CHO Departement van Geskiedenis, 1984); J.J. Badenhorst, 'Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag' (MA verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1985); L.M. Fourie, 'Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid' (PhD proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1987); D. Prinsloo, 'Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952', *Kleio*, 17, 1 (1985), pp. 73-85; J.J. Badenhorst, 'Vroeë organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 12, 3 (Desember 1987), pp. 54-82; P. de Klerk, 'Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, 1 (Junie 1989), pp. 43-81; P. de Klerk, 'Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ŉ nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* 14, 2 (Desember 1989), pp. 90-131; asook Marx, *Oxwagon Sentinel*, pp. 562-563. Marx verwys een keer na die OB se twee "successor organisations", naamlik die OB-vriendekring en die BOPG. Anders as hierdie enkele verwysing word geen verdere aandag aan die *rol* van die BOPG/OB-vriendekring of die wyse waarop hierdie organisasie die lede *geaffekteer* het nie.

133 Sien Blake, *Wit terroriste*. Behalwe vir enkele verwysings na die BOPG se publikasie *Agter tralies en doringdraad*, verwys Blake glad nie na die rol wat die BOPG in hierdie "wit terroriste" se lewens gespeel het nie. Sien ook: Visser, *OB: Traitors or patriots?;* Marx, *Oxwagon Sentinel*, pp. 353-362.

134 Blignaut, 'From fund-raising to Freedom Day'; Blignaut, 'Skep julle kommando's in reddingslaers om!'; Blignaut, 'Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?'; Blignaut, 'Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!'; Blignaut, 'Doing gender is unavoidable'; Blake, *Wit terroriste*, pp. 211-226; Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 233-236; Blignaut, 'Die hand aan die wieg regeer die land'; Blignaut, 'Volksmoeders, spinwiele en wol'; Blignaut, 'Rebelle sonder gewere'; D.W. Krüger, 'Die Afrikanervrou in tye van nasionale nood', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 391-395; H.G. Stoker, 'Die vrou in die oorlogsjare', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 396-402; Mevrou professor D.J. van Rooy, 'Haar opoffering tuis' in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 402-406; Mevrou doktor G. Eloff, 'Haar ondervinding', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 407-410; C.M. Immelman, 'So ken ek haar', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 410-412; H.J. Steenkamp, 'Die helpende vrou en moeder', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 413-414; Cronjé, 'O.B.-noodhulp'; Stoker, H.G., Vorster, J.D., Graf, H., Nel, O.L. & Ackermann, J.M., 'Noodleniging as daad van ons volk', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), p. 416, asook C. Blignaut, 'Volksmoeder in die kollig'.

In die vroeë jare van die Bond was die behoefte aan ŉ eenheidsgevoel onder die belangrikste besprekingspunte. In 1947 was daar drie groot behoeftes onder bondslede: eerstens die behoefte aan ŉ kenteken of ŉ wapen vir die BOPG; tweedens ŉ konferensie waarby die nodige reëls, regulasies en konstitusionele sake bespreek kon word; en derdens ŉ dinee.[135] Wat die eerste saak betref is verskeie vereistes in plek gestel. Die wapen moet byvoorbeeld temas wat direk tot internering en gevangenisskap verwant is bevat. Een voorstel is dat die wapen "die doringdraad van die kampe in die middel en die tralies van die tronke aan weerskante" moet uitbeeld.[136] Die wapen moet ook "so eenvoudig as moontlik" wees omdat die finale wapen nie groter as ŉ sjieling moes wees nie.[137] Die metaal waarin die wapen gedruk moet word was ook ŉ besprekingspunt. Hier is die voorstel van goud van die hand gewys weens finansiële doeleindes en omdat baie oud-geïnterneerdes en gevangenes steeds met indiensnemingsprobleme geworstel het. Met betrekking tot die metaal van die kenteken het die BOPG ook inspirasie van die OB-wapen bekom: "Ons moet dit van dieselfde metaal laat slaan as die OB-wapentjie."[138] Die finale wapen is by die BOPG konferensie van 4 Oktober 1947 goedgekeur.[139] Die BOPG kenteken het ŉ vorm van prestige gedra, en kon nie deur enige lid aangekoop word nie. Dit is eerder alleenlik aan ŉ "beperkte aantal persone" toegeken.[140]

---

135 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 1 Augustus 1947 & 24 Augustus 1947.


136 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 1 Augustus 1947.

137 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 1 Augustus 1947.

138 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 26 Augustus 1947.

139 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 5. Notule van die BOPG-konferensie van 4 Oktober 1947 te Pretoria.


140 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 5. Notule van die BOPG-konferensie van 4 Oktober 1947 te Pretoria.




**Figuur 5(d): Die BOPG kenteken en wapen.**[141]

Die finale BOPG kenteken is in Figuur 5(d) sigbaar. Hierdie kenteken het die twee hoofmotiewe van die dae van internering en gevangenes voorgestel. Die letters "BO" en "PG" is onderskeidelik bo en onder ŉ enkele doringdraad geskryf, met tralies wat bo en onder hierdie teken aangebring is. Deur die motiewe van "doringdraad" en "tralies" in die BOPG kenteken aan te bring het die bond voorsien dat die effekte van die noodregulasies en interneringsbeleid fisies voorgestel word. Omdat die bond juis gestig is vir diegene wat deur die noodregulasies en interneringsbeleid aangeraak is, is dit vanselfsprekend dat die temas van "doringdraad" en "tralies" gereeld binne die aktiwiteite van die bond sou voorkom. Behalwe vir die kenteken wat hierdie temas fisies uitbeeld, het die BOPG ook besluit om hulle versamelwerk oor die geskiedenis van die kampe *Agter tralies en doringdraad* te noem, weereens as ŉ eerbetoning vir die wyse waarop hulle deur die Smuts-regering se instelling van noodregulasies en interneringsbeleid aangeraak is. Die stofblad van die versamelwerk beeld ook die motiewe van "doringdraad" en "tralies" uit (sien Figuur 5(e)).

141 OBA: Fotoversameling, rekordnommer F00513_1.




**Figuur 5(e): Stofblad van die BOPG se versamelwerk *Agter tralies en doringdraad*.[142]**

Wat die tweede en derde behoeftes betref wou die Bondslede "belangrike sake" rondom die stigting en rol van die Bond tydens 'n konferensie te Pretoria bespreek, en 'n dinee is gereël omdat "almal weer ou [sic] vriendskappe wil laat herleef".[143] By hierdie konferensie moes die eerste Uniale Raad vir die BOPG verkies word, asook 'n bespreking en vasstelling van die jaarlikse ledegelde.[144] Nadat daar byna geen aktiwiteite in die BOPG vir sowat sestien maande opgemerk is nie, sou die konferensie ook weer die "nodige belangstelling" in die BOPG opwek.[145] Soos genoem, is die laaste politieke gevangenes en geïnterneerdes eers in 1948

142 OBA: Geskandeer uit die OB-boekeversameling, rekordnommer A8393.

143 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 9 Augustus 1947.

144 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 31 Augustus 1947.

145 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 7 Oktober 1947.

vrygelaat. Daarom is daar by die 1947 dinee ŉ spesiale heildronk ingestel op diegene wat steeds geïnterneer en in gevangenis is.[146]

Die konstitusie van die BOPG lig vier doelwitte vir die organisasie uit:

(i) Behoud en aankweek van broederskap
(ii) Hulp- en werkverskaffing
(iii) Fondsinsameling vir hulpdoeleindes
(iv) Om die geskiedenis van die internering en kampe op boek te stel[147]

Die temas van *hulp* en *beskerming* kom dus steeds tevore jare nadat die OB nie meer bestaan het nie. Deur lede te *help* met die bekom van ŉ vaste inkomste het die BOPG hierdie individue teen finansiële onsekerheid *beskerm*. Die behoud en aankweek van vriendskappe is deur die bestaan van die bond aangewakker. Alhoewel sekere tydgenote, soos F.R. Bartman, teen die idee van die BOPG gekant was, het die bond steeds voortgeleef. Bartman se mening was dat die Bond "te veel in die verlede leef".[148] S.O. Eklund, wie ook tydens die oorlog in die Koffiefonteinsekamp geïnterneer is, is ook teen die idee van die BOPG gekant en meen dat daar "geen behoefte" vir so bond bestaan nie.[149] Die rede agter Bartman en Eklund se menings rondom die BOPG word nie in die primêre bronne aangetref nie. Dit mag wees dat die herinneringe van internering vir hierdie twee persone te seer was, of dat beide wesenlike pogings wou aanwend om aan te beweeg na die oorlog. Ten spyte van Bartman en Eklund se bekommernisse, het die bond ŉ belangrike rol vertolk vir diegene wat deur die interneringsbeleid aangeraak is.

Daar is byvoorbeeld fondse ingesamel vir "hulpdoeleindes". Aanvanklik is hierdie fondse na die Noodhulpfonds gekanaliseer, en later is dit benut om die geskiedenis van die internering op boek te stel en belangrike dokumente te beskerm.[150] Die BOPG het ook hulp probeer verskaf deur regsadvies aan lede te verleen. Die sekretaris van die BOPG het byvoorbeeld ŉ beroep

---

146 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 31 Augustus 1947.
147 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 1. Konstitusie van die Bond van oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes.
148 OBA: *Dankie*, 1961, jaargang 2, nommer 2, p. 25.
149 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 3 Mei 1948.
150 OBA: *Dankie*, 1960, jaargang 1, nommer 1, p. 10.

geplaas op alle persone wat tussen 1939 en 1945 op enige politieke aanklag skuldig bevind is, om inligting na die Bond deur te stuur. Hierdie versoek is daargestel omdat "daar 'n moontlikheid bestaan dat die owerheid enige nadeel of diskwalifikasie (regsbelemmering) wat as gevolg van so 'n skuldigbevinding bestaan tot ons voordeel mag ophef of verwyder".[151]

Die laaste doelwit, naamlik om die geskiedenis van die kampe te publiseer, sou veral die beginjare van die BOPG opneem. Die besluit dat die geskiedenis van die interneringskampe opgestel moet word is reeds by die BOPG se eerste algemene vergadering besluit.[152] Hierdie doelwit is ook regdeur tot die laaste paar dae van die BOPG deurgevoer, waarvan die OB-Argief sekerlik die grootste uitvloeisel is. Hierdie afdeling argumenteer dat die grootste rol wat die BOPG in geaffekteerde persone se lewe gespeel het, is dat die geleentheid gebied is om 'n soort eie-geskiedenis – in publikasie en argief – van die kampe vir toekomstige generasies te bewaar. Hierdeur het die BOPG nie alleenlik *hulp* en *beskerming* aan geaffekteerde persone gebied nie, maar dit het ook 'n geleentheid gebied vir sulke persone om die geskiedenis waarby hulle direk betrokke was te *beskerm*.

Die funksie van die BOPG is omskryf as om "'n suurdeeg ten goede in ons volkslewe te wees".[153] Hierdie funksie vind aanklank by die OB se vroeë doelstelling wat temas van die "uitbreiding" van volkslewe, "uitlewing van die taal en tradisie van die Boerevolk", "beskerming en bevordering van alle Afrikanerbelange", "aankweking van 'n kragtige vaderlandsliefde", en die "samesnoering van alle Afrikaners" benadruk het.[154] In hierdie verband het die BOPG 'n nostalgiese terug hunkering na die bloeityd van die OB uitgeleef. Waar die OB baie min vereistes tot lidmaatskap gehad het, was die BOPG se vereistes meer omvattend. Binne die organisasie was daar ook twee vorme van lidmaatskap, naamlik "volle lidmaatskap" en "bylede". Volle lidmaatskap is vir individue wat fisies aangehou is in kampe, tronke of polisieselle. Diegene wat weens hulle "nou samewerking" met sulke individue "eervolle onderskeid" geniet, word ook as lede geag. Hans van Rensburg is byvoorbeeld as die erepresident van die bond aangestel, al is Van Rensburg nooit in enige kamp of tronk aangehou

151 OBA: *Dankie*, 1960, jaargang 1, nommer 1, p. 10.
152 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 3. Notule van die BOPG se eerste algemene vergadering te Pretoria, 22 April 1946.
153 OBA: *Dankie*, 1964, jaargang 4, nommer 1, p. 2.
154 OBA: Grootraad-versameling, B/L 1/2, omslag 9, Ossewa-Brandwag Konstitusie, artikel IV (5), [c. 1940].

nie.[155] Die definisie vir "bylede" is veel meer omvattend. Bylede kon aan enige een van die volgende drie vereistes voldoen:

> (i) Individue wat ook tydens die oorlogsjare teen oorlogsdeelname gestry het en wie "ongeag die grootste gevaar en vervolging" die stryd buite die kampe en tronke volhard het.
> (ii) Individue wat die families van geïnterneerdes en vlugtelinge versorg en bygestaan het.
> (iii) Individue wat aan die Rebellie van die Eerste Wêreldoorlog, 1914-1918, deelgeneem het.[156]

Lede en bylede het byna dieselfde voordele geniet, behalwe dat slegs volle lede op die dagbestuur kon dien.[157] Die BOPG het die opskryf van die geskiedenis van die Tweede Wêreldoorlogse interneringskampe veral ter harte geneem.

Die BOPG het probeer eienaarskap oor die geskiedenis van die Tweede Wêreldoorlogse interneringskampe neem. Boeke wat die "korrekte tipe" geskiedenis oorvertel,[158] soos Quass se *Tweede Rebellie, Uit Stof en As* en *Meer as 'n droom*, Van Rensburg se *Their paths crossed mine*, Pienaar se *By die sterfbed van 'n volk*, Van Blerk se *En Drie Maal Kraai Die Haan* en Boyce se *Rooi Verraad* is gereeld aan BOPG-lede deur middel van plasings in *Dankie*, die amptelike leesblad van die beweging, voorgestel.[159] Daarenteen is ander werke wat volgens die BOPG "blatante onwaarhede" is, in *Dankie* uitgeken. Die prominentste voorbeeld is Strydom

---

155 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 3. Notule van die BOPG se eerste algemene vergadering te Pretoria, 22 April 1946. Van Rensburg het hierdie pos tot en met sy afsterwe in 1966 beklee, waarna die erepresidentskap aan B.J. Vorster toegeken is. Sien OBA: *Dankie*, 1967, jaargang 7, nommer 1 & 2 vir meer inligting.

156 OBA: *Dankie*, 1961, jaargang 1, nommer 2, p. 11.

157 OBA: *Dankie*, 1961, jaargang 1, nommer 2, p. 11.

158 Insluitend *Agter tralies en doringdraad*, wat deurentyd tussen 1965 tot 1985 ook in *Dankie* bespreek en bemark word.

159 OBA: *Dankie*, 1965, jaargang 5, nommer 3, p. 13; *Dankie*, 1966, jaargang 6, nommer 1, pp. 42-43; *Dankie*, 1967, jaargang 7, nommer 1, pp. 4, 24; *Dankie*, 1967, jaargang 7, nommer 2, pp. 11-12; *Dankie*, 1968, jaargang 8, nommer 1, pp. 4-5, 11-12, 27-28, 47; *Dankie*, 1968, jaargang 8, nommer 2, pp. 8, 14, 17, 43; *Dankie*, 1969, jaargang 9, nommer 1, pp. 11-12, 39, 45; *Dankie*, 1969, jaargang 9, nommer 2, pp. 4, 11; *Dankie*, 1970, jaargang 10, nommer 1, pp. 20, 32; *Dankie*, 1970, jaargang 10, nommer 2, pp. 8, 15; *Dankie*, 1971, jaargang 11, nommer 1, p. 15; *Dankie*, 1972, jaargang 12, nommer 1, pp. 15, 20; *Dankie*, 1973, jaargang 13, nommer 1, p. 7; *Dankie*, 1975, jaargang 15, nommer 1, pp. 10, 17, 22; *Dankie*, 1975, jaargang 15, nommer 2, pp. 32, 36, 39-41; *Dankie*, 1976, jaargang 16, nommer 1, pp. 14, 28-29; *Dankie*, 1976, jaargang 16, nommer 2, pp. 13-14, 28-29, 38; *Dankie*, 1978, jaargang 18, nommer 1, p. 11; *Dankie*, 1979, jaargang 19, nommer 1, pp. 3, 20; *Dankie*, 1980, jaargang 20, nommer 1, pp. 3, 37, 39, 44, 46; *Dankie*, 1982, jaargang 22, nommer 1, p. 29; *Dankie*, 1983, jaargang 23, nommer 1, p. 35; asook *Dankie*, 1985, jaargang 25, nommer 1, pp. 47-49.

se *Vir Volk en Führer*,[160] asook Visser se *OB: Traitors or Patriots?*[161] In die *Dankie* van Desember 1983 word daar ŉ beroep op alle bondslede gedoen om met feite en dokumente na vore te kom wat die inligting in die boek verkeerd bewys.[162] Ander boeke wat die gewenste weergawe van geskiedenis oorvertel is bemark aan BOPG-lede om "kinders en kleinkinders self ons geskiedenis" te leer.[163]

Die tendens om die "korrekte tipe" geskiedenis te propagandeer is reeds in 1944 onder die bestuur van die Boerejeug te bespeur. In die amptelike Boerejeug-omsendbrief van 14 Junie 1944 word alle lede aangemoedig om A.J.H. van der Walt se ŉ *Volk op trek* aan te skaf. ŉ *Volk op trek* vertel ook, net soos die bogenoemde gevalle, die gewenste weergawe van geskiedenis siende dat dit deur die Sekretaris van die Grootraad geskryf is.[164] In verskeie onderhoude blyk dit dat die informante ongelukkig is oor sekere boeke wat gepubliseer word. H. Anderson het selfs ŉ prokureur gaan sien oor die moontlikheid om G.C. Visser te dagvaar oor sy uitlatings in sy boek, *OB: Traitors or Patriots?*.[165] Deur sekere geskiedenisboeke te bevorder en ander van die hand te wys, wou die BOPG lede eienaarskap oor hulle eie geskiedenis neem. Hierdie doelstelling is verder verwesenlik deur ŉ versamelwerk oor die geskiedenis van die kampe saam te stel.

Reeds in die beplanningsfase van die boek was dit ŉ strewe om die boek so omvattend moontlik te maak: "As die boek waarde moet hê, dan moet dit alles bevat."[166] Nadruk is op die "feite" geplaas.[167] Tydens die beplanningsfase is daar herhaaldelik gesê dat geen skrywe in die boek toegelaat sal word indien dit nie op feite gebaseer is nie. Tydens die skryfproses moet daar ook klem op "feite en datums" geplaas word, en "gissings en opinies" moet nie deel van die geskiedskrywingsproses wees nie.[168] Hierdie beklemtoning van feite het ŉ groot deel van die beplanning uitgemaak, soos wat die BOPG sekretaris O.L. Nel dit verduidelik:

---

160 OBA: *Dankie*, 1983, jaargang 23, nommer 1, pp. 27-28.
161 OBA: *Dankie*, 1976, jaargang 16, nommer 2, pp. 13-14.
162 OBA: *Dankie*, 1983, jaargang 23, nommer 1, p. 7.
163 Met "ons" word daar na BOPG lede verwys. OBA: *Dankie*, 1983, jaargang 23, nommer 1, p. 35.
164 OBA: AKG-versameling, B/L 3/18/34, omslag 4: Boerejeug. Omsendbrief 4/44, 14 Junie 1944.
165 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 215, 1977: H.M. Robinson/L.M. Fourie/H. Anderson, pp. 4-5.
166 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 6 Desember 1947.
167 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 8. Notule van die BOPG-vergadering van 15 November 1947 te Pretoria.
168 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 8. Notule van die BOPG-vergadering van 15 November 1947 te Pretoria.

> Die eerste taak is natuurlik om al die feite in te samel en ek meen dat dit maklik twaalf maande sal duur voordat ek tevrede sal wees dat ons oor genoeg gegewens beskik om met die opstelling van ŉ rekord te begin. Sodra al die feite beskikbaar is dan sal daar eers, vir die eerste maal, ŉ volle vergadering van die Redaksionele Komitee gereël word …[169]

Dit is verder duidelik dat die BOPG soveel moontlik aandag deur die publikasie wou bekom. Die redaksie het dus ŉ probleem in die oë gestaar, aan die een kant moes die publikasie "alles" rondom die geskiedenis van die kampe bevat, maar aan die anderkant moes dit nie "droë leesstof" wees nie. Nel meen:

> As ons ŉ geskiedenis van die kampe en tronke opstel dan moet dit natuurlik alles bevat en as dit alles bevat sal daar taamlike droë leesstof vir die buitestander wees, en die boek sal nooit as "populêre leesstof" genoem kan word nie. Met ander woorde: ek twyfel baie of ons ŉ finansiële sukses van die boek sal maak.[170]

Die BOPG wou absolute beheer oor elke aspek van die geskiedenis van die kampe uitoefen. In die 7 Januarie 1948 uitgawe van *Die OB* word daar aangekondig dat ŉ skryfwedstryd deur die BOPG geloods word om "interessante voorvalle uit die interneringslewe" op skrif vas te lê. Verskeie kontantpryse kan deur middel van hierdie wedstryd gewen word.[171] Hierdie berig is deur A.B. le Roux, voormalige geïnterneerde, vir *Die OB* geskryf. Kort na hierdie berig verskyn, skryf die sekretaris van die BOPG in ŉ brief aan die redakteur van *Die OB*:

> Volgens die konstitusie van die BO en PG [sic] mag niemand iets doen of sê i.v.m. die Bond behalwe lede van die Uniale Raad nie … Ek sal dit waardeer as u in die toekoms sulke sake soos die beriggie wat ek bespreek eers na my toe sal stuur om te keur voordat u dit [in *Die OB*] plaas.[172]

---

169 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 10 Desember 1947.

170 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 5 Januarie 1948.

171 OBA: *Die OB*, 7.01.1948.

172 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 15 Januarie 1948.

Ander voormalige geïnterneerdes en politieke gevangenes was teen die idee van ŉ eie geskiedenis van die kampe opstel. Opinies rondom hoekom so werk nie gepas is nie wissel. Vir S.O. Eklund, wie in die Koffiefonteinse interneringskamp geïnterneer is, is dit ŉ mening dat die boek eers uitgestel moet word totdat "dinge in ŉ verlengde perspektief sigbaar is".[173] H.J. van den Berg, wie ook voorheen in die Koffiefonteinse kampe geïnterneer is, meen weer dat oud-geïnterneerdes slegs by die "versameling van die nodige feite" betrokke moet wees, en dat "die tyd nog geensins geleë is" om so boek te publiseer nie.[174] Voormalige kampleier, G.P.J. Trümpelmann, meen ook dat die tyd "nog nie ryp" vir so publikasie is nie. Trümpelmann se mening is dat die skrywers van hierdie publikasie nog nie, slegs twee jaar na die oorlog, die regte perspektief sou kon inneem nie: "Vir perspektief is afstand nodig en dié kan nog geen van ons op die huidige stadium hê nie."[175] Wanneer oud-geïnterneerdes sulke menings oor die opstel van ŉ geskiedenis van die kampe ontbloot het, blyk dit dat ander bondslede se opinies rondom hulle verander. Hierdie individue is dan dikwels uitgemaak as "anti-Afrikaner", "meer Duitser as Afrikaner" of selfs "pro-Engels".[176] In ŉ skrywe oor Trümpelmann word hy deur een van die bondslede as "altyd Duitser en nooit Afrikaner nie" beskryf. Verder word hy ook as "nooit pro-Afrikaans" nie gebrandmerk, en dat hy "Engels bo Afrikaans verkies".[177] Geen bewyse vir hierdie uitlatings word in die primêre bronne gevind nie.

Ten spyte van sekere bondslede se teenkanting het die BOPG voortgegaan met die geskiedenis van die kampe se boekstawing. In 1953 verskyn die BOPG se publikasie oor die kampe onder die titel *Agter tralies en doringdraad*. Die publikasie van hierdie boek kan as ŉ hoogtepunt in die BOPG se bestaan geag word, juis omdat dit een van hulle vier hoofdoelwitte verwesenlik. Die boek is uitgegee onder die indruk dat dit "die waarheid is" en dat geen inligting in die boek oop is vir interpretasie nie.[178] Weereens ŉ bewys dat die BOPG absolute beheer oor die geskiedenis van die kampe wou uitoefen. Die BOPG het ook hierdie boek benut om eienaarskap te neem van die geskiedenis waarby hulle direk betrokke was deur hulle eie

173 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 3 Mei 1948.

174 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 30 Desember 1947.

175 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 6 Desember 1947.

176 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 3 Junie 1948.

177 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 3 Junie 1948.

178 I. Raubenheimer, 'Aanbevelingswoord', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), p. vi.

weergawe van die gebeure deur te gee, soos wat hulle wil hê dit aan toekomstige generasies oorgedra behoort te word. Die geskiedenis van die kampe is verder ook benut om diegene wat geïnterneer en gearresteer is se opoffering duidelik te maak. Die geïnterneerdes en gevangenes is ook as onskuldig geag:

> In hierdie boek kan u die versekering kry dat alle Afrikaners nog nie slawe is nie, of geword het nie, en dat daar nog baie is wat bereid is om alles wat lief en dierbaar is, op die altaar te lê vir hulle vryheid, en dié van hul land en volk. Kinders van 'n verowerde volk is in meer as een geval, terwille van hul vryheidsliefde, op verklarings van gewetenlose Waarheidsridders [sic] in tronke en in kampe gestop, sonder verhoor. Die ergste nog was, dat burgers van hierdie land maande lank saam met misdadigers in die tronk aangehou is vir ondervraging, sonder dat daar enigiets teen bulle ingebring kon word of dat hulle die Regering se oorlogspoging sou gesaboteer het of wou saboteer.[179]

Selfs ná die publikasie van *Agter tralies en doringdraad* is daar steeds verskeie debatte binne die BOPG sigbaar. Een van die prominentste bekommernisse was die prestige en waardigheid van die boek, asook hoe die boek bemark en verkoop word. Sekere skrywers het gemeen dat die boek beide deur lede van die BOPG sowel as die boekhandelaar verkoop en bemark behoort te word. Daarenteen het ander weer gemeen dat die bemarking en verkope slegs deur die boekhandelaar hanteer moet word omdat dit tot die waardigheid van die boek sal bydra.[180] Die BOPG was dus bewus van die bedreigings wat die waardigheid van die boek inhou. Die doelwit om die geskiedenis van die kampe vir die toekoms te bewaar het wel nie by die publikasie van *Agter tralies en doringdraad* geëindig nie.

In 1960 word die eerste uitgawe van *Dankie* uitgereik. Die aanvanklike doel was om as die amptelike omsendbrief vir die Bond te dien.[181] Mettertyd het dit as die "amptelike orgaan" van die BOPG bekendgestaan.[182] Hierdie publikasie bied ook vandag 'n blik op die bedrywighede van diegene wat direk deur die interneringsbeleid en noodregulasies geaffekteer is. Die BOPG was bewus van die voortdurende afname in ledetalle, en gevolglik is die behoefte om "kamerade in 'n hegte eenheid saam te snoer" benadruk.[183] Hierdie behoefte se vervulling is

---

179 Raubenheimer, 'Aanbevelingswoord', p. vi.
180 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 26 September 1954.
181 OBA: *Dankie*, 1960, jaargang 1, nommer 1.
182 Sien alle kopieë van *Dankie* (beskikbaar in die OBA) sedert 1964.
183 OBA: *Dankie*, 1960, jaargang 1, nommer 1, p. 21.


nagestreef deur byvoorbeeld ŉ sangbundel onder lede te versprei. Inisiatiewe soos die sangbundel was ŉ poging deur die BOPG om "die gees wat ons manne daar agter die drade en tralies bymekaargehou en aan hulle uithouvermoë verleen het" vas te vang deur hierdie liedere weer tydens funksies te sing.[184]

In 1961 was die toekoms van die Bond reeds ŉ punt van bekommernis, hoofsaaklik omdat meeste lede reeds seniors was. Die voorstel is gemaak dat BOPG-lede hulle seuns by die organisasie laat inskakel. Hierdie inskakeling sou onderhewig wees aan verskeie vereistes: ŉ ouderdomsvereiste (waarvan die ouderdom nooit gestipuleer is nie), ŉ karaktertoets (hoofsaaklik om voornemende lede se "Afrikanerskap" toets), en ŉ kennistoets wat op kennis van *Agter tralies en doringdraad* baseer sou wees.[185] Ten spyte van hierdie voorstel het dit nooit gerealiseer nie. Verdere bekommernis oor die toekoms van die bond is ook teenwoordig in die vrees dat lede nie aan BOPG aksies deelneem nie. Waarskuwings is gerig om nie die "Bond te verongeluk" nie. In hierdie konteks is lede aangemoedig om die jaarlikse BOPG kongres by te woon, die dinee by te woon, gereeld te korrespondeer met ander BOPG lede en stiptelik alle ledegelde te betaal.[186]

Pogings is ook mettertyd aangewend om die BOPG uit te brei tot ŉ wyer OB-organisasie, maar die taak was te groot vir die BOPG bestuur omdat "die OB ŉ groot en talryke magtige organisasie was". Die besluit is toe geneem dat voormalige OB-lede eerder self "hul eie landswye organisasie" moet vorm.[187] Ten spyte hiervan het talle OB-lede by die BOPG aangesluit.[188] Die rede hiervoor is moontlik omdat die BOPG dieselfde gevoel van samehorigheid as die OB jare voorheen probeer bevorder het. Daar is byvoorbeeld kampe (sien Figuur 5(f)), toesprake en braaivleis-bymekaarkomste gereël. In die kampuitnodiging word daar ook klem gelê op die feit dat Hans van Rensburg daar sou wees, juis omdat Van Rensburg direk met die OB-bloeityd en met die OB self geassosieer word. Hierdie strewe om ŉ gemeenskapsgevoel op te wek stem ooreen met die OB se doelwit vir "die samesnoering van

184 OBA: *Dankie*, 1961, jaargang 1, nommer 4, p. 4.
185 OBA: *Dankie*, 1961, jaargang 1, nommer 4, pp. 7-8 & 18.
186 OBA: *Dankie*, 1961, jaargang 1, nommer 4, p. 10.
187 OBA: *Dankie*, 1977, jaargang 17, nommer 2, p. 3.
188 OBA: *Dankie*, 1977, jaargang 17, nommer 2, p. 3.

alle Afrikaners" – 'n nalatenskap wat hulle wou behou.[189] Net soos met die OB, sou die BOPG ook verskeie geleenthede soos dinees, pieknieks en braaivleis-geselskappe reël.[190]




**Figuur 5(f): Amptelike uitnodiging vir die BOPG kamp van September 1962.[191]**

Die lede het nie alleenlik terug gehunker na die sosiale aspek van die OB-jare nie, maar daar was deurentyd pogings aangewend om herinneringe van die kamplewe in te samel. Die lede het ook nostalgies sekere fisiese oorblyfsels van die kamplewe ywerig versamel. In die *Dankie* van Desember 1965 word daar byvoorbeeld gevra of enige mede-bondslede 'n £1 kampgeldstuk het sodat hy sy versameling kan voltooi.[192] 'n Verdere versoek is in Desember 1966 deur N.

189 OBA: Grootraad-versameling, B/L 1/2, omslag 9, Ossewa-Brandwag Konstitusie, artikel IV (5), [c. 1940].

190 OBA: BOPG-versameling, B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 22 November 1947.

191 Prent geneem uit: OBA: *Dankie,* 1962, jaargang 2, nommer 2, p. 14. "Die Eiland" waarna verwys word is die plaas waarop J.F.J. van Rensburg en sy vrou Katie van Rensburg afgetree het. Die stuk grond is in die Parys-distrik aan die Vaalrivier geleë, en is deur Van Rensburg se OB-ondersteuners aan hom geskenk. Vir meer inligting sien: Van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 166-268.

192 OBA: *Dankie*, 1965, jaargang 5, nommer 3, pp. 16-18.

Coetzee gemaak. ŉ Beroep is op individue gedoen om voorwerpe wat tydens die Tweede Wêreldoorlog in interneringskampe gemaak is, aan te stuur.[193] Met die stigting van die OB-Argief by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) het die behoefte om fisiese oorblyfsels te bewaar slegs groter geword. *Dankie* het ook gereeld ŉ artikel gepubliseer waarin tydgenote aangemoedig word om dokumente en ander historiese stukke na die universiteit te stuur.[194]

In die laat 1960s en vroeë 1970s het die Oorlogsmuseum te Bloemfontein ook begin om voorwerpe te versamel wat uit die kampe oorsprong vind.[195] In 1971 verskyn die eerste oproep dat kamerade hulle herinneringe op band moet vasvang.[196] Hierdie inisiatief is aanvanklik deur die Universiteit van die Oranje Vrystaat onderneem,[197] en later deur die PU vir CHO oorgeneem. Op 9 Oktober 1976 het die BOPG besluit dat alle bates wat moontlik sou oorbly indien die Bond sou ontbind aan die PU vir CHO oorgedra sal word.[198] Hierdie bates sal uitsluitlik vir "die bewaring, huisvesting, uitstalling, instandhouding, uitbouing, verbetering, versekering en beskerming van die Ossewa-Brandwag Argief" benut word.[199] Op 27 Februarie 1978 is die plaas waarop Amajuba-berg geleë is amptelik aan die PU vir CHO geskenk.[200] Deur hierdie besluit te neem, en hierdie bates aan die PU vir CHO oor te dra, het die BOPG direk bygedra tot die beskerming van die oorblyfsels van die OB, die BOPG en die interneringskampe.

Teen 12 Oktober 1985 het die bond R9 935,09 in vaste bates gehad, asook R240,35 in ŉ lopende rekening. Die bestuur het verder versoek dat lede geld moet skenk omdat die BOPG

---

193 OBA: *Dankie*, 1966, jaargang 6, nommer 2, p. 24.
194 Sien byvoorbeeld: OBA: *Dankie*, 1969, jaargang 9, nommer 2, pp. 18-19.
195 OBA: *Dankie*, 1969, jaargang 9, nommer 2, pp. 18-19.
196 OBA: *Dankie*, 1971, jaargang 11, nommer 2, p. 34.
197 *Dagbreek en Sondagnuus*, 26.02.1967; OBA: *Dankie*, 1971, jaargang 11, nommer 2, p. 34.
198 OBA: *Dankie*, 1976, jaargang 16, nommer 1, p. 15; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 119, 1976: H.M. Robinson/J. Ackermann, p. 1. Hierdie besluit is moontlik aangevuur deur die wete dat die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys reeds ŉ groot aantal OB-dokumente en artefakte besit. Een van die laaste besluite wat amptelik deur die OB-bestuur geneem is, is om alle dokumente en rekords aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys se Ferdinand Postma biblioteek te skenk. Vir meer inligting oor die OB in verband met rekords en dokumente sien: OBA: BOPG-versameling, B/L 18/83, omslag 3: Ontbindingsfunksie, 12 Oktober 1985; Robinson, ''n Perspektief op die uitstalling', pp. 1-12; E. Kleynhans, 'Documenting Afrikaner Fascism: A Historical Overview of the Ossewabrandwag Archive' (Conference paper, The Historical Association of South Africa (HASA), HASA / HGSA Biennial Conference, 20-22 June 2018), p. 1.
199 OBA: *Dankie*, 1976, jaargang 16, nommer 1, p. 3.
200 OBA: *Dankie*, 1981, jaargang 21, nommer 1, pp. 25-26.

"nie minder as R10 000 aan die Argief wil nalaat nie."[201] Die totale bedrag wat aan die PU vir CHO oorgedra is, is nooit amptelik opgeteken nie, maar dit beloop sowat R10 000. Hierdie fondse is hoofsaaklik vir die verbetering en uitbreiding van die argief benut. Dit is daarom belangrik om in ag te neem dat die BOPG in 'n sin geslaag het in hulle doelwit om die geskiedenis van die OB, die BOPG en verskeie lede van beide organisasies te laat voortleef. Met die afsterwe van prominente BOPG-lede is alle OB en BOPG verwante dokumente en versamelstukke ook aan die PU vir CHO vir veilige bewaring oorhandig.[202]

Die aanvanklike plan was om op 31 Oktober 1986, na meer as veertig jaar se bestaan, die BOPG amptelik te ontbind.[203] Op 6 Oktober 1984 is die voorstel neergelê om een jaar vroeër te ontbind. Die redes vir hierdie besluit word soos volg uitgelig:

> (i) Die sekretaris van die Bond, N. Coetzee, se gesondheid was nie na wense nie, en Coetzee wou graag die BOPG tot en met die ontbinding dien.
> (ii) 1985 dra simboliese waarde as die 40-jarige herdenking van die einde van die Tweede Wêreldoorlog.
> (iii) Die geskiedenisboek van die OB wat deur die PU vir CHO onderneem is sou in 1985 verskyn.[204]
> (iv) Alle lede se ledegeld is ten volle opbetaal, en alle oorblywende lede het sedert die oorsprong van die BOPG aan die Bond behoort.
> (v) Die BOPG het teen Oktober 1984 geen inkomstebronne gehad nie, behalwe vir rente op beleggings en klein donasies vir die publikasie van *Dankie*. Deur die Bond 'n jaar vroeër te ontbind is dit moontlik om meer geld aan die PU vir CHO te skenk.
> (vi) Ongeag van die Bond se ontbindingsdatum sal die dinee steeds jaarliks, solank daar oorlewende lede is wat in staat is om by te woon, by die PU vir CHO voortgaan.
> (vii) Die bestuur was reeds teen Oktober 1984 gereed om alle dokumente en bates aan die PU vir CHO oor te dra.[205]

---

201 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, pp. 453. Notule van die BOPG-konferensie van 4 Oktober 1947 te Pretoria.

202 Hierdie was byvoorbeeld die geval met die afsterwe van J.M. Ackermann, president van die BOPG, sien OBA: *Dankie*, 1981, jaargang 21, nommer 1, p. 14.

203 OBA: *Dankie*, 1983, jaargang 23, nommer 1, pp. 7-8.

204 Vyf afsonderlike verslae oor die OB is in Januarie 1984 deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gepubliseer. Hierdie vyf verslae vorm gesamentlik een van die deeglikste agtergrondsbronne tot die OB. Dit is ook hierdie verslag wat gelei het tot die publikasie van *Vuurtjie in die droë gras* (1991) jare later.

205 OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 430. Die voorsitter van die BOPG se verslag van 6 Oktober 1984. Hierdie besluite is ook in *Dankie* gepubliseer. Sien *Dankie*, 1984, jaargang 24, nommer 1, p. 7.

Gevolglik is die BOPG op 12 Oktober 1985 amptelik ontbind. Vir sowat veertig jaar het die bond ŉ rol in die lewens van diegene wat deur die interneringsbeleid geraak is, gespeel. Die vier doelwitte van die organisasie is ongetwyfeld bereik.[206] Wat die eerste doelwit, naamlik die behoud en aankweek van broederskap, betref, het die BOPG tot die samesnoering van verskeie Afrikaners bygedra. In ŉ sin het die BOPG voortgegaan met die vroeë doelstelling van die OB, naamlik die samesnoering van Afrikaners. In hierdie sin het die BOPG wel ŉ handjie vol mense, wat deur een gedeelde ervaring saamgebind is, se vriendskappe laat voortleef. Die tweede doelwit, naamlik om hulp te bied en werkverskaffing aan te wakker onder lede, is reeds in die vroeë jare van die BOPG verwesenlik, soms op ŉ klein skaal (soos regsadvies) en soms op ŉ groter skaal (deur ŉ gemeenskap te vorm waar meeste lede deur dieselfde indiensneming struikelblokke struikel). Die derde doelwit, naamlik fondsinsameling vir hulpdoeleindes, het grootliks die vroeë jare van die BOPG se bestaan ingeneem, veral toe die Noodhulpfonds steeds bestaan het. Die grootste sukses van die BOPG, as mens hulle meet aan hulle eie doelwitte, lê egter in die verwesenliking van hulle vierde doelwit, die strewe om die geskiedenis van die internering en kampe vir toekomstige generasies te beskerm.

Hoewel die BOPG se publikasie *Agter tralies en doringdraad* meer as ŉ subjektiewe oorvertelling en tydgenootlike bron as ŉ geskiedenisboek bestempel kan word, bied die werk steeds ŉ blik op die impak van die Unieregering se noodregulasies op die geïnterneerdes en gevangenes. Die grootste sukses in die bewaring van die geskiedenis vir toekomstige generasies is egter nie *Agter tralies en doringdraad nie*, maar eerder die OB-Argief. Die grootste rol wat die BOPG gespeel het in diegene wat deur die interneringsbeleid geaffekteer is, is dat die bond die geleentheid gebied het om die geskiedenis van die kampe vir toekomstige generasies te bewaar. Nie slegs deur die publikasie van *Agter tralies en doringdraad* nie, maar ook deur die bydraes wat tot die OB-Argief gemaak is. Hierdeur is die geleentheid gebied vir geaffekteerde persone om die oorblyfsels van die geskiedenis waarby hulle direk betrokke was te *beskerm*.

206 Al vier doelwitte is geneem uit OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 1. Konstitusie van die Bond van oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes.

## 5.4. Gevolgtrekking

Die doel van hierdie hoofstuk is om die wyse waarop die OB-lede deur die noodregulasies geaffekteer is, verder te beskryf. Eerstens is die wyse waarop internering die OB as ŉ organisasie, asook die lewens van gevangenes geaffekteer het in Afdeling 5.1. beskryf. Tweedens is die wyse waarop internering die lewens van vroue en kinders in die organisasie geaffekteer het in Afdeling 5.2. uiteengesit. Derdens is die rol wat die BOPG in die lewens van diegene wat direk deur die interneringsbeleid geaffekteer is in Afdeling 5.3. bespreek.

Soos uitgewys was die aanpassing ná internering en gevangenisskap dikwels moeilik vir die tydgenote. Die kameraadskap wat binne die kampe ontstaan het, is reeds in Hoofstuk 4 beskryf. Bykomend was daar ŉ verdere samehorigheid wat binne die OB bestaan het. Die vroue binne die OB het op verskeie wyses geld ingesamel ten bate van die Noodhulpfonds, en daar is ook gesorg dat die kamerade binne die kampe en tronke op verskeie wyses bygestaan word. Die impak van die Unieregering se noodregulasies op die OB as organisasie, asook die lede binne die OB, bring dus ŉ dualistiese karakter te voorskyn; ŉ karakter met twee kante wat ŉ eenheid vorm, ten spyte daarvan dat dit direk in teenstelling met mekaar staan. Aan die een kant word eenheid, hulpvaardigheid en kameraadskap vergestalt; aan die ander kant kom temas soos martelary, wanhoop en bitterheid na vore. Hierdie jukstaposisie word duidelik in H.L. Pretorius, voormalige Terreurgroepslid, se terugblik vervat:

> Jy weet wat my uit die OB-jare die meeste sal bybly, is dié kwessie van kameraadskap, die onderlinge verhouding tussen die mense wat jy mee gemeng het en so aan, hul hulpvaardigheid, die eensgesindheid, die entoesiasme en sommer net die liefde vir jou volk en die liefde vir jou land wat absoluut oorheersend geword het. Jy het nie omgegee wat van jou gevra word nie – jy het net gegee. Dit is vir my die mooi dinge van die jare van die OB. ŉ Ander aspek waaraan ek terugdink, is die feit dat ek jare van my lewe verloor het. Ek weet nie of dit goed of sleg was nie – ek dink dit was sleg. Ek is jammer oor die jare van my lewe wat ek verloor het; wat ek absoluut nutteloos agter tralies gesit en niks gedoen het nie. Dis seker, jy weet ek was jonk, die goeie jare van my lewe …[207]

[207] OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 1, ongedateer: H.M. Robinson/H.L. Pretorius, p. 12.

Die Unieregering se noodregulasies het dus nie alleenlik die gevangenes en geïnterneerdes aangeraak nie, maar ook die mans wie nie in hegtenis geneem is nie, die organisasie self, asook die vroue en kinders binne die organisasie. Die vroue en kinders wie aangeraak is, is ook nie alleenlik die afhanklikes van gevangenes en geïnterneerdes nie, maar ook ander vroue wat daadwerklike inisiatiewe tot volksorg onderneem het. Die hulpvaardigheid om mede-Afrikaners, en veral mede-OB lidmate, te ondersteun, het geen ouderdomsbeperking gehad nie. Soos wat mevrou W.J. Seymore, hoofkommandante van Pretoria, dit stel, het almal aan fondsinsameling deelgeneem, vanaf "die kleinste kind in die jeug, tot die oudste lid van die Ossewa-Brandwag".[208] Die OB-Jeugafdeling was veral betrokke by die fondsinsameling. Fondsinsameling was maar slegs een van die wyses waardeur die vroue en jeug binne die OB hulle ontferm het oor die geïnterneerdes en gevangenes; hierdie ontferming is deur die behoefte om te *help* en te *beskerm* aangevuur. Die OB as organisasie het alle middels tot hul beskikking benut om lede aan te moedig om hulself oor die "helde" in die kampe en tronke te ontferm. Een van die vernaamste middels is die OB se mondstuk-koerant, *Die OB*.

Die OB as organisasie het prakties te werk gegaan om die ontwrigting wat deur die noodregulasies veroorsaak is, so gou as moontlik te hanteer. Waar prominente lede gearresteer en/of geïnterneer is, is ander lede amper dadelik aangestel sodat die leierskapstruktuur nie te veel ontwrig word nie. Wanneer die broodwinner van ŉ gesin geïnterneer is, het die Noodhulpfonds ingetree om die gesin beide in ŉ geestelike en finansiële kapasiteit by te staan. Die internering en gevangenisskap het ook ŉ direkte impak op die indiensneming van die geaffekteerdes gehad. Omdat indiensneming dikwels ŉ kwessie was na ontslag uit die kampe en tronke, is die OB-Bystanddiens gevorm. Beide die OB-Noodhulpfonds en die OB-Bystanddiens is belangrike uitvloeisels wat die wyse waarop die noodregulasies OB-lede se lewe geaffekteer het, illustreer. Die OB het op die grootskaalse internering en arrestasies gereageer deur die geïnterneerdes by te staan binne die kampe en tronke, maar ook hulle afhanklikes te versorg en hulself te *ontferm* oor diegene wie direk geaffekteer is. Hierdie ontferming is as "met ŉ daad protesteer" beskou,[209] en dus het selfs *ontferming* ŉ vorm van verset teen die noodregulasies geword.[210]

208 OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 82, 1975: H.M. Robinson/W.J. Seymore, p. 14.
209 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.
210 Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig', p. 233; Robinson, ''n Perspektief op die uitstalling', p. 4.

Met die einde van die Tweede Wêreldoorlog, en ŉ Duitse nederlaag, het die OB al meer momentum verloor.[211] Die einde van die oorlog (1945), die vrylating van die laaste politieke gevangenes (1948) en die einde van die OB (1952) het egter nie beteken dat die effek van die noodregulasies ook opgehou het nie. As direkte uitvloeisel van die noodregulasies het die BOPG voortgegaan om vir veertig jaar na die oorlog (tot 1985) steeds die lewens van die bondslede te affekteer. Die aanvanklike doelstelling van die BOPG het ook op die temas van *hulp* en *beskerming* gefokus, en later is die meeste aandag aan die *beskerming* van die geskiedenis van die interneringskampe oorgeskuif. Die grootste rol wat die BOPG in diegene wat deur die interneringsbeleid geaffekteer het, se lewens gespeel het, is dat die bond die geleentheid gebied het om die geskiedenis van die kampe vir toekomstige generasies te bewaar. Nie slegs deur die publikasie van *Agter tralies en doringdraad* nie, maar ook deur die bydraes wat tot die OB-Argief gemaak is. Hierdeur is die geleentheid gebied vir geaffekteerde persone om die oorblyfsels van die geskiedenis waarby hulle direk betrokke was te *beskerm*. Sonder die *beskerming* van hierdie oorblyfsels sou hierdie verhandeling onmoontlik wees. Daar kan dus gesê word dat hierdie verhandeling ook ŉ uitvloeisel van die noodregulasies is.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die noodregulasies verskeie direkte sosiale uitvloeisels tot gevolg gehad het sover dit die OB betref. Die OB het dit as ŉ prestasie beskou om mede-Afrikaners te *help* en te *beskerm*. Hierdie temas kom na vore in verskeie sosiale uitvloeisels van die noodregulasies, insluitend die Noodhulpfonds, die Boerejeug, die Bystanddiens en die BOPG.

---

211 Vir ŉ volle beskrywing van alles wat tot die OB se ontbinding bygedra het, sien: Marx, *Oxwagon Sentinel,* pp. 530-554.

# 6. GEVOLGTREKKING

Afrikanerkringe tydens die Tweede Wêreldoorlog het groot verdeeldheid beleef. Hierdie verdeeldheid is aangevuur deur die politiek rondom Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. In die verdeeldheid het die Ossewa-Brandwag opgetree as die hardste stem teen die Smuts-regering se oorlogspoging. Namate die oorlog voortgegaan het, het verset daarteen vermeerder. Die Ossewa-Brandwag het binne hierdie konteks in ʼn dualistiese beweging ontaard, ʼn beweging wat beide op kultuur en verset fokus, en soms die twee met mekaar vermeng. Soos die Smuts-regering opgetree het teen hierdie verset, het die militaristiese politiek van die OB slegs verskerp. Hierdie verset sou mettertyd twee kleure aanneem: aktivistiese verset en lydelike verset. Ongeag van die vorm wat die verset aangeneem het, is dit duidelik dat die OB grootskaalse weerstand teen die Unieregering se oorlogspoging op die voorpunt van hulle doelwitte geplaas het en dat hierdie historiese omstandighede bygedra het tot die gedaanteverwisseling van die OB. Hierdie grootskaalse verset het, onder andere, die Smuts-regering aangemoedig om verskeie noodregulasies in plek te stel, waaronder daar ook ʼn interneringsbeleid ingestel sou word. In lyn hiermee is verskeie interneringskampe regoor Suid-Afrika gevestig, interneringskampe wat die OB en OB-lede ten nouste sou raak en ʼn impak op die organisasie en die lewens van tydgenote sou uitoefen.

Binne die historiografie van die OB is daar geen studie wat hierdie impak van die Unieregering se noodregulasies in diepte ontleed nie. Geen omvattende studie rondom hierdie historiese tema is tot op hede neergepen nie. Besonders opmerklik is die feit dat die historiografie byna glad nie die interneringskampe self (in eie reg) beskryf of vanuit ʼn spesifieke hoek evalueer nie – ten spyte daarvan dat die interneringsbeleid groot reaksie van die OB ontlok het en duisende mense se lewens geraak en soms onherroeplik verander het. Van verdere belang is dat die oorlogsomstandighede ʼn invloed op die oortuigings van verskeie Suid-Afrikaanse individue gehad het. Binne hierdie oorlogsomstandighede en die invloed wat dit op hierdie individue uitgeoefen het, het tydgenote steeds hulle agentskap ingespan om op te tree in lyn met die oortuigings waarin hulle glo. Binne die OB het die uitleef van sekere kontroversiële oortuigings veral na vore getree, oortuigings wat hoofsaaklik die grootskaalse verset teen oorlogsdeelname aan die kant van Brittanje sou aanmoedig. Vanuit hierdie stelling is dit duidelik dat die noodregulasies ʼn direkte impak op die OB sou uitoefen. Wat hierdie impak behels, hoe OB-lede daarop reageer het, en hoe hulle te midde van die dreigende omstandighede steeds hulle

oortuigings uitgeleef het, is belangrike faktore wat deur hierdie studie aangespreek en beskryf is.

Die interneringsbeleid het ŉ invloed op die organisasie en op elke OB-lid se lewe gehad, veral op die wyse waarop daar teen die oorlogspogings verset is – hoe mense se *gedrag* verander het as reaksie op historiese verandering. Die OB se anti-Britse sentimente, die houding teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname en direkte verset (hetsy lydelik of aktivisties) het daartoe bygedra dat die OB deur die Unieregering geteiken was. Diegene wat as ŉ bedreiging vir die regering se oorlogspoging beskou is, is sonder verhoor as politieke gevangenes aangehou of in die interneringskampe geplaas. Hierdie historiese verskynsel is belangrik binne die konteks van die kontekstualisering van die sosiale impak en gevolge op die OB en haar lede. Hierdie studie bou op vorige insigte en bied in baie gevalle nuwe insigte vir die verstaan van die impakte van noodregulasies, en in besonder die interneringsbeleid, op die OB se lede, karakter en bedrywighede.

Geen organisasie funksioneer in isolasie nie. Daarom is die invloed van breër historiese invloede, soos Afrikanernasionalisme, spesifiek die OB se republikanisme, en die oorlogtydse konteks deurentyd in ag geneem. Met die Nasionale Party se bewindsoorname in 1948 het die status van die Tweede Wêreldoorlogse geïnterneerdes en gevangenes van verraaier na held verander. Die wisselende en vormende Suid-Afrikaanse politieke konteks het ongetwyfeld ook ŉ invloed op die lewens van OB-lede, die beweging self en die beweging se bedrywighede uitgeoefen. Hierdie studie het die unieke konteks van verset en oorlog, waarbinne die OB gefunksioneer het, vanuit ŉ nuwe perspektief besigtig, en sodoende ŉ oorspronklike bydrae tot die groeiende historiografie gelewer.

Dit behoort teen hierdie tyd duidelik te wees hoe die studie bou op die reeds-bestaande werke oor die Ossewa-Brandwag. Die OB is reeds deur verskeie lense besigtig, maar soos beklemtoon is, is daar ŉ duidelike gaping oor die invloed en impak van die Unieregering se noodregulasies op die beweging. Hierdie gaping, en die sentrale fokus van impak en gevolg, is direk aangespreek deur die sentrale navorsingsvraag: Watter impak het die Unieregering se noodregulasies, en in besonder die interneringsbeleid, op die Ossewa-Brandwag se lede, bedrywighede en karakter gehad? Om hierdie navorsingsvraag suksesvol te beantwoord is drie subdoelwitte uiteengesit. Die eerste subdoelwit stel dit ten doel om die impak wat die OB se aksies op die regering uitgeoefen het, en die stappe wat daaropvolgend deur die regering teen

hierdie bedrywighede geneem is, te ondersoek. Die tweede subdoelwit stel dit voor oë om die soort versetaksies wat deur die OB onderneem is, en hoe hierdie aksies tot internering en arrestasie gelei het, te ondersoek. Verder word daar ook na die lede se ervaring/aktiwiteite binne die kampe gekyk. Die derde subdoelwit streef om die langdurige effekte van die noodregulasies te beskryf. Verskeie uitvloeisels van die noodregulasies, hoofsaaklik sosiaal van aard en met 'n besondere fokus op die BOPG, is ondersoek. Die bogenoemde drie subvrae dra elk by tot die hoofdoel van dié verhandeling, naamlik om die invloed en impak van die noodregulasies en interneringsbeleid op die OB teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog te bepaal. Met die oog op die beantwoording van die sentrale navorsingsvraag, en die bereiking van die hoofdoel, is ses sub-vrae ontwikkel wat mekaar wedersyds aanspreek en aanvul. Elke hoofstuk tree in gesprek met hierdie vrae en spreek in elke geval 'n spesifieke vraag aan, maar daar moet in ag geneem word dat die vrae deurentyd oorvleuel en met mekaar praat ter wille van 'n sinlike narratief. Die bevindinge van hierdie studie, gelei deur die ses subvrae, word vervolgens bespreek.

## 6.1. Hoe is die noodregulasies deur die Smuts-regering geregverdig en wat was die aard en omvang daarvan met spesifieke verwysing na internering en politieke gevangenes?

Hierdie vraag is die fokus van Hoofstuk 2, waarbinne die komplekse interne situasie binne Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog ondersoek is. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die Tweede Wêreldoorlog behels nie alleenlik Suid-Afrika se deelname aan die oorlog self nie, maar ook 'n geveg wat op tuisfront binne die politieke arena, en ook ondergronds, geveg is. Hierdie geveg beeld twee kante uit: die instelling van verskeie noodregulasies en 'n verset teen beide die oorlogspoging én die noodregulasies. Binne hierdie komplekse situasie het Smuts twee rolle vertolk. Aan die een kant moes hy Suid-Afrika se deelname aan die Wêreldoorlog bestuur, en aan die ander kant moes hy die plofbare interne situasie binne Suid-Afrika beheer. In laasgenoemde geval was die OB veral 'n kopseer. As die leier van Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog, het Smuts ongetwyfeld bygedra tot die regverdiging en implementering van die noodregulasies. Gevolglik word drie bevindinge bespreek: 1) Hoe Smuts die oorlogsmaatreëls en noodregulasies regverdig het; 2) Die aard en omvang van die oorlogsmaatreëls; 3) Asook die impak van hierdie maatreëls op OB-lede (wat deurentyd in die verhandeling beskryf word).

Die aard en omvang van die noodregulasies is hoofsaaklik so saamgestel om groepe se mag om hulleself op militêre wyses te organiseer te demp. Hiervoor is groot nie-kerklike bymekaarkomste en die dra van uniforms byvoorbeeld verbied. Verder is die noodregulasies op so ŉ wyse saamgestel dat ondermynende aktiwiteite vinnig in die kiem gesmoor kan word. Die instelling van ŉ spesiale geheime diens om hierdie aktiwiteite bloot te lê en ondersoek getuig van Smuts se erns. Dit is duidelik dat die noodregulasies so saamgestel is om ŉ onmiddellike effek op die interne situasie uit te oefen. Diegene wat onder die noodregulasies gearresteer is, is nie in gewone howe verhoor nie, maar in spesiale howe wat tot vinniger beslissings gelei het. Individue kon ook sonder verhoor geïnterneer word indien enige iemand verdink word van oortredings van die noodregulasies. Dit is duidelik dat die aard van die noodregulasies op so ŉ wyse saamgestel is dat die effek ŉ onmiddellike uitwerking op die interne onrus moes uitoefen. Diegene wat ŉ bedreiging tot interne vrede ingehou het, is sonder verhoor aangehou.

Die Smuts-regering se noodregulasies het egter die OB direk aangeraak op verskeie wyses. Die verbod op staatsamptenare se lidmaatskap tot die OB is gemotiveer deur die aanname dat die OB ŉ daadwerklike bedreiging tot die interne sekuriteit van die land inhou. Hierdie noodregulasie het die aantal lede van die OB direk geaffekteer. Die OB was ongetwyfeld ŉ direkte teiken. Die aard en omvang van die noodregulasies was divers, en het verskeie vorme aangeneem. Wat wel nie te betwyfel kan word nie, is dat die implementering daarvan die binnelandse onrus nie noodwendig oral gedemp het nie, maar daar kan geredeneer word dat dit die situasie soms eerder vererger het gegewe die nuwe teiken wat die noodregulasies op sy beurt weer geword het vir diegene wat wou verset. Die regering se pogings om binnelandse onrus en verset te demp het dus ŉ bose kringloop tot gevolg gehad.

Die OB is geaffekteer deur hierdie noodregulasies by wyse van veral die organisasie se aantal lidmate. Staatsamptenare kon inderdaad ŉ rol vervul binne die konteks van die beweging se doelwitte rondom verset. Verskeie prominente OB-lede, en later ook Stormjaers, is sonder verhoor geïnterneer. Die "redes vir internering" wat aan elke geïnterneerde uitgereik is, het dikwels maande geneem om die aangeklaagde te bereik. In die meerderheid van gevalle het internering en aanhouding daartoe gelei dat huisgesinne sonder ŉ broodwinner gelaat is. Die OB het hierop reageer deur middel van "volksorg". Die OB-Noodhulpfonds is slegs een uitvloeisel wat as bewys van die effek op geaffekteerdes se lewens dien. Omdat die noodregulasies die OB direk geteiken het, het die OB se reputasie ook daaronder gely. Hierdie

feit het bygedra tot die skeur tussen die Nasionale Party en die OB. Die Smuts-regering het die instelling van die noodregulasies op verskeie wyses gemotiveer. Siende dat die OB al meer gevaarlik geag is, is die noodregulasies ingestel om die organisasie lam te lê sonder om ŉ direkte verbod daarop te plaas. In ŉ poging om ŉ volskaalse rebellie te voorkom, is die Smuts-regering gemotiveer om genoegsame aksie te neem deur die implementering van verskeie oorlogsmaatreëls sonder om radikale aksies te neem, soos om die OB heeltemal te verban. Al het die Smuts-regering nie soveel aksie geneem soos wat daar geneem kon word nie, is daar steeds genoeg gedoen wat tot verdere vyandigheid teenoor Smuts gelei het. Vyandelikheid wat tot so ŉ mate uitgebrei het dat dit ongetwyfeld ŉ bydra tot die 1948-verkiesingresultate gelewer het.

Die Smuts-regering se regverdiging en instelling van verskeie noodregulasies het onwillekeurig verskeie "martelare" geskep. Omdat die meerderheid Afrikaners, en veral OB-lede, die noodregulasies as byna drakonies van aard beskou het, het die Smuts-regering sonder enige doelbewustheid die leitmotief van martelary geskep. Elke gevangene en geïnterneerde het ŉ OB-held geword wat in dieselfde kraal as die 1914-rebelle geplaas is. Die impak hiervan is dat verskeie aspekte van Afrikanergeskiedenis weer binne die bewussyn van OB-lede aangewakker is binne die konteks van ŉ historiese bewussyn wat verdiep het ná die 1938 Eeufeesvierings. Die interneringskampe van die Tweede Wêreldoorlog is byvoorbeeld gereeld met die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog vergelyk. Ten spyte daarvan dat die regverdiging en instelling van die noodregulasies as ŉ voortsetting van Afrikaneronderdrukking bestempel is, is dit steeds duidelik dat die Smuts-regering meer aan die interne onrus kon doen, indien hy wou. In ŉ poging om ŉ volskaalse rebellie te voorkom is meer radikale optrede teen interne onrus liefs vermy. Desnieteenstaande is dit duidelik dat die instelling van die noodregulasies vyandelikheid teenoor die Smuts-regering onder Afrikaners ontlok het, en daarsonder sou die prentjie van verset, en die geskiedenis, baie anders gelyk het.

### 6.2. Wat was die aard en gevolge van die Ossewa-Brandwag se versetreaksies teen die regering se deelname aan Tweede Wêreldoorlog en hoe het dit die bedrywighede en karakter van die Ossewa-Brandwag beïnvloed?

Hierdie vraag is een van twee vrae wat die fokus van Hoofstuk 3 rig. Hoofstuk 3 volg ŉ sosiaal-historiese benadering en deurentyd is die stemme van OB-lede self ingespan om ŉ geheelbeeld daar te stel wat let op die gevolge van verset op die OB. Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog

het ongetwyfeld anti-Britse sentimente, wat regoor die Afrikanerdom se geskiedenis voorkom, sterk laat opvlam en hierdie verskynsel se impak kan nie onderspeel word nie. Die kwessie is vererger omdat die bevolking nie self oor die toetrede tot die oorlog kon stem nie. Alle besluite is in die parlement geneem. In die verband was verskeie individue teen oorlogsdeelname gekant, en soveel meer omdat dit Brittanje se oorlogspoging bystaan. ŉ Diep skeur tussen pro-oorlogse en anti-oorlogse faksies het na vore getree. Verder was Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog op ŉ vrywilligersbasis gebou, met die teken van die "Rooi-eed" of "Afrika-eed", wat kenmerkend hiervan was. Diegene wat die eed onderteken het, het rooi lussies gedra. Hierdie rooi lussies het ŉ fisiese skeur binne die Suid-Afrikaanse samelewing vergestalt, naamlik verdeeldheid tussen pro-oorlogsgesindes en anti-oorlogsgesindes. Die OB het laasgenoemde vergestalt. Die Smuts-regering was ongetwyfeld bewus van hierdie verdeeldheid, en al meer pogings is aangewend om die Afrikanerdom nie te vervreem nie. Desondanks het ŉ groot hoeveelheid Afrikaners hulself teen die oorlogspoging verset. ŉ Groot aantal van diegene was aan die OB verbonde.

Soos beklemtoon het die OB se verset hoofsaaklik twee vorme aangeneem: lydelike verset en gewelddadige verset. Die tweede vorm was veral problematies sover dit die Smuts-regering betref het. Smuts het die gevaar wat die OB inhou besef. Die teiken van die OB het die spanning tussen pro-oorlog en anti-oorlog groepe nie verbeter nie, maar eerder daartoe bygedra. Ná Van Rensburg se oorname met die OB wat al hoe meer polities en aktivisties geword het, is hierdie spanning verder verskerp. Voorts het die OB se blatante anti-Britse en pro-Duitse houding ŉ groot rol gespeel. Die gewelddadige bakleiery tussen hierdie twee groepe gedurende Januarie en Februarie 1941 illustreer hierdie punt.

Een van die duidelikste gevolge van die noodregulasies wat in hierdie studie uitgelig is, is die karakterverandering wat binne die OB plaasgevind het. Tussen die OB se ontstaan in 1939 en die organisasie se ontbinding in 1952 is verskeie veranderinge binne die organisasie te bespeur. Hierdie studie maak nie aanspraak daarop dat die veranderinge binne die OB in totaliteit bestudeer is nie, maar eerder die karakterverandering wat tydens (en as gevolg van) die Tweede Wêreldoorlog na vore gekom het. Vorige studies het alreeds die dualistiese karakter van die OB bespreek, maar bloot oorsigtelik of vanuit ŉ ander perspektief. Hierdie studie het egter spesifiek die instelling van die noodregulasies, asook hoe die verskeie versetaksies binne die OB self tot karakterverandering bygedra het, as lens benut. Die impak was natuurlik die sterk aktivistiese karakter wat die OB aangeneem het en die gedaanteverwisseling wat ondergaan is,

deurdat die beweging omskep is in ŉ versetorganisasie wat geweld en kultuur ingespan het as middels tot verset.

Met die ontstaan van die organisasie was die OB hoofsaaklik kultuur-georiënteerd. Die bykomende etiket as die erfgename van Boere- en Afrikanerverset, wat hoofsaaklik self opgeplak is, het egter beteken dat die OB ŉ versetideaal ook moes inkorporeer. Die noodregulasies het daartoe bygedra dat hierdie versetideaal onder die OB toeneem. Een spesifieke noodregulasie, die verbod op staatsamptenare se lidmaatskap, het veral tot die karakterverandering bygedra. Na die instelling van hierdie noodregulasie (en Van Rensburg se skuif om alle staatsamptenare eervol te ontslaan) het die OB al meer ondergronds begin beweeg. Die instelling en radikale groei van die Stormjaer organisasie dien as voorbeelde hiervan.

Die OB se draai na ŉ meer polities-georiënteerde karakter, wat veral op verset teen die Smuts-regering fokus, het wel nie beteken dat alle fokus op kultuur verlore gegaan het nie. Die OB was in hierdie konteks baie buigsaam, en het self kultuur en politiek met mekaar vervleg. In hierdie verband het die OB selfs kultuur as ŉ politieke wapen en versetmiddel ingespan in hulle poging om die Smuts-regering se oorlogspoging aan bande te lê. Die feit dat die OB steeds kultuur benut het ten spyte van die karakterverandering dui daarop dat die organisasie nie heeltemal die kultuur-georiënteerdheid afgeskaf het nie. Daarom word die organisasie as "dualisties" beskryf – werklik ŉ interessante verskynsel omdat dit beide verset teen Brittanje en kultuur-ingesteldheid voorstel: twee fondamente van Afrikanernasionalisme buite partypolitiek. Sekere temas van Afrikanergeskiedenis is deur die OB as beide kultuurmiddel en versetmiddel benut. Die OB se karakterverandering van alleenlik kultuur-georiënteerdheid na ŉ verset-organisasie dien as ŉ bewys dat daar binne die konteks ŉ wil vir aktivisme teen oorlogsdeelname was. Een van die grootste impakte van die noodregulasies op die OB was dus die verskerping van die beweging se versetkarakter.

Die wisselwerking tussen die OB se karakterverandering en die noodregulasies (veral die interneringsbeleid) is ook vir die eerste keer in hierdie studie uitgewys. Die skerp reaksie op Suid-Afrika se oorlogsdeelname is versterk deur veral die interneringskampe. Die Unieregering se instelling van interneringskampe het op twee wyses teen Smuts gewerk. Eerstens moes die waghou by die kampe deur die Unieverdedigingsmag onderneem word. Op so ŉ wyse is ŉ groot aantal soldate in Suid-Afrika gehou tydens die oorlog, wat gevolglik nie

veel tot die Unieregering se oorlogspoging kon bydra nie. Die Unieregering het in hierdie verband nie die OB te na gekom nie, maar eerder op ʼn onwillekeurige wyse toegesien dat die OB in hierdie duidelik omskrewe doelwit geslaag het. In die tweede plek het die instelling van die noodregulasies, en spesifiek die interneringsbeleid, die reaksie teen oorlogsdeelname aangehits eerder as gedemp. Die instelling van die noodregulasies en die reaksie daarteen het ʼn kettingreaksie veroorsaak.

Die swakpunte in die regering se implementering van die noodregulasies is deur die OB ingespan om grootskaalse verset aan te vuur. Die regering se versuiming om vlugtig die redes vir internering uit te reik is byvoorbeeld deur die OB gebruik om die anti-Smutse sentimente te verhoog.

In kort: Die instelling van die noodregulasies het ʼn impak op die karakter van die OB tot gevolg gehad. ʼn Wisselwerking tussen internering en die OB se karakterverandering is dus uitgewys. Waar hierdie karakterverandering ʼn dualisme (van politiek en kultuur) binne die OB na vore gebring het, het dit ook veroorsaak dat kultuur en politiek met mekaar vervleg het. Die impak is dat die OB in pogings tot verset dikwels kultuur as politieke wapen ingespan het. Die instelling van die noodregulasies is gemotiveer deur die begeerte om binnelandse verset te demp, maar daarenteen het dit Afrikanerverset aangevuur. Die gevolg hiervan is dat OB-lede al meer ondergronds begin funksioneer het, waaronder die Stormjaers en die Terreurgroep as voorbeelde uitgelig behoort te word. Die aksies van hierdie groepe het weer op sy beurt na meer internering gelei. In die verband is ʼn bose-kringloop duidelik, waar sterker reaksie van die Smuts-regering na meer verset gelei het, en meer verset het dan weer na meer internering gelei. Die impak hiervan is dat die Smuts-regering se instelling van verskeie noodregulasies bydra tot die algehele versetideaal van die OB. Omdat die oppassing van hierdie kampe deel van die Unieverdedigingsmag se pligte gevorm het, is die uitwerking dat die OB in ʼn sin geslaag het in hul poging om soveel as moontlik soldate in Suid-Afrika te hou.

## 6.3. Watter soort verset en optrede van die OB het gelei tot die internering en gevangeneming van OB-lede en in watter mate het dit die aktiwiteite van die OB beïnvloed?

Hierdie vraag is een van die fokuspunte van Hoofstuk 3. Soos reeds genoem, volg Hoofstuk 3 ŉ sosiaal-historiese benadering deur die tydgenote se opinies oor hulle aktiwiteite sentraal te plaas. Aktiewe en passiewe verset is weer van belang. Vir die doeleindes van hierdie studie is passiewe versetaksies as "enige aktiwiteit wat teen die oorlogspoging en oorlogsmaatreëls protesteer sonder die gebruik van geweld of sabotasie" gedefinieer, terwyl aktiewe verset gekonsepsualiseer is as "enige aktiwiteite wat gewelddadig van aard is en/of sabotering behels". Verskeie aktiwiteite binne die OB kan as voorbeelde van passiewe verset geag word: Die vroue-optog van 22 Junie 1940, Elsa Nel se vasberadenheid om niemand te verraai nie, volksdiens-aktiwiteite wat regoor Suid-Afrika geloods is, die instelling en administrasie van die Noodhulpfonds en die Boerejeug-Noodhulpfonds, asook die gebruik van kultuur as versetmiddel. Selfs die aktiwiteite in die interneringskampe was deur verset ingekleur. Die bogenoemde optrede kan as verset "sonder gewere" of geweld bestempel word, en al die bogenoemde aktiwiteite het ŉ duidelike impak op die aktiwiteite binne die OB gehad. Waar passiewe verset minder direkte nagevolge gehad het, het aktiewe verset dikwels tot arrestasie en internering gelei. Met enkele uitsonderings het vorige studies hoofsaaklik die aantal stemme in die argief misken. Hierdie studie het die stemme van die tydgenote ingespan om die soorte verset en versetaksies (veral aktivistiese verset), asook die aard en gevolge daarvan, te beskryf.

Soos genoem het die OB ŉ sterk sentiment vir Afrikanergeskiedenis ten toon gestel. Hierdie sentiment het dikwels versetaktiwiteite gemotiveer. Verskeie temas vanuit die Afrikanerdom se verlede het as bydraende faktor tot die algehele gevoel van verset teen die oorlogspoging gedien. Hieronder word Slagtersnek, die Groot Trek, die Eerste Vryheidsoorlog (veral die slag van Amajuba), die Anglo-Boereoorlog (veral die konsentrasiekampe, temas van *joiners*, kakieridders, hensoppers, en bittereinders), die Rebellie van 1914 en die 1922 Witwatersrand-opstand getel. Afrikanergeskiedenis is nie alleenlik ingespan om die OB as ŉ kultuurorganisasie te laat groei nie, maar ook as ŉ bron van inspirasie ter aanhitsing van die verset teen die Smuts-regering se oorlogspoging. Die OB is binne die kontinuum van Afrikanergeskiedenis gekenmerk deur verset teen Brittanje geplaas. Die OB het hulself as die erfgenaam van Boere- en Afrikanerverset bestempel.

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die Smuts-regering se besluit om aktief daaraan deel te neem se invloed op die OB se karakterverandering kan nie onderskat word nie. As erfgename van die Boere- en Afrikanerverset het die OB alle middels tot hulle beskikking, insluitend kultuur, as versetmiddele teen die Smuts-regering se oorlogspoging ingespan. Deur die wisselwerking tussen die invloed van Afrikanergeskiedenis en die versetideale van die OB in ag te neem, is dit duidelik dat die OB as die nuutste fakkeldraer van Afrikanerverset beskou is. Hierdie agtergrond het weer al meer daartoe gelei dat die OB se dualistiese karakter verskerp is.

Vorige studies het nie die kompleksiteit van die verband tussen die Stormjaers (asook die Terreurgroep as ŉ vertakking van die Stormjaers) en die OB ten volle in ag geneem nie. Verder is die presiese bepaling van die Stormjaers se plek in die OB ook oop vir debat. Hierdie studie het nie met ŉ finale woord op die Stormjaers se posisie vorendag gekom nie. Wat eerder uitgewys is, is dat die kompleksiteit van hierdie organisasie, en die verhouding daarvan met die OB, nie te betwyfel is nie en nie reduksionisties benader moet word nie. Hierdie stelling word gemotiveer deur die feit dat die navorser waaksaam moet wees rondom die plek en aard van die Stormjaers, omdat dit selfs binne die konteks van die Tweede Wêreldoorlog nooit ten volle gekonsepsualiseer is nie. Elke tydgenoot, insluitend die leier van die OB en die Stormjaers self, het ŉ persoonlike definisie vir die Stormjaers gehad. Buiten die kwessie rondom ŉ presiese definisie en die presiese plek van die beweging, is daar ook nog die verskille wat van een aspek tot die volgende opmerklik is – dit sluit in ledegetalle, aktiwiteite, doelwitte, organisasie en leierskapstrukture. Hierdie studie het dit duidelik gemaak dat nie alle Stormjaers, Stormjaerselle en Stormjaerleiers onder dieselfde kam geskeer behoort te word nie. Daarby moet die organisasie self ook nie tot veralgemenings gereduseer word nie.

Hoewel die verbod op staatsamptenare ŉ groot bydrae gelewer het, kan die OB se karakterverandering nie aan een enkele noodregulasie toegeskryf word nie. Die Stormjaers (en die Terreurgroep) vergestalt ook nie alleenlik die versetideaal binne die OB nie. Verskeie aktivistiese aktiwiteite kan uitgelig word: die draadknippery wat regoor Suid-Afrika plaasgevind het, die verskeie rooftogte van staatsinstellings tydens die oorlog, die aksies van Julian Visser en Hendrik van Blerk met die opblasing van die Benoni-poskantoor, asook al die aktiwiteite wat deur die Terreurgroep onderneem is.

Lydende versetaksies het byna nooit tot internering en gevangenisskap gelei nie, terwyl aktivistiese verset ŉ groter kans tot arrestasie en internering ingehou het. Vanuit die primêre bronne is dit duidelik dat die tipe versetaksies wat tot internering gelei het, ook wisselend van aard is, maar sluit die volgende in: betrokkenheid by rooftogte, die gebruik en/of besit van plofstowwe, brandstoking, die verspreiding van anti-oorlogse propaganda met die doel om die Smuts-regering te saboteer, motordiefstal, draadknippery, en bloot net lidmaatskap aan die Stormjaers. In enkele gevalle is individue geïnterneer alleenlik op bewyse van lidmaatskap tot die Stormjaers, selfs al is geen aktiewe verset tot die individu verbind nie. Die wete dat iemand "anti-Britse sentimente" koester is ook meer as een keer as rede vir internering uitgelig. Opsommend kan daar geredeneer word dat die verskeie faktore bygedra het tot internering. Faktore kan wel onder twee hoofopskrifte geplaas word, eerstens aktivistiese aktiwiteite en tweedens sentimente wat in teenstelling tot die Smuts-regering se oorlogspoging is.

### 6.4. Hoe het OB-lede die lewe in die interneringskampe ervaar en watter aktiwiteite was kenmerkend van die kampe?

Hierdie vraag is die fokus van Hoofstuk 4, waarin daar gebou word op die bevindinge van Hoofstuk 3, naamlik dat sekere OB lede, en verskeie Stormjaers, oorgegaan tot "sabotasie en verraad".[1] Die uitwerking van hierdie sabotering en verraad was in meeste gevalle internering in die Unieregering se kampe. Hoofstuk 4 spreek hierdie interneringsperiode aan deur die aard van die kampe saam met die bedrywighede binne die kampe en tronke te bestudeer. Die aktiwiteite waarmee geïnterneerdes en gevangenes hulself bedrywig gehou het, is beslis belangrik om ŉ blik op die kamp en tronklewe van geaffekteerdes te bekom. Dit werp ook verder lig op die impak – ook sosiaal – wat die noodregulasies gehad het. Hierdie bedrywighede is ryk grond vir kultuurgeskiedenis juis omdat dit die moontlikheid daarstel om die sosiale gewoontes en gebruike van geïnterneerdes en gevangenes te bestudeer. Die fisiese oorblyfsels, tesame met die mondelinge onderhoude en die tydgenote se eie beskrywing (hoofsaaklik in *Agter tralies en doringdraad*), bied insig tot die sosiale prosesse wat binne die kampe plaasgevind het. Kultuur word weerspieël in produkte van tasbare aard. Die ryk kulturele geskiedenis van die Tweede Wêreldoorlogse kampe bied in hierdie verband ŉ blik op ŉ deel van Suid-Afrika se geskiedenis wat byna totaal binne die historiografie afgeskeep is.

1 B.J. Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', in C.F.J. Muller, (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria & Kaapstad, Academica, 1968), p. 382.

In ŉ poging om beide die kulturele en sosiale aspekte van die alledaagse lewe in die kampe en tronke vas te vat, het Hoofstuk 4 hoofsaaklik op algemene aktiwiteite in die kampe gefokus, met ŉ besondere blik op Koffiefontein. Hierdie verhandeling gee nie voor om ŉ geheelbeeld van aktiwiteite in die kampe en tronke weer te gee nie, maar daar is wel kaleidoskopies op ŉ narratief beskrywende wyse na die aktiwiteite gekyk. Die aktiwiteite wat bespreek is, bied insig tot die geïnterneerdes en gevangenes se tydsbesteding in aanhouding. Die individue se reaksie teen aanhouding vorm ook ŉ belangrike segment van die geheel om ten einde die impak van die Unieregering se noodregulasies op die OB-lede se bedrywighede en die karakter van die beweging te verstaan. Verskeie voorbeelde van beide lydelike asook aktiewe verset binne die kampe is uitgewys. Die argument word gemaak dat OB-lede (insluitend Stormjaers en Terreurgroepslede) steeds hulle agentskap, ten spyte van fisiese aanhouding, benut het om teen die noodregulasies te verset en Afrikanernasionalisme te bevorder. Die OB-lede binne die kampe se aktiwiteite en aksies toon ŉ strewe om die "fakkel van vryheid vir die Afrikanerdom" hoog te hou, selfs agter tralies en doringdraad. Verder moet iets soos verveeldheid ook nie uit die oog verloor word nie.

Die implementering van ŉ kampskool het byvoorbeeld die geïnterneerdes besig gehou, en terselfdertyd belangrike geleenthede tot opleiding gebied. Hierdie geleenthede het indirek bygedra tot Afrikernasionalistiese pogings om Afrikanerdom ekonomies en sosiaal op te hef deur geïnterneerdes in staat te stel om hulself akademies te bemagtig. Vorme van lydelike verset vind vergestalting in byvoorbeeld die bespotting van die owerhede in die vermaaklikheidsaktiwiteite binne die kampe, soos die konsertopvoering wat ŉ radio-uitsending uitbeeld. Dit was ŉ bespotting van die Smuts-regering se teenstand teen radio's en radio-uitsendings (veral dié van Radio Zeesen) binne en buite die kampe. Die viering van verskeie spesiale dae in die kampe, soos Amajubadag, Krugerdag en die KG se verjaarsdag, toon verder dat die geïnterneerdes hulle anti-Britse gevoelens, Afrikanernasionalistiese sentimente en algehele versetideaal as OB-lede, binne die kampe laat geld het. Selfs in die houtwerk binne die kampe is daar elemente van bespotting teenoor die Smuts-regering, soos die klein bobbejaan-beeldjies van Smuts. In sekere gevalle is Afrikanersimbole, soos die ossewa, ossewawiel en Voortrekkers, ook in beide houtwerk en sketse gebruik om die tydgenote se Afrikanernasionalistiese sentimente, en aanhoudende verset, duidelik te maak. Daar kan dus gesê word dat die noodregulasies selfs ŉ impak gehad het op die keuse van temas wat die artistieke produkte in die kampe betref.

Fisiese vergestaltings van anti-Smuts houdings, anti-Britse sentimente, Afrikanergeskiedenis, die republikeinse strewe en die uitlewing van die OB se versetideaal kom dus na vore in die kunswerke wat binne die kampe opgelewer is. Behalwe vir hierdie ideologieë wat te voorskyn kom, spreek die kunswerke wat binne die tronke en kampe opgelewer is ook belangrike sosiale verskynsels aan: eensaamheid, isolasie en verveeldheid. Die aktiwiteite binne die kampe en die aangehoudenes se reaksie teen aanhouding is in hierdie studie gebou op ŉ sterk basis van primêre bronne. Die tydgenote se stemme kom duidelik in twee opsigte na vore: deur hulle eie skrywes in die publikasie, *Agter tralies en doringdraad*, en deur hulle eie opinies wat tydens die onderhoude gelewer is. Deur gebruik te maak van die primêre dokumente in die OB-Argief, en ŉ groot hoeveelheid transkripsiebande van diegene wie geïnterneer en as gevangenes aangehou is, is die tydgenote se eie oorvertelling van hulle ervarings vasgevang. Voorts bied die groot hoeveelheid sketse, foto's en portrette ŉ blik op die aktiwiteite en sosiale prosesse binne die kampe, ŉ blik wat beide sosiale en kulturele aspekte, asook die aard van verset, binne die interneringskampe aanspreek.

Die Unieregering se instelling van homogene kampe het dit moontlik gemaak vir Afrikaners om hulle identiteit as Afrikaners binne die kampe uit te leef. Hierdie uitleef van die Afrikaneridentiteit het ŉ onteenseglike bydrae tot die groei van Afrikanernasionalisme veroorsaak wat ook kenmerkend was van die kampe, in besonder Koffiefontein. Binne die kampe, en selfs in sekere gevalle binne die tronke, het Afrikaners hulle agentskap laat geld om die vryheidsfakkel van die Afrikanerdom hoog te hou. Hierdie fakkel is hooggehou deur Afrikanernasionalistiese elemente in hulle aktiwiteite en kunswerke te verweef en deur die algehele versetideaal voort te sit ten spyte van fisiese aanhouding. Voorts is sosiale en kulturele norme en waardes binne die kampe en tronke gehandhaaf.

Hierdie studie wys dat die individue binne die kampe en tronke verskeie maniere bedink het om die lewe meer aangenaam te maak, die gevoelens van isolasie en verveeldheid teen te werk, en dat die versetideaal van die OB binne die kampe en tronke steeds gehandhaaf is. Deur die algehele versetideaal voort te bou het die tydgenote hulself as die fakkeldraers van die "vryheid van die Afrikanerdom" beskou. Die Unieregering se implementering van die noodregulasies het dus nie die vlam van Afrikanernasionalistiese sentimente gedemp nie, maar eerder aangevuur. Hoofstuk 5 behoort as ŉ boublok vir toekomstige navorsing rondom die geïnterneerdes en gevangenes se lewe binne die kampe en tronke te dien, en siende dat daar ŉ

groot hoeveelheid primêre bronne bestaan, is verdere navorsing in die veld beide moontlik en noodsaaklik.

**6.5. Hoe is die lewens van OB-lede (skuldiges, onskuldiges, vroue en kinders) geaffekteer deur die Smuts-regering se teiken van die OB?**

In Hoofstuk 4 is die verskeie aktiwiteite binne die kampe, asook die wyses waarop geïnterneerdes op internering reageer het, ontleed. Die bogenoemde vraag is die fokus van Hoofstuk 5, waarbinne die fokus van die kampe en internering verskuif na die sosiale uitvloeisels van die noodregulasies. Deur die perspektief van sosiale uitvloeisels/gevolge in te neem verskuif die fokus ook van alleenlik op diegene wie direk geraak is (geïnterneer en gearresteer is), na ŉ fokus waar die effek op die lewens van diegene wie nie so blatant en direk geraak is nie ook bestudeer word (onskuldiges, vroue en die jeug binne die organisasie). Die Smuts-regering se teiken van die OB het nie by diegene wie direk geraak is geëindig nie, dit het eerder ook ŉ groter meer omvattende effek op die breër OB tot gevolg gehad.

Vyf verskynsels kan verder uitgelig word wanneer die teiken van die OB ter sprake is. Eerstens het die regering se instelling van die noodregulasies die OB as organisasie ernstig ontwrig. Tweedens is die skuldiges (geïnterneerdes, gevangenes en gearresteerdes) direk (persoonlik) deur die noodregulasies, en veral die interneringsbeleid, geaffekteer. Derdens is die punt gemaak dat die effek en impak van die noodregulasies nie slegs tot diegene wie geïnterneer en aangehou is beperk is nie, maar dat die instelling daarvan inteendeel ŉ omvattende effek op die breër OB en haar lede uitgeoefen het. Die vierde verskynsel is dat die vroue en kinders in die organisasie se lewens deur die noodregulasies beïnvloed is, beide die wie se eggenote en vaders geïnterneer/aangehou is, en die wie minder direk geraak is. Laastens behoort die negatiewe impak van die noodregulasies op die indiensneming van geaffekteerde individue uitgelig te word.

Die OB het alle middels tot haar beskikking gebruik om lede aan te moedig om hulself oor die "helde" in die kampe en tronke te *ontferm*. Hierdie ontferming is deur die behoefte om te *help* en te *beskerm* aangevuur. Een van die vernaamste middels wat benut is om ontferming aan te moedig is die OB se mondstuk, *Die OB*. Ontferming het nie by die geïnterneerdes en gevangenes opgehou nie. Die versorging van hulle afhanklikes is ook as ontferming geag. Voorts het die tweesydige karakter van die OB ŉ eenheid gevorm: aan die een kant word

eenheid, hulpvaardigheid en kameraadskap vergestalt; aan die ander kant kom temas soos martelary, wanhoop en bitterheid na vore.

ŉ Wesenlike direkte en persoonlike impak wat die noodregulasies gehad het op diegene wat nie gevang en geïnterneer is nie, is dat verskeie huisgesinne sonder ŉ broodwinner gelaat is. Dit het gelei tot bitterheid en die verskerp van die tema van martelaars, maar terselfdertyd is die OB se daaglikse aktiwiteite op so ŉ wyse aangepas dat hierdie negatiewe uitwerking teengewerk is. Die Noodhulpfonds is die beste voorbeeld hiervan. Waar die internering en gevangenisskap verder ook ŉ direkte impak op die indiensneming van die geaffekteerdes gehad het, het die OB die nodige aksies geneem om hierdie negatiewe effek te hanteer. Hier is die Bystanddiens, wat finansiële steun aan vrygelate individue gebied het, as voorbeeld bespreek. Die noodregulasies het ŉ direkte impak op die indiensneming van die geaffekteerdes uitgeoefen. Verskeie tydgenote het hulle poste verloor, en selfs na vrylating steeds gesukkel om permanente posisies te bekom. Soos genoem is hierdie verskynsel direk deur die OB aangespreek deur die vorming van die OB-Bystanddiens. Die vorming van die Bystanddiens word dus ook as ŉ direkte uitvloeisel van die instelling van die noodregulasies geag. Die Bystanddiens dui daarop dat die Unieregering se noodregulasies nie alleenlik die gevangenis en geïnterneerdes aangeraak het nie, maar ook die lede wie nie in hegtenis geneem is nie. ŉ Verdere impak op die beweging se karakter is dat die OB-bestuur gedwing is om voortdurend by die uitdagende omstandighede aan te pas en nuwe wyses te bedink om hulself oor mede-kamerade te ontferm.

Hierdie aanpassende rol is nie alleenlik deur die mans in die organisasie vervul nie, maar massiewe pogings is ook deur die vroue binne die organisasie en die Boerejeug van stapel gestuur. Die vroue binne die OB het op verskeie wyses geld ingesamel ten bate van die Noodhulpfonds, en daar is ook gesorg dat die kamerade binne die kampe en tronke op verskeie wyses bygestaan word. Die uitwerking van bitterheid en wanhoop wat deur die Smuts-regering se teiken van die OB veroorsaak is, is teengewerk deur hulpvaardigheid en ontferming. Die hulpvaardigheid om mede-Afrikaners en veral mede-OB lede te ondersteun het geen ouderdom of genderbeperkinge gehad nie. Mense was ook bereid om te midde van moeilike ekonomiese omstandighede finansieel opofferings "op die altaar van ons vryheid"[2] vir die OB se versorgingsidaal te maak. Die OB-Jeugafdeling, bekend as die Boerejeug, en die

2 OBA: *Die OB,* 13.05.1942.

vrouekommando's regoor Suid-Afrika het ywerig die leiding by hierdie fondsinsamelings geneem. Die ontferming teenoor geaffekteerdes het ook nie by fondsinsamelings geëindig nie. Soos uitgewys in Hoofstuk 5 het die vrouekommando's verskeie maniere bedink om die lewe vir geïnterneerdes/gevangenes en diegene se afhanklikes te vergemaklik. Daar is byvoorbeeld kos voorberei vir die OB-lede in die tronke, en inisiatiewe om kos, lekkernye en ander benodighede na die kampe te stuur is gereeld van stapel gestuur. Daar was ook gepoog om spesiale dae op die kalender spesiaal te hou met hierdie soort inisiatiewe. Hierdie bystand het voorts beide deur middel van materiële of morele ondersteuning geskied. Die Smuts-regering se teiken van die OB het dus nie alleenlik die geïnterneerdes/gevangenes en die afhanklikes van diegene geaffekteer nie, maar die OB as totaliteit – ook "gewone" lede se lewens is beïnvloed en ontwrig deur die noodregulasies. Almal van die Boerejeug regdeur tot by die topbestuur van die OB is geraak.

Die lewens van hierdie individue is deur die instelling van die noodregulasies geaffekteer en elk moes aanpas by die uitdagende omstandighede. Die OB het op die grootskaalse internering en arrestasies reageer deur die geïnterneerdes by te staan binne die kampe en tronke, maar ook deur hulle afhanklikes te versorg en hulself te ontferm oor diegene wie direk geaffekteer is. Hierdie ontferming is as "met ŉ daad protesteer" beskou,[3] en dus het selfs ontferming ŉ vorm van verset teen die noodregulasies geword.[4] Verder het die Unieregering se noodregulasies ŉ impak op die lewens van individue op ŉ uiterse persoonlike vlak meegebring. In sekere gevalle het individue in die proses hulle arbeidsposte en huwelike verloor. In die verband het die Unieregering op beide persoonlike, sowel as ekonomiese vlak, ŉ impak op die geaffekteerdes uitgeoefen.

---

3 OBA: *Die OB*, 25.02.1942.

4 C. Blignaut, 'Volksmoeders in die kollig: ŉ Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938-1954' (MA verhandeling, Noordwes Universiteit, Potchefstroom, 2012), p. 233; H.M. Robinson, 'Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: 'n perspektief' (Ongepubliseerde pamflet, PU vir CHO, 1988), p. 4.

### 6.6. Watter rol het die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes gespeel ná die ontbinding van die Ossewa-Brandwag in die lewens van persone wat deur die interneringsbeleid geaffekteer is?

Hierdie vraag maak deel uit van Hoofstuk 5, waarbinne die oorkoepelende temas van *hulp* en *beskerming* benut is om die uitvloeisels van die noodregulasies te bespreek. Soos die titel van hierdie verhandeling aandui, eindig hierdie studie se hooffokus op die datum van die laaste politieke gevangene se vrylating (1948). Dit sou wel verkeerd wees en getuig van ŉ gebrek aan deeglikheid, om die langdurige impak van die noodregulasies in die vorm van die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes te ignoreer. Hierdie bond het tot in 1985 ŉ impak op die geaffekteerde persone se lewens uitgeoefen.

Die impak van die noodregulasies het dus nie in 1948 opgehou het nie, maar ŉ langdurige effek is te bespeur met betrekking tot die OB en internering, wat minstens tot 1985 strek. Daarom is die rol wat die BOPG in die lewens van persone wat deur interneringsbeleid geaffekteer was, bespreek. Die OB het dit as ŉ prestasie beskou om mede-Afrikaners te help en te beskerm. Hierdie sentimente het nie saam met die OB in 1952 tot ŉ einde gekom nie. Dit het deur middel van die BOPG voortgeleef. Die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945, en die vrylating van die laaste politieke gevangenes in 1948, het alles daartoe bygedra dat die OB sy momentum verloor. Met die amptelike ontbinding in 1952 sou mens aanneem dat die effek van die Unieregering se noodregulasies ook heeltemal tot ŉ einde gekom het. Hierdie studie het egter gewys dat een van die vernaamste uitvloeisels van die noodregulasies en interneringsbeleid jare ná die ontbinding van die OB steeds ŉ rol gespeel het binne die lewens van diegene wie deur hierdie verskynsels aangeraak is. Die vraag is dus nie of die BOPG ŉ rol in die geaffekteerde persone se lewe gespeel het nie, maar eerder watter rol hierdie bond gespeel het.

Die temas van hulp en beskerming kom weer na vore in die BOPG se vier doelwitte.[5] Dit is ook binne hierdie doelwitte waar die meeste antwoorde tot die bogestelde navorsingsvraag gebied kan word. Die eerste doelwit, naamlik die "behoud en aankweek van broederskap", is byvoorbeeld nagestreef deur die gereelde bymekaarkomste wat deur die bond gereël is. Hierin is ŉ voortsetting van die kameraadskap-konsep wat reeds deur die OB aangekweek is, te

5 Al vier doelwitte word aangetref in: OBA: BOPG-versameling, Band 8: BOPG Notuleboek, p. 1. Konstitusie van die Bond van oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes.

bespeur. Ter suksesvolle bereiking van hierdie doelwit het die BOPG veral in die vroeë jare van die bond se bestaan klem op die bywoning van die jaarlikse dinee en konferensie gelê. Beide inisiatiewe het bygedra tot die "broederskap" en eenheidsgevoel (kameraadskap) wat as doelwit daargestel is. Die tweede doelwit van "hulp- en werkverskaffing" is ook meestal in die vroeë jare van die BOPG opmerklik toe meeste individue se indiensneembaarheid steeds direk deur die noodregulasies geraak is. Mettertyd het die BOPG se klem verskuif van hulp bied met betrekking tot indiensneembaarheid na hoofsaaklik fondsinsamelings. Hierin word die tema van hulp en beskerming teen werkloosheid en ekonomiese kwesbaarheid ook duidelik. Die tweede en derde doelwitte is nouliks aan mekaar verwant. Die derde doelwit, naamlik "fondsinsameling vir hulpdoeleindes", maak ook die bond se voortsetting van die *ontferming* motief duidelik. Die derde doelwit is aanvanklik ten bate van die Noodhulpfonds en Bystanddiens daargestel. Later is fondse hoofsaaklik na die opskrywing en beskerming van die geskiedenis van die internering en aanhouding tydens die Tweede Wêreldoorlog gekanaliseer. Weereens is dit duidelik dat die BOPG se doelwitte met mekaar vervleg geraak het, omdat die vierde doelwit juis die boekstawing van die "geskiedenis van die internering en kampe" direk ten doel stel.

Hierdie verhandeling argumenteer dat die grootste rol wat die BOPG gespeel het in die lewens van diegene wat deur die interneringsbeleid geaffekteer, is die geleentheid wat die bond gebied het om die geskiedenis van die kampe vir toekomstige generasies te bewaar. Hierdie doelwit van die BOPG is gedeeltelik deur die publikasie van *Agter tralies en doringdraad* bewaarheid, en dan verder bewaarheid deur die bydraes wat tot die OB-Argief in Potchefstroom gemaak is. In die proses van die opskrywing en boekstawing van die geskiedenis is dit ook duidelik dat die BOPG totale eienaarskap oor die geskiedenis van die kampe wou neem. Hierdeur is die geleentheid gebied vir geaffekteerde persone om die oorblyfsels van die geskiedenis waarby hulle direk betrokke was te *beskerm*, 'n strewe wat regdeur die bond se bestaan, vanaf 1946 tot 1985, opgemerk word. Die BOPG wou dus nie net individue help en beskerm nie, maar die bond wou ook individue in staat stel om hulle eie geskiedenis te beskerm en eienaarskap van hulle geskiedenis te neem. Soos in Hoofstuk 5 genoem sou hierdie verhandeling nie sonder die beskerming van hierdie oorblyfsels uit die verlede moontlik wees nie.

## 6.7. Slotwoord

Die beantwoording van hierdie sub-vrae het dit moontlik gemaak om die *impak* van die noodregulasies en interneringsbeleid op die OB en sy lede deeglik te beskryf. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, en Suid-Afrika se toetrede, was dit nodig vir die Smuts-regering om ŉ oorlog op twee fronte aan die gang te hou. Aan die een kant as rolspeler binne die wêreldkonflik aan die geallieerde kant, en aan die ander kant op tuisfront. Die toetrede het die reeds bestaande skeiding binne die Afrikanerdom verder beïnvloed. As belangrike rolspeler binne die Afrikanerdom in hierdie tyd, word die OB ŉ interessante lens waardeur die impak van die Unieregering se noodregulasies ondersoek kan word. Hierdie impak sou mettertyd vele fasette aanneem, en hierdie impak sou ook vir lank ná die oorlog steeds ŉ wesenlike rol in die lewens van sekere voormalige geïnterneerdes en gearresteerdes speel.

Om die impak van die noodregulasies te verstaan, is dit van nature eers belangrik om die motivering daaragter, asook die aard en omvang daarvan, te begryp. Hierdie aspekte is in Hoofstuk 2 ontleed. Die instelling van die noodregulasies het ŉ bose kringloop tot gevolg gehad, ŉ kringloop waarbinne die OB teen die regulasies en die oorlogspoging verset het, wat dan weer gelei het ot sterker maatreëls en regulasies deur die regering. Hierdie kringloop het ongetwyfeld ŉ impak op die OB as ŉ organisasie, die lede binne die OB en selfs die versetideaal van die OB tot gevolg gehad. Hierdie kringloop, te same met die impak wat dit op die OB en breër Afrikanerdom uitoefen, is in Hoofstuk 3 ontleed. Hoofstuk 3 het ook verder na spesifieke soorte versetaksies gekyk om uit te wys watter tipe aksies tot internering en arrestasie gelei het. Hierdie aksies en die gevolg (naamlik arrestasie en internering ingevolge die noodregulasies) het die OB as ŉ organisasie verander. Grootskaalse versetaksies het in verskeie gevalle tot internering en arrestasie gelei, die impak hiervan is aanhouding in tronke en interneringskampe. Binne hierdie kampe en tronke het die OB-lede steeds hulle agentskap laat geld deur die ervaring binne die kampe aangenamer te maak, steeds op verskeie wyses teen aanhouding te verset, en deur Afrikanernasionalistiese sentimente en anti-Britse gevoelens uit te leef. Deur hierdie perspektief in te neem word dit moontlik om die aktiwiteite binne die kampe te bespreek, en die ervaring binne die kampe en tronke uit te lig wat in Hoofstuk 4 beskryf is.

Die Unieregering se implementering van die noodregulasies het die OB op verskeie wyses geraak. Nie slegs is diegene wie direk daardeur geaffekteer is in die vorm van arrestasie en internering nie, maar die impak van die noodregulasies is duidelik op verskeie vlakke – veral

die sosiale en ekonomiese vlakke. Die lewens van skuldiges, onskuldiges, vroue en selfs die jeug binne die organisasie is geaffekteer. Hierdie impak is verder in Hoofstuk 5 bespreek. Behalwe vir die wete dat die noodregulasies ŉ duidelike effek op verskeie lede binne die OB gehad het, en beslis ook op die OB as ŉ organisasie, is daar ook langdurige effekte te bespeur.

Hierdie langdurige effekte kom in drie opsigte na vore: Eerstens in die NP se 1948-verkiesingsukses, wat as ŉ hoogtepunt van Afrikanernasionalisme geag kan word. Die NP se verkiesingsukses het ook ongetwyfeld die komplekse sosiale dinamika van "traitors" teenoor "patriots" verder beïnvloed. Hierdie vraag, soos wat dit in 1976 deur G.C. Visser gestel is, is beslis vrugbare grond vir verdere studie. Die bestudering van hierdie dinamika behoort die veranderlike aard daarvan in ag te neem omdat die dinamika verander het soos wat persepsies oor Smuts, die OB, die Stormjaers en selfs "terrorisme" voortdurend verander. Wat wel in hierdie studie uitgewys is, is dat die Smuts-regering en die OB konstant tydens die Tweede Wêreldoorlog in wisselwerking met mekaar was deur die implementering van verskeie noodregulasies en dan die reaksie daarteen.

Tweedens is ŉ langdurige effek duidelik in die Republiekwording van 1961, waarin verskeie oud-geïnterneerdes, voormalige politieke gevangenes en ander OB-lede wat die impak van die noodregulasies beleef het, uiteindelik die OB se strewe sien bewaarheid word. Alles waarvoor daar tydens die oorlog "geveg" is, loop dus in hierdie hoogtepunt uit. Die derde aspek, en moontlik die een wat die nouste verwant is tot die *impak* van die noodregulasies, is die bestaan van die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes. Die BOPG het tussen 1946 en 1985 die geleentheid gebied vir diegene wie geraak is om hulle weergawe van geskiedenis vir die toekomstige generasies te bewaar. ŉ Mikpunt wat uiteindelik verwesenlik is in die publikasie van *Agter tralies en doringdraad*. Verder het die BOPG ook die algemene ideaal van Afrikanereenheid laat voortleef, en dit moontlik gemaak vir diegene wat by die OB betrokke was, teen die oorlogspoging verset het, en in sekere gevalle die direkte impak van die noodregulasies gevoel het, om saam binne ŉ organisasie hulle herinneringe te deel. Die impak van die Unieregering se noodregulasies is dus veelsydig. Die impak het die OB op alle vlakke geraak: as ŉ organisasie, die lede en gesinslede binne die organisasie, en selfs die bedrywighede van die beweging.

Die noodregulasies se impak op die ganse Suid-Afrikaanse samelewing is nie te betwyfel nie. Dit was natuurlik nie die enigste impak of invloed op die OB se karakter en lewens van tydgenote nie. Hierdie verhandeling maak geensins aanspraak daarop nie – dit sou uiters reduksionisties wees om dit so te sien. Daar kan wel nie ontken word dat dit een van die grootste faktore in die vorming van die beweging, en in die lewens en optrede van die lede, was nie. Een beperking van hierdie studie is dat dit alleenlik op die OB (insluitend die Stormjaers en Terreurgroep) fokus. ŉ Keuse moes gemaak word, aangesien ŉ vergelyking met ander groepe en organisasies té wyd is vir hierdie studie se fokus. Daar bestaan dus nog ŉ geleentheid vir verdere navorsing oor die onderwerp. Hierdie verhandeling behoort as ŉ verdere boublok vir die ryk geskiedenis van die Ossewa-Brandwag te dien, en verder behoort dit as een van die eerste stappe tot binne die historiografie van die internering van die Tweede Wêreldoorlog binne Suid-Afrika bestempel te word.

Sonder die noodregulasies as historiese verskynsel, sou die geskiedenis van die impak daarvan op die OB nie moontlik wees nie. Dit sou dus nie verkeerd wees om te redeneer dat ook hierdie verhandeling ŉ gevolg van die Smuts-regering se noodregulasies is nie.

# BIBLIOGRAFIE

## 1. Argivale bronne van die Ossewa-Brandwag Argief (OBA), Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus, Potchefstroom.

### *1.1. Skenker-versamelings*

***AKG-versameling***

B/L 3/4/32, omslag 7: Noodhulp. Verband tussen OB-Noodhulp en OB-Bystand, 15 Mei 1944.

B/L 3/4/32, omslag 8: Noodhulpfonds. Omsendbrief, 5 Januarie 1949.

B/L 3/5/34, omslag 4, Boerejeug. Omsendbrief 2/44, 27 Maart 1944.

B/L 3/18/34, omslag 4: Boerejeug. Omsendbrief 4/44, 14 Junie 1944.

***A de V. Visser-versameling***

B/L 1/1, omslag 3: Ossewabrandwag Uniale Bevel, 13 Julie 1942.

***A.R. Fleischack-versameling***

B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering. Verklaring deur J.J. Tromp, 18 Februarie 1942.

B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering. Verklaring deur E. Jooste, 26 Februarie 1942.

B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering. Verklaring deur C. Neser, 26 Februarie 1942.

B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering. Verklaring deur K.P. van Dijk, 6 Maart 1942.

B/L 1/3, omslag 1: Appèl teen internering. Verklaring deur G.L. Brits, ongedateer.

B/L 1/3, omslag 2: Appèl. Verklaring deur P.W.R. Ferwick, ongedateer.

***Boerejeug-versameling***

B/L 9/1, omslag 6: Organisasie en administrasie. Instellingsbelofte van die Boerejeug, ongedateer.

***BOPG-versameling***

Band 8: BOPG Notuleboek: Konstitusie van die Bond van oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes, ongedateer.

Band 8: BOPG Notuleboek: Notule van die BOPG se eerste algemene vergadering te Pretoria, 22 April 1946.
Band 8: BOPG Notuleboek: Notule van die BOPG-konferensie van 4 Oktober 1947 te Pretoria.
Band 8: BOPG Notuleboek: Notule van die BOPG-vergadering van 15 November 1947 te Pretoria.
Band 8: BOPG Notuleboek: Die voorsitter van die BOPG se verslag van 6 Oktober 1984.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 1 Augustus 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 9 Augustus 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 24 Augustus 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 26 Augustus 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 31 Augustus 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 7 Oktober 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 22 November 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 6 Desember 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 10 Desember 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 30 Desember 1947.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 5 Januarie 1948.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 15 Januarie 1948.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 3 Mei 1948.

B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 3 Junie 1948.
B/L 1/2: Korrespondensie: Stigting van BOPG. Korrespondensie tussen bondslede, 26 September 1954.
B/L 18/83, omslag 3: Ontbindingsfunksie, 12 Oktober 1985.
B/L 29/144, Bond se bladskud, ongedateer.

***C.L. de Jager-versameling***
B/L 1/2, omslag 5: Interneringstukke. Brief van die direkteur van interneringskampe aan C.L. de Jager, 22 Augustus 1942.
B/L 1/2, omslag 5: Interneringstukke. Appèl, 23 November 1942.
B/L 1/2, omslag 6(a): Lewe in die kamp. Dokument geskryf deur P.L. Vermaak, 22 Januarie 1945.
B/L 1/2, omslag 8: Redes vir internering, 12 Oktober 1942.

***D.J.M. Cronjé-versameling***
B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen*.

***D.R. de Klerk-versameling***
B/L 1/1, omslag 2: Redes vir internering, 26 November 1942.

***E.F.A. Huth-versameling***
B/L 1/3, omslag 1: Korrespondensie met owerhede i.v.m. finansiële hulp, 15 September 1941.
B/L 1/3, omslag 1: Korrespondensie met owerhede i.v.m. finansiële hulp, 20 Mei 1942.

***F.A. Faurie-versameling***
B/L 1/1, omslag 4: Interneringstukke. Appèl, 1 April 1943.

***F.G.H. van der Veen-versameling***
B/L 1/1, omslag 1: Ontslag van staatsamptenare as OB-lede, 4 Maart 1941.

***G. Cronjé-versameling***
B/L 1/2, omslag 1: Noodhulpfonds. Verslag, 22 November 1943.

B/L 2/12, omslag 1: Noodhulpfonds: Reglement, reëls en verslag, ongedateer.

***Gebied C-versameling***

B/L 6/4 omslag 18: Noodhulp: Algemeen, 16 Desember 1944.

B/L 6/4, omslag 18: Noodhulp: Algemeen, 3 Januarie 1945.

***G.J. Grobbelaar-versameling***

B/L 1/1, omslag 2: Redes vir internering, 29 Julie 1942.

***G.P.J. Trümpelmann-versameling***

B/L 1/3, omslag 3: Reëls vir geïnterneerdes, 19 September 1939.

B/L 1/3, omslag 9: Kamplewe. Dokument met titel: 'Die taak van ons kamp', 1 Augustus 1942.

***Grootraad-versameling***

B/L 1/2, omslag 9: Ossewa-Brandwag Konstitusie. Artikel IV (5), [c. 1940].

***H.C. Havenga-versameling***

B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 7 Januarie 1942.

B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 29 Maart 1943.

***H.G. Stoker-versameling***

B/L 1/1, omslag 12: Interneringstukke. Redes vir internering, 30 Desember 1942.

***J. Corin-versameling***

B/L 1/1, omslag 3: OB-vriendekring geskiedenis, ongedateer.

***J.M.A. de Wit-versameling***

B/L 1/2, omslag 1: Korrespondensie. Brief aan hoogbestuursbeampte, 6 Januarie 1944.

B/L 1/2, omslag 3: Redes vir die internering van Johannes Martinus Albertus de Wit, 29 Desember 1943.

***J.P. de Villiers-versameling***

B/L 1/2, omslag 7: Knipsels. *Die Vaderland*, spotprent (Die Nuwe Bedeling), Oktober 1939.

***J.S. De Vos-versameling***

B/L 2/9: Boerejeug. Boerejeug omsendbrief 3/44, 3 April 1944.

B/L 3/19, OB-liederebundel, lied nommer 8, 1941.

***J. van Wyk de Vries-versameling***

B/L 1/2, omslag 1: Hofverslag van saak die Kroon versus P.P. du Plessis en 51 ander, 20 Mei 1941 tot 30 September 1942.

***Kommandant-Generaal-versameling***

B/L 1/2: Algemeen, 1 Februarie 1941.

B/L 1/2: Algemeen, 5 Februarie1940.

B/L 1/2: Algemeen, 9 Februarie 1940.

B/L 1/2: Algemeen, 13 Februarie 1940.

B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 27 Januarie 1941.

B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 17 April 1941.

B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 20 Augustus 1941.

B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 8 September 1941.

B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie. Brief, 20 Julie 1942.

B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, Brief, 29 Julie 1942.

B/L 2/4 omslag 19: Korrespondensie. Bevel no. 5/1941, 5 Maart 1941.

B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie. Ossewabrandwag Kaapland Order no. 36/41, 10 September 1941.

B/L 2/4, omslag 19: Korrespondensie, 24 November 1941.

***L. Immelman-versameling***

B/L 1/1, omslag 3: Brief van die Kantoor van die Direkteur van interneringskampe aan ds. P. Boshoff, 9 Desember 1943.

***M.C. de G. Genis-versameling***

B/L 1/1, omslag 1: Korrespondensie, 6 April 1974.

***M.J. de Beer-versameling***

B/L 1/1, omslag 2: Redes vir internering, 1 November 1944.

***N.G.S. van der Walt-versameling***

B/L 2/13, omslag 9: Korrespondensie. Korrespondensie insake sekretaris/P.J. Oosthuizen, 28 Maart 1939.

***O.L. Nel-versameling***

B/L 1/1, omslag 3: Redes vir internering, 16 Oktober 1942.

B/L 1/1, omslag 5: Lys van geïnterneerdes, ongedateer.

***P.L. Vermaak-versameling***

B/L 1/1, omslag 2: Koffiefontein interneringskamp. Dagboekinskrywing, 23 Desember 1944.

***S.J. Scheepers-versameling***

B/L 3/18: Boerejeug. Boerejeug omsendbrief 4/44, 14 Junie 1944.

***W.J.B. Pretorius-versameling***

B/L 1/1, omslag 5: Redes vir internering, 11 Mei 1942.

***W.R. Laubscher-versameling***

B/L 1/1, omslag 2: OB-Vriendekring.

***1.2. OB-boekeversameling***

H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1953). Rekordnommer A8393.

***1.3. Die OB-koerant gehuisves in die OB-argief***

*Die OB*, 26.11.1941.

*Die OB*, 3.12.1941.

*Die OB*, 10.12.1941.

*Die OB*, 17.12.1941.

*Die OB*, 30.12.1941.

*Die OB*, 28.01.1942.

*Die OB*, 11.02.1942.
*Die OB*, 25.02.1942.
*Die OB*, 4.03.1942.
*Die OB*, 18.03.1942.
*Die OB*, 25.03.1942.
*Die OB*, 1.04.1942.
*Die OB*, 22.04.1942.
*Die OB,* 13.05.1942.
*Die OB*, 3.06.1942.
*Die OB*, 1.07.1942.
*Die OB*, 8.07.1942.
*Die OB*, 21.10.1942.
*Die OB*, 28.10.1942.
*Die OB*, 25.11.1942.
*Die OB*, 27.01.1943.
*Die OB*, 3.02.1943.
*Die OB*, 10.02.1943.
*Die OB*, 17.02.1943.
*Die OB*, 24.02.1943.
*Die OB*, 3.03.1943.
*Die OB*, 10.03.1943.
*Die OB*, 31.03.1943.
*Die OB*, 7.04.1943.
*Die OB*, 28.04.1943.
*Die OB*, 19.05.1943.
*Die OB*, 26.05.1943.
*Die OB*, 2.06.1943.
*Die OB*, 16.06.1943.
*Die OB*, 7.07.1943.
*Die OB*, 14.07.1943.
*Die OB*, 21.07.1943.
*Die OB*, 8.09.1943.
*Die OB*, 6.10.1943.
*Die OB*, 20.10.1943.

*Die OB*, 27.10.1943.

*Die OB*, 3.11.1943.

*Die OB*, 10.11.1943.

*Die OB*, 17.11.1943.

*Die OB*, 24.11.1943.

*Die OB*, 16.02.1944.

*Die OB*, 22.03.1944.

*Die OB*, 19.04.1944.

*Die OB*, 3.05.1944.

*Die OB*, 10.05.1944.

*Die OB*, 17.05.1944.

*Die OB*, 7.06.1944.

*Die OB*, 21.06.1944.

*Die OB*, 19.07.1944.

*Die OB*, 2.08.1944.

*Die OB*, 9.08.1944.

*Die OB*, 16.08.1944.

*Die OB*, 27.09.1944.

*Die OB*, 11.10.1944.

*Die OB*, 18.10.1944.

*Die OB*, 25.10.1944.

*Die OB*, 8.11.1944.

*Die OB*, 13.12.1944.

*Die OB*, 20.12.1944.

*Die OB*, 3.01.1945.

*Die OB*, 14.02.1945.

*Die OB*, 21.02.1945.

*Die OB*, 21.03.1945.

*Die OB*, 25.04.1945.

*Die OB*, 27.06.1945.

*Die OB*, 4.07.1945.

*Die OB*, 25.07.1945.

*Die OB*, 3.10.1945.

*Die OB*, 7.01.1948.

*Die OB*, 27.08.1952.

### *1.4. Dankie-nuusblad gehuisves in die OB-argief*

*Dankie*, 1960, jaargang 1, nommer 1.

*Dankie*, 1961, jaargang 2, nommer 2.

*Dankie*, 1961, jaargang 2, nommer 4.

*Dankie,* 1962, jaargang 3, nommer 2.

*Dankie*, 1964, jaargang 4, nommer 1.

*Dankie*, 1965, jaargang 5, nommer 3.

*Dankie*, 1966, jaargang 6, nommer 1.

*Dankie*, 1966, jaargang 6, nommer 2.

*Dankie*, 1967, jaargang 7, nommer 1.

*Dankie*, 1967, jaargang 7, nommer 2.

*Dankie*, 1968, jaargang 8, nommer 1.

*Dankie*, 1968, jaargang 8, nommer 2.

*Dankie*, 1969, jaargang 9, nommer 1.

*Dankie*, 1969, jaargang 9, nommer 2.

*Dankie*, 1970, jaargang 10, nommer 1.

*Dankie*, 1970, jaargang 10, nommer 2.

*Dankie*, 1971, jaargang 11, nommer 1.

*Dankie*, 1971, jaargang 11, nommer 2.

*Dankie*, 1972, jaargang 12, nommer 1.

*Dankie*, 1973, jaargang 13, nommer 1.

*Dankie*, 1973, jaargang 13, nommer 2.

*Dankie*, 1975, jaargang 15, nommer 1.

*Dankie*, 1975, jaargang 15, nommer 2.

*Dankie*, 1976, jaargang 16, nommer 1.

*Dankie*, 1976, jaargang 16, nommer 2.

*Dankie*, 1977, jaargang 17, nommer 2.

*Dankie*, 1978, jaargang 18, nommer 1.

*Dankie*, 1979, jaargang 19, nommer 1.

*Dankie*, 1980, jaargang 20, nommer 1.

*Dankie*, 1981, jaargang 21, nommer 1.

*Dankie*, 1982, jaargang 22, nommer 1.

*Dankie*, 1983, jaargang 23, nommer 1.

*Dankie*, 1984, jaargang 24, nommer 1.

*Dankie*, 1985, jaargang 25, nommer 1.

### *1.5. Transkripsieversameling van die OB-argief (Mondelinge onderhoude)*

Bandnommer 1, H.M. Robinson/H.L. Pretorius (ongedateer).

Bandnommers 1-2, H.M. Robinson/S.J. Stander (1978).

Bandnommers 3-5 & 120, H.C. van Rooy/H.M. Robinson/L.M. Fourie/J.S. Coetzer/A.S. Spies (1973).

Bandnommers 5-7, H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.F. Marais (1973).

Bandnommers 7-9, H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J. van Heerden (1973).

Bandnommer 9, H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.M. De Wet (1973).

Bandnommers 10-13, H.M. Robinson/H.C. van Rooy/J.C. Coetsee (1973).

Bandnommers 14-15, H.M. Robinson/M.L.P. Slabbert (1974).

Bandnommers 16-18, H.M. Robinson/H. Anderson (1995).

Bandnommers 19-20, H.M. Robinson/J.C. Neethling (1973).

Bandnommer 24, H.M. Robinson/A. Barnard (1979).

Bandnommers 26-27, H.M. Robinson/E. Dommisse/L.S. Reynders (1973).

Bandnommer 28, H.M. Robinson/J. Cronjé (1973).

Bandnommer 32, P. Aucamp/J.M.A. de Wit (1973).

Bandnommer 34, H.M. Robinson/D. Theron (1974).

Bandnommers 34-35, H.M. Robinson/H.C. van Rooy/G. Cronjé (1974).

Bandnommer 42, D.J. Erasmus/J.D. Bothma (ongedateer).

Bandnommers 42 & 45-46, H.M. Robinson/D.J. Erasmus (1973).

Bandnommers 43-44, H.M. Robinson/J.J. Spies (1973).

Bandnommers 48-49, H.M. Robinson/F.A. Faurie (1973).

Bandnommer 50, H.M. Robinson/W.J.B. Pretorius (1973).

Bandnommer 51, H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen (1973).

Bandnommer 57-57A, J.F.J. van Rensburg/K.J.H. Behrens/H.M. Robinson/H.M. van der Westhuysen/H.J.R. Anderson (1985).

Bandnommers 59 & 93, H.M. Robinson/J. Visser (1974).

Bandnommers 60-61 & 93, H.M. Robinson/D. Scribante (1975).

Bandnommer 64, J. van der Walt/L. Cremer (1974).

Bandnommer 69, H.M. Robinson/A. Hertzog (1974).

Bandnommers 70 & 86-87, H.M. Robinson/C.L. de Jager (1974).

Bandnommer 75, H.M. Robinson/H.C. van Rooy/A. Pohl (1974).

Bandnommers 76-77, H.M. Robinson/J.H. Coetzee (1974).

Bandnommer 80, H.M. Robinson/M.C. Pretorius (1975).

Bandnommer 82, H.M. Robinson/W.J. Seymore (1975).

Bandnommer 84, H.M. Robinson/J.C. Neethling (1974).

Bandnommer 85, H.M. Robinson/R.A. Swart (1974).

Bandnommers 86, 87 & 70, H.M. Robinson/C.L. de Jager (1974).

Bandnommer 88, H.M. Robinson/D. Hay (1975).

Bandnommer 89, H.M. Robinson/W.J. van der Linde (ongedateer).

Bandnommer 99, H.M Robinson/B.S. Bornman (1979).

Bandnommers 105-106, H.M. Robinson/C.A. Pienaar (1975).

Bandnommer 107, H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen, (1976).

Bandnommer 108, H.M. Robinson/C.I. Krogh (1975).

Bandnommer 109, self-opname: L.J. Marais (1975).

Bandnommer 112, H.M. Robinson/J.C.J. van der Westhuysen (1976).

Bandnommers 113-114, H.M. Robinson/meneer en mevrou M.S.F. Grobler (1976).

Bandnommer 119, H.M. Robinson/J. Ackermann (1976).

Bandnommer 126, L.M. Fourie/H.G. Stoker (1977).

Bandnommer 127, L.M. Fourie/B.C. Schutte (1977).

Bandnommer 128, L.M. Fourie/P.M.F.J.van Rensburg, (1977).

Bandnommers 128-129, H.M. Robinson/W.F.P. Gibson (1974).

Bandnommer 131 (deel 1), L.M. Fourie/C.J. Roos (1977).

Bandnommer 131 (deel 2), L.M. Fourie/C.M. Immelman (Lenie Tom & Lenie Jack) (1977).

Bandnommers 133-134, L.M. Fourie/A.P. van der Walt (1977).

Bandnommers 134-135, L.M. Fourie/A.T. van Coller (1977).

Bandnommer 137, L.M. Fourie/S. Boshoff (1977).

Bandnommers 138-139, L.M. Fourie/P.J. Coertze (1977).

Bandnommers 144-145, L.M. Fourie/W. de Beer (1978).

Bandnommer 152, L.M. Fourie/H.M. Robinson/H.T. Hickman (1977).

Bandnommer 153, L.M. Fourie/J. Wagner (1977).
Bandnommer 154, L.M. Fourie/J.J. Coetzer (1977).
Bandnommer 156, self-opname: E.N.P. Janse van Rensburg (1979).
Bandnommer 157, L.M. Fourie/K.J.H. Behrens, (1978).
Bandnommer 158, L.M. Fourie/H.G. Steyn (1978).
Bandnommers 160 & 161, H.M. Robinson/M.W. Botha (1978).
Bandnommer 171, L.M. Fourie/M.C. de Graaf Genis (1978).
Bandnommers 171-172, L.M. Fourie/C. Lombard (1978).
Bandnommers 173-175, L.M. Fourie/H.M. van As (1978).
Bandnommer 175, L.M. Fourie/E.P. Mostert (1978).
Bandnommer 176, L.M. Fourie/D.R. de Klerk (1978).
Bandnommers 176-177, L.M. Fourie/J.C. de Kock (1978).
Bandnommer 177, L.M. Fourie/E.P. Tolmay (1978).
Bandnommer 179, L.M. Fourie/F.D. Rousseau (1978).
Bandnommers 180-181, L.M. Fourie/A.J. de Wet Venter (1978).
Bandnommers 182-183, L.M. Fourie/N.J. Haasbroek (1978).
Bandnommers 187-188, L.M. Fourie/A.G. Dannhauser, (1977).
Bandnommer 190, H.M Robinson/W.R Laubscher/H.A.C de Villiers (1976).
Bandnommers 192-193, L.M. Fourie/J.H. Abraham (1978).
Bandnommer 196, L.M. Fourie/W.R. Laubscher, (1978).
Bandnommer 199, L.M. Fourie/W. Rabie/D.F. Fyfer (1979).
Bandnommer 202 (deel 1), H.M. Robinson/W.R. Laubscher/D.W.R. Hertzog (1977).
Bandnommer 202 (deel 2), H.M. Robinson/W.R. Laubscher/B. Roux (1977).
Bandnommers 205 & 211, H.M. Robinson/D. Dommisse (1978).
Bandnommer 208, self-opname: herinneringe van mev. J. Marais (ongedateer).
Bandnommer 215, H.M. Robinson/L.M. Fourie/H. Anderson (1977).
Bandnommers 216-219, H.M. Robinson/A.S. Spies (1983).
Bandnommers 220-221, H.M. Robinson/F.G.T. Radloff (1983).
Bandnommer 222, H.C. van Rooy/H.M. Robinson/L.M. Fourie/J.S. Coetzer/A.S. Spies (1984).
Bandnommer 225, J.S. Coetzer/H.C. Havenga (1985).
Bandnommer 226, H.O. Terblanche/B.J. Vorster (1981).
Bandnommer 234, H.M. Robinson/C.M. Bakkes (1988).
Bandnommers 241-242, H.M. Robinson/F. Faurie/H.S. van Blerk (1988).
Bandnommer 242, H.M. Robinson/F.A. Faurie (1988).

Bandnommers 263-264, H. Robinson/S.O. Eklund (1990).
Onbekende bandnommer, transkripsie getiteld 'Kampleier teen wil en dank', J. Trümpelmann (1978).

### *1.6. Fotoversameling van die OB-argief*

Fotoversameling, rekordnommer F00482.
Fotoversameling, rekordnommer F00513_1.
Fotoversameling, rekordnommer F00603.
Fotoversameling, rekordnommer F00856.
Fotoversameling, rekordnommer F01161.
Fotoversameling, rekordnommer F01383.
Fotoversameling, rekordnommer F21144.
Fotoversameling, rekordnommer M0016.
Fotoversameling, rekordnommer M0026.
Fotoversameling, rekordnommer M0065.
Fotoversameling, rekordnommer M0079.
Fotoversameling, rekordnommer M0120.
Fotoversameling, rekordnommer M0187.
Fotoversameling, rekordnommer M0234.
Fotoversameling, rekordnommer M0264.
Fotoversameling, rekordnommer M0341.
Fotoversameling, rekordnommer M0344.
Fotoversameling, rekordnommer M0355.
Fotoversameling, rekordnommer M0371.
Fotoversameling, rekordnommer M0594.
Fotoversameling, rekordnommer M0608.
Fotoversameling, rekordnommer M0837.
Fotoversameling, rekordnommer M0843.
Fotoversameling, rekordnommer M0848.
Fotoversameling, rekordnommer M0850.
Fotoversameling, rekordnommer M0923.
Fotoversameling, rekordnommer M1251.

Fotoversameling, rekordnommer M1547.
Fotoversameling, rekordnommer M1640.
Fotoversameling, rekordnommer M1710.
Fotoversameling, rekordnommer M1736.
Fotoversameling, rekordnommer M1843.
Fotoversameling, rekordnommer M1844.
Fotoversameling, rekordnommer M1848.
Fotoversameling, rekordnommer M1856.
Fotoversameling, rekordnommer M1858.
Fotoversameling, rekordnommer M1942.
Fotoversameling, rekordnommer M2408.
Fotoversameling, rekordnommer M2529.
Fotoversameling, rekordnommer M2624.

**2. Periodiese publikasies**

*Dagbreek en Sondagnuus*, 16.01.1949.
*Dagbreek en Sondagnuus*, 26.02.1967.
*Die Burger*, 20.08.1919.
*Die Burger*, 17.06.1940.
*Die Burger*, 19.06.1940.
*Die Burger*, 22.06.1940.
*Die Burger*, 24.08.1940.
*Die Burger*, 3.02.1941.
*Die Volksblad*, 12.11.1940.
*Die Volksblad*, 23.11.1940.
*Die Volksblad*, 1.03.1941.
*Die Oosterlig*, 1.01.1941.
*Die Oosterlig*, 10.02.1941.
*Die Suid-Afrikaanse Beeld*, 9.10.1966.
*Die Suiderstem*, 1.03.1941.
*Die Transvaler*, 23.09.1939.
*Die Transvaler*, 1.02.1941.
*Die Transvaler*, 3.02.1941.

*Die Vaderland*, 28.02.1941.
*Die Vaderland*, 1.03.1941.
*Die Vaderland*, 2.04.1941.
*Die Vaderland*, 17.09.1942.
*Die Vaderland*, 12.01.1949.
*Rand Daily Mail*, 19.02.1941.
*Rand Daily Mail*, 3.03.1941.
*Sunday Express*, 1.11.1940.
*Sunday Express,* 2.03.1941.
*The Cape Argus*, 1.03.1941.

**3. Gepubliseerde literatuur**

Ackermann, J.M., 'Die geskiedenis van die skool in die kamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 221-239.

Andemicael, A., *Positive energy: A review of the role of artistic activities in refugee camps* (Geneva, United Nations High Commissioner for Refugees, 2011).

Anon., 'Die vrou in die oorlogsjare', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 396-402.

Beaumont, J., 'Introduction: Internment in Australia, 1939-1945', in J. Beaumont, I.M. O'Brien & M. Trinca (eds.), *Under Suspicion: Citizenship and Internment in Australia during the Second World War* (Canberra, National Museum of Australia Press, 2008), pp. 1-15.

Blake, A., *Robey Leibbrandt: 'n lewe van fanatisme* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2019).

Blake, A., *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* (Kaapstad, Tafelberg, 2018).

Buhlungu, S., Daniel, J., Southall, R. & Lutchman, J. (eds.), *State of the Nation, South Africa 2007* (Cape Town, HSRC Press, 2007).

Callinicos, L., Nasson, B., Giliomee, H. & Grundlingh, A., 'Goud en oorlog' in H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), pp. 199-223.

Cameron, C., 'World Heritage Sites of Conscience and Memory', in D. Offenhäußer, W.C. Zimmerli & M. Albert (eds.), *World Heritage and Cultural Diversity* (Germany, German Commission for UNESCO, 2010), pp. 112-119.

Coetzee, A., *Letterkunde en krisis: 'n Honderdjaar Afrikaanse letterkunde en Afrikanernasionalisme* (Johannesburg, Taurus Uitgewers, 1990).

Crafford, F.S., *Jan Smuts: 'n Biografie* (Kaapstad, Edina Works, 1947).

Cronjé, G., 'OB-Noodhulp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 414-416.

De Jager, C.L., 'Die Owerheid en die geïnterneerdes' in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 188-192.

Du Pisani, J.A., 'Hegemonic masculinity in Afrikaner nationalist mobilisation, 1934-1948', in S. Dudink, K. Hagemann & J. Tosh (eds.), *Masculinities in politics and war: gendering modern history* (Manchester, Manchester University Press, 2004), pp. 157-176.

Du Pisani, J.A., Kriek, D. & De Jager, C., (reds.), *Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2017).

Eloff, G., 'Haar ondervinding', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 407-410.

Eyssen, S.H., 'Musieklewe in die boerekamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 266-278.

Fedorowich, K. & Moore, B., (eds.), *Prisoners-of-War and Their Captors in World War II* (Oxford, Berg Publishers, 1996).

Feindt, G., Hilbrenner, A. & Dahlmann, D., (eds.), *Sport under unexpected Circumstances: Violence, Discipline, and Leisure in Penal and Internment Camps* (Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 2018).

Feindt, G., Hilbrenner, A. & Dahlmann, D., 'Between "Barbed Wire Disease" and *Judenexerzieren*: Why the History of Sport in Penal and Internment Camps Matters' in G. Feindt, A. Hilbrenner & D. Dahlmann (eds.), *Sport under unexpected Circumstances: Violence, Discipline, and Leisure in Penal and Internment Camps* (Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht, 2018), pp. 9-21.

Fourie, L.M. 'Mobilisering van die Afrikanerdom', in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), pp. 45-182.

Furlong, P., *Between Crown and Swastika: The Impact of the Radical Right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist Era* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1991).

Geyser, O. & Pruis, L.C.A., *Die Suid-Afrikaanse Politieke Geskiedenis in Beeld* (Bloemfontein, Instituut vir Eietydse Geskiedenis Publikasie, 1976).

Geyser, O., *Jan Smuts and his International Contemporaries* (Johannesburg & London, Covos Day, 2001).

Gilfillan, F.R. de K., 'Afrikaans in die Koffiefonteinse interneringskamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 260-266.

Giliomee, H. & Mbenga, B., (reds.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 2007).

Giliomee, H., 'The Growth of Afrikaner Identity', in H. Adam and H. Giliomee (eds.), *The Rise and Crisis of Afrikaner Power* (Cape Town, David Phillip, 1979), pp. 83-127.

Giliomee, H., *Die Afrikaners*: *'n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004).

Gottschalk, L.R., *Understanding History: A primer of Historical Method*, Second Edition (New York, Alfred A. Knopf, 1968).

Grundlingh, A. & Swart, S., *Radelose Rebellie? Dinamika Van Die 1914-1915 Afrikanerrebellie* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2000).

Hancock, W.K., *Smuts: The field of force, 1919-1950* (Cambridge, Cambridge University Press, 1968).

Hirasuna, D., *The art of Gaman: Arts and crafts from the Japanese American internment camps 1942-1946* (Berkeley, Ten Speed Press, 2013).

Immelman, C.M., 'So ken ek haar', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 410-412.

Jackson, A., *The British empire and the Second World War* (London, Continuum, 2006).

Jordanova, L., *History in Practice* (New York/London, Bloomsbury, 2016).

Kaiser, E., 'Redes vir internering en appèlle', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1953), pp. 175-184.

Krüger, D.W., 'Die Afrikanervrou in tye van nasionale nood', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1953), pp. 391-395.

Krüger, D.W., *The age of the generals: a short history of the Union of South Africa, 1910-1948* (Pretoria, Dagbreek Boeke, 1958).

Kuperus, H., 'Skilder- en tekenkuns in die kamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 278-280.

Langner, D., *Teen die hele wêreld vry: Koot Vorster – Segsman of profeet?* (Pretoria, Griffel Media, 2007).

Lawrence, J., *Harry Lawrence* (Cape Town, David Philip, 1978).

Lentin, A., *Jan Smuts: Man of courage and vision* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 2010).

Liebenberg, B.J., 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931-1961', in C.F.J Muller (red.), *500 jaar: Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria en Kaapstad: Academia, 1968), pp. 371-401.

Luitingh, H., 'Spanninge', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 326-334.

Manson, A., Mbenga, B., & Peires, J., 'Die koloniale teenwoordigheid brei uit en raak gevestig', in H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), pp. 139-164.

Marais, J.F., 'Geskiedenis van die kampe en tronke van die Tweede wêreldoorlog', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 171-175.

Marais, J.F., 'Konserte en letterkundige wedstryde', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 256-260.

Marwick, A., *The Nature of History*, Third edition (Hampshire, Palgrave, 1989).

Marwick, A., *The New Nature of History: Knowledge, evidence, language* (Hampshire, Palgrave, 2001).

Marx, C., *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag* (Pretoria, University of South Africa Press, 2008).

McDonald, J.H., 'Handvaardigheid', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 280-285.

Moodie, T.D., *The Rise of Afrikanerdom: Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion* (Berkeley, University of California Press, 1975).

Moshenska, G. & Myers, A., 'An Introduction to Archaeologies of Internment', in A. Myers & G. Moshenska (eds.), *Archaeologies of Internment* (New York, Springer, 2011), pp. 1-19.

Muller, C.F.J., 'Die Groot Trek-Tydperk, 1838-1854', in C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria & Kaapstad, Academica, 1968), pp. 123-156.

Mytum, H. & Carr, G., (eds.), *Prisoners of war: archaeology, memory, and heritage of 19th- and 20th-century mass internment* (New York, Heidelberg, Dordrecht, Londen, Springer, 2012).

Neethling, J.C., 'Besondere dae in die Koffiefonteinkamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 296-301.

Neethling, J.C., 'Kontak met die buitewêreld', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 301-305.

Nel, O.L., 'Ons eie regering', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 192-198.

Nel, O.L., *Agter die doringdraad in Koffiefontein* (Johannesburg, L&S Boek- en Kunssentrum, 1948).

Norval, E.J.G., 'Betekenis van skool of universiteit vir geïnterneerdes (soos deur 'n student ervaar)', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 246-250.

O'Meara, D., *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of. Afrikaner Nationalism, 1934-1948* (Cambridge, Cambridge University Press, 1983).

Panayi, P., '"Barbed Wire Disease" or a "Prison Camp Society": Everyday Lives of German Internees on the Isle of Man, 1914-1919', in P. Panayi (ed.), *Germans as Minorities during the First World War* (London & New York, Routledge, 2016), pp. 119-142.

Prinsloo, P.J.J., 'Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag', in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), pp. 332-400.

Quass, F.W., *Die Tweede Rebellie: 'n roman* (Johannesburg, Afcet-uitgewers, 1975).

Raubenheimer, I., 'Aanbevelingswoord', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. v-vi.

Retief, D., *The Springboks and the Holy Grail: Behind the scenes at the rugby world cup, 1995-2007* (Cape Town, Zebra Press, 2011).

Scholtz, G.J.L., Johannes van der Walt, 1908-1943: Sportman en Boerepatriot (Potchefstroom, PU vir CHO Departement Liggaamlike Opvoedkunde, 1977).

Spierenburg, M. & Wels, H., 'The Search for equity in organization and management in South Africa', in M. Spierenburg & H. Wels (eds.), *Culture, organization and management in South Africa: In Search of Equity* (New York, Nova Science Publishers, 2006), pp. 1-18.

Steenkamp, E., *Helkampe* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941).

Steenkamp, H.J., 'Die helpende vrou en moeder', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 413-414.

Stoker, H.G. (red.), *Agter tralies en doringdraad*. (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1953).

Stoker, H.G., 'Die Vrou in die oorlogsjare', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 369-402.

Stoker, H.G., 'Opmerkings oor Boerekamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1953), pp. 306-325.

Stoker, H.G., *Die Stryd om die ordes* (Potchefstroom, Calvyn Jubileumboekefonds, 1941).

Stoker, H.G., Vorster, J.D., Graf, H., Nel, O.L. & Ackermann, J.M., 'Noodleniging as daad van ons volk', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), p. 416.

Strydom, H., *Vir Volk en Führer: Robey Leibbrandt & Operasie Weissdorn* (Johannesburg, Jonathan Ball Uitgewers, 1983).

Strydom, J., 'Ontsnappings uit kampe', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1953), pp. 368-377.

Stultz, N., *The Nationalists in Opposition, 1934-1948* (Cape Town, Human & Rousseau, 1974).

Terblanche, H.O., *John Vorster – OB-generaal en Afrikanervegter* (Roodepoort, CUM Boeke, 1983).

Thompson, L., *A History of South Africa* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 2016).

Toerien, M.J., 'Sport en spele in die kamp', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 291-296.

Tosh, J., *The pursuit of history: Aims, methods and new directions in the study of History, the sixth edition*, (London & New York, Routledge, 2015).

Van der Poel, J., *Selections from the Smuts Papers*, volume VII (Cambridge, Cambridge University Press, 1973).

Van der Schyff, P.F. & Badenhorst, J.J., '"Vuurtjie in die droë gras"' in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras*. (Potchefstroom:

Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), pp. 3-44.

Van der Schyff, P.F. (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991).

Van der Schyff, P.F., 'Verset teen "Empire-oorlog"', in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in die droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1991), pp. 183-291.

Van der Waag, I., *A Military History of Modern South Africa* (Johannesburg & Cape Town, Jonathan Ball, 2015).

Van der Walt, A.J.H., *'n Volk op trek: 'n Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag* (Johannesburg, Publicité, 1941).

Van Rensburg, H., *Their paths crossed mine: memoirs of the Commandant-General of the Ossewa-Brandwag* (Cape Town, Central News Agency, 1956).

Van Rensburg, J.F.J., 'Afrikanerverset in die Tweede Wêreldoorlog', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1953), pp. 39-47.

Van Rensburg, J.F.J., 'Die interneringsbeleid van die regering tydens die oorlog 1939-1945', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 51-55.

Van Rensburg, J.F.J., *Some facts about the Ossewa-Brandwag* (Stellenbosch, Pro Ecclesia-Drukkery, 1944).

Van Rooy, D.J., 'Haar opoffering tuis' in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 402-406.

Visser, G.C., *OB: Traitors or Patriots?* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1976).

Visser, J.D. & Van Blerk, H.S., 'Baviaanspoort', in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953), pp. 166-170.

Weiss, L, 'Exceptional Space: Concentration Camps and Labor Compounds in Late Nineteenth-Century South Africa', in A. Myers. & G. Moshenska (eds.), *Archaeologies of Internment* (New York, Springer, 2011), pp. 21-32.

Welsh, F., *A History of South Africa* (London, Harper Collins Publishers, 2000).

**4. Joernaalpublikasies**

Anon., 'General Smuts on the War', *Journal of the Royal African Society*, vol. 42, no. 167, April 1943, pp. 59-68.

Badenhorst, J.J., 'Vroeë organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* vol. 12, no. 3, 1987, pp. 54-82.

Blignaut, C. & Du Pisani, K., '"Om die fakkel verder te dra": Die rol van die jeugvleuel van die Ossewa-Brandwag, 1939-1952', *Historia,* vol. 54, no. 2, November 2009, pp. 133-157.

Blignaut, C., '"Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!": Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog', *Historia,* vol. 57, no. 2, 2012, pp. 68-103.

Blignaut, C., '"Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?": Afrikanerpolitiek en vroue in die Ossewa-Brandwag, 1942 tot 1954', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* vol. 40, no. 1, 2015, pp. 102-124.

Blignaut, C., '"Rebelle sonder gewere": Vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die Ossewa-Brandwag se dualistiese karakter', *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* vol. 30, no. 2, 2016, pp. 109-131.

Blignaut, C., '"Die hand aan die wieg regeer die land [The hand that rocks the cradle rules the land]": Exploring the Agency and Identity of Women in the Ossewa-Brandwag, 1939-1954', *South African Historical Journal,* vol. 67, no. 1, 2015, pp. 47-63.

Blignaut, C., '"Skep julle kommando's in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!": Die Ossewa-Brandwag se maatskaplike beleid van Sosiale Volksorg, 1943-1952', *New Contree,* vol. 74, 2015, pp. 72-89.

Blignaut, C., 'Doing gender is unavoidable: Women's participation in the core activities of the Ossewa-Brandwag, 1938-1943', *Historia*, vol. 58, no. 2, 2013, pp. 1-18.

Blignaut, C., 'From fund-raising to Freedom Day: The nature of women's general activities in the Ossewa-Brandwag, 1939-1943', *New Contree,* vol. 66, 2013, pp. 121-150.

Blignaut, C., 'Untold History with a Historiography: A Review of Scholarship on Afrikaner Women in South African History', *South African Historical Journal,* vol. 65, no. 4, 2013, pp. 596-617.

Blignaut, C., 'Volksmoeders, spinwiele en wol: 'n historiese verkenning van die aard van vrouearbeid in die Ossewa-Brandwag', *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 28, no. 1, 2014, pp. 1-23.

Boer, N., 'Exploring British India: South African prisoners of war as imperial travel writers, 1899–1902', *The Journal of Commonwealth Literature*, vol. 54, no. 3, 2019, pp. 429-443.

Brookes, E.H., 'South African Swing-over', *Foreign Affairs*, vol. 27, no. 1, October 1948, pp. 143-152.

Calpin, G.H., 'South Africa at War', *Foreign Affairs*, vol. 19, no. 2, January 1941, pp. 458-461.

Castro, G.A., '"Written barracks" On the Production and Circulation of Newsletters in the Internment Camps of Southwest France', *European Journal of Life Writing*, vol. 18, no. 7, 2018, pp. 90-110.

Chetty, S., 'Imagining National Unity: South African Propaganda Efforts during the Second World War', *Kronos*, vol. 38, no. 1, 2012, pp. 106-130.

Citino, R., 'Review: Between Crown and Swastika: The Impact of the Radical Right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era by Patrick J. Furlong', *The American Historical Review*, vol. 97, no. 3, 1992, pp. 906-907.

Dale, R., 'Afrikaner renegades and the conduct of World War II, Review: OB: Traitors or patriots? by George Cloete Visser', *Africa Today,* vol. 25, no. 1, 1978, pp. 77-79.

Davenport, T.R.H., 'The South African Rebellion, 1914', *The English Historical Review,* vol. 78, no. 306, 1963, pp. 73-94.

De Klerk, P., 'Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewabrandwag', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* vol. 14, no. 1, 1989, pp. 43-81.

De Klerk, P., 'Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ŉ nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika', *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis,* vol. 14, no. 2, 1989, pp. 90-131.

Delport, A., 'Changing attitudes of South Africans towards Italy and its people during the Second World War, 1939-1945', *Historia*, vol. 58, no. 1, May 2013, pp. 167-190.

Du Pisani, K., '"Ek hou van ŉ man wat sy man kan staan": Puriteinse manlikheidsideale in die Afrikaanse kultuur tot 1935', *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 18, no. 1, 2004, pp. 80-93.

Fedorowich, K., 'German Espionage and British Counter-Intelligence in South Africa and Mozambique, 1939-1944*', *The Historical Journal*, vol. 48, no. 1, 2005, pp. 209-230.

Fokkens, A.M., 'Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War and the measures taken to suppress it', *Journal for Contemporary History,* vol. 37, no. 2, 2012, pp. 123-142.

Fourie, D., ‘Review: A Military History of Modern South Africa, Ian van der Waag’, *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies,* vol. 43, no. 2, 2015, pp. 199-203.

Furlong, P., ‘Allies at War? Britain and the “Southern African Front” in the Second World War’, *South African Historical Journal*, vol. 54, no. 1, 2005, pp. 16-29.

Furlong, P., ‘Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism: An Assessment of the Historiography’, *South African Historical Journal,* vol. 27, no. 1, 1992, pp. 113-126.

Giliomee, H., ‘The beginnings of Afrikaner nationalism, 1870-1915’, *South African Historical Journal,* vol. 19, no. 1, 1987, pp. 115-142.

Goldfarb, A., ‘Theatrical activities in Nazi concentration camps’, *Performing Arts Journal*, vol. 1, no. 2, 1976, pp. 3-11.

Gouws, C., ‘Boekresensie: Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog’, *New Contree*, vol. 79, Desember 2017, pp. 193-196.

Grundlingh, A., ‘The King's Afrikaners? Enlistment and Ethnic Identity in the Union of South Africa's Defence Force during the Second World War, 1939-45’, *The Journal of African History*, vol. 40, no. 3, 1999, pp. 351-365.

Grundlingh, A.M., ‘Die Rebellie van 1914: ŉ Historiografiese Verkenning’, *Kleio,* vol. 11, nos. 1 & 2, 1979, pp. 18-30.

Hagemann, A., ‘Very Special Relations: The “Third Reich” and the Union of South Africa, 1933-1939*’, *South African Historical Journal,* vol. 27, no. 1, 1992, pp. 127-147.

Kapp, C., ‘South Africa failing people displaced by xenophobia riots’, *The Lancet*, vol. 371, no. 9629, June 2008, pp. 1986-1987.

Kleynhans, E., ‘Book review: Reappraisal of an enigmatic character – Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog, Kobus du Pisani, Dan Kriek and Chris De Jager (eds.)’, *Historia*, vol. 62, no. 2, 2017, pp. 149-152.

Kössler, R., ‘Review: A Wide-Ranging History of Afrikaner Nationalism Reviewed Work(s): Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewa-Brandwag by Christoph Marx’, *The Journal of African History*, vol. 50, no. 2, 2009, pp. 313-315.

Kotzé, D., ‘Cartoons as a medium of political communication’, *Communicatio*, vol. 14, no. 2, 1988, pp. 60-70.

Kreienbaum, J., ‘Review: A World of Camps’, *Kritika: Explorations in Russian and Eurasian History,* vol. 15, no. 4, 2014, pp. 896-901.

Kruger, C., ‘The Zonderwater Italian prisoners of war 1941-1947: fifty years down the line’, *South African Journal of Cultural History*, vol. 10, no. 2, 1996, pp. 88-104.

Mäkinen, I., ‘Libraries in hell: Cultural activities in Soviet prisons and labor camps from the 1930s to the 1950s’, *Libraries & Culture*, vol. 28, no.2, 1993, pp. 117-142.

Marwick, A., ‘Two Approaches to Historical Study: The Metaphysical (Including ’Postmodemism’) and the Historical’, *Journal of Contemporary History*, vol. 30, no. 1, 1995, pp. 5-35.

Marx, C., ‘“Dear listeners in South-Africa’: German Propaganda Broadcasts to South Africa, 1940-1941’, *South African Historical Journal*, vol. 21, no. 1, 1992, pp. 148-172.

Marx, C., ‘The Ossewabrandwag as a Mass Movement, 1939-1941’, *Journal of Southern African Studies*, vol. 20, no. 2, 1994, pp. 195-219.

McClintock, A., ‘“No longer a future haven”: women and nationalism in South Africa’, *Transition*, vol. 51, no. 1, 1991, pp. 104-123.

McConnachie, K., ‘Camps of containment: A genealogy of the refugee camp’, *Humanity: An International Journal of Human Rights, Humanitarianism, and Development,* vol. 7, no. 3, 2016, pp. 397-412.

Monama, F.L., ‘Civil Defence and protective services in South Africa during World War Two, 1939-1945’, *Historia,* vol. 64, no. 2, November 2019, pp. 82-108.

Monama, F.L., ‘South African propaganda agencies and the battle for public opinion during the Second World War, 1939–1945’, *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies*, vol. 44, no. 1, 2016, pp. 145-167.

Moore, B., ‘Unwanted Guests in Troubled Times: German Prisoners of War in the Union of South Africa, 1942-1943’, *The Journal of Military History*, vol. 70, no. 1, 2006, pp. 63-89.

Niehaus, I., ‘Warriors of the rainbow nation? South African rugby after apartheid’, *Anthropology Southern Africa*, vol. 37, nos. 1&2, 2014, pp. 68-80.

Ntloedibe, E.L., ‘Nazism in Africa’, *Présence Africaine, Nouvelle série*, vol. 74, 1970, pp. 195-205.

Ovendale, R., ‘Review: The British Empire and the Second World War by Ashley Jackson’, *The English Historical Review*, vol. 123, no. 500, 2008, pp. 260-262.

Pasemann, M.E., ‘Jan Christiaan Smuts’, *Zeitschrift für Politik*, vol. 30, 1940, pp. 113-116.

Pautsch, I.D., ‘Prisoners of War and Internees in the Second World War–a Survey of Some Recent Publications’, *Contemporary European History*, vol. 12, no. 2, 2003, pp. 225-238.

Pretorius, F., ‘Die historisiteit van resente Afrikaanse historiese fiksie oor die Anglo-Boereoorlog’, *Tydskrif vir Letterkunde*, vol. 52, no. 2, 2015, pp. 61-77.

Prinsloo, D., ‘Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952’, *Kleio*, vol. 17, no. 1, 1985, pp. 73-85.

Rak, L., ‘Skiing, Mountaineering and Mountain Tourism Practiced by the Soldiers of the Polish 2nd Rifle Division during the Internment in Switzerland between 1940–1945’, *Prace Naukowe Akademii im. Jana Długosza w Częstochowie Kultura Fizyczna*, vol. 15, no. 4, 2016, pp. 121-131.

Rupiah, M.R., ‘The history of the establishment of internment camps and refugee settlements in Southern Rhodesia, 1938-1952’, *Zambezia*, vol. XXII, no. ii, 1995, pp. 137-152.

Schellack, W., ‘The Afrikaners’ Nazi Links Revisited’, *South African Historical Journal,* vol. 27, no. 1, 1992, pp. 173-185.

Shain, M., ‘Anti-Semitism and South African Society: Reappraising the 1930s and 1940s’, *South African Historical Journal*, vol. 27, no. 1, 1992, pp. 186-197.

Shain, M., ‘Marginality, Memory and Identity: Jewish Literature and the ambiguities of Jewish life in Apartheid South Africa’, *Pretexts: literary and cultural studies*, vol. 11, no. 2, 2002, pp. 205-210.

Shear, K., ‘Colonel Coetzee’s War: Loyalty, Subversion and the South African Police, 1939–1945’, *South African Historical Journal*, vol. 65, no. 2, 2013, pp. 222-248.

Shear, K., ‘Tested Loyalties: Police and Politics in South Africa, 1939-1963*’, *Journal of African History*, vol. 53, no. 2, 2012, pp. 173-193.

Smith, I.R. & Stucki, A., ‘The Colonial Development of Concentration Camps (1868–1902)’, *The Journal of Imperial and Commonwealth History*, vol. 39, no. 3, 2011, pp. 417-437.

Somma, D., ‘Music as discipline, solidarity and nostalgia in the Zonderwater prisoner of war camp of South Africa’, *SAMUS: South African Music Studies*, vol. 30, no. 1, 2010, pp. 71-85.

Sribnyak, I., ‘Conditions of stay and cultural and educational activities of interned Ukrainian Soldiers in the Camp of Lancut, Poland (January-August 1921) in the light of archival documents’, *Cherkasy University Bulletin: Historical Sciences*, no. 3, 2017, pp. 62-72.

Stanley, L. & Dampier, H., ‘Aftermaths: post/memory, commemoration and the concentration camps of the South African War, 1899-1902’, *European Review of History: Revue européenne d’histoire*, vol. 12, no. 1, 2005, pp. 91-119.

Stanley, L. & Dampier, H., 'Cultural entrepreneurs, proto-nationalism and women's testimony writings: from the South African War to 1940', *Journal of Southern African Studies*, vol. 33, vol. 3, 2007, pp. 501-519.

Swart, S., '"A boer and his gun and his wife are three things always together": republican masculinity and the 1914 rebellion', *Journal of Southern African Studies*, vol. 24, no. 4, 1998, pp. 737-751.

Swart, S., '"Desperate Men": The 1914 Rebellion and the Polities of Poverty', *South African Historical Journal*, vol. 42, no. 1, 2000, pp. 161-175.

Terblanche, H.O. 'John Vorster se internering: redes en verweer', *Historia*, vol. 31, no. 3, 1986, pp. 49-60.

Van der Merwe, F.J.G., 'Rugby in the prisoner-of-war camps during the Anglo-Boer War of 1899-1902', *Football Studies*, vol. 1, no. 1, 1998, pp. 76-83.

Van Der Merwe, F.J.G., 'Sport and games in Boer prisoner-of-war camps during the Anglo-Boer war, 1899–1902', *The International Journal of the History of Sport*, vol. 9, no. 3, 1992, pp. 439-454.

Van der Walt, B., ''n Kykie na kopstukke filosofie op Potchefstroom die afgelope eeue (1917-2017), Deel 2: Die sisteembouers', *Koers*, vol. 83, no. 1 (2018), pp. 1-15.

Van Heyningen, E., 'The Concentration Camps of the South African (Anglo-Boer) War, 1900–1902', *History Compass*, vol. 7, no. 1, 2009, pp. 22-43.

Van Tonder, J.M., 'Die Afrikaanse kerke in die Tweede Wêreldoorlog (3): Internering', *Die Kerkblad*, vol. 118, no. 3295, 2015, pp. 14-15.

Venter, A., 'Die politieke oortuigings van Hans van Rensburg (1898-1966): kontinuïteit en verandering', *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, vol. 48, no. 1, 2008, pp. 41-57.

Verster, F.P. & Coreejes-Brink, P., ‘Adoons-hulle: ʼn satiriese dierestrokie deur TO Honiball’, *South African Journal of Cultural History*, vol. 20, no. 2, 2006, pp. 140-158.

Waseda, M., ‘Extraordinary circumstances, exceptional practices: Music in Japanese American concentration camps’, *Journal of Asian American Studies*, vol. 8, no. 2, 2005, pp. 171-209.

**5. Ongepubliseerde literatuur**

Anon., *Iets oor die Ossewa-Brandwag*, Pamflet uitgegee deur die Voorligtingsafdeling van die Ossewa-Brandwag (1946).

Badenhorst, J.J., ‘Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag’ (MA verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1985).

Blignaut, C., ‘Volksmoeders in die kollig: ʼn Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954’ (MA verhandeling, Noordwes Universiteit, 2012).

Bottomley, J., ‘The South African Rebellion: The Influence of Industrialization, Poverty and Poor Whiteism’, Seminar paper delivered at the African Studies Institute, University of the Witwatersrand, June 1982.

De Jager, C., ‘“I am no ‘Hensopper’ or coward, I am a boer”: Heroic masculinity, Afrikaner nationalism and the case of C.M. Bakkes during the Second World War’ (MA research essay, Carleton University, 2019).

Fokkens, A.M., ‘The Role and Application of the Union Defence Force in the Suppression of Internal Unrest, 1912-1945’ (M-Mil thesis, Stellenbosch University, 2006).

Fourie, L.M., ‘Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid’ (PhD proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1987).

Kleynhans, E., ‘Documenting Afrikaner Fascism: A Historical Overview of the Ossewabrandwag Archive’, Conference paper, The Historical Association of South Africa (HASA), HASA/HGSA Biennial Conference, 20-22 June 2018.

Ludi, A., ‘Smuts: Lost in transmission?’ (MHCS dissertation, University of Pretoria, 2016).

Monama. F.L., ‘Wartime propaganda in the Union of South Africa, 1939-1945’ (PhD thesis, Stellenbosch University, 2014).

O’Neil, C., ‘Die interneringsbeleid van die Smuts-regering gedurende die jare 1939-1948. Die toepassing en uitwerking van die beleid’ (BA Honneursskripsie, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1989).

Prinsloo, P.J.J., ‘Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag’ (MA verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1983).

Rault, P.L., ‘Afrikaner political flags’, Paper delivered at the XVII International Congress of Vexillology, 1999.

Robinson, H.M., ‘Die Ossewa-Brandwag-uitstalling: ’n perspektief’ (Ongepubliseerde pamflet, PU vir CHO, 1988).

Spies, B., ‘The Rebellion in South Africa, 1914-1915’ (MA thesis, University of the Witwatersrand, 1962).

Van der Schyff, P.F. (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag* (Ongepubliseerde verslag, Departement van Geskiedenis, PU vir CHO, 1984).

Van Heerden, F.J., ‘Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1948’ (PhD proefskrif, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1972).

Van Tonder, J.M., ‘Die pastorale rol van die Hollands–Afrikaanse kerke gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945): ’n kerkhistoriese studie’ (PhD proefskrif, Noordwes Universiteit, 2014).

**6. Internetbronne**

Coetzee, E., 'Road Trip RSA app', *Road Trip RSA*, http://roadtriprsa.co.za/

Coyle, D., 'Ranking the 25 Biggest Controversies in Rugby History', *Bleacher Report* (July 2014), https://bleacherreport.com/articles/2122782-ranking-the-25-biggest-controversies-in-rugby-history#slide7

Spargo, P., 'Zonderwater – Almost certainly the Largest Allied POW Camp in the World', *The Heritage Portal* (November 2015), http://www.theheritageportal.co.za/article/zonderwater-almost-certainly-largest-allied-pow-camp-world

Terblanche, E., 'Totius (1877-1953)', *LitNet* (Mei 2016), https://www.litnet.co.za/totius-1877-1953/

UNESCO, 'Canadian Rocky Mountain Parks', https://whc.unesco.org/en/list/304/

Van der Merwe, B., 'Jan Smuts: van Boerseun tot wêreldverhoog: ŉ lesersindruk', *LitNet* (Oktober 2017), https://www.litnet.co.za/jan-smuts-van-boerseun-tot-wereldverhoog-n-lesersindruk/

**7. Anna La Grange persoonlike argiefversameling (ALGPA)**

Mondelinge onderhoude, rekordnommer MO1, A. la Grange/A. Casaleggio, 25 Oktober 2019.
Visuele hulpmiddel: Rekordnommer VH1.
Visuele hulpmiddel: Rekordnommer VH2.

Hierdie sertifikaat bevestig dat die verhandeling getiteld **Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948** deur A. la Grange, geredigeer is deur:


Ann-Lize Grewar

BA in Taal- en Literatuurstudies

BA Hons in Vertaling

SAVI-lidmaatskapnommer 1002647

SAVI Akkreditasie: APSTolk Afr-Eng

Voorsitter van SAVI-Noordwes Afdeling

*Professional Editor's Guild* lidmaatskapnommer BOS008

Taal Direkteur by Language Matters PTY(Ltd)

annlizeboshoff@gmail.com / 072 758 5797




Geteken op 05/03/2020


Ann-Lize Grewar
Language Practitioner
B.A. Language and Literature Studies
B.A. Hons. Translation Studies

Contact us:
info@languagematters.co.za
www.languagematters.co.za

LANGUAGE MATTERS

Ann-Lize Grewar
Taalpraktisyn
B.A. Taal- en Literatuurstudies
B.A. Hons. Vertaalkunde

Kontak ons:
info@languagematters.co.za
www.languagematters.co.za



Vrywaring: Die proefleser kan geensins verantwoordelikheid neem of verantwoordelik gehou word vir enige verandering/e wat gemaak is na die datum op hierdie sertifikaat nie.